OKW- 38

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

# DIE LEWENSOMSTANDIGHEDE VAN KLEURLINGBEJAARDES

deur

Tj. VAN DER WALT

NAVORSINGSREEKS No. 38

001.3072068 NBSR RES 38

RES 38

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC

RGN·HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 17 ... 1990 | | | |

N

RSING

1967

Die inhoud van hierdie verslag mag vryelik aangehaal word, mits die bron erken word.

0000419101

001.3072068 NBSR RES 38

*041910*

I — 1980004

G.P.-S.

## V O O R W O O R D

Die ondersoek na die lewensomstandighede van Kleurlingbejaardes vorm 'n deel van 'n reeks ondersoeke na die maatskaplike posisie van die Kleurlingbevolking van die Republiek wat deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing onderneem word. Hierdie ondersoek sluit ook aan by die ondersoek na die lewensomstandighede van Blanke bejaardes in die Republiek ten opsigte waarvan die verslag in 1963 gepubliseer is.

'n Woord van dank aan almal wat met die ondersoek behulpsaam was, in besonder aan mnre. S.A. Persent, C. Pietersen, N. Alexander en M.D. Williams, die Kleurlingstudente van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland wat met die veldwerk behulpsaam was en deurentyd gewillig was om lang ure en oor naweke te werk. Hul entoesiasme en onvermoeide ywer het vir die ondersoek veel beteken.

Ten slotte ook 'n woord van dank aan die 1,500 Kleurlingbejaardes wat altyd bereid was om die gevraagde inligting te verstrek.

P.M. ROBBERTSE

DIREKTEUR

Julie 1967.

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
-09-12
STANDKODE
001.3072068
NBSR RES 38
BESTELNOMMER
G
REGISTERNOMMER
061265

# INHOUD


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Algemene oorsig | 1 |
| 1.2 | Die doel van die ondersoek | 4 |
| 1.3 | Die navorsingsprosedure | 4 |
| 1.4 | Die steekproef | 5 |
| 1.5 | Omskrywing van begrippe | 9 |
| 1.6 | Die ondersoekgroep | 10 |
| 2 | WOONPLEK EN MIGRASIE | 14 |
| 2.1 | Inleiding | 14 |
| 2.2 | Woonplek | 14 |
| 2.3 | Woonbuurt | 15 |
| 2.4 | Duur van verblyf op woonplek | 15 |
| 2.5 | Woonplek op verskillende leeftye | 16 |
| 2.6 | Die getal kere getrek sedert 60-jarige ouderdom | 17 |
| 2.7 | Die rigting van die laaste trek sedert 60-jarige ouderdom | 18 |
| 2.8 | Die rede vir die laaste trek sedert 60-jarige ouderdom | 18 |
| 2.9 | Keuse van woonplek | 20 |
| 3 | OPVOEDKUNDIGE PEIL EN BEROEPSLEWE | 22 |
| 3.1 | Inleiding | 22 |
| 3.2 | Opvoedkundige peil | 22 |
| 3.3 | Beroepstatus | 24 |
| 3.4 | Die afgetredenes | 27 |
| 3.5 | Die werkers | 31 |
| 4 | HUWELIKSTAAT EN GESINSAANGELEENTHEDE | 34 |
| 4.1 | Inleiding | 34 |
| 4.2 | Wettige huwelikstaat | 34 |
| 4.3 | Huweliksmaats | 36 |
| 4.4 | Ouderdom van die huweliksmaats | 37 |
| 4.5 | Getal huwelike | 38 |
| 4.6 | Samestelling van die huishouding | 39 |
| 4.7 | Posisie in die huishouding | 40 |
| 4.8 | Kinders | 40 |
| 5 | BEHUISING | 42 |
| 5.1 | Inleiding | 42 |
| 5.2 | Soort woning | 42 |
| 5.3 | Die getal woonvertrekke | 44 |
| 5.4 | Die getal slaapvertrekke | 45 |
| 5.5 | Die gebruik van die kombuis as slaapvertrek | 48 |
| 5.6 | Die beskikbaarheid van sekere fasiliteite in die wooneenhede | 49 |
| 5.7 | Die getal persone wat die proefpersoon se slaapvertrek deel | 50 |
| 5.8 | Onwenslike geslagsvermenging in en oorbewoning van die proefpersoon se slaapvertrek | 53 |
| 5.9 | Die getal slaapvertrekke benodig | 54 |
| 6 | INKOMSTE | 56 |
| 6.1 | Inleiding | 56 |
| 6.2 | Persoonlike maandelikse kontantinkomste | 56 |
| 6.3 | Maandelikse kontantinkomste van die afhanklikheidseenheid | 60 |
| 6.4 | Inkomste in goedere van die afhanklikheidseenheid | 63 |
| 6.5 | Totale maandelikse inkomste van die afhanklikheidseenheid | 64 |
| 6.6 | Maandelikse kontantinkomste van die huishouding | 65 |
| 6.7 | Maandelikse kontantinkomste per volwasse eenheid | 67 |
| 6.8 | Maandelikse totale inkomste per volwasse eenheid | 69 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 7 | BESTEDING VAN DIE KONTANTINKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDS-EENHEID | 70 |
| 7.1 | Inleiding | 70 |
| 7.2 | Kontantbedrag maandeliks aan die onderskeie uitgawe-items bestee | 70 |
| 7.3 | Persentasie van die afhanklikheidseenheid se maandelikse kontantinkomste aan huisvesting en voedsel bestee | 70 |
| 7.4 | Persentasie van die afhanklikheidseenheid se maandelikse kontant-inkomste aan mediese dienste bestee | 75 |
| 7.5 | Persentasie van die afhanklikheidseenheid se maandelikse kontant-inkomste aan ander uitgawe-items bestee | 76 |
| 8 | BATES | 79 |
| 8.1 | Inleiding | 79 |
| 8.2 | Polisse | 79 |
| 8.3 | Pensioene | 80 |
| 8.4 | Ander bates | 81 |
| 9 | SOSIALE KONTAKTE, GODSDIENSBEOEFENING EN VRYETYDS-BESTEDING | 86 |
| 9.1 | Inleiding | 86 |
| 9.2 | Sosiale kontakte | 86 |
| 9.3 | Godsdiensbeoefening | 93 |
| 9.4 | Vryetydsbesteding | 94 |
| 10 | GESONDHEIDSTOESTAND, MEDIESE BEHANDELING EN VOEDING | 97 |
| 10.1 | Inleiding | 97 |
| 10.2 | Gesondheidstoestand | 97 |
| 10.3 | Mediese behandeling | 104 |
| 10.4 | Voeding | 109 |
| 11 | DIE BEHOEFTE AAN OUETEHUISVERSORGING | 113 |
| 11.1 | Inleiding | 113 |
| 11.2 | Die „subjektiewe" behoefte aan ouetehuisversorging | 113 |
| 11.3 | Die „objektiewe" behoefte aan ouetehuisversorging | 116 |
| 11.4 | Die soorte ouetehuisversorging wat benodig word | 118 |
| 11.5 | Die geraamde getal Kleurlingbejaardes wat ouetehuisversorging benodig en in die toekoms sal benodig | 119 |
| 11.6 | Gevallestudies | 120 |
| 12 | SAMEVATTING | 124 |
| 12.1 | Inleiding | 124 |
| 12.2 | Woonplek en migrasie | 124 |
| 12.3 | Opvoedkundige peil en beroepslewe | 125 |
| 12.4 | Huwelikstaat en gesinsaangeleenthede | 126 |
| 12.5 | Behuising | 127 |
| 12.6 | Inkomste | 128 |
| 12.7 | Besteding van die kontantinkomste van die afhanklikheidseenheid | 129 |
| 12.8 | Bates | 130 |
| 12.9 | Sosiale kontakte, godsdiensbeoefening en vryetydsbesteding | 130 |
| 12.10 | Gesondheidstoestand, mediese behandeling en voeding | 131 |
| 12.11 | Die behoefte aan ouetehuisversorging | 131 |
| | LITERATUURLYS | 133 |

## TABELLE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1.1 | DIE GETAL BLANKE- EN KLEURLINGBEJAARDES IN VERSKILLENDE JARE IN DIE REPUBLIEK EN HUL PERSENTUELE AANDEEL IN DIE TOTALE BLANKE- EN KLEURLINGBEVOLKING VAN DIÉ JARE | 1 |
| 1.2 | PROJEKSIES MET BETREKKING TOT DIE TOTALE KLEURLINGBEVOLKING VAN DIE REPUBLIEK, DIE GETAL KLEURLINGBEJAARDES EN DIE PERSENTUELE AANDEEL VAN DIE BEJAARDES IN DIE SAMESTELLING VAN DIE TOTALE KLEURLINGBEVOLKING | 2 |
| 1.3 | DIE WERKLIKE GETAL KLEURLINGBEJAARDES IN 1960 IN ELK VAN DIE VIER PROVINSIES VAN DIE REPUBLIEK TEENOOR DIE PROVINSIALE VERDELING VAN DIE STEEKPROEFBEVOLKING | 6 |
| 1.4 | DIE PROVINSIALE VERDELING VAN DIE STEEKPROEFBEVOLKING EN DIE TOTALE BEJAARDE KLEURLINGBEVOLKING VAN DIE REPUBLIEK IN 1960 VOLGENS WOONPLEK EN GESLAG INGEDEEL | 7 |
| 1.5 | DIE OUDERDOMSAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIÉ VAN DIE TOTALE BEJAARDE KLEURLINGBEVOLKING IN 1960 VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 11 |
| 1.6 | DIE HUISTAAL VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIÉ VAN DIE TOTALE KLEURLINGBEVOLKING IN 1960 | 12 |
| 1.7 | DIE GELOOFS- EN KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIÉ VAN DIE TOTALE BEJAARDE KLEURLINGBEVOLKING IN 1960 | 13 |
| 2.1 | WOONPLEK VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 14 |
| 2.2 | WOONBUURT VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 15 |
| 2.3 | DUUR VAN VERBLYF OP WOONPLEK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 16 |
| 2.4 | WOONPLEK OP 60-JARIGE OUDERDOM VOLGENS WOONPLEK OP EENJARIGE OUDERDOM INGEDEEL | 16 |
| 2.5 | GETAL KERE GETREK SEDERT 60-JARIGE OUDERDOM VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 17 |
| 2.6 | RIGTING VAN DIE LAASTE TREK SEDERT 60-JARIGE OUDERDOM | 18 |
| 2.7 | REDE VIR DIE LAASTE TREK SEDERT 60-JARIGE OUDERDOM VOLGENS DIE RIGTING VAN DIÉ TREK INGEDEEL | 19 |
| 2.8 | KEUSE VAN WOONPLEK VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 20 |
| 2.9 | KEUSE VAN WOONPLEK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 21 |
| 3.1 | OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 22 |
| 3.2 | OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 23 |
| 3.3 | OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 24 |
| 3.4 | HUIDIGE BEROEPSTATUS VAN MANS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 25 |
| 3.5 | HUIDIGE BEROEPSTATUS VAN MANS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 25 |
| 3.6 | DIE REDE WAAROM SOMMIGE MANS NIE WERK NIE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 26 |
| 3.7 | DIE MATE WAARIN VROUE BUITENSHUISE LOONARBEID VERRIG HET | 27 |
| 3.8 | DIE MATE WAARIN VROUE HUL HUISHOUDELIKE PLIGTE NEERGELÊ HET | 27 |
| 3.9 | OUDERDOM WAAROP DIE MANS AFGETREE HET | 28 |
| 3.10 | OUDERDOM WAAROP VROUE VIR DIE LAASTE KEER BUITENSHUISE LOONARBEID VERRIG HET | 29 |
| 3.11 | OUDERDOM WAAROP VROUE HUL HUISHOUDELIKE PLIGTE NEERGELÊ HET | 30 |
| 3.12 | REDE VIR AFTREDE VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 30 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 3.13 | SOORT ARBEID VOOR AFTREDE VERRIG VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 31 |
| 3.14 | BEROEP VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 32 |
| 3.15 | SOORT WERKER VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 33 |
| 3.16 | GETAL URE PER WEEK GEWERK VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 33 |
| 4.1 | WETTIGE HUWELIKSTAAT VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 34 |
| 4.2 | WETTIGE HUWELIKSTAAT VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 35 |
| 4.3 | WETTIGE HUWELIKSTAAT VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 35 |
| 4.4 | AAN- OF AFWESIGHEID VAN 'N HUWELIKSMAAT VOLGENS WETTIGE HUWELIKSTAAT INGEDEEL | 36 |
| 4.5 | OUDERDOM VAN DIE HUWELIKSMAATS VOLGENS DIÉ VAN DIE MANS EN VROUE ONDERSKEIDELIK INGEDEEL | 37 |
| 4.6 | GETAL HUWELIKE VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 38 |
| 4.7 | GETAL HUWELIKE VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 38 |
| 4.8 | SAMESTELLING VAN DIE HUISHOUDING VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 39 |
| 4.9 | POSISIE IN DIE HUISHOUDING VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 40 |
| 4.10 | DIE GETAL LEWENDE KINDERS | 41 |
| 4.11 | GETAL AFHANKLIKE KINDERS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 41 |
| 5.1 | SOORT WONING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 42 |
| 5.2 | SOORT WONING VOLGENS DIE GETAL PERSONE WAT DAARIN SLAAP, INGEDEEL | 43 |
| 5.3 | GETAL WOONVERTREKKE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 44 |
| 5.4 | GETAL SLAAPVERTREKKE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 45 |
| 5.5 | GETAL WOONVERTREKKE VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE INGEDEEL | 46 |
| 5.6 | GETAL SLAAPVERTREKKE VOLGENS DIE GETAL PERSONE WAT IN DIE WOONEENHEID SLAAP, INGEDEEL | 47 |
| 5.7 | GEBRUIK VAN DIE KOMBUIS AS SLAAPVERTREK, OF DIE VOORBEREIDING VAN VOEDSEL IN 'N SLAAPVERTREK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 48 |
| 5.8 | WATER EN/OF ELEKTRIESE KRAG IN DIE WOONEENHEID VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 49 |
| 5.9 | DIE BESKIKBAARHEID EN LIGGING VAN DIE LATRINE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 49 |
| 5.10 | BESKIKBAARHEID VAN 'N VENSTER IN DIE PROEFPERSOON SE SLAAPVERTREK WAT KAN OOPMAAK, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 50 |
| 5.11 | GETAL PERSONE WAT IN DIE PROEFPERSOON SE SLAAPVERTREK SLAAP, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 51 |
| 5.12 | GETAL PERSONE WAT IN DIE PROEFPERSOON SE SLAAPVERTREK SLAAP, VOLGENS DIE SOORT WONING INGEDEEL | 52 |
| 5.13 | DIE PERSONE MET WIE DIE PROEFPERSOON SY SLAAPVERTREK DEEL | 51 |
| 5.14 | DIE VOORKOMS VAN ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN OORBEWONING VAN DIE PROEFPERSOON SE SLAAPVERTREK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 54 |
| 5.15 | GETAL SLAAPVERTREKKE BENODIG VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 54 |
| 6.1 | PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 56 |
| 6.2 | PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 57 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 6.3 | PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 58 |
| 6.4 | PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS BEROEP INGEDEEL | 59 |
| 6.5 | DIE BRONNE WAARUIT DIE PROEFPERSONE HUL PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VERKRY HET | 60 |
| 6.6 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID VOLGENS DIE AAN- OF AFWESIGHEID VAN 'N HUWELIKSMAAT INGEDEEL | 61 |
| 6.7 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 63 |
| 6.8 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID VOLGENS DIE GETAL PERSONE WAARUIT DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID BESTAAN, INGEDEEL | 62 |
| 6.9 | DIE GERAAMDE KONTANTWAARDE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE INKOMSTE IN GOEDERE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 64 |
| 6.10 | TOTALE MAANDELIKSE INKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 64 |
| 6.11 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 65 |
| 6.12 | MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING VOLGENS DIE GETAL PERSONE WAARUIT DIE HUISHOUDING BESTAAN, INGEDEEL | 66 |
| 6.13 | DIE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE PER VOLWASSE EENHEID IN DIE PROEFPERSONE SE AFHANKLIKHEIDSEENHEDE | 68 |
| 6.14 | DIE MAANDELIKSE TOTALE INKOMSTE PER VOLWASSE EENHEID IN DIE PROEFPERSONE SE AFHANKLIKHEIDSEENHEDE | 69 |
| 7.1 | BEDRAG WAT DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID MAANDELIKS AAN DIE ONDERSKEIE UITGAWE-ITEMS BESTEE | 71 |
| 7.2 | PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN HUISVESTING BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 72 |
| 7.3 | PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN VOEDSEL BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 73 |
| 7.4 | PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN LOSIES BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 73 |
| 7.5 | PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN SOWEL HUISVESTING AS VOEDSEL BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 74 |
| 7.6 | PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN SOWEL HUISVESTING AS VOEDSEL BESTEE, VOLGENS DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE PER VOLWASSE EENHEID INGEDEEL | 75 |
| 7.7 | PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN MEDIESE DIENSTE BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 76 |
| 7.8 | PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN VERVOER BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 76 |
| 7.9 | PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN TABAK, DRANK EN ONTSPANNING BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 77 |
| 7.10 | PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN „ANDER" UITGAWES BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 78 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 8.1 | BYDRAE TOT 'N LEWENS- OF UITKEERPOLIS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 79 |
| 8.2 | BYDRAE TOT 'N BEGRAFNISFONDS OF -POLIS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 80 |
| 8.3 | ONTVANGS VAN 'N OUDERDOMSPENSIOEN EN DIE REDE VIR DIE NIE-ONTVANGS DAARVAN VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 80 |
| 8.4 | ONTVANGS VAN 'N KONTANTPENSIOEN VAN 'N VORIGE WERKGEWER VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 81 |
| 8.5 | KONTANTBATES VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 82 |
| 8.6 | GESKATTE KONTANTWAARDE VAN ROERENDE EIENDOM VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 83 |
| 8.7 | GESKATTE KONTANTWAARDE VAN VASTE EIENDOM VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 83 |
| 8.8 | GESKATTE KONTANTWAARDE VAN TOTALE BATES VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 84 |
| 8.9 | BESIT VAN DIE WONING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 84 |
| 9.1 | KONTAK MET KINDERS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 87 |
| 9.2 | KONTAK MET KINDERS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 88 |
| 9.3 | KONTAK MET ANDER FAMILIELEDE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 89 |
| 9.4 | KONTAK MET KINDERS VOLGENS KONTAK MET ANDER FAMILIELEDE INGEDEEL | 90 |
| 9.5 | GETAL BESOEKE AFGELÊ VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 91 |
| 9.6 | GETAL BESOEKE AFGELÊ VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 92 |
| 9.7 | GETAL BESOEKE ONTVANG VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 92 |
| 9.8 | GETAL BESOEKE ONTVANG VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 93 |
| 9.9 | BYWOON VAN FORMELE EREDIENSTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 93 |
| 9.10 | BYWOON VAN BIOSKOOPVERTONINGS, KONSERTE EN/OF SPORTBYEEN-KOMSTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 94 |
| 9.11 | LEES VAN KOERANTE EN/OF TYDSKRIFTE VOLGENS WOONPLEK INGE-DEEL | 95 |
| 9.12 | GETAL URE WAT PROEFPERSOON GEMIDDELD PER DAG NA DIE RADIO LUISTER, VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 95 |
| 9.13 | RADIOPROGRAMVOORKEUR VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 96 |
| 10.1 | HOUDING OOR GESONDHEIDSTOESTAND VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 97 |
| 10.2 | HOUDING OOR GESONDHEIDSTOESTAND VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 98 |
| 10.3 | VOORKOMS EN AARD VAN KRONIESE KWALE VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 99 |
| 10.4 | VOORKOMS EN AARD VAN KRONIESE KWALE VOLGENS OUDERDOM INGE-DEEL | 100 |
| 10.5 | VERMOË OM SONDER HULP OOR DIE WEG TE KOM, VOLGENS GESLAG IN-GEDEEL | 100 |
| 10.6 | VERMOË OM SONDER HULP OOR DIE WEG TE KOM, VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 101 |
| 10.7 | GESIGSVERMOË VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 102 |
| 10.8 | GEHOORVERMOË VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 103 |
| 10.9 | GETAL DAE UIT DIE VOORAFGAANDE 30 WAT DIE PROEFPERSOON AS GEVOLG VAN SY GESONDHEIDSTOESTAND IN DIE BED MOES DEURBRING, VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 103 |

BLADSY

| | | |
|---|---|---|
| 10.10 | GETAL DAE UIT DIE VOORAFGAANDE 30 WAT DIE PROEFPERSOON AS GEVOLG VAN SY GESONDHEIDSTOESTAND IN DIE BED MOES DEURBRING, VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 104 |
| 10.11 | BEHANDELING DEUR 'N MEDIESE DOKTER VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 104 |
| 10.12 | BEHANDELING DEUR 'N MEDIESE DOKTER VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 105 |
| 10.13 | BEHANDELING DEUR 'N MEDIESE DOKTER VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 105 |
| 10.14 | BEHANDELING AS 'N BINNEPASIËNT VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 106 |
| 10.15 | BEHANDELING AS 'N BINNEPASIËNT VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 106 |
| 10.16 | BEHANDELING AS 'N BINNEPASIËNT VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 107 |
| 10.17 | BEHANDELING AS 'N BUITEPASIËNT VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 107 |
| 10.18 | BEHANDELING AS 'N BUITEPASIËNT VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 107 |
| 10.19 | BEHANDELING AS 'N BUITEPASIËNT VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 108 |
| 10.20 | BEHANDELING DEUR 'N TANDARTS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 108 |
| 10.21 | DIE GEREELDHEID WAARMEE DIE PROEFPERSONE SEKERE VOEDSELSOORTE GEBRUIK | 110 |
| 10.22 | GEBRUIK VAN EIWITVOEDSELSOORTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 109 |
| 10.23 | GEBRUIK VAN KOOLHIDRAATVOEDSELSOORTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 111 |
| 10.24 | GEBRUIK VAN GROENTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 111 |
| 10.25 | GEBRUIK VAN ALKOHOL VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 112 |
| 11.1 | BEREIDWILLIGHEID TOT ONMIDDELLIKE OPNAME IN 'N OUETEHUIS VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 113 |
| 11.2 | BEREIDWILLIGHEID TOT ONMIDDELLIKE OPNAME IN 'N OUETEHUIS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 114 |
| 11.3 | BEREIDWILLIGHEID TOT ONMIDDELLIKE OPNAME IN 'N OUETEHUIS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 114 |
| 11.4 | DIE OMVANG VAN DIE BEHOEFTE AAN OUETEHUISVERSORGING VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 116 |
| 11.5 | DIE OMVANG VAN DIE BEHOEFTE AAN OUETEHUISVERSORGING VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 117 |
| 11.6 | DIE SOORTE OUETEHUISVERSORGING BENODIG VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 118 |
| 11.7 | DIE SOORTE OUETEHUISVERSORGING BENODIG VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 119 |
| 11.8 | DIE VERWAGTE TOENAME VAN KLEURLINGBEJAARDES IN DIE TYDPERK 1970 TOT 2000 EN DIE VERWAGTE GETAL KLEURLINGBEJAARDES WAT IN OUETEHUISE VERSORG BEHOORT TE WORD | 120 |

## HOOFSTUK I

## INLEIDING

### 1.1 ALGEMENE OORSIG

Een van die uitstaande kenmerke van die twintigste eeu is dat die aantal bejaarde persone in die gemeenskap steeds toeneem (1, bl. 3).

Hierdie verskynsel is toe te skryf daaraan dat die meeste Westerse bevolkings besig is om te verouder. Dié veroudering bestaan basies daaruit dat die bejaardes in dié bevolkings, as gevolg van 'n dalende geboortesyfer (1, bl. 4) en 'n stygende lewensverwagting (1, bl. 7) algaande 'n groter persentasie van die totale bevolking vorm.

Die veroudering van die Westerse bevolkings blyk duidelik uit statistiese gegewens en projeksies met betrekking tot die ouderdomsamestelling van dié bevolkings. In die Verenigde State van Amerika byvoorbeeld het persone in die ouderdomsgroep 65 jaar en ouer hul aandeel in die Amerikaanse bevolkingsamestelling in die tydperk 1880 tot 1930 van 3.4 tot 5.4 persent vergroot en is bereken dat dié ouderdomsgroep in 1940, 1950 en 1960 onderskeidelik 6,3, 7.7 en 9.0 persent van die Amerikaanse bevolking sou gevorm het (2, bl. 323). Die Britse bevolking dien as 'n verdere voorbeeld. Onderskeidelik 12.4, 14.1 en 15.8 persent van dié bevolking het in 1944, en sou na raming in 1954 en 1964 uit persone van ten minste 65 jaar oud bestaan het (1, bl. 18).

Die daling in hul geboortesyfer (3, bl. B-3) en tegelykertyd die toename in hul lewensverwagting (3, bl. B-48) het meegebring dat ook die Blanke bevolking van die Republiek verouder het. In die jare 1904, 1926, 1936 en 1946 was onderskeidelik 1.87, 3.68, 4.95 en 6.27 persent van alle Blankes in die Republiek ten minste 65 jaar oud (1, bl. 18).

In teenstelling met die Blanke bevolking en die meeste ander Westerse bevolkings, toon die Kleurlingbevolking van die Republiek, wat oor die algemeen 'n Westerse lewenswyse handhaaf, nie die neiging tot veroudering nie. Soos uit tabel 1.1 sal blyk, neig hierdie bevolkingsgroep in die teenoorgestelde rigting, naamlik na 'n „verjonging" van die bevolking.

TABEL 1.1

DIE GETAL BLANKE- EN KLEURLINGBEJAARDES* IN VERSKILLENDE JARE IN DIE REPUBLIEK EN HUL PERSENTUELE AANDEEL IN DIE TOTALE BLANKE EN KLEURLINGBEVOLKING VAN DIÉ JARE**

| | Blanke bevolking | | | Kleurlingbevolking | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaartal | Totale bevolking | Getal bejaardes | Persentuele aandeel van bejaardes | Totale bevolking | Getal bejaardes | Persentuele aandeel van bejaardes |
| 1921 | 1,519,488 | 81,363 | 5.7 | 545,548 | 28,710 | 5.8 |
| 1936 | 2,003,857 | 159,826 | 7.9 | 769,241 | 43,195 | 5.7 |
| 1946 | 2,372,044 | 221,990 | 9.1 | 928,062 | 51,552 | 5.6 |
| 1951 | 2,641,689 | 255,179 | 9.1 | 1,103,016 | 60,669 | 5.6 |
| 1960 | 3,088,492 | 300,752 | 9.7 | 1,509,258 | 73,293 | 4.9 |

* Persone 60 jaar en ouer. Kyk afdeling 1.5.1.
** Hierdie gegewens is verkry uit die amptelike statistiek wat in die bronnelys vermeld word.

Die tabel toon dat teenoor die ongeveer ewe groot persentasie Blankes en Kleurlinge wat in 1921 ten minste 60 jaar oud was (onderskeidelik 5.7 en 5.8%), bykans een uit elke tien Blankes (9.7%) en slegs nagenoeg een uit elke twintig Kleurlinge (4.9%) in 1960 60 jaar en ouer was. Die Blanke bevolking het dus snel verouder, terwyl die Kleurlingbevolking 'n „mate van verjonging" ondergaan het.

Hierdie „verjonging" van die Kleurlingbevolking is toe te skryf daaraan dat, hoewel ook die bevolkingsgroep se lewensverwagting toegeneem het (3, bl. B-49), die Kleurlinge hul hoë geboortesyfer volgehou het (3, bl. B-4) en, veral sedert 1942, 'n aansienlike daling in hul kindersterftesyfer

ondervind het (3, bl. B-33). Gevolglik het die jongere ouderdomsgroepe in dié bevolking, en nie die bejaardes soos in die meeste Westerse bevolkings nie, 'n groter persentuele aandeel in die bevolkingsamestelling verkry.

Teenoor 296.6 persent in die geval van die Blanke bejaardes, was die getalsterkte-toename van Kleurlingbejaardes in die tydperk 1921 tot 1960 slegs 155.3 persent. Hierdie oneweredige toename in die getalsterkte van bejaardes, asook die feit dat die lewensverwagting van die Kleurlinge nie gedurende die betrokke tydperk in dieselfde mate as dié van die Blankes toegeneem het nie, kan onder andere toegeskryf word aan die verskil in die sosio-ekonomiese posisie van die twee bevolkingsgroepe.

Sedert die totstandkoming van die Departement van Kleurlingsake word daar van owerheidsweë meer as in die verlede gedoen om die maatskaplike opheffing van die Kleurlingbevolking te bevorder. Dit is waarskynlik dat hul maatskaplike opheffing onder andere sal meebring dat die lewensverwagting van die Kleurlinge in die toekoms nog verder sal styg. Gevolglik kan verwag word dat die gemiddelde jaarlikse toename in die getalsterkte van Kleurlingbejaardes in die toekoms veel hoër sal wees as in die verlede.

Dit beteken egter nie dat die Kleurlingbevolking in die voorsienbare toekoms sal verouder nie - soos duidelik blyk uit tabel 1.2. Dié tabel toon projeksies met betrekking tot die totale Kleurlingbevolking van die Republiek in verskillende jare, die getal Kleurlingbejaardes wat daar in dié jare behoort te wees en die persentuele aandeel wat die bejaarde Kleurlinge na raming in die samestelling van die totale Kleurlingbevolking van die Republiek sal hê [1].

TABEL 1.2

PROJEKSIES MET BETREKKING TOT DIE TOTALE KLEURLINGBEVOLKING VAN DIE REPUBLIEK, DIE GETAL KLEURLINGBEJAARDES EN DIE PERSENTUELE AANDEEL VAN DIE BEJAARDES IN DIE SAMESAMESTELLING VAN DIE TOTALE KLEURLINGBEVOLKING

| Jaartal | Totale Kleurlingbevolking | Getal Kleurlingbejaardes | Persentuele aandeel van bejaardes |
|---|---|---|---|
| 1970 | 2,055,000 | 93,000 | 4.53 |
| 1975 | 2,416,000 | 108,000 | 4.47 |
| 1980 | 2,851,000 | 126,000 | 4.42 |
| 1985 | 3,383,000 | 145,000 | 4.29 |
| 1990 | 4,039,000 | 172,000 | 4.26 |
| 1995 | 4,844,000 | 204,000 | 4.20 |
| 2000 | 5,831,000 | 245,000 | 4.20 |

Volgens die tabel sal die verwagte 2,055,000 Kleurlinge in 1970 aangroei tot 'n verwagte 5,831,000 Kleurlinge in die jaar 2000 en sal daar na raming in dié jare onderskeidelik sowat 93,000 en 245,000 Kleurlingbejaardes in die Republiek woon. Die Kleurlingbejaardes sal dus na verwagting in 'n tydperk van 30 jaar met sowat 252 persent in getalsterkte toeneem. Die tabel toon ook dat die „verjonging" van die Kleurlingbevolking na alle waarskynlikheid tot ten minste die jaar 1995 sal voortduur.

Die veroudering van die meeste Westerse bevolkings, en ook slegs die blote toename in die getal bejaarde persone soos by die Kleurlingbevolking van die Republiek, hang ten nouste saam met die ontwikkelinge en vordering op ekonomiese, industriële, maatskaplike en mediese gebied wat die meeste Westerse lande sedert die Nywerheidsomwenteling kenmerk. Sommige van die ontwikkelinge wat dit vir veel meer mense moontlik gemaak het om 'n hoë ouderdom te bereik, het baie daartoe bygedra om die lot van die bejaarde op sy oudag te verlig. Andere weer het op hul beurt meegebring dat die ouderdom vir baie bejaardes vele probleme inhou.

[1] Hierdie gegewens is verkry uit projeksies wat die Buro vir Statistiek met betrekking tot die ouderdomsamestelling van die Kleurlingbevolking van die Republiek gedoen het (5, bl. A-17).

As gevolg van veral die ekonomiese en die industriële ontwikkelinge het 'n proses van verstedeliking ontstaan en in dié proses moes die gesin, deurdat die tradisionele tuisnywerheid deur 'n gemeganiseerde fabrieksnywerheid vervang is, sy vroeëre ekonomiese selfstandigheid prysgee. Ook die gesinstruktuur as sodanig, het in dié proses verander. Die uitgebreide gesinstipe wat onder andere vir die bejaarde persoon die waarborg van versorging binne die gesinsverband ingehou het, moes plek maak vir 'n onafhanklik funksionerende nukluêre gesinstipe wat struktureel geïsoleerd geraak het van die omringende breëre verwantskapsgroepe waaruit hy ontstaan (6, bl. 8) en veral in dorpe en in stede aangetref word waar wooneenhede hoofsaaklik ingerig is om in die behoeftes van slegs die lede van die nukluêre gesin te voorsien.

Bejaarde-versorging is 'n natuurlike noodsaaklikheid - stygende ouderdom bring 'n afname in liggaamskragte mee en gevolglik 'n mindere of meerdere mate van afhanklikheid. Aangesien die gesin sy funksie as versorgingsoord vir die afhanklike bejaarde grootliks verloor het, was die Staat en die gemeenskap daartoe verplig om hierdie vroeëre gesinsfunksie oor te neem en voorsiening te maak vir die versorging van bejaardes, en veral dié van bejaardes wat in 'n staat van materiële afhanklikheid verval het. Dié voorsiening het hoofsaaklik geskied deur die daarstelling van ouderdomspensioenskemas en ouetehuise.

Nieteenstaande die feit dat hulle tans slegs 'n betreklik geringe persentasie van die Kleurlingbevolking vorm, en na alle waarskynlikheid in die toekoms nog meer van hul aandeel in die samestelling van dié bevolking sal moet prysgee, is dit so dat die getal Kleurlingbejaardes van die Republiek reeds aansienlik is - in 1960 was daar 73,293 Kleurlingbejaardes in die Republiek (7, bl. 20) - en dat dié getal in die toekoms aansienlik sal toeneem. Die vraag van wat gedoen word om die bestaansbeveiliging van hierdie groot en steeds groeiende getal materieel en/of andersins afhanklike mense te verseker, kom nou onwillekeurig na vore.

Kleurlinge het vanaf 1 Januarie 1929 met die inwerkingtreding van die Ouderdompensioenwet (Wet Nr. 22 van 1928) waarin die uitbetaling van ouderdomspensioene deur die Staat vir die eerste maal in Suid-Afrika gemagtig is, in aanmerking gekom vir die ontvangs van sodanige pensioen. Die uitbetaling van dié pensioen geskied nog steeds ingevolge 'n nie-bydraende skema en is onderhewig aan sekere voorwaardes, onder andere 'n ouderdomsbeperking en sekere middeletoetsvoorskrifte. Die bedrag wat aan die ouderdomspensioentrekker betaalbaar gemaak word, is sedert die instelling van dié skema van tyd tot tyd verhoog om by die heersende lewensduurte aan te pas. Tans kan Kleurlingmans, 65 jaar en ouer, en Kleurlingvroue vanaf die ouderdom van 60 jaar, met inagneming van die middeletoetsvoorskrifte, vir 'n ouderdomspensioen in aanmerking kom (8, bl. 48-49).

Kragtens Artikel 14 van die Ouderdomspensioenwet (Wet Nr. 38 van 1962) is die maksimum bedrag betaalbaar aan Kleurlingpensioentrekkers R162 per jaar. Dit is dan ook departementele beleid om genoemde maksimum bedrag te betaal aan Kleurlingpensioentrekkers woonagtig in stedelike gebiede, terwyl 'n mindere bedrag van R132 per jaar betaal word aan pensioentrekkers woonagtig in landelike gebiede[1].

Gedurende die boekjaar 1963/64 is daar in totaal 611,358 ouderdomspensioenuitbetalings aan Kleurlingbejaardes gedoen, dit wil sê gemiddeld 50,946.5 ouderdomspensioenuitbetalings per maand[2].

Bejaarde Kleurlingmans wat reeds 60 jaar oud is, maar nog nie 65 jaar nie en dus op grond van hul ouderdom nog nie 'n ouderdomspensioen kan ontvang nie, kan, indien hulle op grond van ongeskiktheid - fisies of andersins - nie langer daartoe in staat is om te verdien nie, met inagneming van die middeletoetsvoorskrifte, in aanmerking kom vir 'n ongeskiktheidstoelae en ontvang dan 'n soortgelyke bedrag as die ouderdomspensioentrekkers (8, bl. 50, 51). Verder kan bejaarde Kleurlingmans ook onder sekere omstandighede in aanmerking kom vir oudstryders- (8, bl. 50) en militêre pensioene (8, bl. 57).

Die Staat het ook reeds vir ouetehuisversorging vir Kleurlingbejaardes voorsiening gemaak. Een van die reeds bestaande ouetehuise vir Kleurlinge vorm 'n deel van die De Novo-staatsinrigtings te Kraaifontein en bied huisvesting aan 130 bejaarde Kleurlingmans en -vroue. Die ander een is

1) 'n Mededeling van die Departement van Kleurlingsake.

2) Ook hierdie gegewens is deur die Departement van Kleurlingsake verstrek.

geleë te Faure en maak voorsiening vir 120 bejaarde Kleurlingmans. „Hierdie tehuise is bedoel vir die huisvesting en versorging van nooddruftige, medies ongeskikte en bejaarde mans en vroue wat nie voortdurend bedrewe geneeskundige behandeling en verpleging nodig het nie en vir wie geen ander sorg gevind kan word of voorsiening bestaan nie" (4, bl. 116).

Die inwoners van hierdie inrigtings is geheel en al die verantwoordelikheid van die Departement van Kleurlingsake. Benewens vry inwoning, voedsel, skoeisel, en so meer, en indien nodig, R1.00 sakgeld per maand, ontvang hulle gratis mediese dienste deur en op aanbeveling van die distriksgeneesheer wat deur gekwalifiseerde verpleegsters wat deur die Staat betaal word, bygestaan word. In ruil hiervoor, verbeur die inwoners van dié ouetehuise alle maatskaplike pensioene en toelaes wat deur die Staat aan hulle betaalbaar is (4, bl. 116-117).

'n Verdere voorsiening deur die Staat bestaan daaruit dat gekeurde Kleurlingbejaardes, verkieslik persone van landelike herkoms en met afhanklike kinders, op die nedersetting wat 'n deel van die De Novo-staatsinrigtings vorm, gehuisves word en daar op sekere voorwaardes en met sekere voorregte in staat gestel word om hul oorblywende liggaamskragte aan te wend om vir hulself en vir hul afhanklikes te sorg. Die skema beoog met ander woorde om persone wat andersins nie daartoe in staat is nie, te help om vir hulself, vir hul afhanklikes en/of vir die opvoeding van hul kinders te sorg (4, bl. 115-116).

Partikuliere ouetehuise vir Kleurlingbejaardes ontvang 'n hoofdelike subsidie ten opsigte van diegene wat daarin verkeer. Verder ontvang partikuliere organisasies wat hulle vir die welsyn van Kleurlingbejaardes beywer, ook 'n subsidie van die Departement van Kleurlingsake vir die aanvanklike aankoop van meublement en uitrusting vir 'n inrigting (4, bl. 117).

Die Departement van Kleurlingsake is ook gemagtig om volle verantwoordelikheid te aanvaar vir die versorging van gekeurde en sorgvereisende Kleurlingbejaardes wat in sekere hospitale en inrigtings verkeer, maar nie voortdurend geneeskundige behandeling of verpleging benodig nie (4, bl. 117).

Ook van die kant van plaaslike owerhede, en veral in die groter sentra van die kant van die gemeenskap, word daar reeds veel vir die welsyn van Kleurlingbejaardes gedoen. Tydens die veldwerk is gevind dat verskeie munisipaliteite reeds ouetehuise vir Kleurlingbejaardes opgerig het of op die een of ander wyse, byvoorbeeld deur behuising teen slegs 'n nominale huurgeld aan hulle beskikbaar te stel, vir hierdie deel van die Kleurlingbevolking voorsiening gemaak het. Verskeie godsdienstige en liefdadigheidsorganisasies beywer hulle ook reeds op die een of die ander wyse vir die welsyn van die Kleurlingbejaardes van die Republiek.

## 1.2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, hierna die Buro genoem, is deur die Departement van Kleurlingsake versoek om, as deel van 'n reeks ondersoeke na die maatskaplike posisie van die Kleurlingbevolking van die Republiek, ook die bejaarde deel van dié bevolking in 'n ondersoek te betrek.

Die doel van hierdie ondersoek was 'n ontleding van die sosio-ekonomiese posisie van die Kleurlingbejaardes en in die besonder, 'n aanduiding van die behoefte wat dié deel van die Kleurlingbevolking aan ouetehuisversorging openbaar, asook van die soorte ouetehuisversorging wat voorsien behoort te word.

## 1.3 DIE NAVORSINGSPROSEDURE

Alvorens 'n ondersoeker hom op 'n bepaalde terrein kan begewe, is dit noodsaaklik dat hy oor ten minste 'n mate van voorkennis van die veld wat hy wil betree, sal beskik.

In die geval van die huidige ondersoek is die veld verken deur 'n bestudering van literatuur oor die verouderings- en die bejaardheidsverskynsel, asook van verslae van plaaslike en oorsese ondersoeke waarby bejaarde persone betrek is. Ten einde 'n beeld te verkry van die Kleurlingbevolking van die Republiek, het die ondersoeker ook 'n studie gemaak van literatuur waarin die kenmerke, die lewenswyse en die maatskaplike posisie van dié bevolkingsgroep bespreek word.

Aan die hand van die verworwe voorkennis van die veld wat betree sou word en met die doel van die ondersoek steeds in gedagte, het die ondersoeker daarop 'n vraelys opgestel. Die vraelys

is uitgetoets en, waar nodig, gewysig. Die finale vraelys het 'n totaal van 101 vrae ingesluit.

Die veldwerk is in die tydperk Desember 1963 tot Maart 1964 gedoen. In die geval van die Kaaplandse en die Vrystaatse gedeeltes van die ondersoek, is van die hulp van vier veldwerkers (senior studente in die Sosiologie wat aan die Universiteitskollege van Wes-Kaapland studeer) gebruik gemaak. Hierdie veldwerkers is vooraf deeglik in die gebruik van die vraelys opgelei. Die ondersoeker was self vir die veldwerk in Transvaal en in Natal verantwoordelik.

Aangesien alle moontlike antwoorde op die vrae in die vraelys vooraf verstrek en gekodifiseer was, moes die veldwerker slegs die vrae, soos op die vraelys aangedui, aan die proefpersoon stel en die toepaslike antwoord deur middel van 'n kruisie aandui. Skryfwerk is tot 'n minimum beperk. Hierdie werkwyse het nie alleen tydsbesparing in die hand gewerk nie (die onderhoude het gemiddeld sowat 45 minute elk geduur), maar het ook verseker dat al die vrae op dieselfde wyse en in dieselfde volgorde aan die proefpersone gestel is.

Streng kontrole is deurgaans uitgeoefen deurdat voltooide vraelyste nagesien is en soms deur middel van 'n opvolgbesoek getoets is. Die ondersoeker het die veldwerkers verder ook deurgaans na die verskillende opnemersdistrikte vergesel en sorg gedra dat die voorskrifte in verband met die werkwyse wat gevolg moes word, nagekom word. Sy teenwoordigheid het meegebring dat probleme wat opgeduik het, byvoorbeeld 'n bejaarde se weiering om aan die ondersoek deel te hê as gevolg van agterdog, dadelik uitgestryk kon word.

Die veldwerker moes op die vraelys aandui of hy die proefpersoon beskou as iemand wat by opname in 'n ouetehuis sou baat. Die ondersoeker het persone wat as sodanig deur die veldwerkers aangedui is, asook persone oor wie se toekomstige versorging die veldwerkers getwyfel het, daarna persoonlik besoek. Die doel van hierdie opvolgbesoeke waartydens die ondersoeker 'n onderhoud met die proefpersoon gevoer het, die vraelysinhoud gekontroleer het en sover moontlik, ook met ander lede van die proefpersoon se huishouding onderhoude gevoer het, was om 'n eenvormige standaard met betrekking tot die behoefte aan ouetehuisversorging te verseker. Waar die ondersoeker ook van mening was dat 'n bejaarde by opname in 'n ouetehuis sou baat, het hy op die vraelys aangedui of die betrokke proefpersoon na sy mening ouetehuisversorging dringend nodig het of nie, asook by watter soort ouetehuisversorging die betrokke proefpersoon na sy mening die meeste sou baat.

In soverre dit die behoefte aan ouetehuisversorging en die behoefte aan 'n besondere soort ouetehuisversorging aangaan, is daar nie van vaste en voorafopgestelde kriteria gebruik gemaak nie. Die individuele omstandighede van die proefpersoon het as maatstaf gedien.

Die gebruik van 'n voorafgekodifiseerde vraelys het die pons van die gegewens op ponskaarte baie vergemaklik. Die tabelle wat in hierdie verslag aangebied word, is verkry deur die meganiese verwerking van die ponskaarte.

## 1.4 DIE STEEKPROEF

Dit was vanselfsprekend nie moontlik om elkeen van die 73,293 Kleurlingbejaardes wat volgens die laaste sensusopname in 1960 in die Republiek woonagtig was of elkeen van die 77,825 Kleurlingbejaardes wat na raming tydens die veldwerk in die Republiek gewoon het[1], in die ondersoek te betrek nie. Die bevindinge ten opsigte van 'n betreklike klein steekproef van die persone oor wie 'n ondersoek handel, word egter, indien die steekproef op 'n wetenskaplike wyse saamgestel is, as 'n redelik betroubare aanduiding van dit wat vir die universum geld, aanvaar.

In hierdie afdeling word die wyse waarop die steekproef saamgestel is en die wyse waarop proefpersone in die ondersoekgroep opgeneem is, bespreek.

### 1.4.1 Die wyse waarop die steekproef saamgestel is

'n Steekproef van 1,500 persone, dit wil sê 'n steekproef met 'n verhouding van onderskeidelik 1:48.86 en 1:51.88 tussen die ondersoekgroep en die totale bejaarde Kleurlingbevolking van 1960, of die geraamde totale bejaarde Kleurlingbevolking tydens die veldondersoek, is as voldoende vir die doeleindes van hierdie ondersoek beskou.

---

[1] Hierdie raming is deur die Statistiekafdeling van die Buro gemaak.

Die steekproef is op so 'n wyse saamgestel dat manlike en vroulike, en stedelike en landelike Kleurlingbejaardes in al vier die provinsies in verhouding tot hul werklike voorkoms in dié gebiede in 1960 in die ondersoekgroep verteenwoordig is.

Tabel 1.3 toon die werklike getal Kleurlingbejaardes wat in 1960 in elk van die vier provinsies gewoon het en die getal Kleurlingbejaardes wat in elk van die provinsies in die ondersoek betrek is.

TABEL 1.3

DIE WERKLIKE GETAL KLEURLINGBEJAARDES IN 1960 IN ELK VAN DIE VIER PROVINSIES VAN DIE REPUBLIEK TEENOOR DIE PROVINSIALE VERDELING VAN DIE STEEKPROEFBEVOLKING

| Provinsie | Getal Kleurlingbejaardes in ondersoekgroep | | Werklike getal Kleurlingbejaardes in 1960 | |
|---|---|---|---|---|
| | G* | % | G | % |
| Kaapland | 1,325 | 88.3 | 64,661 | 88.2 |
| Transvaal | 101 | 6.7 | 4,984 | 6.8 |
| Oranje-Vrystaat | 38 | 2.5 | 1,873 | 2.5 |
| Natal | 36 | 2.4 | 1,775 | 2.4 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 73,293 | 100.0** |

*„G" beteken getal.
**As gevolg van die benadering van die desimale syfer kom die som van die persentasies soms nie op presies 100.0 te staan nie.

Vervolgens toon tabel 1.4 die getal mans en vroue wat in elk van die vier provinsies in landelike en in stedelike gebiede in die ondersoek betrek is, teenoor die getal mans en vroue in die totale bejaarde Kleurlingbevolking wat in 1960 in landelike en in stedelike gebiede in elk van die vier provinsies gewoon het.

Dit was, veral om praktiese redes, nie moontlik om die Kleurlingbevolking van elkeen van die ekonomiese streke waarin die vier provinsies verdeel is [1], na verhouding in die steekproef te verteenwoordig nie. In Kaapland is die twee ekonomiese streke waarin die Kleurlingbevolking die sterkste gekonsentreer is, ingesluit en is nog vier van die ekonomiese streke in dié provinsie ewekansig gekies. Wat Transvaal betref, is slegs die twee ekonomiese streke waarin ongeveer 86 persent van die Transvaalse Kleurlingbejaardes in 1960 gewoon het, ingesluit. Hierdie besluit het 'n geringe aanpassing in die getalle mans en vroue en landelinge en stedelinge in die steekproef genoodsaak, want anders sou die ondersoekgroep nie ten opsigte van geslag en woonplek met die algemene bejaarde Kleurlingbevolking van die Transvaal van 1960 ooreengestem het nie. Ten opsigte van die Oranje-Vrystaat en Natal is besluit om in elk van die twee provinsies slegs die twee ekonomiese streke in te sluit waarin onderskeidelik 68 en 70 persent van dié provinsies se Kleurlingbevolking, in 1960, woonagtig was.

Vervolgens is bepaal met hoeveel bejaardes, mans en vroue en landelinge en stedelinge onderskeidelik, in elk van die gekose ekonomiese streke, onderhoude gevoer moes word. Die getal is bereken deur 'n opnemersdistrik [2] in 'n ekonomiese streek ewekansig te kies en die getalle bejaardes wat daarin betrek moes word, op so 'n wyse te bereken dat die verhouding tussen mans en vroue wat in 1960 in dié opnemersdistrik bestaan het, in die ondersoekgroep behoue bly. Hierdie prosedure is ten opsigte van ander ewekansig gekose opnemersdistrikte, sowel landelik as stedelik, herhaal totdat die totale getal bejaardes vir die betrokke streek, mans en vroue en landelinge en stedelinge onderskeidelik, bereken is.

[1] Die Republiek is in ekonomiese streke verdeel deur die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika in samewerking met die Buro vir Statistiek. 'n Kaart wat die streke aandui, verskyn in elk van die Steekproeftabellasies in die literatuurlys vermeld.

[2] 'n Klein geografiese eenheid vir doeleindes van sensusopnames.

3 — 1980004

TABEL 1.4

DIE PROVINSIALE VERDELING VAN DIE STEEKPROEFBEVOLKING EN DIE TOTALE BEJAARDE KLEURLINGBE-VOLKING VAN DIE REPUBLIEK IN 1960 VOLGENS WOONPLEK EN GESLAG INGEDEEL

| Provinsie | Steekproefbevolking | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Landelik | | | | Stedelik | | | | Totaal | | | |
| | Man | | Vrou | | Man | | Vrou | | Man | | Vrou | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Kaapland | 232 | 92.1 | 191 | 92.3 | 368 | 86.4 | 534 | 86.8 | 600 | 88.5 | 725 | 88.2 |
| Transvaal | 9 | 3.6 | 6 | 2.9 | 36 | 8.5 | 50 | 8.1 | 45 | 6.6 | 56 | 6.8 |
| Oranje-Vrystaat | 8 | 3.2 | 7 | 3.4 | 9 | 2.1 | 14 | 2.3 | 17 | 2.5 | 21 | 2.6 |
| Natal | 3 | 1.2 | 3 | 1.4 | 13 | 3.1 | 17 | 2.8 | 16 | 2.4 | 20 | 2.4 |
| TOTAAL | 252 | 100.0 | 207 | 100.0 | 426 | 100.0 | 615 | 100.0 | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 |

| Provinsie | Totale bejaarde Kleurlingbevolking | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Landelik | | | | Stedelik | | | | Totaal | | | |
| | Man | | Vrou | | Man | | Vrou | | Man | | Vrou | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Kaapland | 13,144 | 92.7 | 10,530 | 93.2 | 17,518 | 86.3 | 23,469 | 85.3 | 30,662 | 88.9 | 33,999 | 87.6 |
| Transvaal | 412 | 2.9 | 312 | 2.8 | 1,739 | 8.6 | 2,521 | 9.2 | 2,151 | 6.2 | 2,833 | 7.3 |
| Oranje-Vrystaat | 429 | 3.0 | 342 | 3.0 | 427 | 2.1 | 675 | 2.5 | 856 | 3.5 | 1,017 | 2.6 |
| Natal | 188 | 1.3 | 111 | 1.0 | 624 | 3.1 | 852 | 3.1 | 812 | 2.4 | 963 | 2.5 |
| TOTAAL | 14,173 | 100.0 | 11,295 | 100.0 | 20,308 | 100.0 | 27,517 | 100.0 | 34,481 | 100.0 | 38,812 | 100.0 |

Nadat die getalle mans en vroue en landelinge en stedelinge wat in al die gekose ekonomiese streke in 'n provinsie betrek moes word, bereken is, is sorg gedra dat dié getalle proporsioneel nagenoeg in ooreenstemming was met die voorkoms van mans en vroue en landelinge en stedelinge in 1960 in die provinsie in die geheel.

1.4.2 Die wyse waarop proefpersone in die ondersoekgroep opgeneem is

Ten einde die willekeurige seleksie van bejaardes vir insluiting in die ondersoekgroep te voorkom, moes verskeie voorskrifte nagekom word.

Elke veldwerker is van 'n stel kaarte, en in sommige gevalle waar kaarte nie beskikbaar was nie, van 'n beskrywing van die gekose opnemersdistrikte voorsien. Die grense van die opnemersdistrikte is duidelik op die kaarte en in die beskrywings aangetoon, asook die getal mans en/of vroue wat in elk van die opnemersdistrikte in die ondersoek betrek moes word. Beginpunte wat volgens ewekansige beginsels gekies is, is op die kaarte en in die beskrywings van die opnemersdistrikte aangetoon.

In stedelike gebiede is daar soos volg te werk gegaan: 'n Aanvang is by beginpunt nr. 1 gemaak. Indien daar by die beginpunt, gewoonlik 'n straathoek, 'n woonhuis geleë was, is dié woonhuis oorgeslaan en het die veldwerker vanaf die tweede woning aan dieselfde kant van die straat (die kant van die straat waarlangs gewerk moes word, is op die kaarte aangetoon) klokgewys van huis tot huis gegaan (agterplase is ook ingesluit) totdat hy met die voorgeskrewe getal mans en/of vroue onderhoude gevoer het, of weer by die beginpunt uitgekom het en ook by die woning wat hy aanvanklik oorgeslaan het, aangedoen het[1].

Waar die voorgeskrewe getal mans en/of vroue nie in die straatblok by die eerste beginpunt aangetref is nie, is dieselfde prosedure by beginpunt nr. 2, wat moontlik 'n paar straatblokke daarvandaan geleë was, herhaal, en indien nodig, ook by verdere beginpunte.

In gevalle waar daar woonstelle, of ander geboue wat meer as een huishouding huisves, byvoorbeeld hotelle of losieshuise, op die hoeke by die beginpunte geleë was, is dié geboue nie aanvanklik oorgeslaan nie. In hierdie geboue is vanaf die boonste na die onderste verdieping, van agter na voor in die gebou en van regs na links vanuit die vooraansig van die gebou beweeg. In kampongs en in ander woonkwartiere vir werknemers is 'n begin gemaak by die kamer langs die hoekkamer wat die naaste aan die ingang tot die gebou is. en het die veldwerker regsom van deur tot deur beweeg.

Dieselfde prosedure as dié hierbo beskryf, is gevolg in die geval van kleinhoewes wat net soos die standplase van 'n dorp, maar net op 'n veel groter skaal, uitgelê is. Hier is egter die kleinhoewe by die beginpunt aanvanklik nie in die geheel oorgeslaan nie, maar slegs, indien daar meer as een Kleurlinghuishouding op die kleinhoewe gewoon het, die Kleurlinghuishouding wat die naaste aan die hoek gewoon het.

Beginpunte is ook op die kaarte van landelike gebiede aangedui. Vanaf hierdie beginpunte is in 'n op die kaart aangeduide rigting beweeg en is al die plase aan die een kant van die pad (die kant van die pad waarlangs gewerk moes word, is op die kaarte aangedui) besoek totdat die voorgeskrewe getal mans en/of vroue vir die betrokke opnemersdistrik in die ondersoek betrek is. Indien meer as een Kleurlinghuishouding op 'n besondere plaas gewoon het, is die Kleurlinghuishouding wat die naaste aan die pad gewoon het, aanvanklik ook oorgeslaan.

'n Maksimum van een man en een vrou kon in dieselfde huishouding in die ondersoek betrek word. Waar meer as een bejaarde man of vrou in 'n huishouding aangetref is, is die bejaarde met wie 'n onderhoud gevoer moes word, ewekansig gekies. Bejaardes wat op dié wyse oorgeslaan is, is slegs in die ondersoekgroep opgeneem indien daar, nadat die opnemersdistrik heeltemal deurkruis is, nog proefpersone kortgekom het.

Omdat daar sedert 1960 in veral die grotere sentra, 'n grootskaalse verskuiwing van die Kleurlingbevolking voorgekom het, is daarmee rekening gehou dat sommige van die gekose opne-

[1] Die hoekhuis by 'n beginpunt is, onder andere, aanvanklik oorgeslaan om seleksie te voorkom en te verseker dat, omdat hoekerwe gewoonlik duurder is as andere, die steekproefbevolking nie ten opsigte van hul ekonomiese posisie 'n skewe beeld sou vertoon nie.

mersdistrikte wat in 1960 nog uitsluitlik of oorwegend deur Kleurlinge bewoon was, moontlik nie die voorgeskrewe getal proefpersone sou oplewer nie. Gevolglik is daar ook voorsiening gemaak vir alternatiewe opnemersdistrikte. Veral in sommige dele van Kaapland was die omvang van die verskuiwing van Kleurlinge sodanig dat selfs die gegewe alternatiewe opnemersdistrikte soms nie voldoende was nie. Waar die nodige aantal proefpersone nog ontbreek het nadat die opnemersdistrik, en in sommige gevalle ook die alternatiewe opnemersdistrik deurkruis is, is vasgestel waarheen die Kleurlingbevolking van die betrokke gebied verskuif het en 'n kaart van die nuwe woongebied bekom. Dié kaart is daarop in gebiede verdeel waarvan een of meer ewekansig gekies is en op die kaart van so 'n gekose gebied is dan vir die veldwerker ewekansige beginpunte aangedui. 'n Totaal van 62 mans en 96 vroue is in Kaapland in alternatiewe opnemersdistrikte en in nuwe woonbuurtes betrek.

Aangesien die doel met hierdie ondersoek onder andere was om die behoefte aan ouetehuise by die Kleurlingbejaardes te bepaal, is Kleurlingbejaardes wat hulle tydens die ondersoek reeds in sodanige tehuise bevind het, van die ondersoek uitgesluit.

Dit het dikwels gebeur dat die veldwerker 'n woning aangedoen het en vasgestel het dat 'n Kleurlingbejaarde by die woning woonagtig was, maar die bejaarde nie tuis aangetref het nie. In dié gevalle het die veldwerker vasgestel wanneer die bejaarde tuis sou wees, 'n afspraak gereël en hom dan later, gewoonlik in die aand, besoek.

## 1.5 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Sekere begrippe wat in hierdie verslag gebruik word, word kortliks toegelig.

### 1.5.1 Kleurlingbejaarde

'n Persoon wat ingevolge die Wet op Bevolkingsregistrasie, Wet Nr. 30 van 1950, as 'n Kleurling geklassifiseer is en wat ten minste 60 jaar oud is.

### 1.5.2 Huishouding

'n Huishouding kan uit een persoon bestaan mits so 'n persoon ekonomies onafhanklik is en gewoonlik op sy eie woon of loseer. 'n Huishouding kan ook uit meer as een persoon bestaan soos in die geval van 'n aantal lede van 'n gesin, mits hierdie persone 'n gemeenskaplike bron van inkomste het of hulle hul inkomste verpoel en hulle, gewoonlik, saam in een huis of ander soort woning woon en saam aan een tafel eet.

'n Persoon wat normaalweg tot 'n huishouding behoort, maar tydelik afwesig is, byvoorbeeld die hoof van 'n huishouding wat elders werk, is nog as 'n lid van die huishouding beskou aangesien hy vir die ekonomiese versorging van sy gesin of huishouding verantwoordelik is. 'n Kind wat sy ouerhuis verlaat het, verdien en dus onafhanklik is, vorm nie 'n deel van sy ouers se huishouding nie. Waar 'n werkende kind egter nog by sy ouers ingewoon het, is hy as 'n deel van sy ouers se huishouding beskou. Enige ander persoon wat teen betaling by 'n gesin ingewoon het, is nie as 'n deel van daardie gesin se huishouding beskou nie. So 'n persoon vorm òf 'n huishouding op sy eie òf, indien hy getroud is en sy vrou en kinders weg van hom woon, saam met die res van sy gesin 'n huishouding.

### 1.5.3 Afhanklikheidseenheid

'n Afhanklikheidseenheid kan bestaan uit die proefpersoon alleen, of uit die proefpersoon en sy afhanklikes, dit wil sê een of meer persone vir wie se versorging die proefpersoon verantwoordelik gehou kan word. Dit sluit altyd die proefpersoon self in.

In gevalle waar die proefpersoon alleen, of die proefpersoon en sy afhanklikes inwoon en 'n deel van 'n huishouding vorm, is die proefpersoon se afhanklikheidseenheid altyd te onderskei van die res van die huishouding, byvoorbeeld waar 'n bejaarde met sy vrou en minderjarige kinders saam met 'n getroude paar en hul kinders 'n huishouding vorm.

Waar die proefpersoon alleen, of die proefpersoon en sy afhanklikes 'n eie huishouding vorm, vorm die afhanklikheidseenheid ook die huishouding.

1.5.4 Wooneenheid

'n Wooneenheid is 'n woning wat aanvanklik vir die gebruik van een huishouding opgerig is, of later vir dié doel ingerig is.

'n Huis, 'n woonstel, 'n kamer in 'n hotel, losieshuis of kampong, en 'n agterplaaskamer wat 'n werkgewer tot sy werknemer se beskikking stel, is dus elk as 'n wooneenheid beskou. Waar 'n kamer in 'n privaatwoning verhuur word aan 'n persoon wat nie 'n deel vorm van die huishouding waarby hy inwoon nie, is dié kamer nie as 'n aparte wooneenheid beskou nie, maar wel as 'n deel van die huis. Waar 'n huishouding egter in meer as een eenheid wat elk aanvanklik vir die gebruik van aparte huishoudings bedoel is, gewoon het, is hierdie wooneenhede saam as 'n wooneenheid beskou, byvoorbeeld in gevalle waar 'n huishouding meer as een van 'n ry kamers bewoon het.

1.5.5 Wettige huwelik

'n Wettige huwelik is die verbintenis tussen 'n man en 'n vrou wat deur 'n landdros of deur 'n leraar wat 'n geregistreerde huweliksbevestiger is, voltrek is. 'n Amptelike sertifikaat dien as bewys van die registrasie van so 'n huwelik.

Verdere begrippe wat in die verslag voorkom, sal deur middel van voetnote nader toegelig word.

1.6 DIE ONDERSOEKGROEP

Dit kan vanselfsprekend nie verwag word dat die ondersoekgroep wat slegs 'n steekproef van die universum is, in alle opsigte presies met die universum ooreen sal stem nie. Nietemin sal daar bedenkinge oor die waarde van die ondersoek bestaan indien dit sou blyk dat die steekproefbevolking ten opsigte van sy samestelling en kenmerke, opsigtelik van die universum verskil.

In hierdie afdeling word die samestelling en kenmerke van die ondersoekgroep bespreek. Dié bespreking sal eerstens aantoon in watter mate die ondersoekgroep as verteenwoordigend van die algemene bejaarde Kleurlingbevolking van die Republiek beskou kan word en tweedens, die leser oriënteer ten opsigte van die groep persone waarop die gegewens wat in hierdie verslag aangebied word, betrekking het.

1.6.1 Geslag

Dit het reeds uit tabel 1.4 geblyk dat die ondersoekgroep bestaan het uit 678 mans (45.2%) en 822 vroue (54.8%). Bejaarde Kleurlingmans en -vroue het in 1960 onderskeidelik 47.0 en 53.0 persent van die totale bejaarde Kleurlingbevolking van die Republiek gevorm.

1.6.2 Ouderdom

Die ouderdomsamestelling van die ondersoekgroep word vervolgens bespreek.

Die oorgrote meerderheid van die proefpersone (61.3%), en van sowel die mans as die vroue (58.3 teenoor 63.8%) was van 60 tot 69 jaar oud. Sewe-en-twintig punt nege persent van die totale ondersoekgroep, en onderskeidelik 28.9 en 27.0 persent van die mans en die vroue, was van 70 tot 79 jaar oud, terwyl 10.9 persent van al die proefpersone, en onderskeidelik 12.8 en 9.3 persent van die mans en die vroue, ten minste 80 jaar oud was.

In tabel 1.5 word die ouderdomsamestelling van die ondersoekgroep en die van die totale bejaarde Kleurlingbevolking van 1960 vergelyk.

Teenoor onderskeidelik 33.1, 28.2 en 38.7 persent van die ondersoekgroep, was onderskeidelik 34.4, 25.3 en 40.3 persent van die totale bejaarde Kleurlingbevolking in 1960 van 60 tot 64 jaar oud, van 65 tot 69 jaar oud, of ten minste 70 jaar oud. Die ouderdomsgroepe 60 tot 64 jaar en 70 jaar en ouer is dus in die ondersoekgroep ietwat onderverteenwoordig, terwyl die ouderdomsgroep 65 tot 69 jaar ietwat oorverteenwoordig is.

TABEL 1.5

DIE OUDERDOMSAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIÉ VAN DIE TOTALE BEJAARDE KLEUR-LINGBEVOLKING IN 1960 VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Ouderdom | Ondersoekgroep | | | | | | Totale bejaarde Kleurlingbevolking | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | Totaal | | Man | | Vrou | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 60 - 64 j. | 202 | 29.8 | 294 | 35.8 | 496 | 33.1 | 11,839 | 34.3 | 13,370 | 34.4 | 25,209 | 34.4 |
| 65 - 69 j. | 193 | 28.5 | 230 | 28.0 | 423 | 28.2 | 8,934 | 25.9 | 9,642 | 24.8 | 18,576 | 25.3 |
| 70 j. en ouer | 283 | 41.7 | 298 | 36.3 | 581 | 38.7 | 13,708 | 39.8 | 15,800 | 40.7 | 29,508 | 40.3 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 34,481 | 100.0 | 38,812 | 100.0 | 73,293 | 100.0 |

1.6.3 Huistaal

Die huistaal van die proefpersone dien as 'n verdere maatstaf om die mate waarin die ondersoekgroep as verteenwoordigend van die totale bejaarde Kleurlingbevolking beskou kan word, te toets[1].

TABEL 1.6

DIE HUISTAAL VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIÉ VAN DIE TOTALE KLEURLINGBEVOLKING IN 1960

| Huistaal | Ondersoekgroep | | Totale Kleurlingbevolking | |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | 1,284 | 85.6 | 1,336,974 | 88.6 |
| Engels | 115 | 7.7 | 153,974 | 10.2 |
| Afrikaans en Engels | 101 | 6.7 | 13,662 | 0.9 |
| Ander tale | - | - | 4,648 | 0.3 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,509,258 | 100.0 |

Vyf-en-tagtig punt ses persent van die proefpersone was Afrikaanssprekend, 7.7 persent was Engelssprekend en 6.7 persent het sowel Afrikaans as Engels as huistaal gehad. Die Afrikaans- en Engelssprekendes is in vergelyking met die totale Kleurlingbevolking van 1960, ietwat onderverteenwoordig.

Die feit dat betreklik veel meer van die ondersoekgroep as van die totale Kleurlingbevolking beide landstale as huistaal gehad het, beteken nie noodwendig dat hierdie groep in die ondersoekgroep oorverteenwoordig is nie. Dit is moontlik dat van hierdie persone tydens die sensusopname by òf die Afrikaans- òf die Engelssprekendes gevoeg is.

1.6.4 Geloof- en Kerkverband

Laastens word die geloof- en kerkverband van die ondersoekgroep met die van die totale bejaarde Kleurlingbevolking van 1960 vergelyk.

Volgens tabel 1.7 het die meeste Kleurlingbejaardes in die ondersoekgroep aan die drie Afrikaanse Susterskerke, die Anglikaanse Kerk en die Congregational Kerk behoort (onderskeidelik 25.4, 18.3 en 13.3%). Dit geld ook vir die totale bejaarde Kleurlingbevolking van die Republiek in 1960 (dié persentasies kom op onderskeidelik 30.9, 16.9 en 10.4 te staan).

Die ondersoekgroep wyk dus ook met betrekking tot hul geloof- en kerkverband, nie opsigtelik van die totale bejaarde Kleurlingbevolking van 1960 af nie.

[1] Aangesien gegewens ten opsigte van die huistaal van die onderskeie ouderdomsgroepe in die Kleurlingbevolking nie beskikbaar is nie, word die ondersoekgroep nie in hierdie verband met slegs die bejaarde deel van die Kleurlingbevolking vergelyk nie, maar wel met die totale Kleurlingbevolking van 1960.

TABEL 1.7

DIE GELOOF- EN KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIÉ VAN DIE TOTALE BEJAARDE KLEURLINGBEVOLKING IN 1960

| Geloof- en kerkverband | Ondersoekgroep | | Totale bejaarde Kleurlingbevolking | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Afrikaanse Susterskerke | 380 | 25.4 | 22,657 | 30.9 |
| Anglikaanse Kerk | 275 | 18.3 | 12,391 | 16.9 |
| Congregational Kerk | 200 | 13.3 | 7,592 | 10.4 |
| Metodiste Kerk | 126 | 8.4 | 7,043 | 9.6 |
| Rooms-Katolieke Kerk | 84 | 5.6 | 4,268 | 5.8 |
| Apostoliese Geloofsending | 71 | 4.7 | 2,823 | 3.9 |
| Lutherse Kerk | 63 | 4.2 | 4,657 | 6.4 |
| Islamitiese geloof | 74 | 4.9 | 2,817 | 3.8 |
| Ander, ongespesifiseerd, geen | 227 | 15.1 | 9,054 | 12.3 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 73,293 | 100.0 |

HOOFSTUK 2

# WOONPLEK EN MIGRASIE

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aangetoon waar die lede van die ondersoekgroep tydens die ondersoek woonagtig was. Daar word ook gewys op sekere aspekte met betrekking tot migrasie.

## 2.2 WOONPLEK

Tabel 2.1 toon die woonplek van die ondersoekgroep aan.

TABEL 2.1

WOONPLEK VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Woonplek | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Stad | 307 | 45.2 | 451 | 54.9 | 758 | 50.5 |
| Dorp | 123 | 18.1 | 169 | 20.6 | 292 | 19.5 |
| Plaas | 209 | 30.8 | 164 | 20.0 | 373 | 24.9 |
| Landbouhoewe | 11 | 1.6 | 16 | 1.9 | 27 | 1.8 |
| Klein gemeenskap | 18 | 2.7 | 15 | 1.8 | 33 | 2.2 |
| Landelike Kleurlinggebied | 10 | 1.5 | 7 | 0.9 | 17 | 1.1 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Ietwat meer as die helfte van die proefpersone is in stede[1] aangetref. Negentien punt vyf persent het in dorpe gewoon en 24.9 persent op plase. Vyf punt een persent is op landbouhoewes (1.8%), in klein gemeenskappe[2] (2.2%) en in landelike Kleurlinggebiede[3] (1.1%) aangetref.

Meer vroue as mans het in stede (onderskeidelik 54.9 en 45.2%) en in dorpe (onderskeidelik 20.6 en 18.1%) gewoon. Mans is egter meer as vroue op plase aangetref (onderskeidelik 30.8 en 20.0%). Daar bestaan nie opvallende verskille met betrekking tot die mate waarin die mans en vroue onderskeidelik op landbouhoewes, in klein gemeenskappe en in landelike Kleurlinggebiede gewoon het nie.

Aangesien die getal persone wat op die laasgenoemde drie soorte woonplekke aangetref is, so gering is, word hierdie persone voortaan by die plaasbewoners ingedeel. Daar sal dus wanneer daar na die woonplek verwys word, slegs gelet word op die stads-, dorps- en „plaasbewoners".

[1] Kaapstad en voorstede (Wynberg en Bellville), Port Elizabeth, Kimberley, Bloemfontein, Durban, Pietermaritzburg, Johannesburg, Pretoria en Germiston.

[2] Klein vissersgemeenskappe en ander klein gemeenskappe op die platteland wat uit byvoorbeeld slegs 'n spoorweghalte en 'n paar woonhuise met of sonder 'n winkel bestaan. Persone wat in sodanige klein gemeenskappe aangetref is, kon beswaarlik as dorps- of plaasbewoners ingedeel word.

[3] 'n Gebied soos omskrywe in Artikel 1 van die Wet op Landelike Kleurlinggebiede, Wet Nr. 24 van 1963.

## 2.3 WOONBUURT

Daar is ook vasgestel in watter soort woonbuurt[1] diegene wat in stede en in dorpe aangetref is, gewoon het. Hierdie gegewens verskyn in tabel 2.2.

TABEL 2.2

WOONBUURT VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Woonbuurt | Woonplek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Uitsluitlik Kleurlingwoonbuurt | 604 | 79.7 | 159 | 54.4 | 763 | 72.6 |
| Oorwegend Kleurlingwoonbuurt | 137 | 18.1 | 94 | 32.2 | 231 | 22.0 |
| Oorwegend Indiërwoonbuurt | 9 | 1.2 | - | - | 9 | 0.9 |
| Oorwegend Bantoewoonbuurt | 1 | 0.1 | 28 | 9.6 | 29 | 2.8 |
| Oorwegend Blankewoonbuurt | 7 | 0.9 | 11 | 3.8 | 18 | 1.7 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 1,050 | 100.0 |

Bykans driekwart van die stads- en dorpsbewoners het in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes gewoon. Twee-en-twintig persent het in woonbuurtes gewoon waarin hoofsaaklik Kleurlinge woonagtig is terwyl vyf punt vier persent woonagtig was in woonbuurtes waarin hoofsaaklik lede van die ander bevolkingsgroepe voorkom.

Veel meer stedelinge as dorpsbewoners het in woonbuurtes wat vir die gebruik van slegs Kleurlinge bedoel is, gewoon (onderskeidelik 79.7 en 54.4%). Slegs stedelinge is in oorwegend Indiërwoonbuurtes aangetref (1.2%). Meer dorps- as stadsbewoners het in oorwegend Blanke- en Bantoewoonbuurtes gewoon.

## 2.4 DUUR VAN VERBLYF OP WOONPLEK

Die proefpersone moes aandui hoe lank hulle reeds op dieselfde plek[2] woonagtig is. Hierdie gegewens word in tabel 2.3 uiteengesit.

Uit die gemelde tabel blyk eerstens dat bykans 'n vyfde van die proefpersone sedert hul geboorte op dieselfde plek woonagtig is.

Van diegene wat reeds van woonplek verwissel het, woon bykans twee-derdes ten minste twintig jaar lank op die plek waar hulle aangetref is. Slegs 2.3 persent was minder as 'n jaar lank op hul huidige woonplek woonagtig.

Meer plaas- as dorps- en stadsbewoners het minder as 'n jaar lank op die plek waar hulle aangetref is, gewoon. Onder diegene wat van een tot vyf jaar lank op hul woonplek gewoon het, was daar ook meer plaas- as dorps- en stadsbewoners (onderskeidelik 20.7, 9.6 en 7.5%). Aan die anderkant het veel meer stads- as dorps- en plaasbewoners (onderskeidelik 77.8, 59.9 en 48.5%), reeds ten minste twintig jaar lank op hul woonplek gewoon.

---

[1] Met „soort woonbuurt" word bedoel daardie bevolkingsgroep wat hoofsaaklik in die betrokke woonbuurt woonagtig is. Behalwe in die geval van die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes (sekere gebiede wat ingevolge die Wet op Groepsgebiede, Wet Nr. 77 van 1957, as woonbuurtes vir die uitsluitlike gebruik van Kleurlinge geproklameer is), is die woonbuurt beskou as die onmiddellike omgewing, byvoorbeeld die straatblok waarin die proefpersoon woon en die blok oorkant die straat.

[2] Met „dieselfde plek" word bedoel dieselfde stad, dorp of plaas. Vergelyk die omskrywing van 'n „trek" in afdeling 2.6.

TABEL 2.3

DUUR VAN VERBLYF OP WOONPLEK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Duur van verblyf | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 1 j. | 1 | 0.2 | 5 | 2.2 | 22 | 5.3 | 28 | 2.3 |
| 1 - 2 j. | 24 | 4.2 | 10 | 4.4 | 25 | 6.0 | 59 | 4.9 |
| 3 - 5 j. | 19 | 3.3 | 12 | 5.2 | 61 | 14.7 | 92 | 7.6 |
| 6 - 9 j. | 21 | 3.7 | 26 | 11.4 | 33 | 7.9 | 80 | 6.6 |
| 10 - 19 j. | 61 | 10.7 | 39 | 17.0 | 73 | 17.5 | 173 | 14.3 |
| 20 - 39 j. | 148 | 26.0 | 51 | 22.3 | 95 | 22.8 | 294 | 24.2 |
| 40 j. en langer | 295 | 51.8 | 86 | 37.6 | 107 | 25.7 | 488 | 40.2 |
| Subtotaal | 569 | 100.0 | 229 | 100.0 | 416 | 100.0 | 1,214 | 100.0 |
| Persone wat al getrek het | 569 | 75.1 | 229 | 78.4 | 416 | 92.4 | 1,214 | 80.9 |
| Persone wat hul lewe lank op dieselfde plek woon | 189 | 24.9 | 63 | 21.6 | 34 | 7.6 | 286 | 19.1 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die feit dat veral die plaasbewoners vir 'n kort tydperk op hul woonplek gewoon het, hou waarskynlik verband daarmee dat plaasbewoners gewoonlik woon waar hulle werk. As 'n plaasbewoner sy werkgewer verlaat om by 'n ander in diens te tree, moet hy gewoonlik ook van woonplek verwissel.

## 2.5 WOONPLEK OP VERSKILLENDE LEEFTYE

Vervolgens word daar gelet op die soort woonplek waar die lede van die ondersoekgroep op verskillende ouderdomme gewoon het.

Tabel 2.4 toon die proefpersone se woonplek op 60-jarige ouderdom, ingedeel volgens die soort woonplek waar hulle op eenjarige ouderdom woonagtig was.

TABEL 2.4

WOONPLEK OP 60-JARIGE OUDERDOM VOLGENS WOONPLEK OP EENJARIGE OUDERDOM INGEDEEL

| Woonplek op 1 jaar | Woonplek op 60 jaar | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Stad | 387 | 52.9 | 11 | 3.6 | 6 | 1.3 | 404 | 26.9 |
| Dorp | 265 | 36.2 | 200 | 65.1 | 103 | 22.3 | 568 | 37.9 |
| Plaas, ens. | 79 | 10.8 | 96 | 31.3 | 353 | 76.4 | 528 | 35.2 |
| TOTAAL | 731 | 100.0 | 307 | 100.0 | 462 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Dit het reeds uit afdeling 2.1 geblyk dat onderskeidelik 50.5, 19.5 en 30.0 persent van die proefpersone tydens die ondersoek in stede, in dorpe en op plase gewoon het.

Volgens die bostaande tabel het 26.9 persent van die proefpersone op eenjarige ouderdom in stede gewoon, en onderskeidelik 37.9 en 35.2 persent in dorpe en op plase.

Van diegene wat op 60-jarige ouderdom in stede, in dorpe en op plase woonagtig was, het onderskeidelik 47.0, 34.9 en 23.6 persent op eenjarige ouderdom nie onderskeidelik in stede, in dorpe of op plase gewoon nie. Die stede toon die grootste „wins" aan persone wat van elders afkomstig is en dit is dus baie duidelik dat daar onder die geledere van die proefpersone 'n stadwaartse trek plaasgevind het.

Sensusgegewens weerspieël ook die feit dat die Kleurlingbevolking besig is om te verstedelik. Teenoor die 51.9 persent van die Kleurlingbevolking wat in 1921 in stedelike gebiede gewoon het, het onderskeidelik 56.9 en 64.7 persent in 1936 en in 1951 in sodanige gebiede gewoon (3, bl. A-10). C.J. Jooste het bereken dat ongeveer 67 persent van die Kleurlingbevolking in 1960 in stedelike gebiede gewoon het (9, bl. 134).

## 2.6 DIE GETAL KERE GETREK SEDERT 60-JARIGE OUDERDOM

In hierdie afdeling word aangedui hoeveel proefpersone getrek het nadat hulle 60 jaar oud geword het en hoeveel keer hulle sedert hulle dié ouderdom bereik het, getrek het[1]. Hierdie gegewens verskyn in tabel 2.5.

TABEL 2.5

GETAL KERE GETREK SEDERT 60-JARIGE OUDERDOM VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Getal trekke sedert 60-jarige ouderdom | Woonplek: Stad G | Stad % | Dorp G | Dorp % | Plaas, ens. G | Plaas, ens. % | Totaal G | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 40 | 83.3 | 34 | 68.0 | 81 | 66.9 | 155 | 70.8 |
| 2 | 7 | 14.6 | 13 | 26.0 | 26 | 21.6 | 46 | 21.0 |
| 3 en meer | 1 | 2.1 | 3 | 6.0 | 14 | 11.6 | 18 | 8.2 |
| Subtotaal | 48 | 100.0 | 50 | 100.0 | 121 | 100.0 | 219 | 100.0 |
| Persone wat sedert 60-jarige ouderdom getrek het | 48 | 6.4 | 50 | 17.1 | 121 | 26.9 | 219 | 14.6 |
| Persone wat nie sedert 60-jarige ouderdom getrek het nie | 710 | 93.6 | 242 | 82.9 | 329 | 73.1 | 1,281 | 85.4 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens die bostaande tabel het 85.4 persent van die proefpersone nie nadat hulle 60 jaar oud geword het, getrek nie. Van diegene wat wel sedert die ouderdom getrek het, het 70.8 persent een keer getrek, 21.0 persent twee keer en 8.2 persent drie en meer kere.

[1] Met 'n „trek" word bedoel, byvoorbeeld van 'n plaas na 'n plaas, 'n plaas na 'n dorp, 'n plaas na 'n stad, 'n stad na 'n stad, en so meer. 'n Trek van byvoorbeeld een voorstad na 'n ander voorstad van dieselfde stad, of van een deel van 'n plaas na 'n ander deel van dieselfde plaas, is nie as 'n trek beskou nie.

Meer plaas- as dorps- en stadsbewoners het nadat hulle 60 jaar oud geword het, getrek (onderskeidelik 26.9, 17.1 en 6.4%). Onder diegene wat wel getrek het, het die stadsbewoners die minste getrek.

In tabel 2.3 is reeds daarop gewys dat meer plaas- as dorps- en stadsbewoners vir 'n kort periode op die plekke waar hulle aangetref is, gewoon het. Die feit dat plaasbewoners woon waar hulle werk en dat 'n werkverandering gewoonlik vir hulle ook 'n verandering van woonplek beteken, is as die waarskynlike rede vir die verskynsel aangevoer. Heelwaarskynlik hou die feit dat meer plaasbewoners as dorps- en stadsbewoners sedert hulle sestigste jaar getrek het, asook die feit dat meer plaasbewoners drie en meer kere getrek het, ook met die bogenoemde verskynsel verband.

## 2.7 DIE RIGTING VAN DIE LAASTE TREK SEDERT 60-JARIGE OUDERDOM

In tabel 2.6 word aangedui in watter rigting die laaste trek wat die proefpersone sedert 60-jarige ouderdom onderneem het, plaasgevind het.

TABEL 2.6

RIGTING VAN DIE LAASTE TREK SEDERT 60-JARIGE OUDERDOM

| Rigting | G | % |
|---|---|---|
| Van plaas na plaas | 104 | 47.5 |
| Van plaas na dorp | 20 | 9.1 |
| Van plaas na stad | 9 | 4.1 |
| Van dorp na plaas | 14 | 6.4 |
| Van dorp na dorp | 27 | 12.3 |
| Van dorp na stad | 16 | 7.3 |
| Van stad na plaas | 3 | 1.4 |
| Van stad na dorp | 3 | 1.4 |
| Van stad na stad | 23 | 10.5 |
| TOTAAL | 219 | 100.0 |

Veel meer van die laaste trekke sedert 60-jarige ouderdom het tussen plase as tussen dorpe en tussen stede plaasgevind (onderskeidelik 47.5, 12.3 en 10.5%). Die laaste trek het volgens die bostaande tabel vir bykans driekwart van diegene wat sedert 60-jarige ouderdom getrek het, nie 'n verandering van die soort woonplek meegebring nie.

Wat die trekke tussen die soorte woonplekke betref, blyk dit dat persone wat vanaf 'n ander soort woonplek na plase getrek het, meer vanaf dorpe as vanaf stede afkomstig is (onderskeidelik 6.4 en 1.4%). Persone wat na dorpe getrek het, kom meer van plase as van stede af (9.1 en 1.4% onderskeidelik), terwyl persone wat na stede getrek het, meer afkomstig was van dorpe as van plase (onderskeidelik 7.3 en 4.1%).

Daar is reeds na die proefpersone se stadwaartse trek verwys. Uit die bostaande tabel en ook uit tabel 2.4 wil dit voorkom asof die dorpe in die Kleurlinge se stadwaartse trek die posisie van 'n „halfwegstasie" inneem, aangesien meer plaasbewoners na dorpe as na stede trek en meer dorps- as plaasbewoners na stede verhuis.

## 2.8 DIE REDE VIR DIE LAASTE TREK SEDERT 60-JARIGE OUDERDOM

Daar is ook vasgestel wat die belangrikste rede was vir die laaste trek wat die proefpersone na hul sestigste lewensjaar onderneem het. In tabel 2.7 word die gegewens weergegee.

Die begeerte om nader aan familielede te wees, was die beweegrede vir die grootste enkele persentasie van die laaste trekke (37.9%). Hierdie bevinding is te verwagte, want stygende ouderdom bring algaande 'n groter mate van afhanklikheid van andere mee en vanselfsprekend is familielede, en veral kinders, die eerste wat om hulp genader word.

TABEL 2.7

REDE VIR DIE LAASTE TREK SEDERT 60-JARIGE OUDERDOM VOLGENS DIE RIGTING VAN DIÉ TREK INGEDEEL

| Die rede vir die laaste trek sedert 60-jarige ouderdom | Rigting van die laaste trek | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Plaas na plaas | | Plaas na dorp | | Plaas na stad | | Dorp na plaas | | Dorp na dorp | | Dorp na stad | | Stad na plaas | | Stad na dorp | | Stad na stad | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Kon nie werk kry nie | 11 | 10.6 | - | - | - | - | - | - | 3 | 11.1 | - | - | - | - | - | - | 3 | 13.0 | 17 | 7.8 |
| Kon beter werk kry | 27 | 26.0 | 1 | 5.0 | - | - | 1 | 7.1 | 2 | 7.4 | 2 | 12.5 | - | - | - | - | 1 | 4.3 | 34 | 15.5 |
| Verplaas, of het met werkgewer getrek | 5 | 4.8 | 1 | 5.0 | - | - | - | - | 1 | 3.7 | 1 | 6.2 | - | - | - | - | 1 | 4.3 | 9 | 4.1 |
| Op grond van 'n huwelik | 4 | 3.8 | 2 | 10.0 | - | - | 1 | 7.1 | 1 | 3.7 | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | 3.7 |
| Om nader aan familie te wees | 17 | 16.3 | 8 | 40.0 | 7 | 77.8 | 7 | 50.0 | 15 | 55.6 | 11 | 68.9 | 2 | 66.6 | 1 | 33.3 | 15 | 65.2 | 83 | 37.9 |
| Meer fasiliteite op nuwe woonplek | - | - | 3 | 15.0 | - | - | - | - | 1 | 3.7 | 1 | 6.2 | - | - | - | - | 2 | 8.7 | 7 | 3.2 |
| Beter versorging op nuwe woonplek | - | - | 1 | 5.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.5 |
| Om gesondheidsredes | 5 | 4.8 | - | - | 1 | 11.1 | - | - | 1 | 3.7 | 1 | 6.2 | - | - | 1 | 33.3 | 1 | 4.3 | 10 | 4.6 |
| Ander redes | 35 | 33.7 | 4 | 20.0 | 1 | 11.1 | 5 | 35.7 | 3 | 11.1 | - | - | 1 | 33.3 | 1 | 33.3 | - | - | 50 | 22.8 |
| TOTAAL | 104 | 100.0 | 20 | 100.0 | 9 | 100.0 | 14 | 100.0 | 27 | 100.0 | 16 | 100.0 | 3 | 100.0 | 3 | 100.0 | 23 | 100.0 | 219 | 100.0 |

Twee keer soveel persone as dié wat hul laaste trek onderneem het omdat hulle glad nie op hul vorige woonplek 'n betrekking kon bekom nie, het 'n beter betrekking op hul huidige woonplek as die belangrikste rede vir hul laaste trek aangevoer (onderskeidelik 15.5 en 7.8%). Drie punt sewe persent het getrek omdat hulle met persone wat op 'n ander plek as hulle gewoon het, 'n huwelik aangegaan het en 4.1 persent is verplaas of het saam met hul werkgewer getrek. Onderskeidelik 3.2, 0.5 en 4.6 persent het ter wille van meer fasiliteite op hul nuwe woonplek, ter wille van beter versorging aldaar of ter wille van hul gesondheid, hul laaste trek onderneem. Twee-en-twintig punt agt persent het ander redes aangevoer.

Daar was meer trekke tussen stede as tussen dorpe en tussen plase omdat die proefpersone glad nie werk kon vind nie (onderskeidelik 13.0, 11.1 en 10.6%). Trekke wat ter wille van 'n beter betrekking onderneem is, het veral tussen plase plaasgevind. Die trekke wat onderneem is om nader aan familielede te wees, het oor die algemeen, meer in 'n stadwaartse rigting as in die teenoorgestelde rigting plaasgevind. Dit is moontlik dat die laasgenoemde bevinding deels daarmee verband hou dat die jonger Kleurlinge tans minder geneë as in die verlede is om in die landbou 'n heenkome te vind. Die bejaardes wat nader aan hul kinders wou wees, was gevolglik daartoe verplig om ook stadwaarts te gaan.

Onder diegene wat ter wille van meer fasiliteite op die nuwe woonplek hul laaste trek sedert 60-jarige ouderdom onderneem het, kom diegene wat van plase na dorpe getrek het, die meeste voor.

Teenoor die 11.1 persent van diegene wat om „ander redes" hul laaste trek tussen dorpe onderneem het en geeneen wat ander redes vir 'n trek tussen stede aangevoer het nie, het ietwat meer as 'n derde van die plaasbewoners wat tussen plase hul laaste trek onderneem het, ander, en soms onbenullige, redes vir die laaste trek aangevoer. Dit is moontlik dat hierdie bevinding daaruit voortvloei dat plaasbewoners woon waar hulle werk en dat hulle, moontlik omdat hulle nie soos bykans driekwart van die dorps- en stadsbewoners in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes gewoon het (tabel 2.2) waar Kleurlinge hul eie huise kan aanskaf nie, minder gebonde was aan hul woonplek as die dorps- en stadsbewoners.

## 2.9 KEUSE VAN WOONPLEK

Vervolgens word daar gelet op die soort woonplek waar die proefpersone verkies het om te woon.

Tabel 2.8 toon die ondersoekgroep se keuse aan, en dié van mans en vroue onderskeidelik.

TABEL 2.8

KEUSE VAN WOONPLEK VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Keuse van woonplek | Geslag | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Stad | 288 | 42.5 | 414 | 50.3 | 702 | 46.8 |
| Dorp | 167 | 24.6 | 219 | 26.7 | 386 | 25.7 |
| Enige plek behalwe 'n stad of dorp | 223 | 32.9 | 189 | 23.0 | 412 | 27.4 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Onderskeidelik 46.8, 25.7 en 27.4 persent het verkies om in stede, in dorpe, of op enige plek buite 'n dorp of stad te woon.

Meer vroue as mans het die stad of dorp as woonplek verkies, terwyl meer mans as vroue verkies het om nie in 'n stad of dorp te woon nie.

Die keuse van woonplek van die onderskeie geslagte hou waarskynlik verband daarmee dat vroue meer as mans in stede en in dorpe aangetref is, terwyl mans meer as vroue op plase gewoon het (tabel 2.1).

Laastens word daar in tabel 2.9 aangetoon in watter mate die lede van die ondersoekgroep, en die stads-, dorps- en plaasbewoners onderskeidelik, met hul woonplekke tevrede was. Daar word ook gewys op watter soort woonplek die ontevredenes verkies het.

TABEL 2.9

KEUSE VAN WOONPLEK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Keuse van woonplek | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Tevrede met woonplek | 682 | 90.0 | 256 | 87.7 | 372 | 82.7 | 1,310 | 87.3 |
| Ontevrede, verkies 'n stad | - | - | 16 | 5.5 | 4 | 0.9 | 20 | 1.3 |
| Ontevrede, verkies 'n dorp | 56 | 7.4 | - | - | 74 | 16.4 | 130 | 8.7 |
| Ontevrede, verkies enige woonplek, behalwe 'n dorp of stad | 20 | 2.6 | 20 | 6.8 | - | - | 40 | 2.7 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Sewe-en-tagtig punt drie persent van die proefpersone was tevrede met die soort woonplek waar hulle aangetref is. Onderskeidelik 1.3, 8.7 en 2.7 persent was ontevrede en het verkies om in stede, in dorpe, of op enige plek behalwe in 'n dorp of stad te woon.

Verder blyk dit dat stadsbewoners, meer as dorps- en plaasbewoners, met hul woonplek tevrede was (90.0%). Hierna volg die dorpsbewoners (87.7%). Van die drie groepe het die plaasbewoners die grootste mate van ontevredenheid met hul woonplek openbaar (17.3%).

Meer ontevrede dorps- as plaasbewoners het 'n stad as woonplek verkies (onderskeidelik 5.5 en 0.9%). 'n Groter persentasie van die plaas- as van die stadsbewoners het verkies om in 'n dorp te woon (onderskeidelik 16.4 en 7.4%). Daar was meer dorps- as stadsbewoners wat verkies het om nie in 'n dorp of stad te woon nie (onderskeidelik 6.8 en 2.6%).

Die ontevrede stads-, dorps- en plaasbewoners se keuse van woonplek stem dus ooreen met die rigting waarin stads-, dorps- en plaasbewoners onderskeidelik sedert 60-jarige ouderdom getrek het (tabel 2.6).

HOOFSTUK 3

# OPVOEDKUNDIGE PEIL EN BEROEPSLEWE

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar eerstens verwys na die opvoedkundige peil van die bejaardes wat onder andere in noue verband met hul algemene sosio-ekonomiese posisie staan. Verder word die ondersoekgroep in die afdeling „Beroepstatus" in twee groepe ingedeel, naamlik die afgetredenes en die werkendes. In die daaropvolgende afdelings word meer gegewens oor die laasgenoemde twee groepe ontleed.

## 3.2 OPVOEDKUNDIGE PEIL

Die hoogste standerd wat die proefpersone op skool geslaag het, dien as aanduiding van die Kleurlingbejaardes se opvoedkundige peil.

### 3.2.1 Die hoogste standerd op skool geslaag volgens geslag

TABEL 3.1

OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Opvoedkundige peil | Geslag: Man G | Geslag: Man % | Geslag: Vrou G | Geslag: Vrou % | Totaal G | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Was nooit op skool nie | 418 | 61.7 | 435 | 52.9 | 853 | 56.9 |
| Was op skool, maar weet nie watter standerd geslaag nie | 12 | 1.8 | 26 | 3.2 | 38 | 2.5 |
| Was op skool, maar het nie 'n standerd geslaag nie | 14 | 2.1 | 15 | 1.8 | 29 | 1.9 |
| Subtotaal | 444 | 65.5 | 476 | 57.9 | 920 | 61.3 |
| Een of meer van die grade | 4 | 0.6 | 17 | 2.1 | 21 | 1.4 |
| St. 1 - 2 | 67 | 9.9 | 108 | 13.1 | 175 | 11.7 |
| St. 3 - 4 | 77 | 11.4 | 140 | 17.0 | 217 | 14.5 |
| St. 5 - 6 | 69 | 10.2 | 75 | 9.1 | 144 | 9.6 |
| St. 7 en hoër | 17 | 2.5 | 6 | 0.7 | 23 | 1.5 |
| Subtotaal | 234 | 34.5 | 346 | 42.1 | 580 | 38.7 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Een-en-sestig punt drie persent van die lede van die ondersoekgroep was nooit op skool nie, was op skool maar weet nie watter standerd hulle geslaag het nie, of was op skool maar het nie 'n skoolstanderd geslaag nie.

Hoewel meer mans as vroue nooit 'n skool bygewoon het nie (onderskeidelik 61.7 en 52.9%), het meer mans as vroue standerd sewe of 'n hoër standerd geslaag (onderskeidelik 2.5 en 0.7%).

Die lae opvoedkundige peil van die ondersoekgroep kom duideliker na vore as in ag geneem word dat 32.7 persent van die Blanke bejaardes wat in 'n ondersoek betrek is, ten minste standerd sewe geslaag het (10, bl. 54).

Die proefpersone se lae opvoedkundige peil en die feit dat so 'n groot persentasie van hulle nooit op skool was nie, kan onder andere waarskynlik daaraan toegeskryf word dat daar in die tyd toe hulle van skoolgaande ouderdom was, veel minder fasiliteite vir Kleurlingonderwys bestaan het as tans. In 1920 was daar byvoorbeeld slegs 440 staats- en staatsondersteunde skole vir Kleurlinge in die Republiek, terwyl die getal sodanige skole in 1962 op 1,679 te staan gekom het (11, bl. 81). Vanweë die destydse yl verspreiding van skole oor 'n uitgestrekte gebied, het afstand vanaf die ouerhuis na die naaste skool, veral in die geval van diegene wat op plase gewoon het, sekerlik ook 'n rol gespeel.

Waarskynlik was die Kleurling vroeër ook minder gemotiveerd as tans om so ver as moontlik op skool te vorder. Dit val dan ook op dat 50.0 persent van die Kleurlingkinders wat in 1922 in die Transvaal op skool was, nog in die substanderds was, terwyl slegs 5.0 persent van hulle verder as standerd vier gevorder het (4, bl. 143).

### 3.2.2 Die hoogste standerd op skool geslaag volgens ouderdom

Vervolgens word die mate waarin die lede van die onderskeie ouderdomsgroepe skoolopleiding ontvang het en die hoogste standerd wat hulle op skool geslaag het, in tabel 3.2 aangetoon.

TABEL 3.2

OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Opvoedkundige peil | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Was nooit op skool nie | 487 | 53.0 | 250 | 59.8 | 116 | 71.1 | 853 | 56.9 |
| Was op skool maar weet nie watter standerd geslaag nie, of het nie 'n standerd geslaag nie | 31 | 3.4 | 22 | 5.3 | 14 | 8.6 | 67 | 4.4 |
| Subtotaal | 518 | 56.4 | 272 | 65.1 | 130 | 79.7 | 920 | 61.3 |
| Het tot st. 6 geslaag | 383 | 41.7 | 143 | 34.2 | 31 | 19.0 | 557 | 37.2 |
| St. 7 en hoër | 18 | 1.9 | 3 | 0.7 | 2 | 1.2 | 23 | 1.5 |
| Subtotaal | 401 | 43.6 | 146 | 34.9 | 33 | 20.2 | 580 | 38.7 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Persone in die ouderdomsgroep 60 tot 69 jaar het nie alleen in groter getalle as die ouer proefpersone die skool bygewoon nie, maar het ook verder op skool gevorder.

### 3.2.3 Die hoogste standerd op skool geslaag volgens woonplek

Die opvoedkundige peil van die ondersoekgroep word voorts volgens woonplek ingedeel.

Veel meer plaasbewoners as dorps- en stadsbewoners was nooit op skool nie (onderskeidelik 85.6, 58.2 en 39.3%). Nie alleen het meer stedelinge as die dorpsbewoners, en veral meer as die plaasbewoners, skoolopleiding ontvang nie, maar het stedelinge ook verder op skool gevorder. Onderskeidelik 2.2 en 2.1 persent van die stads- en dorpsbewoners het verder as standerd ses gevorder, terwyl geeneen van die plaasbewoners minstens standerd sewe geslaag het nie.

Die agterstand wat die plaasbewoners met betrekking tot opvoedkundige peil openbaar, is blykbaar in die eerste plek te wyte aan die groter afstand tussen die ouerhuis en die naaste skool wat die destydse yl verspreiding van skole, veral op die platteland, meegebring het. Daar was

tweedens op die plase ook nie 'n behoefte aan „geleerde" Kleurlinge nie. Derdens is dit waarskynlik dat die stadwaartse trek waarna in hoofstuk 2 verwys is, 'n selektiewe proses was en dat dit veral die landelike Kleurlinge met betreklik hoë opvoedkundige kwalifikasies was wat na dorpe en stede verhuis het waar hulle werk kon vind wat meer in ooreenstemming met hulle kwalifikasies was.

TABEL 3.3

OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Opvoedkundige peil | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Was nooit op skool nie | 298 | 39.3 | 170 | 58.2 | 385 | 85.6 | 853 | 56.9 |
| Was op skool maar weet nie watter standerd geslaag nie, of het nie 'n standerd geslaag nie | 39 | 5.1 | 12 | 4.1 | 16 | 3.6 | 67 | 4.4 |
| Subtotaal | 337 | 44.4 | 182 | 62.3 | 401 | 89.2 | 920 | 61.3 |
| Het tot st. 6 geslaag | 404 | 53.3 | 104 | 35.6 | 49 | 10.9 | 557 | 37.2 |
| St. 7 en hoër | 17 | 2.2 | 6 | 2.1 | - | - | 23 | 1.5 |
| Subtotaal | 421 | 55.5 | 110 | 37.7 | 49 | 10.9 | 580 | 38.7 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

## 3.3 BEROEPSTATUS

### 3.3.1 Mans

In die onderstaande tabel word daar verwys na mans wat reeds afgetree het en mans wat nog nie afgetree het nie. Dit was soms moeilik om te bepaal wanneer 'n man 'n afgetredene was en wanneer nie.

Waar die man volgens sy diensvoorwaardes op 'n gesette ouderdom uit sy beroep moes tree, is geen probleem ondervind nie en is hy as 'n afgetredene geklassifiseer. So ook in gevalle waar die persoon, op grond van sy ouderdom of kwynende liggaamskragte, self sy werk bedank het met die voorneme om op sy oudag te gaan rus. Selfs waar bogenoemde persone weer na hul aftrede begin werk het, is hulle nogtans as afgetredenes ingedeel. Gevalle is egter ook teëgekom waar die bejaarde vanweë sy ouderdom of gesondheidstoestand deur sy werkgewer ontslaan is. In hierdie gevalle is die persoon slegs as 'n afgetredene beskou as hy na sy afdanking, homself as 'n afgetredene beskou het. Indien hy hom nie kon versoen met die gedagte dat hy „afgetree" het nie en na 'n betrekking gesoek het, is hy as 'n werklose geklassifiseer.

Sewe-en-sestig punt vier persent van die mans was afgetredenes wat nie beroepsarbeid verrig het nie. Onderskeidelik 3.1 en 0.6 persent het wel afgetree, maar het weer begin werk of het werk gesoek, terwyl 28.9 persent nog nie afgetree het nie en, behalwe vir een werklose[1], nog beroepsarbeid verrig het.

Dit is duidelik dat die persentasie afgetrede mans met stygende ouderdom toeneem. Teenoor die 56.0 persent van die mans wat nog nie 70 jaar oud was nie en reeds afgetree het, het onderskeidelik 92.3 en 92.0 persent van diegene tussen 70 en 79 jaar, en 80 jaar en ouer, reeds afgetree.

Dit mag enigsins vreemd voorkom dat daar mans in die hoogste ouderdomsgroep is wat nog nie afgetree het nie. Gewoonlik is hierdie persone by simpatieke werkgewers in diens wat hulle slegs met minder veeleisende take belas, soos duidelik uit die geskiedenis van die onder-

[1] 'n Werklose is 'n persoon wat nie werk nie, wat kan en wil werk, en wat aktief na werk soek.

staande geval blyk.

TABEL 3.4

HUIDIGE BEROEPSTATUS VAN MANS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Huidige beroepstatus | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Afgetree, werk nie meer nie | 210 | 53.2 | 169 | 86.2 | 78 | 89.7 | 457 | 67.4 |
| Afgetree, werk weer | 7 | 2.0 | 11 | 5.6 | 2 | 2.3 | 20 | 3.1 |
| Afgetree, soek werk | 3 | 0.8 | 1 | 0.5 | - | - | 4 | 0.6 |
| Nie afgetree nie, werk nog | 174 | 43.8 | 15 | 7.7 | 7 | 8.0 | 196 | 28.8 |
| Nie afgetree nie, soek werk | 1 | 0.3 | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 395 | 100.0 | 196 | 100.0 | 87 | 100.0 | 678 | 100.0 |

GEVAL 3.1

Mnr. A. is op 'n Oos-Kaaplandse plaas aangetref. Hy was 88 jaar oud en nog heeltemal gesond.

Tydens die ondersoek was hy al 30 jaar lank op dieselfde plaas werksaam. Hy was dus reeds 'n betreklike ou man toe hy daar aangekom het. Met sy aankoms op die plaas was hy egter nog baie sterk vir sy jare en het hy saam met die ander plaasarbeiders die gewone plaaswerk verrig.

Namate hy ouer geword het, het sy werkgewer algaande minder veeleisende take aan hom opgedra.

Mnr. A. was slegs verantwoordelik vir die versorging van 'n paar merino-stoetramme. Hy moes toesien dat hulle gereeld voer en vars water kry. Volgens sy werkgewer was hy baie trots daarop dat die versorging van die ramme, wat baie duur is, aan hom toevertrou is. Hy het hulle nie slegs voer en water gegee nie, maar het heeldag by hulle vertoef en soms selfs snags gaan seker maak of alles by hulle nog in orde was.

Die eienaar het verklaar dat 'n kind die ramme sekerlik net so goed as mnr. A. sou kon versorg het, maar dat hy die taak aan hom opgedra het om te verseker dat hy nie nutteloos voel en van andere afhanklik word nie.

Mnr. A. het net soveel as die ander plaasarbeiders verdien. Sy werk het by sy vermoë aangepas en sy loon was in werklikheid 'n vorm van pensioen. Die bejaarde was baie trots daarop dat hy, ten spyte van sy hoë ouderdom, nog kon „werk" en in sy behoeftes kon voorsien.

TABEL 3.5

HUIDIGE BEROEPSTATUS VAN MANS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Huidige beroepstatus | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Afgetree, werk nie meer nie | 221 | 72.0 | 100 | 81.3 | 137 | 55.2 | 457 | 67.4 |
| Afgetree, werk weer | 3 | 1.0 | 4 | 3.3 | 12 | 4.8 | 20 | 3.1 |
| Afgetree, soek werk | 1 | 0.3 | 1 | 0.8 | 2 | 0.8 | 4 | 0.6 |
| Nie afgetree nie, werk nog | 81 | 26.4 | 18 | 14.6 | 97 | 39.1 | 196 | 28.8 |
| Nie afgetree nie, soek werk | 1 | 0.3 | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 307 | 100.0 | 123 | 100.0 | 248 | 100.0 | 678 | 100.0 |

Volgens tabel 3.5 het meer plaas- as stads- en dorpsbewoners nog sonder onderbreking gewerk (onderskeidelik 39.1, 26.4 en 14.6%). Bejaardes wat na hul aftrede weer 'n betrekking bekom het, is ook meer op die plase aangetref.

In die dorpe is meer afgetredenes as in die stede en veral meer as op die plase aangetref (onderskeidelik 81.3, 72.0 en 55.2%).

Die feit dat soveel meer van die plaasbewoners as van die dorps- en stadsbewoners nog gewerk het, kan aan verskeie faktore toegeskryf word.

Eerstens is dit moontlik dat die jonger Kleurlinge met hul hoër opvoedkundige peil minder geneë is om in die landbou 'n heenkome te vind. Sommige landelike werkgewers is dus verplig om bejaardes in diens te hou omdat hulle moeilik deur jonger en meer lewenskragtige werkers vervang kan word.

Hierbenewens is daar dikwels op plase 'n meer persoonlike verhouding tussen die werkgewer en sy werknemer as wat in die dorpe en stede moontlik is, en gebeur dit dikwels dat die landelike werkgewer nie sy weg vry sien om 'n getroue werknemer wat reeds lank in sy diens is, te ontslaan nie. Veral waar die boer verskeie werknemers in sy diens het, is dit vir hom moontlik om sake so te reël dat die bejaarde werknemer met die minder veeleisende take - soos in die geval van mnr. A. - belas kan word.

In die beroepe wat in stede en in dorpe beoefen word, is daar ook meer sprake van 'n aftree-ouderdom. Vanweë die groter mededinging op die arbeidsmark, sal 'n bejaarde werker in 'n dorp en in 'n stad dit ook veel moeiliker vind om sy betrekking te behou of om, nadat hy reeds afgetree het, weer 'n betrekking te bekom.

Dit het onder andere uit tabel 3.4 geblyk dat 462 mans nie beroepsarbeid verrig het nie. Hierdie mans is versoek om aan te dui waarom hulle nie gewerk het nie.

TABEL 3.6

DIE REDE WAAROM SOMMIGE MANS NIE WERK NIE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Die rede waarom sommige mans nie werk nie | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Is finansieel onafhanklik | 2 | 0.9 | 1 | 1.0 | - | - | 3 | 0.6 |
| Wil werk, maar kan glad nie werk kry nie | 9 | 4.1 | 6 | 5.9 | 5 | 3.6 | 20 | 4.3 |
| Wil werk maar kan nie geskikte werk kry nie | 5 | 2.3 | 5 | 5.0 | 5 | 3.6 | 15 | 3.2 |
| Kan vanweë ouderdom of gesondheidstoestand nie werk nie | 206 | 92.8 | 89 | 88.1 | 129 | 92.8 | 424 | 91.8 |
| TOTAAL | 222 | 100.0 | 101 | 100.0 | 139 | 100.0 | 462 | 100.0 |

Die oorgrote meerderheid van die betrokke mans kon vanweë hul ouderdom of gesondheidstoestand nie werk nie (91.8%). Slegs 0.6 persent het nie nodig gehad om te werk nie. Onderskeidelik 4.3 en 3.2 persent wou graag werk, maar kon glad nie werk kry nie, of kon nie 'n geskikte betrekking bekom nie.

Minder dorpsbewoners as stads- en plaasbewoners kon nie meer werk nie, maar meer van hulle wou werk en kon glad nie werk kry nie, of kon nie 'n geskikte betrekking bekom nie.

### 3.3.2 Vroue

Verskeie ondersoekers, onder andere S. Pauw (12, Bylae I, bl. 9), D. van Zijl

(13, bl. 112) en W.L. Steenkamp (14, bl. 22) het gevind dat 'n groot persentasie Kleurlingvroue buitenshuise loonarbeid verrig. Tabel 3.7 toon die mate waarin die vroue in die ondersoekgroep buitenshuise loonarbeid verrig het.

TABEL 3.7

DIE MATE WAARIN VROUE BUITENSHUISE LOONARBEID VERRIG HET

| Die mate waarin vroue buitenshuise loonarbeid verrig het | G | % |
|---|---|---|
| Het nooit buitenshuise loonarbeid verrig nie | 100 | 12.2 |
| Het buitenshuise loonarbeid verrig maar het „afgetree" | 660 | 80.3 |
| Het nog buitenshuise loonarbeid verrig | 62 | 7.5 |
| TOTAAL | 822 | 100.0 |

Slegs 12.2 persent van die vroue het nooit buitenshuis gewerk nie. Onderskeidelik 80.3 en 7.5 persent het buitenshuis loonarbeid verrig maar het „afgetree", of het tydens die ondersoek nog sodanige arbeid verrig.

Vervolgens word gelet op die mate waarin die vroue deur die gedeeltelike of algehele neerlegging van hul huishoudelike pligte „afgetree" het.

TABEL 3.8

DIE MATE WAARIN VROUE HUL HUISHOUDELIKE PLIGTE NEERGELÊ HET

| Die mate waarin vroue hul huishoudelike pligte neergelê het | G | % |
|---|---|---|
| Het nog nie huishoudelike pligte neergelê nie | 395 | 48.0 |
| Het huishoudelike pligte deels neergelê | 280 | 34.1 |
| Het huishoudelike pligte geheel en al neergelê | 147 | 17.9 |
| TOTAAL | 822 | 100.0 |

Volgens tabel 3.8 het 48.0 persent van die vroue hul huishoudelike pligte nog self nagekom en het onderskeidelik 34.1 en 17.9 persent dit gedeeltelik of geheel en al neergelê.

Onderskeidelik 69.7, 17.4 en 12.9 persent van die bejaarde Blanke vroue wat in 'n ondersoek betrek is, was nog ten volle vir hul huishoudelike pligte verantwoordelik, gedeeltelik daarvoor verantwoordelik, of kon dit nie meer behartig nie (10, bl. 58).

Die opvallende verskil wat in hierdie verband tussen die bejaarde Blanke en Kleurlingvroue bestaan, moet eerstens daaraan toegeskryf word dat Blankes dikwels bediendes in diens neem om met die huishoudelike pligte behulpsaam te wees. Tweedens is dit ook moontlik dat die Blankes met hul hoër lewenspeil, meer as die Kleurlinge oor huishoudelike hulpmiddels, byvoorbeeld 'n elektriese poleerder of wasmasjien, beskik. Derdens is Kleurlinggesinne ook gemiddeld groter as Blanke gesinne (4, bl. 67), wat meebring dat die bejaarde Kleurlingvrou meer dikwels as die bejaarde Blanke vrou in die posisie is om van haar huishoudelike pligte aan inwonende kinders oor te dra.

## 3.4 DIE AFGETREDENES

### 3.4.1 Aftree-ouderdom

In die voorgaande afdeling is daar reeds na die afgetrede mans en vroue verwys. Dit het geblyk dat 461 van die mans (68.0%) afgetredenes was wat nie tydens die ondersoek gewerk

het nie, dat die persentasie afgetrede mans met stygende ouderdom toeneem (tabel 3.4), en dat afgetrede mans meer in dorpe as in stede en op plase gewoon het (tabel 3.5). Een-en-negentig punt agt persent van die mans wat nie gewerk het nie, kon vanweë hul ouderdom of gesondheidstoestand nie meer werk nie en hierdie persone het, relatief gesproke, ewe veel in stede en op plase, maar minder in dorpe gewoon (tabel 3.6).

In hierdie afdeling word nou gelet op die ouderdom waarop die mans onderskeidelik gedeeltelik[1)] en geheel en al afgetree het. In afdeling 3.3.1 is reeds verduidelik op watter stadium 'n man as 'n afgetredene beskou is.

TABEL 3.9

OUDERDOM WAAROP DIE MANS AFGETREE HET

| Ouderdom waarop mans afgetree het | Aftrede | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Gedeeltelik | | Geheel en al | |
| | G | % | G | % |
| Jonger as 60 j. | 195 | 37.4 | 73 | 15.8 |
| 60 - 64 j. | 183 | 35.1 | 184 | 39.9 |
| Subtotaal | 378 | 72.5 | 257 | 55.7 |
| 65 - 69 j. | 109 | 20.9 | 150 | 32.7 |
| 70 - 74 j. | 27 | 5.2 | 38 | 8.2 |
| 75 j. en ouer | 7 | 1.3 | 16 | 3.5 |
| Subtotaal | 143 | 27.4 | 204 | 44.4 |
| TOTAAL | 521 | 100.0 | 461 | 100.0 |

Van die mans wat gedeeltelik afgetree het, het die meeste ook reeds geheel en al afgetree.

Onderskeidelik 72.5 en 27.4 persent van diegene wat gedeeltelik afgetree het, het daartoe oorgegaan voordat en nadat hulle 65 jaar oud was. Van diegene wat geheel en al afgetree het, het 55.7 persent afgetree voordat hulle 65 jaar oud geword het, en 44.4 persent daarna.

Die feit dat soveel mans hul algehele aftrede uitgestel het tot nadat hulle 65 jaar oud geword het (44.4%) - die ouderdom waarop hulle vir 'n ouderdomspensioen in aanmerking kan kom (8, bl. 48) - hou moontlik verband daarmee dat hulle nie wou aftree alvorens hulle van 'n gereelde kontantinkomste verseker was nie.

P. Townsend verklaar dat „... retirement is a tragic event for many men, which has great repercussions on most aspects of their lives, not least in their individual happiness and their security in home and family ..." (15, bl. 137). Hy wys daarop dat aftrede of die aanvaarding van 'n mindere betrekking („accepting of a lowerstatus job") eerstens vir die mans in sy ondersoekgroep meegebring het dat hul inkomste verminder het (15, bl. 140) en tweedens dat „... the man's position in the home and family became less secure. While the mother was continually renewing her bonds with her children ... the father relied mainly on his traditional authority in the home, derived largely from his role as breadwinner ..." (15, bl. 141).

1) Wanneer 'n persoon minder inspannende werk aanvaar het, of wanneer 'n werkgewer werk wat meer in ooreenstemming met sy kwynende liggaamskragte is, aan hom opgedra het. Dit was soms moeilik om die presiese ouderdom waarop hierdie gedeeltelike aftrede plaasgevind het, te bepaal aangesien daar dikwels nie 'n skielike oorgang na dié stadium was nie en dit eerder 'n proses was wat oor 'n lang tydperk gestrek het.

In die geval van die vroue kan daar beswaarlik van 'n „aftree-ouderdom" gepraat word. Alhoewel die oorgrote meerderheid vroue loonarbeid verrig het (tabel 3.7), het baie slegs tydelik sodanige arbeid verrig totdat hulle hul aandag voltyds aan hul huishoudings moes skenk. Ander het slegs periodiek loonarbeid verrig. Die vroue het gewoonlik ook, nadat hulle finaal besluit het om nie langer loonarbeid te verrig nie, nog hul hoofrol, naamlik dié van huisvrou, gehad om te vervul. Gevolglik word in die geval van die vroue, met betrekking tot die aftree-ouderdom, verwys na die ouderdom waarop hulle vir die laaste keer buitenshuise loonarbeid verrig het, en die ouderdom waarop hulle hul huishoudelike pligte aan andere oorgedra het.

TABEL 3.10

OUDERDOM WAAROP VROUE VIR DIE LAASTE KEER BUITENSHUISE LOONARBEID VERRIG HET

| Ouderdom | Vroue | |
|---|---|---|
| | G | % |
| Jonger as 40 j. | 126 | 19.1 |
| 40 - 49 j. | 120 | 18.2 |
| 50-59 j. | 198 | 30.0 |
| 60 j. en ouer | 216 | 32.7 |
| TOTAAL | 660 | 100.0 |

Uit tabel 3.7 het geblyk dat 87.8 persent van die vroue buitenshuise loonarbeid verrig het, en dat 80.3 persent tydens die ondersoek nie meer sodanige werk verrig het nie. Volgens tabel 3.10 het 19.1 persent van dié vroue vir die laaste keer buitenshuise loonarbeid verrig voordat hulle 40 jaar oud geword het, terwyl 32.7 persent nadat hulle reeds 60 jaar oud was, nog buitenshuise loonarbeid verrig het.

Reeds is daarop gewys dat baie vroue slegs tydelik loonarbeid verrig het en dat andere sodanige arbeid periodiek permanent verrig het. Dit het dan ook gebeur dat baie van die vroue wat na hul sestigste jaar nog buitenshuise loonarbeid verrig het, slegs vir kort tydperke ekonomies aktief was. Vroue kan reeds vanaf sestigjarige ouderdom vir 'n ouderdomspensioen in aanmerking kom (8, bl. 48).

As die gegewens in tabelle 3.9 en 3.10 vergelyk word, blyk dit dat meer mans as vroue tot op 'n betreklik hoë ouderdom beroepsarbeid verrig het. Die feit dat die vrou op 'n vroeër leeftyd as die man vir 'n ouderdomspensioen in aanmerking kom (60 jaar teenoor 65 jaar in die geval van die man), dat die rol van die broodwinner in die lewe van die vrou gewoonlik sekondêr is, dat die staking van loonarbeid nie vir die vrou dieselfde statusverlies as vir die man inhou nie en dat die vraag na bejaarde manlike werkers waarskynlik groter is as na bejaarde vroulike werkers, bied voldoende verklaring vir die verskil in die „aftree-ouderdom" van die mans en vroue. Hierbenewens bestaan daar sekere redes vir aftrede wat slegs in die geval van vroue geld, byvoorbeeld om kinders te versorg en om die gewone huishoudelike pligte waar te neem.

Tabel 3.11 toon op watter ouderdom vroue hul huishoudelike pligte gedeeltelik en geheel en al aan andere oorgedra het.

Ietwat meer as die helfte van die vroue wat hul huishoudelike pligte gedeeltelik neergelê het, het dit ook reeds geheel en al aan andere oorgedra.

Onderskeidelik 26.5 en 73.5 persent van die vroue wat hul huishoudelike pligte gedeeltelik neergelê het, het daartoe oorgegaan voordat en nadat hulle 60 jaar oud geword het. Van diegene wat hul huishoudelike pligte geheel en al aan ander oorgedra het, het 88.5 persent hul huishoudelike pligte alleen behartig of ten minste nog 'n aandeel daaraan gehad totdat hulle 60 jaar oud geword het.

TABEL 3.11

OUDERDOM WAAROP VROUE HUL HUISHOUDELIKE PLIGTE NEERGELÊ HET

| Ouderdom | Gedeeltelik | | Geheel en al | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Jonger as 50 j. | 5 | 1.9 | 4 | 2.7 |
| 50 - 59 j. | 69 | 24.9 | 13 | 8.8 |
| 60 - 69 j. | 166 | 59.3 | 86 | 58.5 |
| 70 j. en ouer | 40 | 14.2 | 44 | 30.0 |
| TOTAAL | 280 | 100.0 | 147 | 100.0 |

3.4.2 Die rede vir aftrede

In hierdie afdeling word gelet op die redes wat die 481 afgetrede mans vir hul aftrede aangevoer het. (Die 20 mans wat afgetree en daarna weer begin werk het - vergelyk tabel 3.4 - is ingesluit.)

Daar word ook gelet op die redes waarom die 660 vroue wat opgehou het om buitenshuise loonarbeid te verrig (tabel 3.7), sodanige loonarbeid gestaak het.

TABEL 3.12

REDE VIR AFTREDE VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Die rede vir aftrede | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Aftree-ouderdom bereik | 49 | 10.2 | 16 | 2.4 | 65 | 5.7 |
| Afgedank op grond van ouderdom of gesondheidstoestand | 93 | 19.3 | 61 | 9.2 | 154 | 13.5 |
| Vrywillig afgetree op grond van ouderdom of gesondheidstoestand | 324 | 67.2 | 411 | 62.3 | 735 | 64.4 |
| Kinders het daarop aangedring | - | - | 8 | 1.2 | 8 | 0.7 |
| Om huishoudelike pligte na te kom | - | - | 143 | 21.7 | 143 | 12.5 |
| Ander redes | 15 | 3.3 | 21 | 3.3 | 36 | 3.2 |
| TOTAAL | 481 | 100.0 | 660 | 100.0 | 1,141 | 100.0 |

Volgens tabel 3.12 het verreweg die meeste mans op grond van hul ouderdom of gesondheidstoestand vrywillig afgetree (67.2%), terwyl slegs 19.3 persent om dié rede deur hul werkgewers afgedank is. Tien punt twee persent van die mans wat afgetree het, het die aftree-ouderdom bereik en 3.3 persent het om ander redes afgetree.

Wat betref die vroue blyk dit dat bykans twee derdes vanweë hul ouderdom of gesondheidstoestand hul loonarbeid vrywillig gestaak het, terwyl minder as 10 persent om dié rede deur hul werkgewers afgedank is. Slegs 2.4 persent het buitenshuise loonarbeid verrig totdat hulle die aftree-ouderdom bereik het. Meer as 'n vyfde van die vroue het hul buitenshuise loonarbeid gestaak ten einde hul huishoudelike pligte te kan nakom. 'n Geringe persentasie het op aandrang van hul kinders of familielede opgehou om buitenshuise loonarbeid te verrig (1.2%).

Tydens die ondersoek na die lewensomstandighede van Blanke bejaardes het 1,083 afgetrede persone 'n rede vir hul aftrede verstrek. Uit die verslag blyk dat onderskeidelik 46.6 en 32.2 persent van dié persone om gesondheidsredes of klimaatstoestande afgetree het, of omdat hulle 'n aftree-ouderdom bereik het (10, bl. 63).

Die feit dat soveel meer proefpersone in die huidige ondersoekgroep hul ouderdom of gesondheidstoestand as rede vir hul aftrede aangevoer het (77.9%), hou verband met die verskil in

die soort arbeid wat die Blanke en Kleurlingbejaardes voor hul aftrede verrig het. Soos uit afdeling 3.4.3 sal blyk, het die meerderheid van die Kleurlingbejaardes wat loonarbeid verrig het, voor hul aftrede ongeskoolde arbeid verrig wat fisiese inspanning verg. Hierteenoor het 'n groot persentasie van die Blanke bejaardes voor hul aftrede arbeid verrig waarin 'n afname in liggaamskragte as sodanig, nie 'n ernstige struikelblok in die beroepsituasie behoort te wees nie (10, bl. 60).

Die veel groter persentasie Blanke bejaardes wat 'n vasgestelde aftree-ouderdom bereik het (32.2% teenoor 5.7% van die Kleurlingbejaardes), hou ook verband met die soort werk wat die Blanke en Kleurlingbejaardes onderskeidelik voor hul aftrede verrig het.

3.4.3 Soort arbeid voor aftrede verrig

Tabel 3.13 toon watter soorte arbeid die afgetrede mans voor hul aftrede verrig het, asook watter soorte arbeid die vroue wat buitenshuise loonarbeid verrig het, voor hul uittrede uit die arbeidsmag verrig het.

TABEL 3.13

SOORT ARBEID VOOR AFTREDE VERRIG VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Soort arbeid voor aftrede verrig | Geslag | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Eienaar van privaatbesigheid | 24 | 5.0 | 4 | 0.6 | 28 | 2.5 |
| Professionele werker | 3 | 0.6 | 5 | 0.8 | 8 | 0.7 |
| Semi-professionele werker | 9 | 1.9 | 2 | 0.3 | 11 | 1.0 |
| Vakman | 9 | 1.9 | 1 | 0.2 | 10 | 0.9 |
| Halfgeskoolde werker | 58 | 12.0 | 18 | 2.7 | 76 | 6.7 |
| Vervoerwerker | 17 | 3.5 | - | - | 17 | 1.5 |
| Veiligheidsdienswerker | 5 | 1.0 | 1 | 0.2 | 6 | 0.5 |
| Persoonlike dienswerker | 18 | 3.9 | 554 | 83.9 | 572 | 50.1 |
| Arbeider | 187 | 38.8 | 41 | 6.2 | 228 | 20.0 |
| Plaasarbeider | 151 | 31.3 | 34 | 5.2 | 185 | 16.2 |
| TOTAAL | 481 | 100.0 | 660 | 100.0 | 1,141 | 100.0 |

Van die afgetredenes was 86.3 persent voor hul aftrede persoonlike dienswerkers, gewone arbeiders of plaasarbeiders. Die vroue oorweeg slegs in twee kategorieë, naamlik in die persoonlike dienste en in die professionele beroepe[1].

Die beroepspatroon van die bejaardes was dus tipies dié van 'n groep met lae onderwyskwalifikasies en die oorweldigende meerderheid het werk verrig wat fisiese inspanning vereis.

3.5 DIE WERKERS

In afdeling 3.3.1 is daarop gewys dat 216 mans (31.9%) tydens die ondersoek nog gewerk het en dat 5 mans (0.7%) werkloos was. Verder het dit uit afdeling 3.3.2 geblyk dat 62 vroue (7.5%) nog buitenshuise loonarbeid verrrig het.

In hierdie afdeling word nou eerstens aangetoon watter beroepe die proefpersone tydens die ondersoek beoefen het.

Tweedens word aangedui hoeveel van die proefpersone voltydse en deeltydse werkers of stuk- en seisoenwerkers was. Laastens word aangedui hoe lank die werkers se werkweek in ure was.

[1] Byvoorbeeld predikante en onderwysers.

3.5.1 Beroep

Tabel 3.14 toon watter beroepe die mans en vroue onderskeidelik beoefen het.

TABEL 3.14

BEROEP VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Beroep | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Huisvrou | - | - | 613 | 90.8 | 613 | 68.4 |
| Eienaar van privaatbesigheid | 14 | 6.3 | 1 | 0.1 | 15 | 1.7 |
| Professionele werker | 1 | 0.4 | 1 | 0.1 | 2 | 0.2 |
| Semi-professionele werker | 2 | 0.9 | - | - | 2 | 0.2 |
| Vakman | 3 | 1.4 | - | - | 3 | 0.3 |
| Halfgeskoolde werker | 14 | 6.3 | 1 | 0.1 | 15 | 1.7 |
| Vervoerwerker | 6 | 2.7 | - | - | 6 | 0.7 |
| Veiligheidsdienswerker | 8 | 3.6 | - | - | 8 | 0.9 |
| Persoonlike dienswerker | 9 | 4.1 | 41 | 6.1 | 50 | 5.6 |
| Arbeider | 59 | 26.7 | 4 | 0.6 | 63 | 7.0 |
| Plaasarbeider | 100 | 45.2 | 14 | 2.1 | 114 | 12.7 |
| Werkloos | 5 | 2.3 | - | - | 5 | 0.6 |
| TOTAAL | 221 | 100.0 | 675 | 100.0 | 896* | 100.0 |

* 604 proefpersone - 457 afgetrede mans wat nie meer gewerk het nie (tabel 3.4) en 147 vroue wat hul huishoudelike pligte geheel en al oorgedra het (tabel 3.8) - is uitgesluit.

Volgens tabel 3.14 was 25.3 persent van diegene wat tydens die ondersoek nog beroepe beoefen het, persoonlike dienswerkers, gewone arbeiders of plaasarbeiders.

Die vroue was hoofsaaklik huisvroue (90.8%) en bykans driekwart van die mans was gewone arbeiders of plaasarbeiders.

Die beroepe wat proefpersone tydens die ondersoek beoefen het, was dus, net soos die beroepe wat die afgetredenes voor hul aftrede beoefen het, hoofsaaklik die soorte beroepe wat fisiese inspanning verg, en waarvoor 'n hoë opvoedkundige peil nie 'n vereiste is nie.

3.5.2 Soort werker

Vervolgens word daar in hierdie afdeling en in die volgende, slegs gelet op die 278 persone (216 mans en 62 vroue) wat tydens die ondersoek nog loonarbeid verrig het.

Tabel 3.15 toon hoeveel persone voltydse [1] en deeltydse[2] werk gedoen het, en hoeveel stukwerk[3] of slegs seisoenwerk[4] gedoen het.

[1] Voltydse werker: 'n Persoon wat ongeag die seisoene, dwarsdeur die jaar werk van 'n permanente aard verrig.

[2] Deeltydse werker: 'n Persoon wat nie ten volle geëmplojeerd is nie, wat „korttyd" werk of minder as die normale getal ure per week werk, of wat verkies of verplig is om vir 'n deel van die jaar om die een of ander rede nie te werk nie.

[3] Stukwerker: 'n Persoon wat 'n kontrakteur op klein skaal is. Hy onderneem 'n bepaalde stuk werk teen 'n bepaalde vergoeding en ontvang sy vergoeding gewoonlik na voltooiing daarvan.

[4] Seisoenwerker: 'n Persoon wat gewoonlik nie dwarsdeur die jaar werk nie, maar slegs gedurende bepaalde seisoene loonarbeid verrig.

TABEL 3.15

SOORT WERKER VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Soort werker | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Voltydse werker | 183 | 84.7 | 37 | 59.7 | 220 | 79.1 |
| Deeltydse werker | 19 | 8.8 | 9 | 14.5 | 28 | 10.1 |
| Stukwerker | 12 | 5.6 | 12 | 19.4 | 24 | 8.6 |
| Seisoenwerker | 2 | 0.9 | 4 | 6.5 | 6 | 2.2 |
| TOTAAL | 216 | 100.0 | 62 | 100.0 | 278 | 100.0 |

Onderskeidelik 79.1 en 10.1 persent van die werkers was voltyds of deeltyds in diens. Agt punt ses persent was stukwerkers en 2.2 persent seisoenwerkers.

Meer mans as vroue was voltydse werkers (onderskeidelik 84.7 en 59.7%), terwyl meer vroue as mans deeltyds gewerk het, stukwerk gedoen het, of slegs gedurende bepaalde seisoene loonarbeid verrig het.

3.5.3 Die lengte van die werkweek

Laastens word daar gelet op die getal ure wat die werkers gedurende die week wat die onderhoud voorafgegaan het, gewerk het.

TABEL 3.16

GETAL URE PER WEEK GEWERK VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Getal ure gewerk | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Werk, maar het nie die betrokke week gewerk nie | 7 | 3.2 | 4 | 6.5 | 11 | 3.9 |
| Minder as 40 uur | 30 | 13.9 | 25 | 40.3 | 55 | 19.9 |
| 40 tot 59 uur | 89 | 41.2 | 21 | 33.9 | 110 | 39.6 |
| 60 uur en langer | 90 | 41.7 | 12 | 19.4 | 102 | 36.7 |
| TOTAAL | 216 | 100.0 | 62 | 100.0 | 278 | 100.0 |

Teenoor 3.9 persent van die werkers wat nie in die betrokke week gewerk het nie (hulle was siek of met verlof), het 19.9 persent minder as 40 uur, 39.6 persent 40 tot 59 uur en 36.7 persent 60 uur of langer gewerk. Die werkweek van die mans is aansienlik langer as dié van die vroue.

Die meeste mans wat minstens 60 uur gewerk het, was landbouwerkers. Baie van hierdie werkers het egter - soos in die geval van mnr. A wat vroeër in hierdie hoofstuk bespreek is - slegs ligte werk gedoen.

Die vroue se korter werkweek hou waarskynlik daarmee verband dat meer vroue as mans deeltyds gewerk het of stukwerk gedoen het (tabel 3.17).

# HOOFSTUK 4

## HUWELIKSTAAT EN GESINSAANGELEENTHEDE

## 4.1 INLEIDING

Die gesin is 'n primêre groep wat gekenmerk word deur intiem-persoonlike verhoudings en is in die reël 'n stabiele eenheid. Dit is gevolglik vanselfsprekend dat die persoonlike geluk en welsyn van die individuele lid grootliks bepaal sal word deur faktore in sy gesinslewe. Die bejaarde openbaar dan ook, veral vanweë die afhanklikheid wat 'n hoë ouderdom meebring, 'n besondere behoefte aan die sekuriteit wat 'n gesonde gesinslewe bied. „In addition to the economic security which older people need, there is a need for security within the family circle. The person must feel that he is secure as an individual member of the family group and that he is secure in having a place to live" (16, bl. 314-315).

Daar word nou oorgegaan tot die bespreking van die gesinslewe van die Kleurlingbejaardes en van faktore in hul gesinslewe wat hul persoonlike geluk of welsyn kan beïnvloed.

## 4.2 WETTIGE HUWELIKSTAAT

Die Kleurlingbejaardes se wettige huwelikstaat word eerstens bespreek.

TABEL 4.1

WETTIGE HUWELIKSTAAT VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Wettige huwelikstaat | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Nooit getroud nie* | 75 | 11.1 | 77 | 9.4 | 152 | 10.1 |
| Getroud | 448 | 66.1 | 320 | 38.9 | 768 | 51.2 |
| Wewenaar of weduwee | 148 | 21.8 | 418 | 50.9 | 566 | 37.7 |
| Geskei | 7 | 1.0 | 7 | 0.9 | 14 | 0.9 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

*Sluit persone in wat 'n man of 'n vrou het of gehad het, maar hul verbintenis nooit laat wettig het nie.

Volgens tabel 4.1 was 51.2 persent van die bejaardes getroud, 37.7 persent was wewenaars en weduwees, 10.1 persent het nooit getrou nie, terwyl 0.9 persent geskeide persone was. Teenoor 66.1 persent van die mans, was slegs 38.9 persent van die vroue getroud. Hierteenoor was daar veel meer weduwees (50.9% van die vroue) as wewenaars (21.8% van die mans).

Die huwelikstaat van die Kleurlingbejaardes is min of meer dieselfde as die van Blanke bejaardes in die Republiek (10, bl. 13) en toon ook 'n groot ooreenkoms met dié van bejaardes wat in sekere oorsese ondersoeke betrek is. J.T. Drake het byvoorbeeld in die Verenigde State van Amerika bevind dat meer as twee derdes van die bejaarde mans, teenoor slegs 36.2 persent van die bejaarde vroue, getroud is en dat meer as die helfte van die vroue teenoor minder as 'n kwart van die mans hulle in die staat van wewenaar- of weduweeskap bevind (16, bl. 55).

Die groot oorwig van weduwees oor wewenaars, en dus ook die feit dat daar veel meer getroude mans as vroue is, hang grootliks saam met die lewensverwagting en die huweliksouderdom van die man en die vrou. Vroue lewe gemiddeld langer as mans[1]. Hierdie verskynsel word veral geaksentueer deur die feit dat die man, by huweliksluiting, gewoonlik ouer as die vrou is.

[1] Uit die lewensstatistiek vir 1950-52 blyk dat die gemiddelde verwagte lewensduur van manlike en vroulike Kleurlinge op onderskeidelik 44.8 en 47.8 jaar te staan kom (4, bl. 18).

Hierbenewens is die kans dat die bejaarde wewenaar weer 'n huwelik kan aangaan, groter as die van die weduwee: Eerstens omdat daar veel meer weduwees as wewenaars is en tweedens omrede die man, anders as die vrou, gewoonlik met iemand jonger as hyself trou terwyl die vrou gewoonlik 'n beperkte keuse het van mans wat ouer as sy is. „The significance of the above information is that a larger proportion of the men have homes in which to live. Fewer of them are dependent upon relatives other than spouses for family living, and fewer of them have to spend their later years in boarding houses, homes for the aged, and similar places" (16, bl. 56).

Die mate waarin hierdie uitspraak van Drake op die Kleurlingbejaardes van toepassing is, sal duidelik blyk wanneer daar later in hierdie hoofstuk gelet word op die wyse waarop die huishouding van die mans en die vroue saamgestel is en op die posisie wat hulle onderskeidelik in hul huishoudings beklee het.

In vergelyking met die Blanke bejaardes (5.3%), het 'n groot persentasie van die Kleurlingbejaardes (10.1%) nooit 'n wettige huwelik aangegaan nie. Die grootste rede hiervoor is die vry algemene voorkoms van kohabitasie onder die Kleurlinge. Dergelike verhoudings is nie noodwendig van verbygaande aard nie en word dikwels deur duursaamheid gekenmerk (17, bl. 36). Ook kan die klein persentasie geskeides nie as aanduiding van gesinstabiliteit gesien word nie. Van Zijl wys daarop dat die Kleurling onkundig is aangaande die wetlike prosedures wat met egskeiding saamgaan en dikwels nie 'n egskeiding „kan bekostig nie". Hulle gaan dus eenvoudig oor tot verlating. Bogenoemde skrywer is dan ook nie van mening dat gesinsverbrokkeling meer by die Blankes as by die Kleurlinge voorkom nie (13, bl. 61-62).

Tabel 4.2 toon vervolgens die proefpersone se wettige huwelikstaat volgens hul ouderdom.

TABEL 4.2

WETTIGE HUWELIKSTAAT VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Wettige huwelikstaat | Ouderdom | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Nooit getroud nie | 102 | 11.1 | 37 | 8.9 | 13 | 7.9 | 152 | 10.1 |
| Getroud | 519 | 56.5 | 186 | 44.5 | 63 | 38.7 | 768 | 51.2 |
| Wewenaar of weduwee | 286 | 31.1 | 193 | 46.2 | 87 | 53.4 | 566 | 37.7 |
| Geskei | 12 | 1.3 | 2 | 0.4 | - | - | 14 | 0.9 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die verwagte tendense blyk duidelik uit die tabel. Die persentasie getroudes neem met stygende ouderdom af, terwyl die persentasie wewenaars en weduwees met stygende ouderdom toeneem.

TABEL 4.3

WETTIGE HUWELIKSTAAT VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Wettige huwelikstaat | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Nooit getroud nie | 69 | 9.1 | 29 | 9.9 | 54 | 12.0 | 152 | 10.1 |
| Getroud | 360 | 47.5 | 144 | 49.3 | 264 | 58.7 | 768 | 51.2 |
| Wewenaar of weduwee | 317 | 41.8 | 117 | 40.1 | 132 | 29.3 | 566 | 37.7 |
| Geskei | 12 | 1.6 | 2 | 0.7 | - | - | 14 | 0.9 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Sowel die grootste persentasies persone wat nooit getroud was nie as dié wat wel getroud was het op die plase voorgekom. Die grootste persentasies wewenaars en weduwees en geskeides is in die stede aangetref.

Die feit dat meer mans as vroue op plase gewoon het (tabel 2.1) en dat meer mans as vroue getroud was (tabel 4.1), bied voldoende verklaring vir die groter voorkoms van getroudes op die plase, asook vir die feit dat wewenaars en weduwees meer in die stede en die dorpe as op die plase aangetref is.

Geskeide persone is veral in die stede en ook in die dorpe aangetref, maar glad nie op die plase nie.

## 4.3 HUWELIKSMAATS

Die proefpersone is versoek om, ongeag hul wettige huwelikstaat, aan te dui of hulle tydens die ondersoek 'n huweliksmaat gehad het, dit wil sê 'n persoon met wie hulle as man of vrou saamgeleef het.

TABEL 4.4

AAN- OF AFWESIGHEID VAN 'N HUWELIKSMAAT VOLGENS WETTIGE HUWELIKSTAAT INGEDEEL

| Huweliksmaat aanwesig | Wettige huwelikstaat: Nooit getroud nie | | Getroud | | Wewenaar of weduwee | | Geskei | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 40 | 26.3 | 762 | 99.2 | 19 | 3.4 | 1 | 7.1 | 822 | 54.8 |
| Nee | 112 | 73.7 | 6 | 0.8 | 547 | 96.6 | 13 | 92.9 | 678 | 45.2 |
| TOTAAL | 152 | 100.0 | 768 | 100.0 | 566 | 100.0 | 14 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 4.4 het 54.8 persent van die proefpersone tydens die ondersoek huweliksmaats gehad. In tabel 4.1 is aangetoon dat slegs 51.2 persent van die proefpersone wettig getroud was.

Bykans al die wettig getroude persone het huweliksmaats gehad[1]. Buite-egtelike verhoudings het veel meer voorgekom onder diegene wat nooit getroud was nie, as onder die geskeides en die wewenaars of weduwees (onderskeidelik 26.3, 7.1 en 3.4%).

Alhoewel dit nie uit tabel 4.4 blyk nie, toon 'n verdere ontleding dat 3.2 persent van diegene wat tydens die ondersoek nie meer met hul eerste huweliksmaats saamgeleef het nie (23 van die 729 sodanige persone), wettig nog getroud was, maar deur hul wettige huweliksmaats verlaat is. Die bostaande tabel toon dat ses sodanige persone nie tydens die ondersoek huweliksmaats gehad het nie. Daar was dus ten minste 17 getroude persone wat, hoewel wettig nog getroud, buite-egtelike verhoudings gehad het.

Die geskiedenis van mnr. en mev. B. dien as voorbeeld van die bestendige verhoudings wat dikwels in buite-egtelike verbintenisse aangetref word.

GEVAL 4.1

Mnr. en mev. B., albei reeds 75 jaar oud, is in 'n Wes-Transvaalse dorp aangetref. Hulle het geen kinders gehad nie en het alleen gewoon.

Mev. B. het 'n wettige huwelik met haar eerste man aangegaan. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het hy egter by die leër aangesluit en nie na die oorlog na haar teruggekeer nie. Sy het hierop verneem dat hy as vermis aangegee is, maar later verneem dat hy nog lewe en na

[1] Getroudes wat nie huweliksmaats gehad het nie, is deur hul huweliksmaats verlaat.

Suid-Afrika teruggekeer het.

Kort na die oorlog het sy mnr. B. ontmoet en dié twee woon reeds 40 jaar saam. Hoewel hulle te kenne gee dat hulle graag wil trou, en hulle hul blykbaar bekommer oor die feit dat hulle buite-egtelik saamlewe, vrees hulle dat mev. B. se wettige man weer op die toneel sal verskyn.

## 4.4 OUDERDOM VAN DIE HUWELIKSMAATS

In tabel 4.5 word die ouderdom van die mans en vroue met huweliksmaats volgens dié van hul huweliksmaats ingedeel.

TABEL 4.5

OUDERDOM VAN DIE HUWELIKSMAATS VOLGENS DIE VAN DIE MANS EN VROUE ONDERSKEIDELIK INGEDEEL

| Ouderdom van huweliksmaat | Ouderdom van mans en vroue | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | |
| | | | | Mans | | | | |
| Jonger as 50 j. | 32 | 11.1 | 7 | 5.2 | 1 | 2.0 | 40 | 8.5 |
| 50 - 59 j. | 73 | 25.3 | 13 | 9.6 | 6 | 12.0 | 92 | 19.4 |
| 60 - 69 j. | 173 | 60.1 | 79 | 58.5 | 14 | 27.4 | 266 | 56.1 |
| 70 - 79 j. | 9 | 3.1 | 33 | 24.4 | 16 | 31.3 | 58 | 12.2 |
| 80 j. en ouer | 1 | 0.4 | 3 | 2.2 | 14 | 27.4 | 18 | 3.8 |
| TOTAAL (mans) | 288 | 100.0 | 135 | 100.0 | 51 | 100.0 | 474 | 100.0 |
| | | | | Vroue | | | | |
| Jonger as 50 j. | 1 | 0.4 | - | - | - | - | 1 | 0.3 |
| 50 - 59 j. | 17 | 6.4 | 2 | 3.2 | - | - | 19 | 5.5 |
| 60 - 69 j. | 181 | 67.8 | 13 | 21.0 | - | - | 194 | 55.7 |
| 70 - 79 j. | 57 | 21.3 | 28 | 45.2 | 3 | 15.7 | 88 | 25.3 |
| 80 j. en ouer | 11 | 4.1 | 19 | 30.6 | 16 | 84.2 | 46 | 13.2 |
| TOTAAL (vroue) | 267 | 100.0 | 62 | 100.0 | 19 | 100.0 | 348 | 100.0 |
| TOTAAL | 555 | 100.0 | 197 | 100.0 | 70 | 100.0 | 822 | 100.0 |

Daar is reeds verwys na die neiging by mans om met vroue wat jonger as hulleself is, te trou. Hierdie neiging blyk duidelik uit die bostaande tabel. Onderskeidelik 36.4, 73.3 en 72.7 persent van die mans tussen 60 en 69 jaar, tussen 70 en 79 jaar en 80 jaar en ouer, se huweliksmaats het tot 'n ouderdomskategorie jonger as die een waarin hulle self ressorteer, behoort. In die geval van die vroue kom die ooreenstemmende persentasies te staan op onderskeidelik 6.8, 24.2 en 15.7.

Die huweliksmaat se ouderdom is van belang in soverre dit sy of haar vermoë om die bejaarde wederhelf by te staan, beinvloed. Die mans was dus, hoofsaaklik vanweë hul neiging om met vroue te trou wat jonger en waarskynlik ook gesonder en lewenskragtiger as hulleself is, in dié opsig veel beter daaraan toe as die vroue van wie die mans gewoonlik ouer en dus waarskynlik ook meer verswak en afhanklik was as wat met hulle die geval is.

Die mans was dus nie slegs in soverre dit die aanwesigheid van 'n huweliksmaat betref, beter as die vroue daaraan toe nie. Hul huweliksmaats kon hulle ook meer as dié van die vroue tot hulp gewees het.

## 4.5 GETAL HUWELIKE

In tabel 4.1 is aangetoon dat 152 van die proefpersone nooit 'n wettige huwelik aangegaan het nie. Tabel 4.6 toon die getal huwelike aan ten opsigte van die 1,348 bejaardes wat wel wettige huwelike gesluit het.

TABEL 4.6

GETAL HUWELIKE VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Getal huwelike | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Huidige huwelik die enigste | 354 | 58.7 | 265 | 35.6 | 619 | 45.9 |
| 1 vorige huwelik | 217 | 36.0 | 439 | 58.9 | 656 | 48.7 |
| 2 vorige huwelike | 27 | 4.5 | 38 | 5.1 | 65 | 4.8 |
| 3 en meer vorige huwelike | 5 | 0.8 | 3 | 0.4 | 8 | 0.6 |
| TOTAAL | 603 | 100.0 | 745 | 100.0 | 1,348 | 100.0 |

Slegs 45.9 persent van die proefpersone wat getrou het, se eerste huwelik het tydens die ondersoek nog voortbestaan. Agt-en-veertig punt sewe persent het een vorige egtelike verbintenis gehad, terwyl onderskeidelik 4.8 en 0.6 persent twee, of drie en meer vorige egtelike verbintenisse gehad het.

Die redes vir die verskynsel dat veel meer mans as vroue se eerste huwelik tydens die ondersoek nog voortgeduur het (onderskeidelik 58.7 en 35.6%) en dat veel meer vroue as mans vorige egtelike verbintenisse gehad het, is reeds vroeër in die hoofstuk aangedui (afdeling 4.2).

Vervolgens word die getal huwelike wat die proefpersone aangegaan het, volgens ouderdom ingedeel.

TABEL 4.7

GETAL HUWELIKE VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Getal huwelike | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Huidige huwelik die enigste | 436 | 53.4 | 142 | 37.3 | 41 | 27.3 | 619 | 45.9 |
| 1 vorige huwelik | 347 | 42.5 | 212 | 55.6 | 97 | 64.7 | 656 | 48.7 |
| 2 vorige huwelike | 32 | 3.9 | 22 | 5.8 | 11 | 7.3 | 65 | 4.8 |
| 3 en meer vorige huwelike | 2 | 0.2 | 5 | 1.3 | 1 | 0.7 | 8 | 0.6 |
| TOTAAL | 817 | 100.0 | 381 | 100.0 | 150 | 100.0 | 1,348 | 100.0 |

Tabel 4.7 toon die verwagte tendense. Namate die ouderdom toeneem, daal die persentasie gevalle waarin die eerste huwelik nog voortbestaan het en styg die persentasie persone wat vorige egtelike verbintenisse gehad het.

Daar is reeds aangetoon dat 729 van die proefpersone tydens die ondersoek nie meer met hul eerste huweliksmaats saamgeleef het nie (tabel 4.6). 'n Ontleding van die wyse waarop hierdie proefpersone se laaste vorige huwelik beëindig is, toon dat onderskeidelik 93.8, 3.0 en 3.2 persent van die laaste vorige egtelike verbintenisse deur die dood van die huweliksmaat, deur 'n wettige egskeiding of deur verlating tot 'n einde gekom het.

4.6 SAMESTELLING VAN DIE HUISHOUDING

Vervolgens word daar stilgestaan by die samestelling van die Kleurlingbejaardes se huishoudings.

TABEL 4.8

SAMESTELLING VAN DIE HUISHOUDING VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Samestelling van die huishouding | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Slegs die proefpersoon | 94 | 13.9 | 96 | 11.8 | 190 | 12.7 |
| Proefpersoon en kinders* | 80 | 11.8 | 311 | 38.0 | 391 | 26.1 |
| Proefpersoon, kinders en ander persone** | 11 | 1.6 | 34 | 4.1 | 45 | 3.0 |
| Proefpersoon en ander persone | 22 | 3.2 | 39 | 4.6 | 61 | 4.0 |
| Slegs 'n egpaar*** | 123 | 18.1 | 105 | 12.5 | 228 | 15.1 |
| Egpaar en kinders | 326 | 48.1 | 213 | 26.0 | 539 | 36.0 |
| Egpaar, kinders en ander persone | 19 | 2.8 | 20 | 2.4 | 39 | 2.6 |
| Egpaar en ander persone | 3 | 0.4 | 4 | 0.5 | 7 | 0.5 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

* Eie, aangenome, stiefkinders en kleinkinders van die proefpersone.
** Alle ander persone, verwante en nie-verwante.
*** Die proefpersoon en sy huweliksmaat.

Volgens tabel 4.8 het die volgende soorte huishoudings die meeste voorgekom: Huishoudings bestaande uit slegs die proefpersoon (12.7%), een bejaarde en sy of haar kinders (26.0%), die bejaarde en sy of haar wederhelf (15.1%) en 'n egpaar met kinders (36.0%).

Sewe-en-sestig punt sewe persent van die proefpersone, en onderskeidelik 64.3 en 70.5 persent van die mans en vroue, se huishoudings het ook kinders en/of kleinkinders ingesluit.

Die veel groter voorkoms van mans onder die getroudes bring mee dat meer mans as vroue aangetref is in die huishoudings wat uit slegs 'n egpaar bestaan het, asook in huishoudings waarvan die egpaar 'n deel vorm. Die vroue daarteenoor, het meer voorgekom in die huishoudings waarvan 'n bejaarde sonder 'n huweliksmaat 'n deel vorm.

Met betrekking tot die wyse waarop die huishoudings van bejaarde persone in die Verenigde State van Amerika saamgestel is, verklaar Robert J. Havighurst en Ruth Albrecht die volgende:

„The most frequent pattern (of the one-generation household) is that of a married couple living alone in a house or apartment. There is no question but that this is the way most older people prefer to live ... They want to keep their own home and they want privacy ... Next ... the most frequent pattern is living in one's own home alone ... A further pattern with only one generation is that of a partnership between two or more people, such as brothers, sisters, brother-sister, cousins, or friends ... Three or 4 per cent of the old people live in this way ... About one-third of the older people in the U.S.A. live in a two-generation household. This may consist of a married couple and one or more grown children who are usually unmarried ... The other common type of two-generation household is one in which a widowed mother or father lives with adult children. Though not common for men, almost a fourth of the older women in the country live by this pattern ... The three-generation household is rare. Between 5 and 10 per cent of the older people live in three-generation households ..." (18, bl. 147-151).

P. Townsend wys daarop dat 12.5 persent van diegene in 1951 in Groot Brittanje wat ouer as 60 jaar was, alleen gewoon het; in die geval van 28 tot 29 persent het slegs 'n egpaar die huishouding gevorm, en ongeveer 58 persent het met ander persone as hul huweliksmaats, hoofsaaklik verwante, saamgewoon. In die geval van ten minste 40 persent was daar kinders, sowel getroud as ongetroud, in die huishouding aanwesig, en van diegene met kinders het ten minste 60 persent

met kinders saamgewoon (15, bl. 21, 22).

## 4.7 POSISIE IN DIE HUISHOUDING

In tabel 4.8 is aangetoon dat 418 persone op hul eie of slegs met hul huweliksmaats 'n huishouding gevorm het. Aangesien die posisie wat hierdie persone in hul huishoudings beklee het vanselfsprekend is, word hulle in hierdie afdeling buite rekening gelaat.

Die posisie van proefpersone in huishoudings wat ook ander persone as hul huweliksmaats ingesluit het, word in tabel 4.9 aangetoon.

TABEL 4.9

POSISIE IN DIE HUISHOUDING VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Posisie in die huishouding | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Hoof, of vrou van die hoof van die huishouding | 395 | 85.9 | 421 | 67.7 | 816 | 75.4 |
| Loseer by kinders | 16 | 3.5 | 55 | 8.8 | 71 | 6.6 |
| Loseer by ander verwante | 7 | 1.5 | 20 | 3.2 | 27 | 2.5 |
| Loseer by nie-verwante | 3 | 0.7 | 6 | 0.9 | 9 | 0.8 |
| Woon gratis in by kinders | 32 | 6.9 | 112 | 18.0 | 144 | 13.3 |
| Woon gratis in by ander verwante | 6 | 1.3 | 3 | 0.5 | 9 | 0.8 |
| Woon gratis in by nie-verwante | 1 | 0.2 | 5 | 0.8 | 6 | 0.6 |
| TOTAAL | 460 | 100.0 | 622 | 100.0 | 1,082 | 100.0 |

Meer as driekwart van diegene wie se huishoudings ook hul kinders en ander persone ingesluit het, het aan die hoof van hul huishoudings gestaan, of was die vrou van die hoof van die huishouding. Onderskeidelik 6.6, 2.5 en 0.8 persent het by hul kinders, by ander verwante, of by nie-verwante loseer. Dertien punt drie persent het gratis by hul kinders ingewoon, terwyl onderskeidelik 0.8 en 0.6 persent kosteloos by ander verwante of by nie-verwante persone ingewoon het.

In die lig van die verskille wat daar ten opsigte van die huwelikstaat en die samestelling van die huishouding van mans en vroue onderskeidelik bestaan, is dit eintlik vanselfsprekend dat veel meer mans as vroue aan die hoof van hul huishoudings sou staan (onderskeidelik 85.9 en 67.7%) en dat 'n groter persentasie vroue as mans geloseer of gratis ingewoon het.

Die gegewens in tabel 4.11 dui daarop dat Drake se uitspraak met betrekking tot die mate waarin bejaarde mans en vroue van ander persone as hul huweliksmaats afhanklik is - vergelyk afdeling 4.2 - ook op die Kleurlingbejaardes van toepassing is.

## 4.8 KINDERS

In hierdie afdeling word gelet op die getal kinders wat die proefpersone tydens die ondersoek gehad het, die getal kinders wat geheel en al van hulle afhanklik was en die getal eie kinders wat reeds oorlede is.

Onderskeidelik 9.9, 41.3, 35.4 en 13.4 persent van die bejaardes het geen, een tot vier, vyf tot agt, of nege en meer lewende kinders gehad. By die Blanke bejaardes kom die ooreenstemmende persentasies op 11,3, 54.3, 27.2 en 7.1 te staan (10, bl. 23).

Teenoor die 87.2 persent wat lewende eie kinders gehad het, het onderskeidelik 15.2 en 8.3 persent aangenome en stiefkinders gehad.

TABEL 4.10

DIE GETAL LEWENDE KINDERS

| Getal | Kinders | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Eie kinders | | Aangenome kinders | | Stiefkinders | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 192 | 12.8 | 1,272 | 84.8 | 1,376 | 91.7 | 149 | 9.9 |
| 1 - 2 | 285 | 19.0 | 200 | 13.3 | 69 | 4.6 | 269 | 17.9 |
| 3 - 4 | 371 | 24.7 | 23 | 1.6 | 40 | 2.7 | 351 | 23.4 |
| 5 - 6 | 311 | 20.7 | 4 | 0.3 | 8 | 0.6 | 306 | 20.4 |
| 7 - 8 | 186 | 12.4 | - | - | 7 | 0.4 | 225 | 15.0 |
| 9 - 10 | 115 | 7.7 | 1 | 0.1 | - | - | 130 | 8.7 |
| 11 - 12 | 25 | 1.7 | - | - | - | - | 45 | 3.0 |
| 13 en meer | 15 | 1.0 | - | - | - | - | 25 | 1.7 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die veel groter voorkoms van aangenome as stiefkinders moet daaraan toegeskryf word dat verskeie van die proefpersone die versorging van kleinkinders op hulle geneem het.

Vervolgens word daar gelet op die getal kinders wat tydens die ondersoek geheel en al van die bejaardes afhanklik was.

TABEL 4.11

GETAL AFHANKLIKE KINDERS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Getal afhanklike kinders | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 653 | 71.1 | 336 | 80.4 | 136 | 83.3 | 1,125 | 75.0 |
| 1 - 2 | 188 | 20.4 | 65 | 15.5 | 22 | 13.5 | 275 | 18.3 |
| 3 - 4 | 56 | 6.1 | 9 | 2.2 | 4 | 2.5 | 69 | 4.6 |
| 5 - 6 | 17 | 1.9 | 5 | 1.2 | - | - | 22 | 1.5 |
| 7 en meer | 5 | 0.5 | 3 | 0.7 | 1 | 0.6 | 9 | 0.6 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

'n Kwart van die bejaardes het kinders gehad wat geheel en al van hulle afhanklik was. Hierdie bejaardes was meesal tussen 60 en 69 jaar oud.

Met „kinders" word hier nie slegs eie kinders bedoel nie. Etlike bejaardes het van hul kleinkinders, dikwels buite-egtelike kinders, „aangeneem" en was vir hulle versorging verantwoordelik.

HOOFSTUK 5

# BEHUISING

## 5.1 INLEIDING

„Waar die huisgesinne in enige gemeenskap die selle is waaruit die liggaam van die maatskappy opgebou word, is dit nodig om vas te stel wat die belangrikste faktore is wat die geluk of welsyn van die huisgesin bepaal. Een van die belangrikste faktore is ongetwyfeld behuising", aldus I. D. du Plessis (19, bl. 102).

In hierdie hoofstuk word daar onder andere gelet op die soorte wonings waarin die proefpersone tydens die ondersoek gewoon het[1], die getal woon- en slaapvertrekke in die wooneenhede[2], die mate waarin die wonings voorsien was van sekere fasiliteite, soos byvoorbeeld elektriese krag en in watter mate die proefpersone se slaapvertrekke voldoen het aan sekere vereistes met betrekking tot die bewoning daarvan wat in, onder andere, die Slumswet[3] vervat is.

In hoofstuk 2 is onder andere aangetoon dat proefpersone vanuit sowel die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes as gemengde woonbuurtes in die ondersoek betrek is (tabel 2.2). Laasgenoemde woonbuurtes is gewoonlik in die ouer dele van die dorpe en stede geleë, terwyl die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes hoofsaaklik sedert 1957 aangelê is toe die Wet op Groepsgebiede (Wet nr. 77 van 1957, soos gewysig) in werking getree het. Gevolglik kan aanvaar word dat behuisingstoestande in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes grootliks sal verskil van dié in die gemengde woonbuurtes. Daarom word daar in hierdie hoofstuk, nie soos in die res van die verslag tussen stad, dorp en plaas onderskei nie, maar wel tussen die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes, die gemengde woonbuurtes en die plase.

## 5.2 SOORT WONING

Tabel 5.1 toon die soorte wonings waarin die proefpersone tydens die ondersoek gewoon het, volgens woonplek ontleed.

TABEL 5.1

SOORT WONING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Soort woning | Woonplek: Uitsluitlik Kleurlingwoonbuurt | | Woonplek: Gemengde woonbuurt | | Woonplek: Plaas, ens. | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Huis | 676 | 88.6 | 235 | 81.9 | 360 | 80.0 | 1,271 | 84.6 |
| Woonstel | 18 | 2.3 | - | - | - | - | 18 | 1.2 |
| Kamer in 'n hostel, kwartiere, kampong | 2 | 0.3 | 4 | 1.4 | 5 | 1.1 | 11 | 0.7 |
| Kamer in 'n losieshuis, hotel | 1 | 0.1 | 2 | 0.7 | - | - | 3 | 0.2 |
| Kamer in agterplaas van privaatwoning | 32 | 4.2 | 33 | 11.5 | 5 | 1.1 | 70 | 4.7 |
| Alleenstaande eenkamerwoning | 34 | 4.5 | 13 | 4.5 | 80 | 17.8 | 127 | 8.5 |
| TOTAAL | 763 | 100.0 | 287 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

1) Aangesien meer as een proefpersoon vanuit dieselfde wooneenheid in die ondersoek betrek kon word, handel hierdie hoofstuk nie oor 1,500 verskillende wooneenhede nie, maar wel oor die wooneenhede waarin die 1,500 proefpersone gewoon het.

2) Die begrip „wooneenheid" is reeds in hoofstuk 1, afdeling 1.5.3 omskrywe.

3) Wet Nr. 53 van 1934, soos gewysig.

TABEL 5.2

SOORT WONING VOLGENS DIE GETAL PERSONE WAT DAARIN SLAAP, INGEDEEL

| Getal persone | Soort woning | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Huis | | Woonstel | | Kamer in hostel, kwartiere, kampong | | Kamer in losieshuis, hotel | | Kamer in agterplaas van privaatwoning | | Alleenstaande eenkamerwoning | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 34 | 2.7 | - | - | 4 | 36.4 | 3 | 100.0 | 29 | 41.4 | 39 | 30.7 | 109 | 7.3 |
| 2 | 187 | 14.7 | 6 | 33.3 | 2 | 18.2 | - | - | 15 | 21.4 | 26 | 20.5 | 236 | 15.6 |
| 3 | 199 | 15.6 | 3 | 16.7 | 1 | 9.1 | - | - | 12 | 17.1 | 20 | 15.7 | 235 | 15.6 |
| 4 | 199 | 15.6 | 1 | 5.6 | 1 | 9.1 | - | - | 4 | 5.7 | 15 | 11.8 | 220 | 14.7 |
| Subtotaal | 619 | 48.6 | 10 | 55.6 | 8 | 72.8 | 3 | 100.0 | 60 | 85.6 | 100 | 78.7 | 800 | 53.2 |
| 5 | 180 | 14.1 | 3 | 16.7 | 2 | 18.2 | - | - | 4 | 5.7 | 6 | 4.7 | 195 | 13.0 |
| 6 | 142 | 11.2 | - | - | - | - | - | - | 3 | 4.3 | 4 | 3.1 | 149 | 9.9 |
| 7 | 111 | 8.7 | 3 | 16.7 | - | - | - | - | 2 | 2.9 | 4 | 3.1 | 120 | 8.0 |
| 8 | 93 | 7.3 | 2 | 11.1 | - | - | - | - | - | - | 5 | 3.9 | 100 | 6.7 |
| Subtotaal | 526 | 41.3 | 8 | 44.5 | 2 | 18.2 | - | - | 9 | 12.9 | 19 | 14.8 | 564 | 37.6 |
| 9 | 53 | 4.2 | - | - | 1 | 9.1 | - | - | - | - | 1 | 0.8 | 55 | 3.7 |
| 10 | 34 | 2.7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 34 | 2.3 |
| 11 | 14 | 1.1 | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.4 | 3 | 2.4 | 18 | 1.2 |
| 12 | 18 | 1.4 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.8 | 19 | 1.3 |
| 13 en meer | 7 | 0.6 | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 2.4 | 10 | 0.7 |
| Subtotaal | 126 | 10.0 | - | - | 1 | 9.1 | - | - | 1 | 1.4 | 8 | 6.4 | 136 | 9.2 |
| TOTAAL | 1,271 | 100.0 | 18 | 100.0 | 11 | 100.0 | 3 | 100.0 | 70 | 100.0 | 127 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die oorgrote meerderheid van die proefpersone het in huise gewoon (84.6%). Agt punt vyf persent het alleenstaande eenkamerwonings bewoon, 4.7 persent 'n kamer in die agterplaas van 'n privaatwoning en onderskeidelik 1.2, 0.7 en 0.2 persent 'n woonstel, 'n kamer in 'n hostel, kwartiere of kampong, of 'n kamer in 'n losieshuis of hotel.

Al die woonstelbewoners, asook die grootste persentasie huisbewoners, het in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes gewoon. Relatief gesproke, het die bewoners van 'n kamer in die agterplaas van 'n privaatwoning, dié van 'n kamer in 'n hostel, kwartiere of kampong, of dié van 'n kamer in 'n losieshuis of hotel, die meeste in die gemengde woonbuurtes voorgekom. Hierteenoor het 'n veel groter persentasie van die plaasbewoners as van diegene wat in die uitsluitlik Kleurling- en in die gemengde woonbuurtes in dorpe en in stede gewoon het, alleenstaande eenkamerwonings bewoon.

Die feit dat verskeie van die proefpersone wat as persoonlike dienswerkers werksaam was, op die eiendom van hulle werkgewers gewoon het, verklaar die hoë voorkoms van bewoners van 'n agterplaaskamer in die gemengde woonbuurtes. Op plase kom alleenstaande eenkamerwonings, byvoorbeeld hutte, algemeen voor.

Voorts word aangetoon hoeveel persone in die onderskeie soorte wonings geslaap het.

Volgens tabel 5.2 het 7.3 persent van die proefpersone alleen in hul wooneenhede gewoon en het die wooneenhede van onderskeidelik 53.2, 37.6 en 9.2 persent minder as vyf, van vyf tot agt, of ten minste nege persone gehuisves.

In die wooneenhede van onderskeidelik 51.3, 44.5, 27.3, 21.2 en 14.3 persent van die proefpersone wat in huise, in woonstelle, in 'n kamer in 'n hostel, kwartiere of kampong, in 'n alleenstaande eenkamerwoning, of in 'n kamer in die agterplaas van 'n privaatwoning gewoon het, het daar ten minste vyf persone gewoon.

Die gegewens in tabel 5.2 dui daarop dat die wooneenhede van verskeie van die proefpersone oorbewoon was.

## 5.3 DIE GETAL WOONVERTREKKE

Alle slaapvertrekke behalwe dié waarin voedsel voorberei is, eet- en sitkamers is as woonvertrekke ingedeel. Kombuise, gange, spense en badkamers is nie as woonvertrekke beskou nie.

TABEL 5.3

GETAL WOONVERTREKKE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Getal woonvertrekke | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Uitsluitlik Kleurlingwoonbuurt | | Gemengde woonbuurt | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 56 | 7.3 | 33 | 11.5 | 96 | 21.3 | 185 | 12.3 |
| 1 | 63 | 8.3 | 39 | 13.6 | 148 | 32.9 | 250 | 16.7 |
| 2 | 135 | 17.7 | 52 | 18.1 | 112 | 24.9 | 299 | 19.9 |
| 3 | 283 | 37.1 | 95 | 33.1 | 64 | 14.2 | 442 | 29.5 |
| 4 | 162 | 21.1 | 39 | 13.6 | 23 | 5.1 | 224 | 14.9 |
| 5 | 52 | 6.8 | 20 | 7.0 | 5 | 1.1 | 77 | 5.1 |
| 6 en meer | 12 | 1.5 | 9 | 3.1 | 2 | 0.4 | 23 | 1.6 |
| TOTAAL | 763 | 100.0 | 287 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Uit tabel 5.3 blyk dat 12.3 persent van die proefpersone in wooneenhede gewoon het waarin daar nie enige woonvertrekke was nie[1], terwyl onderskeidelik 16,7, 19.9, 29.5 en 21.6 persent wooneenhede bewoon het waarin daar een, twee, drie, of vier en meer woonvertrekke was.

Die grootste persentasie proefpersone in wie se wooneenhede daar nie enige woonvertrekke was nie, is op die plase aangetref. Hierteenoor het die grootste persentasie persone in wie se wooneenhede daar ten minste vier woonvertrekke was, in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes in die dorpe en stede voorgekom. Hierdie bevindings volg daarop dat, soos uit tabel 5.1 blyk, proefpersone wat huise en alleenstaande eenkamerwonings bewoon het, onderskeidelik die meeste in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes en op die plase aangetref is.

## 5.4 DIE GETAL SLAAPVERTREKKE

Tabel 5.4 toon die getal slaapvertrekke[2] in die wooneenhede, volgens woonplek ingedeel.

TABEL 5.4

GETAL SLAAPVERTREKKE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Getal slaapvertrekke | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Uitsluitlik Kleurlingwoonbuurt | | Gemengde woonbuurt | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 194 | 25.4 | 82 | 28.6 | 218 | 48.4 | 494 | 32.9 |
| 2 | 320 | 41.9 | 121 | 42.2 | 196 | 43.6 | 637 | 42.5 |
| 3 | 199 | 26.1 | 63 | 22.0 | 31 | 6.9 | 293 | 19.5 |
| 4 | 43 | 5.6 | 14 | 4.9 | 5 | 1.1 | 62 | 4.1 |
| 5 en meer | 7 | 0.9 | 7 | 2.4 | - | - | 14 | 0.9 |
| TOTAAL | 763 | 100.0 | 287 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Bykans 'n derde van die proefpersone het in wooneenhede gewoon waarin daar slegs een slaapvertrek was, terwyl onderskeidelik 42.5 en 24.5 persent wooneenhede bewoon het waarın twee, of ten minste drie vertrekke as slaapvertrekke gebruik [illegible].

Die gegewens in die bostaande tabel dui ook daarop dat die wooneenhede van proefpersone wat in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes gewoon het, oor die algemeen ruimer was as dié van die bewoners van gemengde woonbuurtes en veel ruimer as dié van die plaasbewoners.

Vervolgens toon tabel 5.5 'n ontleding van die getal woonvertrekke in die wooneenhede, volgens die getal vertrekke wat vir slaapdoeleindes gebruik is.

Soos verwag kan word, is in die wooneenhede van proefpersone wat nie oor 'n woonveıtrek beskik het nie, slegs in een vertrek geslaap en in dié van proefpersone met slegs een woonvertrek, hoofsaaklik net in een vertrek. Namate die getal woonvertrekke toeneem, is daar 'n toename ir die getal woonvertrekke wat as slaapvertrekke gebruik is.

Indien aanvaar sou word dat die verskil tussen die getal woon- en slaapvertrekke vertrekke voorstel wat byvoorbeeld slegs as sit- of eetkamers gebruik word, blyk dit dat diegene in wie se wooneenhede daar geen of slegs een slaapvertrek was, nie oor enige sodanige vertrekke

[1] In hierdie wooneenhede wat hoofsaaklik uit slegs een vertrek bestaan het, is voedsel in die slaapvertrek voorberei.

[2] Alle vertrekke wat vir slaapdoeleindes gebruik is, dus ook byvoorbeeld kombuise waarin iemand geslaap het, is as slaapvertrekke ingedeel. Slaapkamers waarin niemand slaap nie, is nie as slaapvertrekke nie, maar as woonvertrekke in berekening gebring.

TABEL 5.5

GETAL WOONVERTREKKE VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE INGEDEEL

| Getal slaapvertrekke | Getal woonvertrekke | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | 7 | | 8 en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 185 | 100.0 | 138 | 55.2 | 111 | 37.2 | 42 | 9.5 | 15 | 6.7 | 2 | 2.6 | 1 | 6.2 | - | - | - | - | 494 | 32.9 |
| 2 | - | - | 112 | 44.8 | 164 | 54.8 | 300 | 67.9 | 48 | 21.4 | 11 | 14.3 | 2 | 12.5 | - | - | - | - | 637 | 42.5 |
| 3 | - | - | - | - | 23 | 7.7 | 97 | 21.9 | 134 | 59.8 | 31 | 40.3 | 7 | 43.7 | 1 | 25.0 | - | - | 293 | 19.5 |
| 4 | - | - | - | - | 1 | 0.3 | 3 | 0.7 | 26 | 11.6 | 29 | 37.7 | 2 | 12.5 | 1 | 25.0 | - | - | 62 | 4.1 |
| 5 en meer | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.4 | 4 | 5.2 | 4 | 25.0 | 2 | 50.0 | 3 | 100.0 | 14 | 0.9 |
| TOTAAL | 185 | 100.0 | 250 | 100.0 | 299 | 100.0 | 442 | 100.0 | 224 | 100.0 | 77 | 100.0 | 16 | 100.0 | 4 | 100.0 | 3 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

8 — 1980004

TABEL 5.6

GETAL SLAAPVERTREKKE VOLGENS DIE GETAL PERSONE WAT IN DIE WOONEENHEID SLAAP, INGEDEEL

| Getal slaapvertrekke | Getal persone wat in die wooneenheid slaap | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6-9 | | 10-12 | | 13 en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 109 | 100.0 | 193 | 81.8 | 70 | 29.8 | 46 | 20.9 | 31 | 15.9 | 39 | 9.2 | 3 | 4.2 | 3 | 30.0 | 494 | 32.9 |
| 2 | - | - | 43 | 18.2 | 145 | 61.7 | 121 | 55.0 | 110 | 56.4 | 197 | 46.5 | 19 | 26.7 | 2 | 20.0 | 637 | 42.5 |
| 3 | - | - | - | - | 20 | 8.5 | 40 | 18.2 | 46 | 23.6 | 154 | 36.3 | 32 | 45.1 | 1 | 10.0 | 293 | 19.5 |
| 4 | - | - | - | - | - | - | 13 | 5.9 | 3 | 1.5 | 30 | 7.1 | 14 | 19.7 | 2 | 20.0 | 62 | 4.1 |
| 5 en meer | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 2.7 | 4 | 0.9 | 3 | 4.2 | 2 | 20.0 | 14 | 0.9 |
| TOTAAL | 109 | 100.0 | 236 | 100.0 | 235 | 100.0 | 220 | 100.0 | 195 | 100.0 | 424 | 100.0 | 71 | 100.0 | 10 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

beskik het nie[1]. In die wooneenhede van 37.2 persent van diegene wat oor twee woonvertrekke beskik het, is slegs een van dié vertrekke as slaapvertrek gebruik en kan gevolglik aanvaar word dat die ander woonvertrek slegs as 'n eet- of sitkamer gebruik is. Slegs 12.0 persent van diegene in wie se wooneenhede daar vier woonvertrekke was, het aangedui dat al vier hul woonvertrekke as slaapvertrekke gebruik is. Gevolglik kan afgelei word dat 88.0 persent van laasgenoemde se wooneenhede ten minste een woonvertrek gehad het wat nie vir slaapdoeleindes gebruik is nie.

Tabel 5.6 toon vervolgens die getal slaapvertrekke, volgens die getal persone wat tydens die ondersoek in die wooneenhede geslaap het, ingedeel.

Dit blyk eerstens dat namate die getal persone wat in die wooneenheid geslaap het, toeneem, daar 'n afname is in die persentasie proefpersone in wie se wooneenhede slegs een vertrek as slaapvertrek gebruik is. Die enigste uitsondering is die wooneenhede van proefpersone waarin ten minste dertien persone geslaap het en waarin, in die geval van 30.0 persent, ten minste dertien persone in een slaapvertrek geslaap het.

Tweedens toon tabel 5.6 dat in die geval van onderskeidelik 18.2, 8.5, 5.9 en 2.7 persent van die proefpersone in wie se wooneenhede twee, drie, vier of vyf persone gewoon het, elke inwoner van die wooneenheid 'n eie slaapvertrek gehad het. Dit is te verwagte dat, soos uit die tabel blyk, hierdie persentasie sal daal namate meer mense die wooneenheid bewoon.

Ook hierdie tabel toon dat van die wooneenhede oorvol is. In die wooneenhede met 10 tot 12 bewoners is daar byvoorbeeld in 4.2 persent slegs een slaapvertrek en in die geval van 26.7 persent slegs twee.

## 5.5 DIE GEBRUIK VAN DIE KOMBUIS AS SLAAPVERTREK

Tabel 5.7 toon aan in hoeveel van die proefpersone se wooneenhede die kombuis of ander vertrek waarin voedsel voorberei is, as 'n slaapvertrek gebruik word. Die gegewens is weer eens volgens woonplek ingedeel.

TABEL 5.7

GEBRUIK VAN DIE KOMBUIS AS SLAAPVERTREK, OF VOORBEREIDING VAN VOEDSEL IN 'N SLAAPVERTREK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Word die kombuis as slaapvertrek gebruik? | Woonplek: Uitsluitlik Kleurlingwoonbuurt | | Woonplek: Gemengde woonbuurt | | Woonplek: Plaas, ens. | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 100 | 13.1 | 69 | 24.1 | 163 | 36.2 | 332 | 22.2 |
| Nee | 663 | 86.9 | 218 | 75.9 | 287 | 63.8 | 1,168 | 77.8 |
| TOTAAL | 763 | 100.0 | 287 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Twee-en-twintig punt twee persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 13.1, 24.1 en 36.2 persent van diegene wat in uitsluitlik Kleurling-, in gemengde woonbuurtes en op plase gewoon het, het wooneenhede bewoon waarin die kombuis as 'n slaapvertrek gebruik is, of voedsel in 'n slaapvertrek voorberei is.

Ook in hierdie opsig was die behuisingstoestande van proefpersone wat in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes gewoon het, gunstiger as dié van persone wat in gemengde woonbuurtes gewoon het en veel gunstiger as dié van die plaasbewoners.

[1] Dit is natuurlik moontlik dat 'n huishouding wat oor slegs 'n slaapvertrek en 'n kombuis beskik het, kon verkies het om in die kombuis te slaap en die slaapvertrek as sit- of eetkamer te gebruik.

## 5.6 DIE BESKIKBAARHEID VAN SEKERE FASILITEITE IN DIE WOONEENHEDE

In hierdie afdeling word eerstens aangetoon hoeveel van die proefpersone in wooneenhede gewoon het waarbinne water en/of elektriese krag beskikbaar was.

TABEL 5.8

WATER EN/OF ELEKTRIESE KRAG IN DIE WOONEENHEID VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Water en/of elektriese krag in die wooneenheid | Woonplek: Uitsluitlik Kleurlingwoonbuurt | | Woonplek: Gemengde woonbuurt | | Woonplek: Plaas, ens. | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Water en elektriese krag | 394 | 51.6 | 71 | 24.7 | 1 | 0.2 | 466 | 31.1 |
| Slegs water | 38 | 5.0 | 6 | 2.1 | 5 | 1.1 | 49 | 3.3 |
| Slegs elektriese krag | 63 | 8.3 | 43 | 15.0 | - | - | 106 | 7.1 |
| Geen water of elektriese krag | 268 | 35.1 | 167 | 58.2 | 444 | 98.7 | 879 | 58.6 |
| TOTAAL | 763 | 100.0 | 287 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 5.8 het onderskeidelik 31.1 en 58.6 persent van die proefpersone wooneenhede bewoon waarin sowel water as elektriese krag, of geeneen van dié twee fasiliteite, beskikbaar was nie. Onderskeidelik 7.1 en 3.3 persent het oor slegs elektriese krag of oor slegs water in hul wooneenhede beskik.

Verder blyk dit dat wat die beskikbaarheid van water en/of elektriese krag betref, die wooneenhede van proefpersone wat in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes gewoon het, die beste toegerus was. Die plaasbewoners was, ook wat die beskikbaarheid van water en elektriese krag in hul wooneenhede betref, die swakste daaraan toe.

Vervolgens word gelet op die beskikbaarheid en ligging van die latrine.

TABEL 5.9

DIE BESKIKBAARHEID EN LIGGING VAN DIE LATRINE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Beskikbaarheid en ligging van latrine | Woonplek: Uitsluitlik Kleurlingwoonbuurt | | Woonplek: Gemengde woonbuurt | | Woonplek: Plaas, ens. | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Latrine in woning | 316 | 41.4 | 42 | 14.6 | - | - | 358 | 23.9 |
| Latrine op werf | 413 | 54.1 | 191 | 66.5 | 111 | 24.7 | 715 | 47.7 |
| Latrine nie in woning of op werf | 24 | 3.1 | 40 | 13.9 | 29 | 6.4 | 93 | 6.2 |
| Beskik nie oor 'n latrine nie | 10 | 1.3 | 14 | 4.9 | 310 | 68.9 | 334 | 22.2 |
| TOTAAL | 763 | 100.0 | 287 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die grootste enkele persentasie van die proefpersone het in wooneenhede gewoon waarvan die latrine op die werf geleë was (47.7%). Hierteenoor het 23.9 persent van die proefpersone oor latrines in hul wooneenhede beskik en het onderskeidelik 6.2 en 22.2 persent toegang gehad tot 'n latrine wat nie in hul woning of op hul werf geleë was nie, of glad nie oor 'n latrine beskik nie.

Wat die beskikbaarheid en ligging van die latrine betref, was die proefpersone wat in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes en op plase gewoon het, onderskeidelik die beste en die swakste daaraan toe.

Tabel 5.10 toon in hoeveel van die bejaardes se slaapvertrekke daar 'n venster was wat kan oopmaak.

TABEL 5.10

BESKIKBAARHEID VAN 'N VENSTER WAT KAN OOPMAAK IN DIE PROEFPERSOON SE SLAAPVERTREK, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Beskikbaarheid van 'n venster wat kan oopmaak | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Uitsluitlik Kleurlingwoonbuurt | | Gemengde woonbuurt | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 749 | 98.1 | 278 | 96.9 | 389 | 86.4 | 1,416 | 94.4 |
| Nee | 14 | 1.9 | 9 | 3.1 | 61 | 13.6 | 84 | 5.6 |
| TOTAAL | 763 | 100.0 | 287 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Vier-en-negentig punt vier persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 98.1, 96.9 en 86.4 persent van diegene wat in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes, in gemengde woonbuurtes en op plase gewoon het, het oor 'n venster wat kan oopmaak, in hul slaapvertrek beskik.

Die voorsprong wat die bewoners van die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes in hierdie verband met betrekking tot hul behuising gehad het, is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die wooneenhede in dié woonbuurtes hoofsaaklik betreklik onlangs, en volgens bepaalde voorskrifte, opgerig is. Op die plase waar wooneenhede heel dikwels sonder enige inagname van behuisingsvoorskrifte opgerig word, het die meeste wooneenhede voorgekom waarin dié noodsaaklike gerief nie aangebring is nie.

## 5.7 DIE GETAL PERSONE WAT DIE PROEFPERSOON SE SLAAPVERTREK DEEL

In die voorgaande afdelings is die behuisingstoestand van die ondersoekgroep in die algemeen bespreek. Vervolgens word daar slegs gelet op die vertrek waarin die proefpersoon tydens die ondersoek geslaap het.

Daar word eerstens gelet op die getal persone wat in die proefpersoon se slaapvertrek geslaap het.

Teenoor ietwat meer as een vyfde van die proefpersone wat alleen in hul slaapvertrekke geslaap het (21.0%), het onderskeidelik 45.9, 15.3, 9.2 en 8.7 persent hul slaapvertrek met een, twee, drie, of ten minste vier persone gedeel. Hierteenoor het 98.8 persent van die Blanke bejaardes in slaapvertrekke geslaap waarin hoogstens twee persone gehuisves was (10, bl. 48).

Relatief gesproke, is diegene wat hul slaapvertrekke nie met iemand anders gedeel het nie, diegene wat hul slaapvertrekke met een of twee persone gedeel het, en diegene in wie se slaapvertrekke daar ten minste vier persone geslaap het, onderskeidelik die meeste in die gemengde woonbuurtes, in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes, en op die plase aangetref.

Die getal persone wat in die proefpersoon se slaapvertrek geslaap het, word nou volgens die soort woning ontleed.

Die gegewens in tabel 5.12 bied voldoende verklaring vir dié in tabel 5.11. Proefpersone wat hul slaapvertrek nie met ander persone gedeel het nie, is relatief gesproke, die meeste aangetref in die soorte wonings wat volgens tabel 5.1 die meeste in die gemengde woonbuurtes voorgekom het. Hierdie soorte wonings staan dikwels onder die regstreekse beheer van die



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

eienaar wat nie bereid is om 'n onbeperkte getal persone op sy eiendom te huisves nie.

TABEL 5.11

GETAL PERSONE WAT IN DIE PROEFPERSOON SE SLAAPVERTREK SLAAP, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Getal persone | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Uitsluitlik Kleurlingwoon-buurt | | Gemengde woonbuurt | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 147 | 19.3 | 85 | 29.6 | 83 | 18.4 | 315 | 21.0 |
| 2 | 387 | 50.7 | 121 | 42.2 | 181 | 40.2 | 689 | 45.9 |
| 3 | 134 | 17.6 | 39 | 13.6 | 56 | 12.4 | 229 | 15.3 |
| 4 | 55 | 7.2 | 26 | 9.1 | 57 | 12.7 | 138 | 9.2 |
| 5 | 23 | 3.0 | 9 | 3.1 | 34 | 7.6 | 66 | 4.4 |
| 6 - 8 | 15 | 2.0 | 7 | 2.4 | 30 | 6.7 | 52 | 3.5 |
| 9 en meer | 2 | 0.3 | - | - | 9 | 2.0 | 11 | 0.8 |
| TOTAAL | 763 | 100.0 | 287 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die grootste persentasies proefpersone wat hul slaapvertrek met een of twee persone gedeel het, het in woonstelle of in huise gewoon. Woonstelbewoners is slegs in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes aangetref en huisbewoners het die meeste in dié woonbuurtes voorgekom (tabel 5.1). Hierteenoor het die grootste persentasie proefpersone wat hul slaapvertrek met ten minste drie persone gedeel het, alleenstaande eenkamerwonings wat die meeste op plase voorgekom het, bewoon.

Verdere gegewens met betrekking tot diegene met wie die proefpersone hul slaapvertrekke gedeel het, verskyn in tabel 5.13.

TABEL 5.13

DIE PERSONE MET WIE DIE PROEFPERSOON SY SLAAPVERTREK DEEL

| Persone met wie die proefpersoon sy slaapvertrek deel | G | % |
|---|---|---|
| Huweliksmaat | 511 | 43.1 |
| Ongetroude persone | 277 | 23.4 |
| Getroude persone | 15 | 1.3 |
| Ongetroude en getroude persone | 85 | 7.2 |
| Huweliksmaat en ongetroude persone | 179 | 15.1 |
| Huweliksmaat en getroude persone | 4 | 0.3 |
| Huweliksmaat, ongetroude en getroude persone | 114 | 9.6 |
| TOTAAL | 1,185* | 100.0 |

*Die 315 persone wat nie hul slaapvertrek met ander persone gedeel het nie, is uitgesluit.

Volgens die tabel het die grootste enkele persentasie van die proefpersone in wie se slaapvertrekke ook ander persone geslaap het, hul slaapvertrek met slegs hul huweliksmaats gedeel (43.1%). Onderskeidelik 23.4, 8.5 en 25.0 persent het hul slaapvertrek gedeel met ongetroude persone, met getroude en ongetroude persone, of met sowel hul huweliksmaats as getroude en ongetroude persone.

Tydens die ondersoek na die lewensomstandighede van Blanke bejaardes in die Republiek, is bevind dat 36.6 persent van die proefpersone oor 'n eie slaapkamer beskik het en dat 54.4 persent hul slaapvertrek met slegs hul huweliksmaat gedeel het. In die geval van slegs 9.0 persent



0 3 1 2 6 5

TABEL 5.12

GETAL PERSONE WAT IN DIE PROEFPERSOON SE SLAAPVERTREK SLAAP, VOLGENS DIE SOORT WONING INGEDEEL

| Getal persone wat in proefpersoon se slaap-vertrek slaap | Soort woning | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Huis | | Woonstel | | Kamer in hostel, kwartiere, kampong | | Kamer in losieshuis, hotel | | Kamer in agterplaas van privaatwoning | | Alleenstaande eenkamerwoning | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 234 | 18.4 | 2 | 11.1 | 5 | 45.5 | 3 | 100.0 | 31 | 44.3 | 40 | 31.6 | 315 | 21.0 |
| 2 | 627 | 49.3 | 10 | 55.6 | 3 | 27.3 | - | - | 23 | 32.9 | 26 | 20.5 | 689 | 45.9 |
| 3 | 194 | 15.2 | 5 | 27.8 | 1 | 9.1 | - | - | 10 | 14.3 | 19 | 15.0 | 229 | 15.3 |
| 4 | 116 | 9.1 | 1 | 5.6 | - | - | - | - | 5 | 7.1 | 16 | 12.6 | 138 | 9.2 |
| 5 | 57 | 4.5 | - | - | 2 | 18.2 | - | - | - | - | 7 | 5.5 | 66 | 4.4 |
| 6 - 8 | 38 | 3.0 | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.4 | 13 | 10.1 | 52 | 3.5 |
| 9 en meer | 5 | 0.4 | - | - | - | - | - | - | - | - | 6 | 4.7 | 11 | 0.8 |
| TOTAAL | 1,271 | 100.0 | 18 | 100.0 | 11 | 100.0 | 3 | 100.0 | 70 | 100.0 | 127 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

was daar ander persone as net die huweliksmaat met wie die slaapvertrek gedeel moes word (10, bl. 48).

## 5.8 ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN OORBEWONING VAN DIE PROEFPERSOON SE SLAAPVERTREK

Sekere voorskrifte met betrekking tot die wyse waarop 'n slaapvertrek bewoon mag word, is in die Tweede Bylae tot die Slumswet vervat. Aan die hand van, onder andere, hierdie wetlike voorskrifte is kriteria opgestel ingevolge waarvan die proefpersoon se slaapvertrek ten opsigte van onwenslike geslagsvermenging en oorbewoning beoordeel kon word.

Die kriteria is soos volg:

(1) Onwenslike geslagsvermenging: Indien 'n getroude paar[1] 'n slaapvertrek deel met iemand wat ouer is as 2 jaar[2], of indien persone wat ouer is as 11 jaar[3] en wat nie met mekaar getroud is nie, in dieselfde vertrek slaap.

(2) Oorbewoning: Indien meer as drie persone wat ouer is as 2 jaar, of altesaam meer as vyf persone[4], in dieselfde vertrek slaap.

(3) Onwenslike geslagsvermenging en oorbewoning: In gevalle waar sowel die omstandighede by (1) as dié by (2) in die slaapvertrek voorkom.

(4) Gunstig: Alle slaapvertrekke waarin die omstandighede soos by (1) en (2) en dus ook soos dié by (3) beskrywe, nie voorkom nie.

Dit dien egter vermeld te word dat die genoemde kriteria nie vanuit die bejaardes se oogpunt nie, maar vanuit 'n algemene oogpunt opgestel is. 'n Sestigjarige man wat byvoorbeeld sy slaapkamer met 'n vyftienjarige dogter gedeel het, was moontlik in 'n veel groter mate as die dogter gevrywaar teen die nadele wat so'n reëling mag inhou.

Tabel 5.14 toon in hoeveel van die proefpersone se slaapvertrekke daar 'n onwenslike vermenging tussen die geslagte, oorbewoning of sowel onwenslike geslagsvermenging as oorbewoning voorgekom het. Die gegewens is volgens woonplek ingedeel.

Sewentig punt twee persent van die proefpersone se slaapvertrekke is ingevolge die genoemde kriteria as gunstig ingedeel. Vier punt drie persent se slaapvertrekke was slegs oorbewoon en in die slaapvertrekke van 11.1 persent het slegs onwenslike geslagsvermenging voorgekom. In 14.4 persent van die proefpersone se slaapvertrekke het daar sowel onwenslike geslagsvermenging as oorbewoning voorgekom.

Die grootste persentasie proefpersone wie se slaapvertrekke as gunstig ingedeel is, het in die gemengde woonbuurtes voorgekom. Hierdie bevinding is onder andere daaraan toe te skryf dat die grootste persentasie proefpersone wat oor 'n eie slaapvertrek beskik het, juis in dié woonbuurtes gewoon het (tabel 5.11). Hierteenoor verklaar die feit dat die grootste persentasie proefpersone wat alleenstaande eenkamerwonings bewoon het (tabel 5.1), wat oor slegs een slaapvertrek in hul wooneenheid beskik het (tabel 5.4) en wat hul slaapvertrekke met ten minste vier persone gedeel het (tabel 5.11) op die plase aangetref is, die bevinding dat, relatief gesproke, oorbewoning van en onwenslike geslagsvermenging in die proefpersoon se slaapvertrek, die meeste op die plase aangetref is.

[1] Persone wat buite-egtelik as man en vrou saamlewe, is ook as getroud beskou.

[2] Hierdie bepaling is bygevoeg omdat dit as onwenslik geag word dat kinders met getroude persone 'n slaapvertrek deel. H.J. Venter wys byvoorbeeld daarop dat ".... daar nie genoeg privaatheid in so'n huis (bestaan) nie .. die intieme sy van die lewe word te veel blootgestel. Geslagtelike wangedrag tussen lede van dieselfde gesin is in sulke omstandighede nie uitgesluit nie" (20, bl. 133).

[3] Die gegewens is op so 'n wyse ingedeel dat dit nie moontlik was om in hierdie verband 12 jaar, soos in die Slumswet bepaal, as grens te neem nie.

[4] Die Slumswet bepaal nie hoeveel persone 'n slaapvertrek mag deel nie. Die maksimum toelaatbare getal in die kriterium is arbitrêr bepaal.

TABEL 5.14

DIE VOORKOMS VAN ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN OORBEWONING VAN DIE PROEFPERSOON SE SLAAPVERTREK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Onwenslike geslagsvermenging en oorbewoning | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Uitsluitlik Kleurlingwoonbuurt | | Gemengde woonbuurt | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | |
| Slaapvertrek gunstig | 567 | 74.3 | 224 | 78.0 | 263 | 58.4 | 1,054 | 70.2 |
| Onwenslike geslagsvermenging | 96 | 12.5 | 16 | 5.6 | 55 | 12.2 | 167 | 11.1 |
| Oorbewoning | 35 | 4.6 | 7 | 2.4 | 22 | 4.9 | 64 | 4.3 |
| Onwenslike geslagsvermenging en oorbewoning | 65 | 8.6 | 40 | 13.9 | 110 | 24.4 | 215 | 14.4 |
| TOTAAL | 763 | 100.0 | 287 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

5.9 DIE GETAL SLAAPVERTREKKE BENODIG

Die gegewens wat aangaande die getal persone wat die proefpersoon se slaapvertrek gedeel het, hul geslag en hul ouderdom ingesamel is, het dit moontlik gemaak dat ingevolge die genoemde kriteria, bereken kon word hoeveel slaapvertrekke benodig word om diegene wat die proefpersoon se slaapvertrek gedeel het, bevredigend te huisves[1].

Die getal slaapvertrekke wat benodig word, word in tabel 5.15 volgens woonplek ingedeel.

TABEL 5.15

GETAL SLAAPVERTREKKE BENODIG VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Die getal slaapvertrekke benodig | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Uitsluitlik Kleurlingwoonbuurt | | Gemengde woonbuurt | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 567 | 74.3 | 224 | 78.0 | 263 | 58.4 | 1,054 | 70.2 |
| 2 | 184 | 24.1 | 57 | 19.9 | 142 | 31.6 | 383 | 25.5 |
| 3 | 12 | 1.6 | 5 | 1.7 | 39 | 8.7 | 56 | 3.7 |
| 4 en meer | - | - | 1 | 0.3 | 6 | 1.3 | 7 | 0.5 |
| TOTAAL | 763 | 100.0 | 287 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

[1] Waar byvoorbeeld 'n egpaar, 'n ongetroude man van 45 jaar, 'n seun van 16 jaar, 'n dogter van 11 jaar en vier persone onder twee jaar in dieselfde vertrek slaap, word daar volgens die kriteria, ten minste drie slaapvertrekke benodig, naamlik:
Slaapvertrek 1: Die egpaar, 3 kinders jonger as 2 jaar.
Slaapvertrek 2: Die volwasse man, die seun en een kind onder 2 jaar.
Slaapvertrek 3: Die dogter,
of byvoorbeeld
Slaapvertrek 1: Die egpaar.
Slaapvertrek 2: Die wewenaar en die seun.
Slaapvertrek 3: Die dogter en die vier kinders onder 2 jaar.

Daar bestaan ook ander moontlike kombinasies waarvolgens die persone „ingepas" kan word ten einde aan die vereistes van die kriteria te voldoen, maar dit is duidelik dat hulle nie so ingedeel kan word dat in slegs twee vertrekke daar nog aan die vereistes voldoen sal word nie.

In tabel 5.14 is aangetoon dat 70.2 persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 78.0, 74.3 en 58,4 persent van diegene wat in gemengde woonbuurtes, in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes en op plase gewoon het, in „gunstige" slaapvertrekke geslaap het. Hierdie proefpersone en diegene met wie hulle hul slaapvertrek gedeel het, het, soos uit tabel 5.15 blyk, vanselfsprekend slegs een slaapvertrek benodig.

Met inagname van die getal persone wat in die proefpersone se slaapvertrek geslaap het, hul geslag en hul ouderdom, blyk dit dat onderskeidelik 25,5, 3,7 en 0.5 persent van die proefpersone se slaapvertrekke tydens die ondersoek op so'n wyse bewoon is, dat twee, drie of ten minste vier slaapvertrekke nodig was om diegene wat die proefpersoon se slaapvertrek gedeel het, bevredigend te huisves.

Op die plase waar onwenslike geslagsvermenging in en oorbewoning van die proefpersoon se slaapvertrek die meeste voorgekom het (tabel 5.14), is die grootste persentasies proefpersone aangetref wie se slaapvertrekke op so 'n wyse bewoon is dat die bewoners van die een slaapvertrek twee, drie, of ten minste vier slaapvertrekke nodig gehad het (41.6%).

HOOFSTUK 6

# INKOMSTE

## 6.1 INLEIDING

Daar is in die voorgaande hoofstukke gelet op, onder andere die proefpersone se opvoedkundige peil en beroepslewe, hul huwelikstaat en gesinsaangeleenthede en hul behuising. Die volgende drie hoofstukke handel oor die Kleurlingbejaardes se ekonomiese posisie.

In hierdie hoofstuk val die klem op die inkomste waaroor die proefpersone, hul afhanklikheidseenhede[1] en hul huishoudings[2] tydens die ondersoek beskik het.

## 6.2 PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE

TABEL 6.1

PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Inkomste | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 24 | 3.5 | 107 | 13.0 | 131 | 8.7 |
| Minder as R5 | 20 | 2.9 | 22 | 2.7 | 42 | 2.8 |
| R5 - R9 | 60 | 8.8 | 201 | 24.5 | 261 | 17.4 |
| R10 - R14 | 338 | 49.8 | 386 | 47.0 | 724 | 48.2 |
| R15 - R19 | 63 | 9.3 | 33 | 4.0 | 96 | 6.4 |
| R20 - R29 | 59 | 8.7 | 37 | 4.5 | 96 | 6.4 |
| R30 - R39 | 37 | 5.5 | 10 | 1.2 | 47 | 3.1 |
| R40 - R49 | 29 | 4.3 | 13 | 1.6 | 42 | 2.8 |
| R50 en meer | 48 | 7.1 | 13 | 1.6 | 61 | 4.1 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel 6.1 toon dat 8.7 persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 3.5 en 13.0 persent van die mans en die vroue, nie oor 'n inkomste[3] beskik het nie.

Aangesien verskeie vroue huisvroue was wat van hul mans se inkomste gelewe het, verbaas dit nie dat 'n soveel groter persentasie vroue as mans nie oor 'n inkomste beskik het nie.

Bykans die helfte van die proefpersone het 'n maandelikse inkomste van R10 tot R14 gehad (48.2%). Hierteenoor het 20.2 persent 'n inkomste gehad maar maandeliks minder as R10 ontvang en het die inkomste van 22.8 persent maandeliks ten minste R15 bedra.

'n Veel groter persentasie vroue as mans se inkomste was minder as R10 per maand (27.2 teenoor 11.7%). Die mans daarenteen, oorweeg onder diegene met 'n maandelikse inkomste van ten minste R15.

---

[1] Die begrip „afhanklikheidseenheid" is reeds in hoofstuk 1, afdeling 1.5, omskrywe.

[2] So ook die begrip „huishouding".

[3] In hierdie afdeling word met „inkomste" die persoonlike kontantinkomste van die proefpersoon bedoel.

Die feit dat veel meer mans as vroue tydens die ondersoek nog loonarbeid verrig het (tabelle 3.4 en 3.7), asook dat vroue waarskynlik minder vergoeding vir hul dienste ontvang as mans, bied voldoende verklaring vir die verskil in hul inkomste.

In tabel 6.2 word die proefpersone se inkomste volgens hul ouderdom ingedeel.

TABEL 6.2

PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Inkomste | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 113 | 12.3 | 13 | 3.1 | 5 | 3.1 | 131 | 8.7 |
| Minder as R5 | 38 | 4.1 | 4 | 1.0 | - | - | 42 | 2.8 |
| R5 - R9 | 75 | 8.1 | 131 | 31.3 | 55 | 33.7 | 261 | 17.4 |
| R10 - R14 | 424 | 46.4 | 217 | 51.9 | 83 | 50.9 | 724 | 48.2 |
| R15 - R19 | 76 | 8.2 | 14 | 3.3 | 6 | 3.7 | 96 | 6.4 |
| R20 - R29 | 64 | 6.9 | 24 | 5.7 | 8 | 4.9 | 96 | 6.4 |
| R30 - R39 | 42 | 4.6 | 2 | 0.5 | 3 | 1.8 | 47 | 3.1 |
| R40 - R49 | 39 | 4.2 | 3 | 0.7 | - | - | 42 | 2.8 |
| R50 en meer | 48 | 5.2 | 10 | 2.4 | 3 | 1.8 | 61 | 4.1 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die tabel toon eerstens dat 'n veel groter persentasie van die 60- tot 69-jariges as van die ouer proefpersone nie oor 'n inkomste beskik het nie. Hierdie bevinding hou waarskynlik deels daarmee verband dat Kleurlingmans eers op 65-jarige ouderdom, en nie soos die vroue reeds vanaf 60-jarige ouderdom nie, vir 'n ouderdomspensioen in aanmerking kan kom (8, bl. 48). Die 60- tot 64-jarige mans wat opgehou het om te werk en nie oor ander bates beskik het nie, of nié vir 'n ander maatskaplike pensioen in aanmerking kon kom nie, was dus noodgedwonge sonder 'n inkomste. Dit is verder ook moontlik dat sommige van die 60- tot 69-jarige proefpersone sonder 'n inkomste, vroue was wie se mans nog gewerk het, of persone was wie se aansoeke om ouderdomspensioene tydens die ondersoek nog nie afgehandel was nie.

Die tabel toon tweedens 'n duidelike verband tussen die bejaarde persoon se ouderdom en sy inkomste. 'n Veel groter persentasie van die 60- tot 69-jarige proefpersone as van diegene wat reeds 70 jaar oud was, het 'n inkomste van ten minste R15 per maand gehad. Hierdie verband tussen ouderdom en inkomste vloei daaruit voort dat stygende ouderdom 'n afname in die vermoë om te verdien, meebring.

Vervolgens word die proefpersone se maandelikse inkomste volgens hul woonplek ontleed (tabel 6.3).

Die proefpersone wat nie oor 'n inkomste beskik het nie, het relatief meer in die stede en op die plase as in die dorpe voorgekom.

Verder blyk dit dat die proefpersone met 'n geringe maandelikse inkomste (minder as R10) die meeste op die plase voorgekom het, terwyl diegene met 'n betreklik hoë inkomste (ten minste R15), relatief gesproke, die meeste in die stede aangetref is.

Die verskille in die inkomste van die stads-, dorps- en plaasbewoners volg blykbaar veral daarop dat salarisse en lone in die stede hoër is as in die dorpe, en veel hoër is as op die plase. Hierbenewens ontvang Kleurlingpensioentrekkers wat in stedelike gebiede woon 'n groter bedrag as Kleurlingpensioentrekkers wat in landelike gebiede woonagtig is[1]).

Uit tabel 6.4 se ontleding van die Kleurlingbejaardes se inkomste volgens die beroep wat hulle tydens die ondersoek beoefen het, blyk eerstens dat diegene wat nie oor 'n inkomste beskik het nie, relatief die meeste onder die huisvroue voorgekom het. Verskeie van hierdie vroue

[1])Kyk voetnoot op bladsy 3.

het van hul mans se inkomste gelewe en was dus nie onversorg nie. Een punt ses persent van die gewone arbeiders en 2.6 persent van die plaasarbeiders het, hoewel hulle voltyds in diens was, nie 'n kontantinkomste gehad nie. Hierdie persone het in ruil vir hul arbeid huisvesting, voedselrantsoene en ander voordele ontvang. Mnr. C. is 'n voorbeeld van so 'n reëling.

TABEL 6.3

PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Inkomste | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 77 | 10.2 | 13 | 4.5 | 41 | 9.1 | 131 | 8.7 |
| Minder as R5 | 9 | 1.1 | 5 | 1.7 | 28 | 6.2 | 42 | 2.8 |
| R5 - R9 | 32 | 4.2 | 23 | 7.9 | 206 | 45.8 | 261 | 17.4 |
| R10 - R14 | 419 | 55.3 | 171 | 58.6 | 134 | 29.8 | 724 | 48.2 |
| R15 - R19 | 43 | 5.7 | 29 | 9.9 | 24 | 5.3 | 96 | 6.4 |
| R20 - R29 | 63 | 8.3 | 21 | 7.2 | 12 | 2.7 | 96 | 6.4 |
| R30 - R39 | 34 | 4.5 | 11 | 3.8 | 2 | 0.4 | 47 | 3.1 |
| R40 - R49 | 30 | 4.0 | 11 | 3.8 | 1 | 0.2 | 42 | 2.8 |
| R50 en meer | 51 | 6.8 | 8 | 2.7 | 2 | 0.4 | 61 | 4.1 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

GEVAL 6.1

Mnr. C., 64 jaar oud, is op 'n Oos-Kaaplandse dorp aangetref.

Hy het sy lewe lank as plaasarbeider gewerk. Ongeveer drie jaar gelede het sy gesondheid hom las begin gee en het hy nie langer kans gesien om te werk nie. Sy destydse werkgewer wou nie toelaat dat hy, nadat hy sy werk laat vaar het, nog langer op die plaas aanbly nie en hy was gevolglik verplig om dorp toe te trek.

Daar aangekom het hy aansoek gedoen om 'n ongeskiktheidstoelae, aangesien hy nog te jonk was om vir 'n ouderdomspensioen in aanmerking te kom. Sy aansoek het egter nie geslaag nie. Aangesien sy vrou se ouderdomspensioen, die egpaar se enigste kontantinkomste, nie voldoende was om in al die gesinsbehoeftes te voorsien nie, was mnr. C. genoodsaak om weer 'n betrekking te probeer vind.

Tydens die ondersoek was hy by 'n algemene handelaar werksaam. Hy het slegs ligte werk gedoen, byvoorbeeld pakkies gemaak en daagliks die winkel skoongemaak. In ruil vir sy arbeid het hy nie 'n kontantloon ontvang nie, maar wel voordele soos gratis huisvesting en voedselrantsoene.

Mnr. C. het aangedui dat dit vir hom meer lonend sal wees om, wanneer hy 65 jaar oud word, eerder sy werk te behou as om vir 'n ouderdomspensioen aansoek te doen. Hy het verklaar dat die voordele wat hy in ruil vir sy arbeid ontvang het, hom maandeliks meer sal kos as die bedrag wat 'n ouderdomspensioen bedra.

Dit blyk verder uit die tabel dat al die werkloses, 78.2 persent van die afgetredenes, 76.4 persent van die plaasarbeiders, 67.7 persent van die huisvroue, 60.0 persent van die persoonlike dienswerkers, 25.0 persent van die veiligheidsdienswerkers, 20.0 persent van sowel die halfgeskoolde werkers as die eienaars van privaatbesighede en 15.9 persent van die gewone arbeiders oor slegs 'n geringe maandelikse kontantinkomste (minder as R15) beskik het. Naas die werkloses en die afgetredenes was die plaasarbeiders, wat hul maandelikse kontantinkomste betref, dus die swakste daaraan toe. Hierteenoor het al die professionele werkers ten minste R30 per maand verdien, al die vakmanne ten minste R40 per maand, en al die semi-professionele werkers en vervoerwerkers ten minste R50 per maand.

TABEL 6.4

PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VOLGENS BEROEP INGEDEEL

| Inkomste | Beroep | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afgetree | | Huisvrou | | Eienaar van privaatbesigheid | | Professionele werker | | Semi-professionele werker | | Vakman | | Halfgeskoolde werker | | Vervoerwerker | | Veiligheidsdienswerker | | Persoonlike dienswerker | | Arbeider | | Plaasarbeider | | Werkloos | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 34 | 5.6 | 93 | 15.2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.6 | 3 | 2.6 | - | - | 131 | 8.7 |
| Minder as R5 | 6 | 1.0 | 5 | 0.8 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 6.7 | - | - | - | - | 9 | 18.0 | 2 | 3.2 | 19 | 16.7 | - | - | 42 | 2.8 |
| R5 - R9 | 175 | 29.0 | 43 | 7.0 | 1 | 6.7 | - | - | - | - | - | - | 2 | 13.3 | - | - | 1 | 12.5 | 9 | 18.0 | 3 | 4.8 | 23 | 20.2 | 4 | 80.0 | 261 | 17.4 |
| R10 - R14 | 291 | 48.2 | 367 | 59.9 | 2 | 13.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 12.5 | 12 | 24.0 | 5 | 7.9 | 45 | 39.5 | 1 | 20.0 | 724 | 48.2 |
| R15 - R19 | 27 | 4.5 | 39 | 6.4 | 1 | 6.7 | - | - | - | - | - | - | 1 | 6.7 | - | - | 1 | 12.5 | 8 | 16.0 | 3 | 4.8 | 16 | 14.0 | - | - | 96 | 6.4 |
| R20 - R29 | 38 | 6.3 | 35 | 5.7 | 2 | 13.3 | - | - | - | - | - | - | 3 | 20.0 | - | - | - | - | 4 | 8.0 | 7 | 11.1 | 7 | 6.1 | - | - | 96 | 6.4 |
| R30 - R39 | 13 | 2.2 | 8 | 1.3 | 1 | 6.7 | 1 | 50.0 | - | - | - | - | 2 | 13.3 | - | - | 3 | 37.5 | 3 | 6.0 | 16 | 25.4 | - | - | - | - | 47 | 3.1 |
| R40 - R49 | 6 | 1.0 | 13 | 2.1 | - | - | - | - | - | - | 2 | 66.7 | 3 | 20.0 | - | - | 1 | 12.5 | 1 | 2.0 | 15 | 23.8 | 1 | 0.9 | - | - | 42 | 2.8 |
| R50 en meer | 14 | 2.3 | 10 | 1.6 | 8 | 53.4 | 1 | 50.0 | 2 | 100.0 | 1 | 33.3 | 3 | 20.0 | 6 | 100.0 | 1 | 12.5 | 4 | 8.0 | 11 | 17.6 | - | - | - | - | 61 | 4.1 |
| TOTAAL | 604 | 100.0 | 613 | 100.0 | 15 | 100.0 | 2 | 100.0 | 2 | 100.0 | 3 | 100.0 | 15 | 100.0 | 6 | 100.0 | 8 | 100.0 | 50 | 100.0 | 63 | 100.0 | 114 | 100.0 | 5 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die gegewens in tabel 6.4 bied 'n duidelike verklaring vir die verskille volgens tabel 6.3 in die maandelikse inkomste van die stads-, dorps- en plaasbewoners. Die „stedelike" beroepe is beslis beter betalend.

Tabel 6.5 toon die bronne waaruit die proefpersone hul inkomste verkry het.

TABEL 6.5

DIE BRONNE WAARUIT DIE PROEFPERSONE HUL PERSOONLIKE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VERKRY HET

| Bronne van inkomste | G | Persentasie van bejaardes met 'n inkomste uit die aangeduide bronne |
|---|---|---|
| <u>Maatskaplike pensioene</u> | | |
| Ouderdomspensioen | 945 | 63.0 |
| Oudstryderspensioen | 12 | 0.8 |
| Blinde pensioen | 9 | 0.6 |
| Ongeskiktheidstoelae | 32 | 2.1 |
| <u>Ander pensioene</u> | | |
| Militêre pensioen | 21 | 1.4 |
| Pensioen van 'n vorige werkgewer | 53 | 3.6 |
| <u>Ander bronne van inkomste</u> | | |
| Inkomste uit eie arbeid | 259 | 17.3 |
| Wins uit privaatbesigheid | 15 | 1.0 |
| Wins uit loseerders | 43 | 2.9 |
| Rente op kapitaal/verhuur van eiendom | 20 | 1.3 |
| Kontantbydraes deur kinders/ander familielede | 160 | 10.7 |
| Ander | 27 | 1.8 |

Bejaardes wat 'n inkomste uit meer as een bron gehad het, is meer as een keer by tabel 6.5 in berekening gebring.

Dit blyk dat die meeste bejaardes, naamlik onderskeidelik 63.0, 17.3 en 10.7 persent, onder andere, in ontvangs was van 'n ouderdomspensioen, nog loonarbeid verrig het, of deur hul kinders en/of ander familielede onderhou is.

Aangesien volgens wetlike voorskrifte 'n persoon nie tegelykertyd meer as een maatskaplike pensioen kan ontvang nie, wil dit voorkom asof nagenoeg twee derdes van die proefpersone (66.5%) in ontvangs van maatskaplike pensioene was. Hierteenoor het 79.3 persent van die Blanke bejaardes (persone 60 jaar en ouer) wat in 'n ondersoek betrek is, maatskaplike pensioene ontvang (10, bl. 67).

## 6.3 MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID

In hierdie afdeling word die maandelikse kontantinkomste waaroor die proefpersoon en sy afhanklikes beskik het, bespreek en word met „inkomste" nie slegs, soos in die vorige afdeling, die persoonlike kontantinkomste van die proefpersoon bedoel nie.

In hoofstuk 4 is aangetoon dat, hoewel slegs 51.2 persent van die proefpersone tydens die ondersoek getroud was (tabel 4.1), 54.8 persent huweliksmaats gehad het (tabel 4.4). Tabel 6.6 toon die maandelikse kontantinkomste van die afhanklikheidseenheid volgens die aan- of afwesigheid van 'n huweliksmaat ingedeel.

Teenoor 8.7 persent van die proefpersone wat nie oor 'n inkomste beskik het nie (tabel 6.1), het slegs 2.1 persent tot afhanklikheidseenhede behoort wat nie 'n inkomste gehad het

nie[1].

TABEL 6.6

MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID VOLGENS DIE AAN- OF AFWESIGHEID VAN 'N HUWELIKSMAAT INGEDEEL

| Inkomste | Huweliksmaat aanwesig | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 9 | 1.1 | 23 | 3.4 | 32 | 2.1 |
| Minder as R10 | 60 | 7.3 | 57 | 8.4 | 117 | 7.8 |
| R10 - R19 | 243 | 29.5 | 491 | 72.4 | 734 | 48.9 |
| R20 - R29 | 279 | 33.9 | 51 | 7.5 | 330 | 22.0 |
| R30 - R39 | 74 | 9.0 | 20 | 2.9 | 94 | 6.3 |
| R40 - R49 | 59 | 7.2 | 12 | 1.8 | 71 | 4.7 |
| R50 - R99 | 82 | 10.0 | 22 | 3.2 | 104 | 6.9 |
| R100 en meer | 16 | 2.1 | 2 | 0.3 | 18 | 1.2 |
| TOTAAL | 822 | 100.0 | 678 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Nagenoeg die helfte van die proefpersone het tot afhanklikheidseenhede behoort wat maandeliks oor R10 tot R19 in kontant beskik het (48.9%), terwyl die afhanklikheidseenhede van onderskeidelik 7.8 en 41.1 persent 'n maandelikse inkomste van minder as R10, of van ten minste R20 gehad het.

'n Groter persentasie van die proefpersone wat nie huweliksmaats gehad het nie as van diegene met huweliksmaats, het 'n deel gevorm van afhanklikheidseenhede wat nie 'n inkomste gehad het nie (onderskeidelik 3.4 en 1.1%). Sewentig punt sewe persent van die proefpersone met huweliksmaats, teenoor 88.3 persent van die wat nie huweliksmaats gehad het nie, het tot 'n afhanklikheidseenheid met 'n maandelikse kontantinkomste van minder as R30 behoort. Teenoor 12.1 persent van diegene met huweliksmaats, het slegs 3.5 persent van die proefpersone wat nie huweliksmaats gehad het nie, tesame met hul afhanklikes, maandeliks oor ten minste R50 in kontant beskik.

Dit het reeds geblyk dat die bejaarde se inkomste met faktore soos sy geslag en sy ouderdom verband hou (tabelle 6.1 en 6.2), asook dat hierdie faktore grootliks bepaal of die bejaarde 'n huweliksmaat sal hê al dan nie (tabelle 4.1 en 4.4). Gevolglik kan aanvaar word dat ook die maandelikse kontantinkomste tot beskikking van die afhanklikheidseenheid waartoe die proefpersoon behoort, verband sal hou met sy geslag en sy ouderdom. Dergelike ontledings van die inkomste waaroor die afhanklikheidseenheid beskik het, word dus nie gemaak nie.

In tabel 6.7 word die maandelikse kontantinkomste van die afhanklikheidseenheid volgens woonplek ontleed.

'n Ietwat groter persentasie van die plaasbewoners as van die stads- en dorpsbewoners het tot afhanklikheidseenhede behoort wat nie oor 'n inkomste beskik het nie.

Teenoor 42.7 persent van die stadsbewoners en 44.5 persent van die dorpsbewoners, het 62.4 persent van die plaasbewoners 'n deel gevorm van afhanklikheidseenhede wat 'n maandelikse kontantinkomste van R10 tot R19 gehad het.

Uit tabel 6.8 blyk eerstens dat 622 (45.1%) van die afhanklikheidseenhede uit slegs die proefpersoon bestaan het en dat hierdie persentasie daal al na gelang daar 'n toename is in die getal persone wat die afhanklikheidseenheid vorm.

[1] Aangesien meer as een persoon, byvoorbeeld 'n man en sy vrou wat tot dieselfde afhanklikheidseenheid of huishouding behoort in die ondersoek betrek kon word, word in hierdie verslag nie 1,500 verskillende afhanklikheidseenhede of huishoudings bedoel nie, maar wel die afhanklikheidseenhede of huishoudings waartoe die 1,500 proefpersone behoort het.

TABEL 6.8

MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID VOLGENS DIE GETAL PERSONE WAARUIT DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID BESTAAN, INGEDEEL

| Inkomste | Getal persone | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 23 | 3.7 | 8 | 1.4 | 1 | 0.6 | - | - | - | - | - | - | 32 | 2.1 |
| Minder as R10 | 40 | 6.4 | 39 | 7.0 | 16 | 10.3 | 7 | 10.6 | 6 | 12.2 | 9 | 17.6 | 117 | 7.8 |
| R10 - R19 | 466 | 74.9 | 172 | 30.9 | 40 | 25.6 | 31 | 47.0 | 12 | 24.5 | 13 | 25.5 | 734 | 48.9 |
| R20 - R29 | 45 | 7.2 | 191 | 34.4 | 49 | 31.4 | 16 | 24.2 | 19 | 38.8 | 10 | 19.6 | 330 | 22.0 |
| R30 - R39 | 16 | 2.6 | 48 | 8.6 | 19 | 12.2 | 3 | 4.5 | 1 | 2.0 | 7 | 13.7 | 94 | 6.3 |
| R40 - R49 | 11 | 1.8 | 40 | 7.2 | 11 | 7.1 | 2 | 3.0 | 4 | 8.2 | 3 | 5.8 | 71 | 4.7 |
| R50 - R99 | 19 | 3.1 | 50 | 9.0 | 16 | 10.3 | 6 | 9.1 | 5 | 10.2 | 8 | 15.7 | 104 | 6.9 |
| R100 en meer | 2 | 0.3 | 8 | 1.4 | 4 | 2.5 | 1 | 1.5 | 2 | 4.1 | 1 | 2.0 | 18 | 1.2 |
| TOTAAL | 622 | 100.0 | 556 | 100.0 | 156 | 100.0 | 66 | 100.0 | 49 | 100.0 | 51 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 6.7

MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Inkomste | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 16 | 2.1 | 5 | 1.7 | 11 | 2.4 | 32 | 2.1 |
| Minder as R10 | 18 | 2.4 | 71 | 24.3 | 28 | 6.2 | 117 | 7.8 |
| R10 - R19 | 323 | 42.7 | 130 | 44.5 | 281 | 62.4 | 734 | 48.9 |
| R20 - R29 | 189 | 24.9 | 40 | 13.7 | 101 | 22.4 | 330 | 22.0 |
| R30 - R39 | 64 | 8.4 | 19 | 6.5 | 11 | 2.4 | 94 | 6.3 |
| R40 - R49 | 54 | 7.1 | 12 | 4.1 | 5 | 1.1 | 71 | 4.7 |
| R50 - R99 | 78 | 10.3 | 15 | 5.2 | 11 | 2.5 | 104 | 6.9 |
| R100 en meer | 16 | 2.1 | - | - | 2 | 0.4 | 18 | 1.2 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tweedens blyk dit dat namate die getal persone in die afhanklikheidseenheid toeneem, daar 'n afname is in sowel die persentasie persone wie se afhanklikheidseenhede nie oor 'n inkomste beskik het nie as in, oor die algemeen, die persentasie proefpersone wat tot afhanklikheidseenhede behoort het met 'n geringe maandelikse kontantinkomste (minder as R20). Hierteenoor bring 'n toename in die getal persone in die afhanklikheidseenheid oor die algemeen 'n styging mee in die persentasie proefpersone wie se afhanklikheidseenhede 'n betreklik hoë maandelikse inkomste gehad het. Teenoor 3.4 persent van die afhanklikheidseenhede bestaande uit slegs die proefpersoon, het byvoorbeeld 17.7 persent van die afhanklikheidseenhede bestaande uit ten minste ses persone, oor 'n kontantinkomste van ten minste R50 per maand beskik.

## 6.4 INKOMSTE IN GOEDERE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID

Daar is ook gepoog om vas te stel wat die kontantwaarde is van die inkomste in goedere wat die proefpersoon en sy afhanklikes per maand ontvang het[1].

Dit was vanselfsprekend soms moeilik om te bepaal hoeveel die proefpersoon en sy afhanklikes in kontant sou moes betaal vir die voordele, byvoorbeeld gratis huisvesting en voedselrantsoene, wat hulle ontvang het. In die praktyk het dit daarop neergekom dat die proefpersoon en die veldwerker gesamentlik 'n lys gemaak het van hierdie voordele en die waarde daarvan geraam het.

Tabel 6.9 toon die geraamde kontantwaarde van die afhanklikheidseenheid se maandelikse inkomste in goedere, volgens woonplek ingedeel.

Ietwat meer as die helfte van die totale groep proefpersone en onderskeidelik 34.8, 36.3 en 86.0 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners, was in ontvangs van voordele waarvoor hulle nie in kontant betaal het nie.

Twee punt vyf persent van die proefpersone en hul afhanklikes se inkomste in goedere is op minder as R2 per maand geraam, terwyl 37.4 persent aangedui het dat hul maandelikse inkomste in goedere op ten minste R2, maar minder as R10, te staan kom. Onderskeidelik 6.7 en 3.9 persent het maandeliks voordele ter waarde van R10 tot R14, of van ten minste R15 ontvang.

Hoewel veel meer plaasbewoners as dorps- en stadsbewoners in ontvangs van 'n inkomste in goedere was, is dit duidelik dat van diegene wat wel oor 'n inkomste in goedere beskik het, die

[1] Daar word geensins daarop aanspraak gemaak dat die gegewens met betrekking tot die kontantwaarde van die afhanklikheidseenheid se inkomste in goedere absoluut akkuraat is nie. As gevolg van verskille in die lewensduurte op verskillende plekke en die subjektiewe oordeel van die proefpersone, kan dié inligting hoogstens as 'n raming beskou word.

stads- en dorpsbewoners dikwels 'n groter inkomste in goedere as die plaasbewoners ontvang het. Hierdie verskille in die kontantwaarde van die inkomste in goedere wat die afhanklikheidseenhede van die stads-, dorps- en plaasbewoners ontvang het, hou waarskynlik verband met die verskil in die lewensduurte op die onderskeie soorte woonplekke, asook met die kwaliteit van die voordele wat verskaf word, byvoorbeeld behuising.

TABEL 6.9

DIE GERAAMDE KONTANTWAARDE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE INKOMSTE IN GOEDERE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Geraamde kontantwaarde | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 494 | 65.2 | 186 | 63.7 | 63 | 14.0 | 743 | 49.5 |
| Minder as R2 | 2 | 0.3 | 10 | 3.4 | 26 | 5.8 | 38 | 2.5 |
| R2 - R3 | 50 | 6.6 | 20 | 6.8 | 77 | 17.1 | 147 | 9.8 |
| R4 - R5 | 53 | 7.0 | 33 | 11.3 | 132 | 29.3 | 218 | 14.5 |
| R6 - R7 | 44 | 5.8 | 14 | 4.8 | 62 | 13.8 | 120 | 8.0 |
| R8 - R9 | 31 | 4.1 | 11 | 3.8 | 34 | 7.6 | 76 | 5.1 |
| R10 - R14 | 46 | 6.1 | 9 | 3.1 | 45 | 10.0 | 100 | 6.7 |
| R15 - R19 | 20 | 2.6 | 7 | 2.4 | 6 | 1.3 | 33 | 2.2 |
| R20 en meer | 18 | 2.3 | 2 | 0.6 | 5 | 1.0 | 25 | 1.7 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

## 6.5 TOTALE MAANDELIKSE INKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID

In hierdie afdeling word die totale maandelikse inkomste van die afhanklikheidseenheid aangedui, dit wil sê die som van die maandelikse kontantinkomste en die geraamde kontantwaarde van die inkomste in goedere waaroor die afhanklikheidseenheid beskik het.

TABEL 6.10

TOTALE MAANDELIKSE INKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Totale inkomste | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | - | - | - | - | 1 | 0.2 | 1 | 0.1 |
| Minder as R10 | 5 | 0.7 | 29 | 9.9 | 24 | 5.3 | 58 | 3.9 |
| R10 - R19 | 228 | 30.1 | 152 | 52.1 | 217 | 48.2 | 597 | 39.8 |
| R20 - R29 | 255 | 33.6 | 62 | 21.2 | 173 | 38.4 | 490 | 32.6 |
| R30 - R39 | 102 | 13.5 | 19 | 6.5 | 19 | 4.2 | 140 | 9.3 |
| R40 - R49 | 58 | 7.7 | 11 | 3.8 | 5 | 1.1 | 74 | 4.9 |
| R50 - R59 | 40 | 5.3 | 9 | 3.1 | 3 | 0.7 | 52 | 3.5 |
| R60 - R79 | 32 | 4.2 | 5 | 1.7 | 2 | 0.5 | 39 | 2.6 |
| R80 - R99 | 21 | 2.8 | 4 | 1.4 | 2 | 0.5 | 27 | 1.8 |
| R100 en meer | 17 | 2.2 | 1 | 0.3 | 4 | 1.0 | 22 | 1.5 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Uit tabel 6.10 blyk dat in een geval, die afhanklikheidseenheid glad nie oor 'n inkomste beskik het nie. Een-en-dertig van die 32 afhanklikheidseenhede wat volgens tabel 6.6 nie oor

'n kontantinkomste beskik het nie, was dus in ontvangs van 'n inkomste in goedere.

Onderskeidelik 3.9, 39.8, 32.6 en 23.6 persent van die proefpersone het tot afhanklikheidseenhede behoort wat 'n totale maandelikse inkomste gehad het van minder as R10, R10 tot R19, R20 tot R29, of ten minste R30.

Die grootste persentasie afhanklikheidseenhede met 'n totale maandelikse inkomste van minder as R30, is op die plase aangetref (91.9% teenoor onderskeidelik 83.2 en 64.4% in die dorpe en die stede). Hierteenoor het 14.5 persent van die stadsbewoners en onderskeidelik slegs 6.5 en 2.7 persent van die dorps- en plaasbewoners, 'n deel gevorm van afhanklikheidseenhede met 'n totale maandelikse inkomste van ten minste R50.

## 6.6 MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING

Daar word vervolgens gelet op die maandelikse kontantinkomste van die huishouding wat in sommige gevalle uit slegs die proefpersoon en sy afhanklikes, dit wil sê die afhanklikheidseenheid, bestaan het, en in ander gevalle ook ander persone ingesluit het.

Die maandelikse kontantinkomste van die huishouding word in tabel 6.11 volgens woonplek ontleed.

TABEL 6.11

MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Inkomste | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Onbekend | 32 | 4.2 | 6 | 2.1 | 17 | 3.8 | 55 | 3.7 |
| Geen | 5 | 0.7 | - | - | 4 | 0.9 | 9 | 0.6 |
| Minder as R10 | 6 | 0.8 | 16 | 5.5 | 71 | 15.8 | 93 | 6.2 |
| R10 - R19 | 123 | 16.2 | 63 | 21.6 | 154 | 34.2 | 340 | 22.7 |
| R20 - R29 | 133 | 17.5 | 45 | 15.4 | 112 | 24.9 | 290 | 19.3 |
| R30 - R39 | 51 | 6.7 | 32 | 11.0 | 34 | 7.6 | 117 | 7.8 |
| R40 - R49 | 85 | 11.2 | 43 | 14.7 | 26 | 5.8 | 154 | 10.3 |
| R50 - R59 | 69 | 9.1 | 18 | 6.2 | 12 | 2.7 | 99 | 6.6 |
| R60 - R79 | 100 | 13.2 | 37 | 12.7 | 12 | 2.7 | 149 | 9.9 |
| R80 - R99 | 81 | 10.7 | 15 | 5.1 | 3 | 0.7 | 99 | 6.6 |
| R100 - R199 | 67 | 8.8 | 14 | 4.8 | 5 | 1.1 | 86 | 5.7 |
| R200 en meer | 6 | 0.8 | 3 | 1.0 | - | - | 9 | 0.6 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel 6.11 toon dat teenoor die 8.7 persent van die proefpersone wat nie oor 'n persoonlike kontantinkomste beskik het nie (tabel 6.1) en 2.1 persent van wie die afhanklikheidseenhede nie 'n kontantinkomste gehad het nie (tabel 6.6), slegs 0.6 persent tot huishoudings behoort het wat nie oor 'n kontantinkomste beskik het nie.

Drie punt sewe persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 4.2, 3.8 en 2.1 persent van die bejaardes wat in stede, op plase en in dorpe gewoon het, het nie geweet wat hul huishoudings se maandelikse kontantinkomste was nie.

Onderskeidelik 28.9, 37.4 en 29.4 persent van die proefpersone het 'n deel gevorm van huishoudings wat oor minder as R20, R20 tot R49, of ten minste R50 in kontant per maand beskik het.

'n Ietwat groter persentasie van die plaasbewoners as van die stadsbewoners, het 'n deel gevorm van huishoudings wat nie 'n kontantinkomste gehad het nie. Geen sodanige proef-

TABEL 6.12

MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING VOLGENS DIE GETAL PERSONE WAARUIT DIE HUISHOUDING BESTAAN, INGEDEEL

| Inkomste | Getal persone | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 - 9 | | 10 - 14 | | 15 en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Onbekend | - | - | 4 | 1.3 | 3 | 1.2 | 8 | 3.8 | 31 | 6.4 | 4 | 8.7 | 5 | 41.7 | 55 | 3.7 |
| Geen | 5 | 2.6 | 4 | 1.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 9 | 0.6 |
| Minder as R10 | 40 | 21.1 | 19 | 6.2 | 8 | 3.1 | 4 | 1.9 | 21 | 4.3 | 1 | 2.2 | - | - | 93 | 6.2 |
| R10 - R19 | 121 | 63.7 | 91 | 30.0 | 41 | 16.0 | 29 | 13.9 | 54 | 11.2 | 4 | 8.7 | - | - | 340 | 22.7 |
| R20 - R29 | 11 | 5.8 | 113 | 37.2 | 63 | 24.5 | 37 | 17.8 | 58 | 12.0 | 8 | 17.4 | - | - | 290 | 19.3 |
| R30 - R39 | 4 | 2.1 | 18 | 5.9 | 25 | 9.7 | 24 | 11.5 | 39 | 8.1 | 7 | 15.2 | - | - | 117 | 7.8 |
| R40 - R49 | 3 | 1.6 | 26 | 8.6 | 36 | 14.0 | 34 | 16.3 | 48 | 9.9 | 5 | 10.9 | 2 | 16.7 | 154 | 10.3 |
| R50 - R59 | 2 | 1.1 | 7 | 2.3 | 23 | 8.9 | 23 | 11.1 | 43 | 8.9 | 1 | 2.2 | - | - | 99 | 6.6 |
| R60 - R79 | 3 | 1.6 | 10 | 3.3 | 34 | 13.2 | 23 | 11.1 | 75 | 15.5 | 4 | 8.7 | - | - | 149 | 9.9 |
| R80 - R99 | 1 | 0.5 | 9 | 3.0 | 12 | 4.7 | 18 | 8.7 | 53 | 11.0 | 4 | 8.7 | 2 | 16.7 | 99 | 6.6 |
| R100 - R199 | - | - | 3 | 1.0 | 11 | 4.3 | 6 | 2.9 | 56 | 11.6 | 8 | 17.4 | 2 | 16.7 | 86 | 5.7 |
| R200 en meer | - | - | - | - | 1 | 0.4 | 2 | 1.0 | 5 | 1.0 | - | - | 1 | 8.3 | 9 | 0.6 |
| TOTAAL | 190 | 100.0 | 304 | 100.0 | 257 | 100.0 | 208 | 100.0 | 483 | 100.0 | 46 | 100.0 | 12 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

persone is in die dorpe aangetref nie.

Die tabel toon verder dat op die plase, in die dorpe en in die stede, onderskeidelik die grootste persentasies proefpersone voorgekom het wat tot huishoudings behoort het met 'n kontantinkomste van minder as R20, R20 tot R49, of ten minste R50 per maand.

'n Ontleding van die maandelikse kontantinkomste van die huishouding volgens die getal persone in die huishouding, verskyn in tabel 6.12.

Dit blyk eerstens uit die tabel dat namate die getal persone in die huishouding toeneem, 'n groter persentasie proefpersone nie geweet het wat hul huishouding se maandelikse kontantinkomste bedra het nie. Hierdie bevinding volg waarskynlik daarop dat 'n toename in die getal persone in die huishouding meer persone meebring wat kan verdien. Die bevinding dat slegs huishoudings wat uit een of twee persone bestaan het, nie oor 'n kontantinkomste beskik het nie, hou ook hiermee verband. So ook die feit dat namate die getal persone in die huishouding toeneem, 'n groter persentasie bejaardes lede was van huishoudings wat oor 'n relatief hoë maandelikse kontantinkomste beskik het. Teenoor 6.9 persent van die huishoudings wat uit slegs die proefpersoon bestaan het, het onderskeidelik 24.1, 55.2, 62.6, 66.0, 63.1, en 58.4 persent van die huishoudings bestaande uit twee, drie, vier, vyf tot nege, tien tot veertien, of ten minste vyftien persone, oor 'n maandelikse kontantinkomste van ten minste R30 beskik.

## 6.7 MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE PER VOLWASSE EENHEID

In die voorgaande afdelings is aangetoon wat die maandelikse kontantinkomste van die proefpersone was, asook oor hoeveel kontant hul afhanklikheidseenhede en hul huishoudings maandeliks beskik het. Daar is ook aangetoon hoeveel persone die afhanklikheidseenhede en die huishoudings ingesluit het.

Dit is egter nie moontlik om vanuit slegs die voorgaande gegewens 'n volledige beeld van die kontantinkomste waaroor die Kleurlingbejaardes beskik het, te verkry nie. Aangesien die behoeftes van die verskillende persone wat die afhanklikheidseenheid of die huishouding vorm, nie dieselfde is nie - 'n kind se versorging vereis byvoorbeeld nie dieselfde bedrag as dié van 'n volwasse persoon nie - is dit nodig om met betrekking tot die inkomste van die afhanklikheidseenheid en dié van die huishouding, ook te let op die geslag en die ouderdom van die persone waaruit die afhanklikheidseenheid of die huishouding bestaan.

Met E. Batson se „poverty datum line" vir Kleurlinge (21, bl. 5) as uitgangspunt, is 'n kriterium opgestel ingevolge waarvan aan elk van die onderskeie geslagte en ouderdomsgroepe wat die afhanklikheidseenheid of die huishouding mag insluit, 'n sekere „gewig" toegeken is[1].

Die maandelikse kontantinkomste per volwasse eenheid is bereken deur die maandelikse kontantinkomste van die afhanklikheidseenheid, of dié van die huishouding, met die som van hierdie „gewigte" te deel.

Tabel 6.13 toon die maandelikse kontantinkomste per volwasse eenheid waaroor die afhanklikheidseenhede van die proefpersone beskik het.

Die 2.1 persent van die afhanklikheidseenhede wat nie oor 'n kontantinkomste beskik het nie (tabel 6.6), het vanselfsprekend ook nie oor enige kontantinkomste per volwasse eenheid beskik nie.

---

1) Die gewigte is soos volg:

| Soort persoon | Gewig |
|---|---|
| Man, 65 jaar en ouer | 0.80 |
| Man, 16 tot 64 jaar | 1.00 |
| Vrou, 60 jaar en ouer | 0.75 |
| Vrou, 16 tot 59 jaar | 0.90 |
| Kind (beide geslagte) 10 tot 15 jaar | 0.90 |
| Kind (beide geslagte) jonger as 10 jaar | 0.70 |

TABEL 6.13

DIE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE PER VOLWASSE EENHEID IN DIE PROEFPERSONE SE AFHANKLIKHEIDSEENHEDE

| Maandelikse kontantinkomste per volwasse eenheid | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 32 | 2.1 |
| Minder as R5 | 120 | 8.0 |
| R5 - R9 | 245 | 16.3 |
| R10 - R19 | 859 | 57.3 |
| R20 - R29 | 134 | 8.9 |
| R30 - R49 | 74 | 4.9 |
| R50 en meer | 36 | 2.4 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 |

Onderskeidelik 8.0 en 16.3 persent van die bejaardes het tot afhanklikheidseenhede met 'n maandelikse kontantinkomste van minder as R5 of R5 tot R9 per volwasse eenheid behoort, terwyl onderskeidelik 57.3, 8.9, 4.9 en 2.4 persent lede was van afhanklikheidseenhede wat, per volwasse eenheid bereken, 'n maandelikse kontantinkomste van R10 tot R19, R20 tot R29, R30 tot R49, of ten minste R50 gehad het.

In die geval van 922 van die 1,500 proefpersone (61.5%), kon daar onderskei word tussen hul afhanklikheidseenhede en hul huishoudings. 'n Ontleding van die kontantinkomste per volwasse eenheid waaroor hierdie persone in hul afhanklikheidseenhede beskik het volgens die kontantinkomste per volwasse eenheid van die breë huishoudings waarvan die betrokke afhanklikheidseenhede 'n deel gevorm het, toon dat onderskeidelik 50.5, 9.4 en 40.0 persent van die bejaardes wie se huishoudings ook ander persone as slegs hul afhanklikes ingesluit het, in hul afhanklikheidseenhede oor 'n groter, 'n min of meer dieselfde, of 'n geringer kontantinkomste per volwasse eenheid beskik het as in hul breë huishoudings. Nagenoeg die helfte van die betrokke proefpersone was dus tesame met hul afhanklikes vir hul breë huishoudings eerder 'n ekonomiese bate as 'n ekonomiese las[1]. Die geval van mnr. en mev. D. dien ter illustrasie.

GEVAL 6.2

Mnr. en mev. D. is in Kaapstad aangetref. Albei was tydens die ondersoek in ontvangs van 'n ouderdomspensioen. Die egpaar het geen afhanklikes gehad nie en hul maandelikse kontantinkomste per volwasse eenheid het in hul afhanklikheidseenheid op R13 te staan gekom.

Die egpaar het by hul getroude seun ingewoon en 'n deel van sy huishouding gevorm. Hierdie seun het agt afhanklike kinders tussen die ouderdomme van drie maande en 14 jaar gehad. Hy was as 'n arbeider werksaam en het maandeliks R40 in kontant verdien.

Teenoor die R13 wat maandeliks, per volwasse eenheid bereken, tot die beskikking van sy ouers se afhanklikheidseenheid was, het die seun in sy afhanklikheidseenheid 'n maandelikse kontantinkomste van slegs R4.9 per volwasse eenheid gehad.

Wanneer mnr. en mev. D. se maandelikse kontantinkomste en dié van hul seun saamgevoeg word en uitgedruk word as die maandelikse kontantinkomste per volwasse eenheid in die huishouding, blyk dit dat dié inkomste op R6.8 per maand te staan kom. Ten spyte daarvan dat hul seun gewerk het en meer verdien het as wat hul gesamentlike maandelikse kontantinkomste was, moes mnr. en mev. D. bykans die helfte van hul maandelikse kontantinkomste opoffer in belang van die breë huishouding waarvan hulle 'n deel gevorm het.

[1] Tydens die ondersoek het dit dikwels gebeur dat veral plaasboere op wie se eiendom Kleurlingpensioentrekkers gewoon het, verklaar het dat kinders, en soms ook ander familielede en selfs vriende van sodanige bejaardes self nie wil werk nie, maar verkies om by die bejaardes te woon en op dié wyse voordeel [illegible]k uit die bejaarde se gereelde kontantinkomste wat vir sy bestaansbeveiliging en nie vir dié [illegible]n ander persone nie, bedoel is.

## 6.8 MAANDELIKSE TOTALE INKOMSTE PER VOLWASSE EENHEID

In tabel 6.10 is die totale inkomste waaroor die afhanklikheidseenhede maandeliks beskik het, aangetoon. Vervolgens word aangetoon wat die totale maandelikse inkomste per volwasse eenheid in die afhanklikheidseenhede was.

TABEL 6.14

DIE MAANDELIKSE TOTALE INKOMSTE PER VOLWASSE EENHEID IN DIE PROEFPERSONE SE AFHANKLIKHEIDSEENHEDE

| Maandelikse totale inkomste per volwasse eenheid | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 1 | 0.1 |
| Minder as R5 | 74 | 4.9 |
| R5 - R9 | 217 | 14.5 |
| R10 - R19 | 753 | 50.2 |
| R20 - R29 | 275 | 18.3 |
| R30 - R39 | 100 | 6.7 |
| R40 - R49 | 37 | 2.5 |
| R50 en meer | 43 | 2.9 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 6.14 het ietwat meer as die helfte van die bejaardes se afhanklikheidseenhede 'n maandelikse totale inkomste van R10 tot R19 per volwasse eenheid gehad (50.2%). In een geval was daar, omdat die betrokke afhanklikheidseenheid tydens die ondersoek glad nie oor 'n inkomste beskik het nie (tabel 6.10), geen inkomste per volwasse eenheid nie. Onderskeidelik 19.4 en 30.4 persent van die afhanklikheidseenhede het (per volwasse eenheid bereken), 'n totale inkomste van minder as R10 of ten minste R20 per maand gehad.

# HOOFSTUK 7

## BESTEDING VAN DIE KONTANTINKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID

## 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aangedui hoe die proefpersone en hul afhanklikes die maandelikse kontantinkomste van die afhanklikheidseenheid bestee het.

Aangesien die wyse waarop die kontantinkomste bestee word, 'n ingewikkelde onderwerp is wat op sigself die studie-objek van 'n groot projek mag vorm en die bestek van hierdie ondersoek nie 'n grondige studie van dié onderwerp moontlik gemaak het nie, word dit geredelik toegegee dat die gegewens wat in hierdie hoofstuk aangebied word, moontlik nie baie akkuraat is nie.

Dit was byvoorbeeld nie altyd maklik om te bepaal watter persentasie van die afhanklikheidseenheid se maandelikse kontantinkomste aan sommige uitgawe-items, soos byvoorbeeld voedsel, bestee is nie. In die geval van ander uitgawe-items was dit egter maklik om die berekening te maak, byvoorbeeld in die geval van behuising - 'n uitgawe-item waaraan daar gewoonlik maandeliks 'n konstante kontantbedrag bestee word. Verder was dit ook in die gevalle waar die afhanklikheidseenheid oor 'n betreklike groot kontantinkomste beskik het, soms moeilik om die berekeninge te kan maak. Dit is immers vanselfsprekend dat die proefpersone wie se afhanklikheidseenhede maandeliks oor byvoorbeeld R15 in kontant beskik het, dit veel makliker sou vind om van die besteding van dié bedrag rekenskap te gee as diegene wat tot 'n afhanklikheidseenheid met 'n maandelikse kontantinkomste van byvoorbeeld R100 behoort het.

## 7.2 KONTANTBEDRAG MAANDELIKS AAN DIE ONDERSKEIE UITGAWE-ITEMS BESTEE

Tabel 7.1 toon die kontantbedrag wat die proefpersoon en sy afhanklikes maandeliks aan die onderskeie uitgawe-items bestee het.

Onderskeidelik 40.3, 5.7 en 5.5 persent van die proefpersone het tot afhanklikheidseenhede behoort wat normaalweg geen kontantuitgawes ten opsigte van huisvesting, voedsel en sowel huisvesting as voedsel (losies) gehad het nie. Ses punt vier en 39.0 persent het tot afhanklikheidseenhede behoort wat ten minste R10 per maand aan onderskeidelik huisvesting en voedsel bestee het, terwyl 11.5 persent van die afhanklikheidseenhede se maandelikse uitgawe aan sowel behuising as voedsel op ten minste R20 te staan gekom het. Van die afhanklikheidseenhede wat geloseer het, het 27.2 persent maandeliks ten minste R10 vir losies betaal.

Die tabel toon verder dat onderskeidelik 44.6, 38.7, 18.4, 91.9 en 3.2 persent van die afhanklikheidseenhede normaalweg geen kontant aan vervoer, tabak en drank, mediese dienste, ontspanning en „ander" uitgawes, byvoorbeeld klere, bestee het nie.

## 7.3 PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN HUISVESTING EN VOEDSEL BESTEE

In hierdie afdeling word aangetoon watter persentasie van die afhanklikheidseenheid se maandelikse kontantinkomste aan huisvesting en voedsel, dit wil sê aan twee van die primêre lewensbehoeftes, bestee is.

### 7.3.1 Huisvesting

Tabel 7.2 toon die persentasie van die afhanklikheidseenheid se maandelikse kontantinkomste wat aan huisvesting bestee is. Die gegewens is volgens woonplek ingedeel.

In die voorgaande afdeling is reeds aangetoon dat 40.3 persent van die proefpersone tot afhanklikheidseenhede behoort het wat normaalweg geen kontantuitgawes ten opsigte van behuising gehad het nie en dat 10.5 persent nie kon aandui watter persentasie van hul afhanklikheidseenhede se maandelikse kontantinkomste aan huisvesting bestee is nie (tabel 7.1). Die bostaande tabel

TABEL 7.1

BEDRAG WAT DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID MAANDELIKS AAN DIE ONDERSKEIE UITGAWE-ITEMS BESTEE

| Bedrag bestee | Uitgawe-items | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Huisvesting | | Voedsel | | Losies* | | Huisvesting en voedsel | | Vervoer | | Tabak en drank | | Mediese dienste | | Ontspanning | | Ander uitgawes | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| N.v.t. - betaal losies | 158 | 10.5 | 158 | 10.5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Geen | 605 | 40.3 | 85 | 5.7 | - | - | 82 | 5.5 | 669 | 44.6 | 580 | 38.7 | 276 | 18.4 | 1,378 | 91.9 | 48 | 3.2 |
| Minder as R10 | 641 | 42.7 | 672 | 44.8 | 115 | 72.8 | 4 | 0.3 | 821 | 54.7 | 910 | 60.6 | 1,209 | 80.6 | 122 | 8.1 | 1,236 | 82.4 |
| R10 - R19 | 75 | 5.0 | 451 | 30.1 | 30 | 19.0 | 1,241 | 82.7 | 7 | 0.5 | 6 | 0.4 | 12 | 0.8 | - | - | 133 | 8.9 |
| R20 - R29 | 18 | 1.2 | 80 | 5.3 | 7 | 4.4 | 108 | 7.2 | 3 | 0.2 | 4 | 0.3 | 3 | 0.2 | - | - | 45 | 3.0 |
| R30 - R39 | 3 | 0.2 | 23 | 1.5 | 2 | 1.3 | 29 | 1.9 | - | - | - | - | - | - | - | - | 22 | 1.5 |
| R40 - R49 | - | - | 15 | 1.0 | 3 | 1.9 | 18 | 1.2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 0.3 |
| R50 - R59 | - | - | 9 | 0.6 | - | - | 9 | 0.6 | - | - | - | - | - | - | - | - | 7 | 0.5 |
| R60 - R69 | - | - | 2 | 0.1 | 1 | 0.6 | 3 | 0.2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| R70 - R79 | - | - | 4 | 0.3 | - | - | 4 | 0.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 0.2 |
| R80 en meer | - | - | 1 | 0.1 | - | - | 2 | 0.1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 158 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

*Aangesien die 158 proefpersone wat alleen of met hul afhanklikes geloseer het, nie kon aandui hoeveel van hul losies vir hul huisvesting en hoeveel daarvan vir hul voedsel bedoel is nie, word hierdie persone se uitgawes ten opsigte van hul behuising en voedsel afsonderlik aangedui.

toon dat 14.9 persent se afhanklikheidseenhede minder as 10 persent van hul maandelikse kontantinkomste aan behuising bestee het, terwyl onderskeidelik 25.1, 8.2 en 0.8 persent tot afhanklikheidseenhede behoort het wat van 10 tot 29 persent, van 30 tot 49 persent, of ten minste 50 persent van hul maandelikse kontantinkomste aan huisvesting bestee het.

TABEL 7.2

PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN HUISVESTING BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Persentasie bestee | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| N.v.t. - betaal losies | 97 | 12.8 | 46 | 15.8 | 15 | 3.3 | 158 | 10.5 |
| Geen | 166 | 21.9 | 53 | 18.1 | 386 | 85.8 | 605 | 40.3 |
| Minder as 10% | 91 | 12.0 | 97 | 33.2 | 36 | 8.0 | 224 | 14.9 |
| 10 - 19% | 180 | 23.7 | 57 | 19.5 | 12 | 2.7 | 249 | 16.6 |
| 20 - 29% | 106 | 14.0 | 22 | 7.5 | - | - | 128 | 8.5 |
| 30 - 39% | 81 | 10.7 | 8 | 2.7 | - | - | 89 | 5.9 |
| 40 - 49% | 26 | 3.4 | 8 | 2.7 | - | - | 34 | 2.3 |
| 50 - 59% | 10 | 1.3 | 1 | 0.4 | - | - | 11 | 0.7 |
| 60% en meer | 1 | 0.1 | - | - | 1 | 0.2 | 2 | 0.1 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Teenoor 85.8 persent van die plaasbewoners, het slegs onderskeidelik 21.9 en 18.1 persent van die stads- en dorpsbewoners 'n deel gevorm van afhanklikheidseenhede wat nie kontantuitgawes ten opsigte van behuising gehad het nie. Die veel hoër voorkoms van sodanige afhanklikheidseenhede op die plase volg daarop dat verskeie van die Kleurlingbejaardes wat op plase gewoon het en nog loonarbeid verrig het, gratis huisvesting as deel van hul besoldiging ontvang het, asook daarop dat verskeie van die proefpersone wat op plase gewoon het en selfs nie meer gewerk het nie, 'n deel gevorm het van huishoudings wat gratis huisvesting ontvang.

In die dorpe en in die stede is onderskeidelik die grootste persentasie proefpersone aangetref van wie die afhanklikheidseenhede minder as 20 persent of ten minste 20 persent van hul maandelikse kontantinkomste aan behuising spandeer het. Hierdie bevinding is daaraan toe te skryf dat huisvesting in die stede gewoonlik duurder is as in die dorpe.

## 7.3.2 Voedsel

In tabel 7.3 word vervolgens aangetoon watter persentasie van die afhanklikheidseenheid se maandelikse kontantinkomste aan die tweede primêre lewensbehoefte, naamlik voedsel, bestee is. Die gegewens is weer eens volgens woonplek ingedeel.

Teenoor onderskeidelik 10.5 en 5.7 persent van die proefpersone wat nie kon aandui watter persentasie van hul inkomste aan voedsel bestee is nie, of van wie die afhanklikheidseenhede normaalweg geen uitgawes ten opsigte van voedsel gehad het nie, het onderskeidelik 10.5, 47.5 en 25.8 persent tot afhanklikheidseenhede behoort wat minder as 30 persent, van 30 tot 59 persent, of ten minste 60 persent van hul maandelikse kontantinkomste aan voedsel spandeer het.

Onderskeidelik 8.4, 0.6 en 4.3 persent van die Kleurlingbejaardes wat in stede, in dorpe en op plase gewoon het, het 'n deel gevorm van afhanklikheidseenhede wat gewoonlik geen kontant aan die aankoop van voedsel bestee het nie.

Die tabel toon verder dat onderskeidelik 31.6, 46.6 en 62.4 persent van die afhanklikheidseenhede in stede, in dorpe en op plase ten minste die helfte van hul maandelikse kontantinkomste aan voedsel spandeer het.

TABEL 7.3

PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN VOEDSEL BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Persentasie bestee | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| N.v.t. - betaal losies | 97 | 12.8 | 46 | 15.8 | 15 | 3.3 | 158 | 10.5 |
| Geen | 64 | 8.4 | 2 | 0.6 | 19 | 4.3 | 85 | 5.7 |
| Minder as 10% | 7 | 0.9 | - | - | 6 | 1.3 | 13 | 0.9 |
| 10 - 19% | 36 | 4.7 | 9 | 3.1 | 8 | 1.8 | 53 | 3.5 |
| 20 - 29% | 65 | 8.6 | 14 | 4.8 | 13 | 2.9 | 92 | 6.1 |
| 30 - 39% | 129 | 17.0 | 34 | 11.6 | 41 | 9.1 | 204 | 13.6 |
| 40 - 49% | 121 | 16.0 | 51 | 17.5 | 67 | 14.9 | 239 | 15.9 |
| 50 - 59% | 127 | 16.8 | 57 | 19.5 | 86 | 19.1 | 270 | 18.0 |
| 60 - 69% | 76 | 10.0 | 49 | 16.8 | 95 | 21.1 | 220 | 14.7 |
| 70 - 79% | 30 | 4.0 | 24 | 8.2 | 63 | 14.0 | 117 | 7.8 |
| 80% en meer | 6 | 0.8 | 6 | 2.1 | 37 | 8.2 | 49 | 3.3 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 727 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Dit is interessant om daarop te let dat, hoewel die meeste afhanklikheidseenhede op plase gratis voedsel ontvang het, bykans twee derdes van die plaasbewoners se afhanklikheidseenhede verplig was om meer as die helfte van hul maandelikse kontantinkomste aan die aankoop van voedsel te bestee.

7.3.3 Losies

Vervolgens word die persentasie van die afhanklikheidseenheid se maandelikse kontantinkomste wat aan losies bestee is, aangetoon. Soos reeds vermeld, het 158 van die bejaardes losies betaal.

TABEL 7.4

PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN LOSIES BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Persentasie bestee | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 10% | - | - | - | - | 1 | 7.1 | 1 | 0.6 |
| 10 - 19% | 2 | 1.8 | - | - | - | - | 2 | 1.3 |
| 20 - 29% | 3 | 2.6 | 5 | 16.7 | - | - | 8 | 5.1 |
| 30 - 39% | 14 | 12.3 | 2 | 6.7 | - | - | 16 | 10.1 |
| 40 - 49% | 25 | 21.9 | 6 | 20.0 | 4 | 28.6 | 35 | 22.2 |
| 50 - 59% | 21 | 18.4 | 5 | 16.7 | - | - | 26 | 16.5 |
| 60 - 69% | 21 | 18.4 | 3 | 10.0 | 4 | 28.6 | 28 | 17.7 |
| 70 - 79% | 16 | 14.0 | 6 | 20.0 | 5 | 35.7 | 27 | 17.1 |
| 80 - 89% | 10 | 8.8 | 3 | 10.0 | - | - | 13 | 8.2 |
| 90% en meer | 2 | 1.8 | - | - | - | - | 2 | 1.3 |
| TOTAAL | 114 | 100.0 | 30 | 100.0 | 14 | 100.0 | 158 | 100.0 |

Onderskeidelik 17.1, 38.7 en 44.3 persent van die betrokke afhanklikheidseenhede het minder as 40, van 40 tot 59, of 60 persent en meer van hul beskikbare kontantinkomste aan losies bestee. Een-en-sestig punt vier persent van die stedelike afhanklikheidseenhede, 56.7 persent van die afhanklikheidseenhede in die dorpe en 64.3 persent van dié op die plase het meer as 50 persent van hul kontantinkomste onder hierdie item bestee.

7.3.4 Huisvesting en voedsel

In die volgende tabel, tabel 7.5, word die gegewens in die voorgaande drie tabelle saamgevoeg en word aangetoon watter persentasie van die afhanklikheidseenheid se kontantinkomste aan die twee primêre behoeftes, naamlik huisvesting en voedsel, bestee is. Die gegewens is volgens woonplek ingedeel.

TABEL 7.5

PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN SOWEL HUISVESTING AS VOEDSEL BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Persentasie bestee | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 44 | 5.8 | 16 | 5.5 | 22 | 4.9 | 82 | 5.5 |
| Minder as 10% | 5 | 0.7 | - | - | 5 | 1.1 | 10 | 0.7 |
| 10 - 19% | 19 | 2.5 | 6 | 2.1 | 8 | 1.8 | 33 | 2.2 |
| 20 - 29% | 16 | 2.1 | 11 | 3.8 | 13 | 2.9 | 40 | 2.7 |
| 30 - 39% | 62 | 8,2 | 14 | 4.8 | 37 | 8.2 | 113 | 7.5 |
| 40 - 49% | 92 | 12.1 | 42 | 14.4 | 70 | 15.6 | 204 | 13.6 |
| 50 - 59% | 100 | 13.2 | 55 | 18.8 | 87 | 19.3 | 242 | 16.1 |
| 60 - 69% | 162 | 21.4 | 58 | 19.9 | 93 | 20.7 | 313 | 20.9 |
| 70 - 79% | 167 | 22.0 | 57 | 19.5 | 71 | 15.8 | 295 | 19.7 |
| 80 - 89% | 83 | 10.9 | 32 | 11.0 | 44 | 9.8 | 159 | 10.6 |
| 90% en meer | 8 | 1.1 | 1 | 0.3 | - | - | 9 | 0.6 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Dit blyk uit die tabel dat 5.5 persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 5.8, 5.5 en 4.9 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners, tot afhanklikheidseenhede behoort het wat geen kontant aan dié noodsaaklike lewensbehoeftes bestee het nie. Die 32 afhanklikheidseenhede (2.1%) wat nie oor 'n kontantinkomste beskik het nie (tabel 6.6), is by hierdie groep ingesluit.

'n Verdere 5.6 persent van die proefpersone was lede van afhanklikheidseenhede wat minder as 30.0 persent van hul kontantinkomste aan behuising en voedsel bestee het, terwyl onderskeidelik 37.2 en 51.8 persent 'n deel gevorm het van afhanklikheidseenhede wat van 30 tot 59 persent of ten minste 60 persent van hul kontantinkomste aan dié twee noodsaaklike en primêre lewensbehoeftes bestee het.

Nieteenstaande die feit dat 'n ongeveer ewe groot persentasie stads-, dorps- en plaasbewoners tot afhanklikheidseenhede behoort het wat ten minste die helfte van hul kontantinkomste aan behuising en voedsel bestee het (onderskeidelik 68.6, 69.5 en 65.6%), kan aanvaar word dat bejaardes wat tot stedelike afhanklikheidseenhede behoort het, beter daaraan toe was as diegene wie se afhanklikheidseenhede in dorpe gewoon het en veel beter daaraan toe was as diegene wat met hul afhanklikes op plase woonagtig was. In tabel 6.7 is aangetoon dat afhanklikheidseenhede in die stede 'n groter kontantinkomste as die afhanklikheidseenhede in die dorpe gehad het, en 'n veel groter kontantinkomste as die afhanklikheidseenhede op die plase. Gevolglik het die afhanklikheidseenhede in die stede, hoewel hulle meer as dié in die dorpe en veel meer as dié op die plase vir hul huisvesting en voedsel moes betaal, na hulle in hul huisvesting- en voedselbehoeftes voorsien het, oor 'n groter kontantbedrag as dié in die dorpe en 'n veel groter kontantbedrag as dié op die plase beskik wat aan die nie-noodsaaklike, byvoorbeeld tabak, drank en ontspanning, bestee kon word.

Vervolgens word die persentasie van die afhanklikheiseenheid se maandelikse kontantinkomste wat aan huisvesting en voedsel bestee is, volgens die afhanklikheidseenheid se maandelikse kontantinkomste per volwasse eenheid ontleed.

TABEL 7.6

PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN SOWEL HUISVESTING AS VOEDSEL BESTEE, VOLGENS DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE PER VOLWASSE EENHEID INGEDEEL

| Persentasie bestee | Afhanklikheidseenheid se inkomste per volwasse eenheid | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Minder as R10 | | R10 - R19 | | R20 en meer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 32 | 100.0 | 32 | 8.8 | 17 | 2.0 | 1 | 0.4 | 82 | 5.5 |
| Minder as 10% | - | - | 6 | 1.6 | 2 | 0.2 | 2 | 0.8 | 10 | 0.7 |
| 10 - 19% | - | - | 8 | 2.2 | 15 | 1.7 | 10 | 4.1 | 33 | 2.2 |
| 20 - 29% | - | - | 7 | 1.9 | 23 | 2.5 | 10 | 4.1 | 40 | 2.7 |
| 30 - 39% | - | - | 17 | 4.7 | 62 | 7.2 | 34 | 13.9 | 113 | 7.5 |
| 40 - 49% | - | - | 34 | 9.3 | 123 | 14.3 | 47 | 19.3 | 204 | 13.6 |
| 50 - 59% | - | - | 57 | 15.6 | 149 | 17.3 | 36 | 14.6 | 242 | 16.1 |
| 60 - 69% | - | - | 81 | 22.2 | 179 | 20.8 | 53 | 21.7 | 313 | 20.9 |
| 70 - 79% | - | - | 82 | 22.5 | 187 | 21.8 | 26 | 10.7 | 295 | 19.7 |
| 80 - 89% | - | - | 40 | 11.0 | 96 | 11.2 | 23 | 9.4 | 159 | 10.6 |
| 90% en meer | - | - | 1 | 0.2 | 6 | 0.7 | 2 | 0.8 | 9 | 0.6 |
| TOTAAL | 32 | 100.0 | 365 | 100.0 | 859 | 100.0 | 244 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel 7.6 toon eerstens dat onderskeidelik 8.8, 2.0 en 0.4 persent van die afhanklikheidseenhede met 'n maandelikse kontantinkomste van minder as R10, R10 tot R19, of ten minste R20 per volwasse eenheid, geen kontant aan huisvesting en voedsel bestee het nie.

Die gegewens in die tabel bevestig tweedens die vermoede dat hoe kleiner die kontantinkomste per volwasse eenheid, hoe groter is die persentasie van die kontantinkomste wat aangewend moet word om in die noodsaaklike lewensbehoeftes te voorsien. Teenoor onderskeidelik 81.5 en 71.8 persent van die afhanklikheidseenhede met 'n maandelikse kontantinkomste van minder as R10, of van R10 tot R19 per volwasse eenheid, het slegs 57.2 persent van die afhanklikheidseenhede wat oor ten minste R20 per volwasse eenheid per maand beskik het, ten minste die helfte van hul kontantinkomste aan huisvesting en voedsel moes bestee.

## 7.4 PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN MEDIESE DIENSTE BESTEE

Tabel 7.7 toon die persentasie van die afhanklikheidseenheid se kontantinkomste wat aan mediese dienste en medisyne bestee is, volgens woonplek ingedeel.

Dit blyk dat minder as een vyfde van die proefpersone tot afhanklikheidseenhede behoort het wat normaalweg geen kontantuitgawes ten opsigte van mediese dienste en medisyne gehad het nie. Die grootste enkele persentasie van die proefpersone se afhanklikheidseenhede het minder as 10 persent van hul maandelikse kontantinkomste aan mediese dienste bestee (49.4%).

Nie alleen het die grootste persentasie afhanklikheidseenhede wat gewoonlik geen mediese uitgawes gehad het, op die plase voorgekom nie, maar ook die kleinste persentasie afhanklikheidseenhede wat ten minste 30 persent van hul maandelikse kontantinkomste aan hierdie dienste bestee het.

Dit is moontlik dat die hoër voorkoms van plaasbewoners onder diegene wie se afhanklikheidseenhede nie gewoonlik mediese uitgawes gehad het nie, eerstens daarmee verband hou dat die afhanklikheidseenhede op die plase oor 'n geringer kontantinkomste as dié in die dorpe en dié in die

stede beskik het (tabel 6.7) en tweedens omdat mediese dienste en medisyne op die plase nie so geredelik bekombaar as in die dorpe en stede is nie.

TABEL 7.7

PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN MEDIESE DIENSTE BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Persentasie bestee | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 106 | 14.0 | 57 | 19.5 | 113 | 25.1 | 276 | 18.4 |
| Minder as 10% | 410 | 54.1 | 134 | 45.9 | 197 | 43.8 | 741 | 49.4 |
| 10 - 19% | 147 | 19.4 | 65 | 22.3 | 103 | 22.9 | 315 | 21.0 |
| 20 - 29% | 53 | 7.0 | 22 | 7.5 | 26 | 5.8 | 101 | 6.7 |
| 30 - 39% | 29 | 3.8 | 8 | 2.7 | 7 | 1.6 | 44 | 2.9 |
| 40 - 49% | 8 | 1.1 | 3 | 1.0 | 3 | 0.7 | 14 | 0.9 |
| 50 - 59% | 3 | 0.4 | 2 | 0.7 | 1 | 0.2 | 6 | 0.4 |
| 60 - 69% | 1 | 0.1 | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| 70% en meer | 1 | 0.1 | 1 | 0.3 | - | - | 2 | 0.1 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

7.5 PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN ANDER UITGAWE-ITEMS BESTEE

Vervolgens word daar in hierdie afdeling gelet op die persentasie van die afhanklikheidseenheid se kontantinkomste wat bestee is aan vervoer, aan tabak, drank en ontspanning en aan „ander" uitgawes.

7.5.1 Vervoer

In tabel 7.8 word die persentasie van die kontantinkomste wat aan vervoer bestee is, aangedui.

TABEL 7.8

PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN VERVOER BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Persentasie bestee | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 196 | 25.9 | 180 | 61.6 | 293 | 65.1 | 669 | 44.6 |
| Minder as 10% | 522 | 68.9 | 100 | 34.2 | 133 | 29.6 | 755 | 50.3 |
| 10 - 19% | 35 | 4.6 | 12 | 4.1 | 20 | 4.4 | 67 | 4.5 |
| 20 - 29% | 4 | 0.5 | - | - | 4 | 0.9 | 8 | 0.5 |
| 30% en meer | 1 | 0.1 | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Vier-en-veertig punt ses persent van die proefpersone het tot afhanklikheidseenhede behoort wat gewoonlik geen kontant aan vervoer bestee het nie. Hierteenoor het onderskeidelik 50.3, 4.5 en 0.6 persent 'n deel gevorm van afhanklikheidseenhede wat minder as 10 persent, van

10 tot 19 persent, of ten minste 20 persent van hul kontantinkomste aan vervoer bestee het.

Soos verwag kon word, het 'n veel groter persentasie van die afhanklikheidseenhede wat in stede gewoon het as van dië wat in dorpe en op plase woonagtig was, vervoeruitgawes gehad (onderskeidelik 74.1, 38.4 en 34.9%).

7.5.2 Tabak, drank en ontspanning

In tabel 7.1 is aangetoon dat onderskeidelik 61.4 en 8.1 persent van die proefpersone tot afhanklikheidseenhede behoort het wat kontant aan tabak en drank en aan ontspanning bestee het, dat slegs 0.7 persent van die afhanklikheidseenhede ten minste R10 per maand aan tabak en drank bestee het en dat geeneen van die afhanklikheidseenhede soveel as R10 per maand aan ontspanning bestee het nie.

Tabel 7.9 toon vervolgens die persentasie van die maandelikse kontantinkomste wat die afhanklikheidseenheid aan sowel tabak en drank as aan ontspanning bestee het.

TABEL 7.9

PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN TABAK, DRANK EN ONTSPANNING BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Persentasie bestee | Woonplek: Stad G | Stad % | Dorp G | Dorp % | Plaas, ens. G | Plaas, ens. % | Totaal G | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen | 353 | 46.6 | 121 | 41.4 | 81 | 18.0 | 555 | 37.0 |
| Minder as 10% | 339 | 44.7 | 140 | 47.9 | 273 | 60.7 | 752 | 50.1 |
| 10 - 19% | 55 | 7.3 | 20 | 6.8 | 75 | 16.7 | 150 | 10.0 |
| 20 - 29% | 4 | 0.5 | 8 | 2.7 | 17 | 3.8 | 29 | 1.9 |
| 30 - 39% | 2 | 0.3 | 1 | 0.4 | 2 | 0.4 | 5 | 0.3 |
| 40 - 49% | 3 | 0.4 | 1 | 0.4 | - | - | 4 | 0.3 |
| 50 - 59% | 1 | 0.1 | 1 | 0.4 | - | - | 2 | 0.1 |
| 60 - 69% | - | - | - | - | 2 | 0.4 | 2 | 0.1 |
| 70 - 79% | - | - | - | - | - | - | | - |
| 80% en meer | 1 | 0.1 | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die tabel bring aan die lig dat 37.0 persent van die afhanklikheidseenhede nie enige kontant aan tabak, drank en ontspanning bestee het nie, terwyl onderskeidelik 50.1 en 12.8 persent minder as 10 persent, of ten minste 10 persent van hul kontantinkomste aan hierdie items bestee het.

Wat veral opval, is die feit dat nieteenstaande hul veel geringer maandelikse kontantinkomste (tabel 6.7), 'n veel groter persentasie van die afhanklikheidseenhede op die plase as van dié in die dorpe en stede, nie net kontant aan hierdie nie-noodsaaklike items bestee het nie, maar ook ten minste 10 persent van hul maandelikse kontantinkomste daaraan bestee het.

7.5.3 „Ander" uitgawes

Alle kontantuitgawes wat nie onder enige van die voorgenoemde uitgawe-items geklassifiseer kon word nie, byvoorbeeld uitgawes aan klerasie, brandhout, en so meer, is as „ander" uitgawes ingedeel.

Drie punt twee persent van die proefpersone het aangedui dat hul afhanklikheidseenhede na hul kontantuitgawes ten opsigte van die voorgenoemde uitgawe-items, geen kontant meer gehad het om aan „ander" uitgawe-items te bestee nie. Hierteenoor het onderskeidelik 61.6, 30.8 en 4.4 persent verklaar dat hul afhanklikheidseenhede minder as 30 persent, van 30 tot 59 persent, of ten minste 60 persent van hul beskikbare kontantinkomste aan „ander" uitgawes bestee het.

TABEL 7.10

PERSENTASIE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID SE MAANDELIKSE KONTANTINKOMSTE AAN „ANDER" UITGAWES BESTEE, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Persentasie bestee | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 25 | 3.3 | 6 | 2.1 | 17 | 3.8 | 48 | 3.2 |
| Minder as 10% | 100 | 13.2 | 28 | 9.6 | 31 | 6.9 | 159 | 10.6 |
| 10 - 19% | 226 | 29.8 | 85 | 29.1 | 117 | 26.0 | 428 | 28.5 |
| 20 - 29% | 168 | 22.2 | 59 | 20.2 | 110 | 24.4 | 337 | 22.5 |
| 30 - 39% | 103 | 13.6 | 57 | 19.5 | 92 | 20.4 | 252 | 16.8 |
| 40 - 49% | 62 | 8.2 | 24 | 8.2 | 44 | 9.8 | 130 | 8.7 |
| 50 - 59% | 44 | 5.8 | 17 | 5.8 | 19 | 4.2 | 80 | 5.3 |
| 60 - 69% | 15 | 2.0 | 10 | 3.4 | 10 | 2.2 | 35 | 2.3 |
| 70 - 79% | 7 | 0.9 | 4 | 1.4 | 4 | 0.9 | 15 | 1.0 |
| 80 - 89% | 7 | 0.9 | 1 | 0.3 | 4 | 0.9 | 12 | 0.8 |
| 90% en meer | 1 | 0.1 | 1 | 0.3 | 2 | 0.4 | 4 | 0.3 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Relatief gesproke, het ietwat meer van die afhanklikheidseenhede op die plase as van die in die stede en in die dorpe normaalweg geen kontant aan „ander" uitgawes bestee nie. Onderskeidelik 11.2, 9.7 en 8.6 persent van die proefpersone wat in dorpe, in stede en op plase gewoon het, het verklaar dat ten minste 50 persent van hul afhanklikheidseenhede se beskikbare maandelikse kontantinkomste aan „ander" uitgawes bestee word.

# HOOFSTUK 8

# BATES

## 8.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk handel oor die bates waaroor die Kleurlingbejaardes tydens die ondersoek beskik het en sluit tegelykertyd die bespreking van hul ekonomiese posisie af.

## 8.2 POLISSE

In hierdie afdeling word aangetoon watter persentasie van die bejaardes oor lewens- of uitkeerpolisse en begrafnisfondse of -polisse beskik het.

### 8.2.1 Lewens- of uitkeerpolisse

Tabel 8.1 toon die persentasie proefpersone, en stads-, dorps- en plaasbewoners onderskeidelik, wat 'n bydrae tot 'n lewens- of uitkeerpolis gemaak het

TABEL 8.1

BYDRAE TOT 'N LEWENS- OF UITKEERPOLIS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Bydrae | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 184 | 24.2 | 47 | 16.1 | 14 | 3.1 | 245 | 16.3 |
| Nee | 574 | 75.8 | 245 | 83.9 | 436 | 96.9 | 1,255 | 83.7 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Sestien punt drie persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 24.2, 16.1 en 3.1 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners het tot 'n lewens- of uitkeerpolis bygedra.

### 8.2.2 Begrafnisfondse of -polisse

In tabel 8.2 word aangetoon watter persentasie van die bejaardes tot 'n begrafnisfonds of -polis bygedra het. Die gegewens is weer volgens woonplek ingedeel.

Uit die tabel blyk dit duidelik dat, nieteenstaande hul geringe persoonlike maandelikse kontantinkomste (tabel 6.1), begrafnisfondse of -polisse by die Kleurlingbejaardes besonder populêr is. Meer as driekwart van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 89.3, 75.3 en 56.4 persent van die bejaardes wat in stede, in dorpe en op plase gewoon het, het 'n bydrae tot 'n sodanige fonds of polis gemaak.

TABEL 8.2

BYDRAE TOT 'N BEGRAFNISFONDS OF -POLIS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Bydrae | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 677 | 89.3 | 220 | 75.3 | 254 | 56.4 | 1,151 | 76.7 |
| Nee | 81 | 10.7 | 72 | 24.7 | 196 | 43.6 | 349 | 23.3 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

8.3 PENSIOENE

In hoofstuk 6 is reeds vermeld dat nagenoeg twee derdes van die Kleurlingbejaardes maatskaplike pensioene ontvang het en dat 'n verdere 5.0 persent in ontvangs was van ander pensioene (tabel 6.5). Aangesien pensioene gewoonlik die bejaarde persoon se vernaamste bron van inkomste is, kan hierdie aspek kortliks verder toegelig word.

8.3.1 Ouderdomspensioene

Tabel 8.3 toon die persentasie bejaardes wat tydens die ondersoek ouderdomspensioene ontvang het, asook die redes waarom sommige van die proefpersone nie oor hierdie bate beskik het nie. Die gegewens is weer eens volgens woonplek ingedeel.

TABEL 8.3

ONTVANGS VAN 'N OUDERDOMSPENSIOEN EN DIE REDE VIR DIE NIE-ONTVANGS DAARVAN VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Ontvangs en rede vir nie-ontvangs | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja, ontvang 'n ouderdomspensioen | 450 | 59.4 | 217 | 74.3 | 278 | 61.8 | 945 | 63.0 |
| Nee, is nog te jonk | 115 | 15.2 | 24 | 8.2 | 63 | 14.0 | 202 | 13.5 |
| Nee, aansoek nog nie afgehandel nie | 14 | 1.8 | 13 | 4.5 | 19 | 4.2 | 46 | 3.1 |
| Nee, aansoek geweier, inkomste/bates te groot | 120 | 15.8 | 25 | 8.5 | 17 | 3.7 | 162 | 10.8 |
| Nee, weet nie daarvan nie | 59 | 7.8 | 13 | 4.5 | 73 | 16.2 | 145 | 9.7 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Teenoor 58.2 persent van 'n steekproef van Blanke bejaardes in die Republiek wat ouderdomspensioene ontvang het (10, bl. 67), het 63.0 persent van die Kleurlingbejaardes ouderdomspensioene ontvang[1].

Die ouderdomsgrens en middeletoetsvoorskrifte met betrekking tot die beskikbaarstelling van ouderdomspensioene waarna daar reeds in hoofstuk 1 verwys is, het onderskeidelik 13.5 en 10.8 persent van die proefpersone op grond van òf hul ouderdom òf hul inkomste en/of bates van die verkryging van 'n ouderdomspensioen uitgesluit. Die eersgenoemde groep proefpersone was almal mans wat nog nie 65 jaar oud was nie (tabel 1.5), terwyl sommige van die laasgenoemde groep se aansoeke nie geslaag het nie en andere omdat hulle besef het dat hul aansoeke op grond van hul inkomste en/of bates nie sou slaag nie, nie aansoek gedoen het nie. Drie punt een persent van

[1] Hoewel meer Blanke as Kleurlingbejaardes maatskaplike pensioene ontvang het (kyk afdeling 6.2), het 'n groter persentasie Kleurling- as Blanke bejaardes ouderdomspensioene ontvang.

die proefpersone se aansoeke om ouderdomspensioene was tydens die ondersoek nog nie afgehandel nie en 'n opvallende hoë persentasie van die bejaardes het aangevoer dat hulle nie van die voorsiening van ouderdomspensioene bewus was nie (9.7%).

Onkunde met betrekking tot die voorsiening van ouderdomspensioene het, waarskynlik omdat afstand in hierdie verband 'n rol speel, aansienlik meer op die plase as in die dorpe en in die stede voorgekom. Verder val dit op dat juis in die dorpe waar onkunde aangaande die ouderdomspensioenskema relatief die minste voorgekom het, die grootste persentasie ontvangers van ouderdomspensioene en persone wie se aansoeke om sodanige pensioene nog nie afgehandel was nie, aangetref is. Hierdie bevinding laat die vermoede ontstaan dat kontak met 'n persoon wat reeds 'n ouderdomspensioen ontvang, een van die belangrikste faktore mag wees wat sal bepaal of 'n bejaarde persoon vir 'n ouderdomspensioen aansoek sal doen al dan nie.

Die feit dat 'n betreklik veel groter persentasie stadsbewoners as dorps- en plaasbewoners op grond van middeletoetsvoorskrifte van die verkryging van ouderdomspensioene uitgesluit was (onderskeidelik 15.8, 8.5 en 3.7%), is waarskynlik daaraan toe te skryf dat hul ekonomiese posisie beter was as dié van Kleurlingbejaardes wat in dorpe en op plase gewoon het.

### 8.3.2 Kontantpensioene van vorige werkgewers

Die persentasie proefpersone wat kontantpensioene van hul vorige werkgewers ontvang het, word vervolgens in tabel 8.4 aangetoon.

TABEL 8.4

ONTVANGS VAN 'N KONTANTPENSIOEN VAN 'N VORIGE WERKGEWER VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Ontvangs | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 714 | 94.2 | 285 | 97.6 | 448 | 99.5 | 1,447 | 96.5 |
| Staatsdiens | 8 | 1.1 | 2 | 0.7 | - | - | 10 | 0.7 |
| Spoorweë | 21 | 2.8 | - | - | 1 | 0.2 | 22 | 1.5 |
| Private werkgewer | 12 | 1.6 | 3 | 1.0 | - | - | 15 | 1.0 |
| Plaasboer | - | - | 1 | 0.3 | 1 | 0.2 | 2 | 0.1 |
| Ander | 3 | 0.4 | 1 | 0.3 | - | - | 4 | 0.3 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Slegs 3.5 persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 5.8, 2.4 en 0.5 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners, het kontantpensioene van hul vorige werkgewers ontvang. Persone wat spoorwegpensioene ontvang het, het die meeste voorgekom.

Hierteenoor het 18.9 persent van die Blanke bejaardes wat in 'n ondersoek betrek is, kontantpensioene van vorige werkgewers ontvang (10, bl. 67).

## 8.4 ANDER BATES

Vervolgens word daar gelet op die Kleurlingbejaardes se kontantbates en die geskatte kontantwaarde van hul roerende eiendom, hul vaste eiendom en hul totale bates. In die geval van bejaardes met huweliksmaats, is die gesamentlike bates van die egpaar in berekening gebring.

8.4.1 Kontantbates

Tabel 8.5 toon die kontantbedrag[1] waaroor die proefpersoon of die egpaar tydens die ondersoek beskik het.

TABEL 8.5

KONTANTBATES VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Kontantbates | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Verkies om inligting te weerhou | 10 | 1.3 | 1 | 0.3 | 2 | 0.4 | 13 | 0.9 |
| Minder as R50 | 694 | 91.7 | 285 | 97.6 | 439 | 97.5 | 1,418 | 94.5 |
| R50 - R99 | 3 | 0.4 | 3 | 1.0 | 1 | 0.2 | 7 | 0.5 |
| R100 - R499 | 29 | 3.7 | 3 | 1.0 | 4 | 0.9 | 36 | 2.4 |
| R500 - R999 | 6 | 0.8 | - | - | 2 | 0.4 | 8 | 0.5 |
| R1000 en meer | 16 | 2.1 | - | - | 2 | 0.4 | 18 | 1.2 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Vier-en-negentig punt vyf persent van die proefpersone het verklaar dat hulle nie oor enige kontantbates beskik het nie, of dat hul kontantbates minder as R50 was. Onderskeidelik 2.9 en 1.7 persent het van R50 tot R499, of ten minste R500 in kontant besit.

Die tabel toon dat wat hul kontantbates betref, die stadsbewoners ietwat beter daaraan toe was as die dorps- en die plaasbewoners.

8.4.2 Roerende eiendom

Met „roerende eiendom" is, onder andere, meubels, motors en vee bedoel[2].

Die bejaardes is versoek om, indien hulle op hul roerende eiendom nog iets verskuldig was, dié bedrag van die geskatte kontantwaarde van hul roerende eiendom af te trek en om by die beantwoording van hierdie vraag, ook rekening te hou met die moontlikheid dat hul roerende eiendom sedert hulle dit bekom het, in waarde kon verminder of vermeerder het. Weer eens is daar nie op die presiese bedrag aangedring nie.

Die grootste enkele persentasie van die proefpersone het aangedui dat hul roerende eiendom minder as R50 werd was. Hierteenoor het onderskeidelik 21.0, 29.7 en 4.4 persent die kontantwaarde van hul roerende eiendom op R50 tot R99, R100 tot R499, of ten minste R500 gestel.

'n Veel groter persentasie plaasbewoners as dorps- en stadsbewoners se roerende eiendom was minder as R50 werd (onderskeidelik 70.2, 41.1 en 31.0%). Teenoor 6.0 persent van die stadsbewoners, het onderskeidelik 4.8 en 1.8 persent van die dorps- en plaasbewoners roerende eiendom ter waarde van ten minste R500 gehad.

[1] Die proefpersoon moes slegs aandui in watter een van die intervalle in tabel 8.5 sy kontantbates ingedeel kon word. Die presiese bedrag is nie verlang nie en daar is ook nie op 'n antwoord aangedring nie.

[2] Die kontantwaarde van klerasie, linneware en eetgerei is nie in berekening gebring nie.

TABEL 8.6

GESKATTE KONTANTWAARDE VAN ROERENDE EIENDOM VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Geskatte kontantwaarde | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Verkies om inligting te weerhou | 1 | 0.1 | - | - | 1 | 0.2 | 2 | 0.1 |
| Minder as R50 | 234 | 31.0 | 120 | 41.1 | 316 | 70.2 | 607 | 44.6 |
| R50 - R99 | 163 | 21.5 | 59 | 20.2 | 93 | 20.7 | 315 | 21.0 |
| R100 - R499 | 315 | 41.5 | 99 | 33.9 | 32 | 7.1 | 446 | 29.7 |
| R500 - R999 | 33 | 4.4 | 4 | 1.4 | 7 | 1.6 | 44 | 2.9 |
| R1000 - R4999 | 11 | 1.5 | 8 | 2.7 | 1 | 0.2 | 20 | 1.3 |
| R5000 en meer | 1 | 0.1 | 2 | 0.7 | - | - | 3 | 0.2 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

8.4.3 Vaste eiendom

Die kontantwaarde van die bejaardes se vaste eiendom, byvoorbeeld huise[1] en grond, is ook geskat [2].

TABEL 8.7

GESKATTE KONTANTWAARDE VAN VASTE EIENDOM VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Geskatte kontantwaarde | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 98 | 78.9 | 179 | 61.3 | 350 | 77.8 | 1,127 | 75.1 |
| Minder as R100 | 11 | 1.5 | 25 | 8.6 | 54 | 12.0 | 90 | 6.0 |
| R100 - R499 | 24 | 3.2 | 58 | 19.9 | 34 | 7.6 | 116 | 7.7 |
| R500 - R999 | 28 | 3.7 | 16 | 5.5 | 5 | 1.1 | 49 | 3.3 |
| R1000 - R4999 | 83 | 10.9 | 14 | 4.8 | 7 | 1.6 | 104 | 6.9 |
| R5000 en meer | 14 | 1.8 | - | - | - | - | 14 | 0.9 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Nagenoeg driekwart van die proefpersone het geen vaste eiendom besit nie en 'n verdere 6.0 persent se vaste eiendom is op minder as R100 gewaardeer. Sewe punt agt persent van die bejaardes se vaste eiendom was ten minste R1000 werd.

Hoewel nagenoeg ewe veel van die bejaardes in die stede en op die plase vaste eiendom besit het, is dit duidelik dat die stedelinge se vaste eiendom meer werd was as dié van die plaasbewoners. Die laasgenoemde groep se vaste eiendom het gewoonlik uit nie-permanente woningstrukture bestaan wat weinig werd was.

Die grootste persentasie besitters van vaste eiendom is in die dorpe aangetref. Soos later sal blyk (tabel 8.9), het 'n groot persentasie dorpsbewoners hul wonings maar nie die grond

[1] Sommige proefpersone se huise was nie-permanente woningstrukture, byvoorbeeld sink- en houthuise en was nie op eiendom wat aan die huiseienaars behoort het, opgerig nie - vergelyk tabel 8.9.

[2] Ook ten opsigte van die proefpersone se vaste eiendom, is bedrae wat nog op die vaste eiendom verskuldig was van die geskatte kontantwaarde daarvan afgetrek.

waarop dit opgerig was nie, besit. Die feit dat 'n opvallend hoë persentasie van hierdie groep hul vaste eiendom op R100 tot R499 gewaardeer het, hang moontlik ten nouste hiermee saam.

8.4.4. Totale bates

Tabel 8.8 toon vervolgens die geskatte kontantwaarde van die proefpersoon se totale bates.

TABEL 8.8

GESKATTE KONTANTWAARDE VAN TOTALE BATES VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Geskatte kontantwaarde | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Verkies om inligting te weerhou | 3 | 0.4 | - | - | 1 | 0.2 | 4 | 0.3 |
| Minder as R100 | 368 | 48.5 | 136 | 46.6 | 373 | 82.9 | 877 | 58.4 |
| R100 - R499 | 226 | 29.8 | 108 | 37.0 | 53 | 11.8 | 387 | 25.8 |
| R500 - R999 | 43 | 5.7 | 20 | 6.8 | 12 | 2.7 | 75 | 5.0 |
| R1000 - R4999 | 93 | 12.3 | 22 | 7.5 | 8 | 1.8 | 123 | 8.2 |
| R5000 en meer | 25 | 3.3 | 6 | 2.1 | 3 | 0.7 | 34 | 2.3 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Uit die tabel blyk dat meer as die helfte van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 46.6, 48.5 en 82.9 persent van die dorps-, stads- en plaasbewoners, totale bates van minder as R100 gehad het. Teenoor die 30.8 persent met totale bates ter waarde van R100 tot R999, het 10.5 persent se totale bates op ten minste R1000 te staan gekom.

Die tabel toon dat wat hul totale bates betref, die proefpersone wat in die stede en op die plase gewoon het, onderskeidelik die beste en die swakste daaraan toe was.

8.4.5 Huisbesit

Ten slotte word aangetoon hoeveel van die proefpersone die wonings waarin hulle tydens die ondersoek gewoon het, besit het.

TABEL 8.9

BESIT VAN DIE WONING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Besit van die woning | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja, en ten volle betaal | 57 | 7.4 | 9 | 3.1 | 30 | 6.7 | 96 | 6.4 |
| Ja, en ten volle betaal, maar huur die grond | 52 | 6.9 | 75 | 25.7 | 22 | 4.9 | 149 | 9.9 |
| Ja, maar betaal nog daaraan af | 37 | 4.9 | 8 | 2.7 | 1 | 0.2 | 46 | 3.1 |
| Nee, huur die woning | 446 | 58.9 | 147 | 50.4 | 11 | 2.4 | 604 | 40.2 |
| Nee, kry die woning gratis | 166 | 21.9 | 53 | 18.1 | 386 | 85.8 | 605 | 40.3 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Ses punt vier persent van die proefpersone was ten volle eienaars van die wonings wat hulle tydens die ondersoek bewoon het[1]. Nege punt nege persent het hul wonings besit en reeds ten volle betaal, maar het die grond waarop hul wonings opgerig was, gehuur. Onderskeidelik 3.6 en 40.2 persent het aan hul wonings afbetaal of het hul wonings gehuur, terwyl 40.3 persent gratis huisvesting ontvang het.

Hoewel besitters van vaste eiendom die meeste in die dorpe aangetref is (tabel 8.7), het persone wat hul wonings ten volle besit het, aldaar relatief die minste voorgekom. Proefpersone wat hul wonings besit het, maar die grond gehuur het, was besonder sterk in die dorpe verteenwoordig. Persone wat nog aan hul wonings afbetaal het, het relatief die meeste in die stede voorgekom, terwyl diegene wat hul wonings gehuur het of nie vir hul huisvesting betaal het nie, onderskeidelik die meeste in die stede en op die plase aangetref is. Op plase word gratis huisvesting of huisvesting as deel van hul loon, dikwels aan Kleurlinge verskaf.

Die laasgenoemde groep sluit egter ook diegene in wat kosteloos ingewoon het by kinders of ander persone wat vir die huisvesting moes betaal.

---

[1] Aangesien hierdie persone instandhoudingskoste gehad het, en in sommige gevalle ook belasting op hul eiendom moes betaal, is hulle nie in tabel 7.1 ingedeel as persone wat gratis huisvesting ontvang nie.

# HOOFSTUK 9

## SOSIALE KONTAKTE, GODSDIENSBEOEFENING EN VRYETYDSBESTEDING

## 9.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk handel oor die Kleurlingbejaardes se sosiale kontakte, hul godsdiensbeoefening en die wyse waarop hulle hul vryetyd bestee het.

## 9.2 SOSIALE KONTAKTE

Alle mense het sosiale behoeftes wat bevredig moet word en die bevrediging van hierdie behoeftes is ten nouste verwant aan die mate waarin en die wyse waarop die individu met ander mense kontak maak. Na die mate waarin die individu se sosiale behoeftes bevredig word, kan verwag word dat hy hom by die eise van die samelewing en by veranderende omstandighede sal aanpas.

R. J. Havighurst wys daarop dat „... needs that are common to all younger age groups are also common to the older person..." en noem, onder andere, die volgende waaraan die bejaarde persoon 'n behoefte het: „... emotional security, social recognition, (and) a sense of worth or self respect ..." (22, bl. 45).

H.J. Piek sien die behoefte aan kameraadskap en erkenning as besondere sosiale behoeftes van die bejaarde (1, bl. 29) en toon aan dat die omstandighede wat die ouderdom meebring, vir die bejaarde probleme skep met betrekking tot die bevrediging van hierdie sosiale behoeftes. Piek verklaar: „Hy moet aftree en dit beteken dat hy moet afskeid neem van sy kamerade met wie hy daagliks 'n gelukkige omgang gehad het. Vir baie beteken dit ook die vertrek uit die ou omgewing waar hulle vir jare gewoon het. Hulle verloor hul ou huisvriende ... En wat nog erger is, baie verloor ook die belangstelling, die liefdesbetoninge, die intieme kontak met hul kinders. Hulle word nie meer as gesinshoofde deur hulle (kinders) geraadpleeg nie, hulle besoeke word ook al minder, hulle briewe bly weg. So word die bejaarde al meer en meer 'n geïsoleerde wese ... met die gevolg dat hyself naderhand alle belangstelling in die wêreld daarbuite verloor, homself as nutteloos begin beskou in die samelewing, in homself begin te lewe, met die nadelige gevolge dat hy gaandeweg emosioneel ongebalanseerd raak, swartgallig word, geïrriteerd, onaangenaam, vol agterdog en vol selfbejammering" (1, bl. 29, 30).

Dit is dus duidelik dat sosiale kontakte, en veral kontak met sy kinders, van groot belang is vir die bejaarde.

### 9.2.1 Kontak met kinders

Tabel 9.1 toon hoe gereeld die proefpersone, volgens hul ouderdom ingedeel, met hul kinders[1]) kontak gehad het.

Die tabel toon dat 67.6 persent van die proefpersone saam met van hul kinders gewoon het. 'n Verdere 11.9 persent het elders gewoon, maar het tog daagliks met hul kinders kontak gehad. Sewe punt twee persent het weekliks of maandeliks met hul kinders in aanraking gekom en slegs 3.3 persent minder as een keer per maand. Nege punt nege persent het nie kinders of kleinkinders gehad nie.

Teenoor nagenoeg 80 persent van die Kleurlingbejaardes, het slegs 58.3 persent van 'n steekproef van Blanke bejaardes in die Republiek daagliks met hul kinders kontak gehad (10, bl. 79).

Kontak tussen bejaardes en hul kinders vind waarskynlik meer in die Kleurling- as in die Blanke gemeenskap plaas omrede die Kleurlingbejaardes meer kinders (tabel 4.15), en veral meer

1) Alle kinders, dit wil sê eie, aangenome en stiefkinders, asook kleinkinders word bedoel.

kleinkinders[1] as Blanke bejaardes het, asook omdat dit 'n algemene verskynsel is dat Kleurlingbejaardes met die versorging van hul kleinkinders belas word (tabel 4.16). Hierbenewens is die Kleurlingbevolking in sekere dele van Kaapland wat 'n groot deel van dié bevolking huisves, baie min tot horisontale mobiliteit geneigd. Die afstand tussen die bejaardes en hul kinders wat reeds hul ouerhuis verlaat het, bly gevolglik betreklik gering.

TABEL 9.1

KONTAK MET KINDERS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Kontak met kinders | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Woon saam met kinders | 642 | 69.8 | 264 | 63.1 | 108 | 66.3 | 1,014 | 67.6 |
| Daagliks | 84 | 9.1 | 68 | 16.3 | 26 | 15.9 | 178 | 11.9 |
| Weekliks | 33 | 3.6 | 16 | 3.8 | 1 | 0.6 | 50 | 3.3 |
| Maandeliks | 35 | 3.8 | 15 | 3.6 | 9 | 5.5 | 59 | 3.9 |
| Subtotaal | 794 | 86.3 | 363 | 86.8 | 144 | 88.3 | 1,301 | 86.7 |
| Jaarliks | 19 | 2.1 | 7 | 1.8 | 2 | 1.2 | 28 | 1.9 |
| Minder as een keer per jaar | 5 | 0.5 | 3 | 0.7 | - | - | 8 | 0.5 |
| Nooit | 5 | 0.5 | 5 | 1.2 | 4 | 2.5 | 14 | 0.9 |
| Het nie kinders nie | 96 | 10.4 | 40 | 9.6 | 13 | 8.0 | 149 | 9.9 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Geen duidelike verband tussen die ouderdom van die bejaarde Kleurling en die mate waarin hy met sy kinders kontak het, blyk uit die tabel nie. Onderskeidelik 78.9, 79.4 en 82.2 persent van die proefpersone tussen 60 en 69 jaar, 70 en 79 jaar en 80 jaar en ouer, het daagliks met hul kinders in aanraking gekom.

In tabel 9.2 word die proefpersone se kontak met hul kinders volgens woonplek ingedeel.

Relatief meer dorpsbewoners as plaas- en stadbewoners het saam met hul kinders gewoon (72.9 teenoor onderskeidelik 68.7 en 64.9%).

Die feit dat die tabel origens nie 'n duidelike verband tussen die bejaarde se woonplek en die mate van kontak met sy kinders vertoon nie, bevestig die verklaring hierbo dat die groter mate van kontak wat die Kleurlingbejaarde met sy kinders het, deels daaraan toe te skryf is dat die Kleurlingbevolking nie in die dele waarin hulle sterk gekonsentreer is, tot horisontale mobiliteit geneigd is nie.

'n Verdere ontleding van die bejaarde se kontak met sy kinders volgens die getal lewende kinders[2] wat hy tydens die ondersoek gehad het, toon dat 'n toename in die getal lewende kinders 'n toename meebring in sowel die persentasie proefpersone wat saam met kinders gewoon het as die persentasie proefpersone wat gereeld met kinders wat elders gewoon het, kontak gehad het.

Die geval van mev. E. dien as voorbeeld van hoe sommige proefpersone se kinders hul verpligtinge teenoor hul bejaarde ouers versuim het.

[1] Soos reeds vermeld, is kontak met kleinkinders ook in berekening gebring. Aangesien die geboortesyfer by Kleurlinge veel hoër as by Blankes is (4, bl. 12), kan aanvaar word dat Kleurlingbejaardes veel meer kleinkinders as Blankes sal hê.

[2] Hier word met „kinders" alle kinders behalwe kleinkinders bedoel.

TABEL 9.2

KONTAK MET KINDERS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Kontak met kinders | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Woon saam met kinders | 492 | 64.9 | 213 | 72.9 | 309 | 68.7 | 1,014 | 67.6 |
| Daagliks | 95 | 12.5 | 28 | 9.6 | 55 | 12.2 | 178 | 11.9 |
| Weekliks | 33 | 4.4 | 6 | 2.1 | 11 | 2.4 | 50 | 3.3 |
| Maandeliks | 31 | 4.1 | 6 | 2.1 | 22 | 4.9 | 59 | 3.9 |
| Subtotaal | 651 | 85.9 | 253 | 86.7 | 397 | 88.2 | 1,301 | 86.7 |
| Jaarliks | 11 | 1.5 | 9 | 3.1 | 8 | 1.8 | 28 | 1.9 |
| Minder as een keer per jaar | 3 | 0.4 | 1 | 0.3 | 4 | 0.9 | 8 | 0.5 |
| Nooit | 5 | 0.7 | 5 | 1.7 | 4 | 0.9 | 14 | 0.9 |
| Het nie kinders nie | 88 | 11.6 | 24 | 8.2 | 37 | 8.2 | 149 | 9.9 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

GEVAL 9.1

Mev. E., 'n 69-jarige weduwee, is in Johannesburg aangetref. Sy het by 'n vriendin geloseer.

Haar man is ongeveer dertig jaar gelede oorlede. Met sy afsterwe was haar drie kinders nog baie jonk en geheel en al van haar afhanklik. Nieteenstaande die feit dat sy slegs 'n geringe inkomste uit was- en strykwerk verkry het, kon mev. E. daarin slaag om haar kinders na behore te versorg en op skool te hou totdat hulle standerd tien geslaag het.

Die oudste kind, 'n dogter, is getroud en in Kaapstad woonagtig. Sy het haar moeder vyf jaar gelede laas besoek. Die jongste twee, 'n seun en 'n dogter, woon in Johannesburg en is onderskeidelik as onderwyser en verpleegster werksaam.

Tot ongeveer tien jaar gelede het die twee jongste kinders nog by hul moeder gewoon. Op dié stadium het mev. E. se gesondheid haar las begin gee. Die twee kinders het ontevrede begin raak omdat hül moeder, wat aan suikersiekte ly en ook las van gewrigsontsteking ondervind, nie meer soos voorheen hul etes kon voorberei en hul klere kon versorg nie. Enkele maande nadat sy siek geword het, het die twee kinders hul ouerhuis gelyktydig verlaat. Al die moeder se pleidooie dat hulle terug moes kom, het geen uitwerking gehad nie.

Mev. E. het verklaar dat sy daarna haar huishouding in stand gehou het met die hoop dat die twee kinders na hul ouerhuis sou terugkeer. Ongeveer vyf jaar gelede kon sy haar huishouding egter glad nie meer behartig nie en was sy genoodsaak om daarvan afstand te doen. Sy het toe by die vriendin gaan loseer.

Sedert die twee kinders hul ouerhuis verlaat het, het hulle hul moeder nog nie weer besoek nie. Selfs toe sy onlangs ernstig siek was, het hulle nie op haar boodskappe dat hulle haar in die hospitaal moes kom besoek, gereageer nie. Hulle het haar ook duidelik laat verstaan dat sy nie by hulle welkom is nie.

Mev. E. het haar kinders se optrede daaraan toegeskryf dat „hulle nie met 'n sieklike oumens opgeskeep wil sit nie" en het ook die mening uitgespreek dat die twee kinders die feit dat hul moeder slegs 'n eenvoudige wasvrou was wat nie kan lees en skryf nie, vir hul vooraanstaande vriende wil verberg. Daarom dat hulle selfs nie wou toelaat dat sy hulle besoek nie.

Gevalle is egter ook teëgekom waar kinders hul verpligtinge teenoor hul ouers getrou nagekom het. Die geval van mnr. en mev. F. dien as voorbeeld hiervan.

GEVAL 9.2

Mnr. en mev. F., onderskeidelik 95 en 87 jaar oud, het tydens die ondersoek in 'n twee-vertrekwoning in Potchefstroom gewoon.

Hulle het nie juis las van besondere kwale ondervind nie, maar was vanweë hul hoë ouderdom reeds grootliks verswak. Mev. F. kon darem nog self oor die weg kom. Haar man was egter feitlik pal bedlêend.

Slegs een van die egpaar se tien kinders het tydens die ondersoek nog gelewe. Hierdie kind, 'n 65-jarige weduwee, het met een van haar kleinkinders, 'n 11-jarige dogter, sowat 'n myl van haar ouers af gewoon.

Die weduwee-dogter het elke oggend te voet na haar ouerhuis gegaan om vir haar ouers ontbyt voor te berei en hul woning in orde te bring. Dit het baie selde gebeur dat sy nie die hele dag by haar ouerhuis deurgebring het en eers saans na sononder na haar eie woning teruggekeer het nie.

Die dogter het verklaar dat dit vir haar 'n groot opoffering was om daagliks die afstand van en na haar ouerhuis te voet af te lê, maar dat sy dit as haar plig beskou het om haar ouers te versorg. Sy sou graag nader aan haar ouers wou woon, maar kon nie daarin slaag om 'n woning nader aan haar ouerhuis te bekom nie. Sy het nie daarvoor kans gesien om haar eie woning op te offer en by haar ouers haar intrek te neem nie of om hulle in haar woning te huisves nie. Die huis is daarvoor te klein. Verder was sy ook van mening dat so 'n stap haar ouers nadelig sou tref, want daardeur sou hulle afstand moes doen van die mate van onafhanklikheid waaroor hulle nog beskik het.

### 9.2.2 Kontak met ander familielede

Die proefpersone is ook versoek om aan te dui hoe dikwels hulle met ander familielede as kinders in aanraking gekom het. Hierdie gegewens verskyn in tabel 9.3 en is volgens woonplek ingedeel.

TABEL 9.3

KONTAK MET ANDER FAMILIELEDE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Kontak met ander familielede | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Woon saam met ander familielede | 47 | 6.1 | 22 | 7.5 | 14 | 3.1 | 83 | 5.5 |
| Daagliks | 141 | 18.6 | 41 | 14.0 | 72 | 16.0 | 254 | 16.9 |
| Weekliks | 102 | 13.5 | 48 | 16.4 | 45 | 10.0 | 195 | 13.0 |
| Maandeliks | 132 | 17.4 | 58 | 19.9 | 93 | 20.7 | 283 | 18.9 |
| Subtotaal | 422 | 55.6 | 169 | 57.8 | 224 | 49.8 | 815 | 54.3 |
| Jaarliks | 122 | 16.1 | 41 | 14.0 | 70 | 15.6 | 233 | 15.5 |
| Minder as een keer per jaar | 53 | 7.0 | 20 | 6.8 | 34 | 7.6 | 107 | 7.1 |
| Nooit | 50 | 6.6 | 33 | 11.3 | 76 | 16.8 | 159 | 10.6 |
| Het nie ander familielede nie | 111 | 14.6 | 29 | 9.9 | 46 | 10.2 | 186 | 12.4 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Vyf punt vyf persent van die proefpersone het saam met ander familielede as kinders gewoon, terwyl onderskeidelik 16.9, 13.0 en 18.9 persent daagliks, weekliks of ten minste een keer per maand met ander familielede wat elders gewoon het, in aanraking gekom het. Nagenoeg een derde van die proefpersone het minder as een keer per maand met familielede in aanraking gekom en bykans een uit elke agt Kleurlingbejaardes het geen familielede meer gehad nie.

TABEL 9.4

KONTAK MET KINDERS VOLGENS KONTAK MET ANDER FAMILIELEDE INGEDEEL

| Kontak met ander familielede | Kontak met kinders | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Woon saam met kinders | | Daagliks | | Weekliks | | Maandeliks | | Jaarliks | | Minder as een keer per jaar | | Nooit | | Het nie kinders nie | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Woon saam met ander familielede | 15 | 1.5 | 5 | 2.8 | 2 | 4.0 | 7 | 11.9 | 6 | 21.4 | 1 | 12.5 | - | - | 47 | 31.5 | 83 | 5.5 |
| Daagliks | 176 | 17.4 | 42 | 23.6 | 6 | 12.0 | 8 | 13.6 | 4 | 14.3 | 1 | 12.5 | 1 | 7.1 | 16 | 10.7 | 254 | 16.9 |
| Weekliks | 149 | 14.7 | 34 | 19.1 | 1 | 2.0 | 1 | 1.7 | 2 | 7.1 | - | - | - | - | 8 | 5.4 | 195 | 13.0 |
| Maandeliks | 210 | 20.7 | 36 | 20.2 | 13 | 26.0 | 6 | 10.2 | 4 | 14.3 | 1 | 12.5 | - | - | 13 | 8.7 | 283 | 18.9 |
| Subtotaal | 550 | 54.3 | 117 | 65.7 | 22 | 44.0 | 22 | 37.4 | 16 | 57.1 | 3 | 37.5 | 1 | 7.1 | 84 | 56.3 | 815 | 54.3 |
| Jaarliks | 168 | 16.6 | 20 | 11.2 | 8 | 16.0 | 12 | 20.3 | 3 | 10.7 | 2 | 25.0 | 1 | 7.1 | 19 | 12.8 | 233 | 15.5 |
| Minder as een keer per jaar | 78 | 7.7 | 12 | 6.7 | 3 | 6.0 | 7 | 11.9 | 2 | 7.1 | - | - | - | - | 5 | 3.4 | 107 | 7.1 |
| Nooit | 98 | 9.7 | 19 | 10.7 | 7 | 14.0 | 7 | 11.9 | 3 | 10.7 | 2 | 25.0 | 9 | 64.3 | 14 | 9.4 | 159 | 10.6 |
| Het nie ander familielede nie | 120 | 11.8 | 10 | 5.6 | 10 | 20.0 | 11 | 18.6 | 4 | 14.3 | 1 | 12.5 | 3 | 21.4 | 27 | 18.1 | 186 | 12.4 |
| TOTAAL | 1,014 | 100.0 | 178 | 100.0 | 50 | 100.0 | 59 | 100.0 | 28 | 100.0 | 8 | 100.0 | 14 | 100.0 | 149 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

'n Ongeveer ewe groot persentasie van die bejaardes wat op plase gewoon het as van dié wat in stede en in dorpe woonagtig was, het selde (minder as ten minste een keer per maand) met ander familielede kontak gehad. Hierteenoor het relatief veel meer van die plaasbewoners as van die dorps- en stadsbewoners glad nie meer met ander familielede in aanraking gekom nie.

Wanneer die gegewens in die bostaande tabel vergelyk word met soortgelyke gegewens ten opsigte van 'n steekproef van Blanke bejaardes (10, bl. 79), wil dit voorkom asof die lede van die huidige ondersoekgroep in 'n veel groter mate as die Blanke bejaardes met ander familielede as kinders in aanraking gekom het. Veral vanweë die feit dat die Kleurlingbevolking in die dele waar dié bevolkingsgroep sterk gekonsentreer is, nie tot horisontale mobiliteit oor groot afstande neig nie, is dit moontlik dat die Kleurlingbejaarde wel 'n groter mate van kontak met ander familielede as die Blanke bejaarde het. Dit moet egter onthou word dat in die geval van die huidige ondersoek ook neefs, niggies en so meer, as „ander familielede" ingedeel is, terwyl die beskikbare gegewens ten opsigte van die Blanke bejaardes slegs op broers, susters, swaers en skoonsusters betrekking het.

Tabel 9.4 toon vervolgens die proefpersone se kontak met hul kinders volgens hul kontak met hul ander familielede ingedeel.

Die verwagte tendense blyk duidelik. Namate die bejaarde se kontak met sy kinders afneem, woon oor die algemeen 'n groter persentasie proefpersone saam met ander familielede as kinders. Hierdie bevinding volg daarop dat die bejaarde wat nie kinders het nie, of wel kinders het maar selde met hulle kontak het, hom veel eerder tot sy ander familielede sal wend as die een wat saam met kinders woon of gereeld met hulle in aanraking kom.

### 9.2.3 Besoeke

Vervolgens word daar gelet op die getal besoeke wat die Kleurlingbejaardes gedurende die week wat die onderhoud voorafgegaan het, afgelê (tabelle 9.5 en 9.6) en ontvang het (tabelle 9.7 en 9.8).

TABEL 9.5

GETAL BESOEKE AFGELÊ VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Getal besoeke | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 550 | 59.8 | 284 | 67.9 | 131 | 80.4 | 965 | 64.3 |
| 1 | 152 | 16.5 | 51 | 12.2 | 11 | 6.8 | 214 | 14.3 |
| 2 | 105 | 11.4 | 30 | 7.2 | 7 | 4.3 | 142 | 9.5 |
| 3 | 56 | 6.1 | 22 | 5.3 | 5 | 3.1 | 83 | 5.5 |
| 4 | 23 | 2.5 | 6 | 1.4 | 7 | 4.3 | 36 | 2.4 |
| 5 en meer | 33 | 3.6 | 25 | 6.0 | 2 | 1.2 | 60 | 4.0 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Uit tabel 9.5 blyk eerstens dat bykans twee derdes van die proefpersone nie gedurende die betrokke week enige besoeke afgelê het nie. Veertien punt drie persent het een besoek afgelê, 9.5 persent twee en 11.9 persent ten minste drie.

Die tabel toon tweedens dat, soos verwag kan word, met stygende ouderdom 'n kleiner persentasie proefpersone besoeke afgelê het.

Wanneer slegs die 535 proefpersone wat gedurende die betrokke tydperk besoeke afgelê het, in aanmerking geneem word, en daar word op die getal besoeke wat afgelê is, gelet, kom interessante gegewens aan die lig. Teenoor slegs 15.2 persent van die 60- tot 69-jariges in hierdie groep, het onderskeidelik 23.1 en 28.1 persent van die 70- tot 79-jariges en die 80 jaar en ouer groep wat besoeke afgelê het, in die betrokke tydperk ten minste vier keer besoeke afgelê.

Dit wil dus voorkom asof die geringer persentasie ouer proefpersone wat besoeke aflê, meer aktiewe besoekers insluit as die groter persentasie jonger proefpersone wat besoeke aflê.

TABEL 9.6

GETAL BESOEKE AFGELÊ VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Getal besoeke | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 446 | 58.8 | 200 | 68.5 | 319 | 70.9 | 965 | 64.3 |
| 1 | 117 | 15.4 | 38 | 13.0 | 59 | 13.1 | 214 | 14.3 |
| 2 | 91 | 12.0 | 19 | 6.5 | 32 | 7.1 | 142 | 9.5 |
| 3 | 45 | 5.9 | 21 | 7.2 | 17 | 3.8 | 83 | 5.5 |
| 4 | 25 | 3.3 | 4 | 1.4 | 4 | 1.6 | 36 | 2.4 |
| 5 en meer | 34 | 4.5 | 10 | 3.4 | 16 | 3.6 | 60 | 4.0 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 9.6 het 'n aansienlik groter persentasie stads- as dorps- en plaasbewoners gedurende die betrokke week besoek afgelê (41.2 teenoor onderskeidelik 31.5 en 29.1%) en het ook 'n groter persentasie stedelinge as dorps- en plaasbewoners ten minste drie besoeke afgelê (onderskeidelik 13.7, 12.0 en 9.0%).

Tabel 9.7 toon vervolgens die getal besoeke wat die proefpersone gedurende die betrokke week ontvang het, volgens ouderdom ingedeel.

TABEL 9.7

GETAL BESOEKE ONTVANG VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Getal besoeke | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 501 | 54.5 | 225 | 53.8 | 93 | 57.1 | 819 | 54.6 |
| 1 | 194 | 21.1 | 85 | 20.3 | 35 | 21.5 | 314 | 20.9 |
| 2 | 97 | 10.6 | 36 | 8.6 | 12 | 7.4 | 145 | 9.7 |
| 3 | 54 | 5.9 | 36 | 8.6 | 7 | 4.3 | 97 | 6.5 |
| 4 | 16 | 1.7 | 4 | 1.0 | 2 | 1.2 | 22 | 1.5 |
| 5 en meer | 57 | 6.2 | 32 | 7.6 | 14 | 8.6 | 103 | 6.9 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Vier-en-vyftig punt ses persent van die bejaardes het nie gedurende die betrokke week besoekers ontvang nie. Ietwat meer as een vyfde het een keer besoek ontvang, 9.7 persent twee keer en 14.9 persent ten minste drie keer.

Wanneer die gegewens in tabelle 9.5 en 9.7 met mekaar vergelyk word, blyk dit eerstens dat 'n merkbaar groter persentasie bejaardes besoeke ontvang as aflê en tweedens dat, wat die ontvang van die besoeke betref, die bejaarde persoon se ouderdom 'n veel geringer rol speel as ten opsigte van die aflê van besoeke.

TABEL 9.8

GETAL BESOEKE ONTVANG VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Getal besoeke | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 373 | 49.2 | 171 | 58.6 | 275 | 61.1 | 819 | 54.6 |
| 1 | 163 | 21.5 | 58 | 19.9 | 93 | 20.7 | 314 | 20.9 |
| 2 | 80 | 10.6 | 27 | 9.2 | 38 | 8.4 | 145 | 9.7 |
| 3 | 57 | 7.5 | 18 | 6.2 | 22 | 4.9 | 97 | 6.5 |
| 4 | 18 | 2.4 | 3 | 1.0 | 1 | 0.2 | 22 | 1.5 |
| 5 en meer | 67 | 8.8 | 15 | 5.1 | 21 | 4.7 | 103 | 6.9 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Dit blyk uit tabel 9.8 dat die stadsbewoners meer besoek ontvang het en ook meer kere besoek ontvang het as die dorps- en die plaasbewoners.

## 9.3 GODSDIENSBEOEFENING

Die godsdienstige gesindte van die bejaardes is reeds in tabel 1.7 aangedui. Vervolgens word daar gelet op die godsdiensbeoefening. Daar word aangetoon hoe gereeld die proefpersone formele eredienste bygewoon het.

TABEL 9.9

BYWOON VAN FORMELE EREDIENSTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Bywoning | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Een keer per week | 389 | 51.3 | 140 | 47.9 | 148 | 32.9 | 677 | 45.1 |
| Een keer per maand | 242 | 31.9 | 115 | 39.4 | 183 | 40.7 | 540 | 36.0 |
| Een keer elke drie maande | 45 | 5.9 | 21 | 7.2 | 79 | 17.6 | 145 | 9.7 |
| Minder as een keer elke drie maande of nooit | 82 | 10.8 | 16 | 5.5 | 40 | 8.9 | 138 | 9.2 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die grootste enkele persentasie van die bejaardes het verklaar dat hulle ten minste een keer per week 'n formele erediens bywoon (45.1%), terwyl onderskeidelik 36.0 en 9.7 persent die kerk ten minste een keer per maand of ten minste een keer elke drie maande bygewoon het. Bykans een uit elke tien bejaardes het minder as een keer elke drie maande of nooit 'n formele erediens bygewoon nie.

In die lig van W.H. Keyter se bevindings dat slegs 23.9 persent van die volwasse Kleurlinglidmate in die Paarl op Sondae die eredienste bywoon (23, bl. 122), wil dit voorkom asof die bejaarde Kleurling meer kerkvas is as die algemene Kleurlingbevolking.

Veel meer stads- en dorpsbewoners as plaasbewoners wat dikwels ver van die kerk woon, het aangedui dat hulle ten minste een keer per week 'n formele erediens bywoon (onderskeidelik 51.3, 47.9 en 32.9%).

## 9.4 VRYETYDSBESTEDING

In hoofstuk 3 is onder andere aangetoon dat 67.4 persent van die mans nie tydens die ondersoek meer loonarbeid verrig het nie (tabel 3.4), asook dat onderskeidelik 34.1 en 17.9 persent van die vroue hul huishoudelike take reeds gedeeltelik of geheel en al aan andere oorgedra het (tabel 3.8). Dit spreek dus vanself dat 'n groot persentasie van die proefpersone, en veral van die mans, baie vrye tyd tot hul beskikking gehad het.

Oues van dae wat self nie werk nie, dink gewoonlik nie daaraan dat hulle baie vrye tyd het nie. Hulle hou hulleself besig met allerhande take tuis. Dit geld in 'n grotere mate vir die vroue as die mans (24, bl. 157).

'n Amerikaanse ondersoek na die vryetydsbesteding van bejaardes het aan die lig gebring dat 41 persent van die ondersoekgroep slegs 'n paar uur per dag vry gehad het en dat onderskeidelik 20 en 38.5 persent van die proefpersone ongeveer die helfte of die hele dag vry gehad het. Hoe ouer die mans, hoe meer vrye tyd het hulle gehad. Hierdie tendens was egter nie so opvallend by die vrou nie daar sy meer besig was met huishoudelike take soos koskook, breiwerk, babas oppas, en so meer (24, bl. 158).

„With increasing age there seemed to be a corresponding narrowing of interests and a change in the nature of the activities listed. Activities of older respondents as a rule required less exertion" (24, bl. 159).

Dit was vanuit die aard van hierdie ondersoek nie moontlik om 'n diepgaande studie te maak van die wyse waarop die Kleurlingbejaardes hul vryetyd bestee het nie. Gevolglik word daar slegs op enkele aspekte gelet.

### 9.4.1 Bywoning van bioskoopvertonings, konserte en/of sportbyeenkomste

Tabel 9.10 toon hoe gereeld die proefpersone, en die stads-, dorps- en plaasbewoners onderskeidelik, bioskoopvertonings, konserte en/of sportbyeenkomste bygewoon het.

TABEL 9.10

BYWOON VAN BIOSKOOPVERTONINGS, KONSERTE EN/OF SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Bywoning | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Een keer per week | 29 | 3.8 | 3 | 1.0 | 2 | 0.4 | 34 | 2.3 |
| Een keer per maand | 31 | 4.1 | 8 | 2.7 | 3 | 0.7 | 42 | 2.8 |
| Een keer elke 3 maande | 34 | 4.5 | 7 | 2.4 | 3 | 0.7 | 44 | 2.9 |
| Minder as een keer elke 3 maande of nooit | 664 | 87.6 | 274 | 93.8 | 442 | 98.2 | 1,380 | 92.0 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Slegs 8.0 persent van die proefpersone, meesal stadsbewoners, het ten minste een keer elke drie maande 'n bioskoopvertoning, 'n konsert en/of 'n sportbyeenkoms bygewoon.

### 9.4.2 Leesgewoontes

Vervolgens word aangetoon hoe gereeld die proefpersone koerante en/of tydskrifte gelees het.

TABEL 9.11

LEES VAN KOERANTE EN/OF TYDSKRIFTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Lees van koerante en/ of tydskrifte | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 169 | 22.3 | 23 | 7.9 | 6 | 1.3 | 198 | 13.2 |
| Weekliks | 183 | 24.1 | 45 | 15.1 | 13 | 2.9 | 241 | 16.1 |
| Maandeliks | 40 | 5.3 | 19 | 6.5 | 12 | 2.7 | 71 | 4.7 |
| Een keer elke drie maande | 13 | 1.7 | 7 | 2.4 | 3 | 0.7 | 23 | 1.5 |
| Minder as een keer elke drie maande of nooit | 353 | 46.6 | 198 | 67.8 | 416 | 92.4 | 967 | 64.5 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Uit tabel 9.11 blyk dat minder as 30 persent van die bejaardes ten minste weekliks koerante en/of tydskrifte gelees het. Meer as sestig persent het minder as een keer elke drie maande (of nooit nie) koerante en/of tydskrifte gelees.

Verder blyk dit dat die stadsbewoners die meeste en die plaasbewoners die minste koerante en/of tydskrifte gelees het.

9.4.3 Luistergewoontes

Slegs 44.7 persent van die Kleurlingbejaardes teenoor 88.0 persent van 'n steekproef van Blanke bejaardes (10, bl. 92), het radio's besit of in 'n woning gewoon waarin daar 'n radio beskikbaar was.

Die Kleurlingbejaardes wat oor radio's beskik het, se luistergewoontes word ten slotte kortliks ontleed.

TABEL 9.12

GETAL URE WAT PROEFPERSOON GEMIDDELD PER DAG NA DIE RADIO LUISTER, VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Getal ure | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 'n halfuur | 53 | 19.1 | 49 | 12.5 | 102 | 15.3 |
| 'n Halfuur, maar minder as een uur | 95 | 34.2 | 109 | 27.7 | 204 | 30.4 |
| 1 - 2 uur | 87 | 31.3 | 135 | 34.4 | 222 | 33.2 |
| 3 - 4 uur | 30 | 10.8 | 64 | 16.3 | 94 | 14.0 |
| 5 - 6 uur | 10 | 3.6 | 17 | 4.3 | 27 | 4.0 |
| 7 uur en langer | 3 | 1.1 | 19 | 4.8 | 22 | 3.0 |
| TOTAAL | 278 | 100.0 | 393 | 100.0 | 671 | 100.0 |

Tabel 9.12 toon dat bykans die helfte van die proefpersone wat oor radio's beskik het, gemiddeld minder as een uur per dag daarna geluister het (45.7%). Ongeveer 'n derde het daagliks gemiddeld van een tot twee uur ingeluister en slegs ietwat meer as 'n vyfde gemiddeld ten minste drie uur per dag.

Teenoor die 21.0 persent van die huidige ondersoekgroep, het 56.8 persent van die Blanke bejaardes wat oor radio's beskik het, gemiddeld ten minste drie uur per dag ingeluister (10, bl. 97).

Die tabel toon verder dat 'n veel groter persentasie mans as vroue minder as gemiddeld een uur per dag na 'n radio geluister het (53.1 teenoor 40.2%).

In tabel 9.13 word aangetoon aan watter soorte radioprogramme die proefpersone wat oor radio's beskik het, voorkeur gegee het.

TABEL 9.13

RADIOPROGRAMVOORKEUR VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Radioprogramvoorkeur | Geslag | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen bepaalde voorkeur nie | 78 | 28.2 | 83 | 21.1 | 161 | 25.3 |
| Radiodramas, stories en vervolgverhale | 20 | 7.2 | 204 | 51.9 | 224 | 33.3 |
| Nuusdienste | 109 | 38.9 | 17 | 4.3 | 126 | 18.7 |
| Godsdienstige uitsendings | 35 | 12.6 | 77 | 19.6 | 112 | 16.6 |
| Musiekprogramme | 19 | 6.8 | 10 | 2.5 | 29 | 4.3 |
| Sportuitsendings | 12 | 4.3 | 2 | 0.5 | 14 | 2.0 |
| Die Kleurlingprogram (Proteaklub) | 5 | 1.8 | - | - | 5 | 0.7 |
| TOTAAL | 278 | 100.0 | 393 | 100.0 | 671 | 100.0 |

Ietwat meer as 'n kwart van diegene wat oor radio's beskik het, het nie aan 'n bepaalde soort radioprogram voorkeur gegee nie, terwyl een derde, hoofsaaklik vroue, verkies het om na radiodramas, stories en vervolgverhale te luister.

Onderskeidelik 18.7 en 16.6 persent het nuusdienste en godsdienstige uitsendings verkies en 'n verdere 7.0 persent het aan ander programme voorkeur gegee.

Die Blanke bejaardes het veral voorkeur gegee aan nuus- en streeknuusdienste, godsdienstige uitsendings, ligte musiekprogramme en radiodramas (10, bl. 95).

Verder toon die tabel dat nuusdienste, musiekprogramme en sportuitsendings by die mans die populêrste was, terwyl 'n veel groter persentasie vroue as mans voorkeur gegee het aan godsdienstige uitsendings.

# HOOFSTUK 10

## GESONDHEIDSTOESTAND, MEDIESE BEHANDELING EN VOEDING

### 10.1 INLEIDING

„When it is recognized that ill health is the major cause of dependency at all age periods, it is clear that any study of the needs of the aged must concern itself closely with the nature and significance of the diseases to which these old people are subject" (25, bl. 39).

Tydens hierdie ondersoek is daar ook gelet op die gesondheidstoestand van die proefpersone en is sekere aspekte wat daarmee verband hou, naamlik die mediese behandeling wat die bejaardes ondergaan het en hul gebruik van sekere voedselsoorte, ook ondersoek.

### 10.2 GESONDHEIDSTOESTAND

In hierdie afdeling word eerstens aangetoon watter persentasie van die proefpersone verklaar het dat hulle, indien hul ouderdom in aanmerking geneem word, nog gesond gevoel het. Tweedens word aangedui watter persentasie van die proefpersone aan kroniese kwale[1] gely het en wat die aard van hierdie kroniese kwale was[2]. Daar word ook aangetoon in watter mate die bejaardes nog daartoe in staat was om sonder hulp oor die weg te kom en laastens, hoeveel van die dertig dae wat die onderhoud voorafgegaan het, hulle verplig was om as gevolg van hul gesondheidstoestand in die bed deur te bring.

#### 10.2.1 Die proefpersone se houding teenoor hul gesondheidstoestand

Ter inleiding tot die vrae wat oor hul gesondheidstoestand handel, is die Kleurlingbejaardes versoek om aan te dui of hulle, indien hulle hul ouderdom in aanmerking geneem het, nog gesond gevoel het. Die proefpersone se antwoorde op hierdie vraag verskyn in tabel 10.1 en is volgens geslag ingedeel.

TABEL 10.1

HOUDING OOR GESONDHEIDSTOESTAND VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Houding | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Voel nog gesond | 332 | 49.0 | 330 | 40.1 | 662 | 44.1 |
| Voel nie meer gesond nie | 346 | 51.0 | 492 | 59.9 | 838 | 55.9 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Slegs 44.1 persent van die Kleurlingbejaardes het tydens die ondersoek nog gesond gevoel. Hierteenoor het 64.9 persent van 'n steekproef van Blanke bejaardes in die Republiek verklaar dat hulle nog gesond gevoel het (10, bl. 104) en het 53.0 persent van die bejaardes wat in 'n Amerikaanse ondersoek betrek is, aangedui dat hulle nie enige besondere fisiese probleme ondervind het nie (26, bl. 348).

[1] Met „kroniese kwale" word bedoel alle kwale wat oor 'n lang tydperk by die proefpersone aanwesig was en waarvan die proefpersone, nieteenstaande alle behandeling wat hulle daarvoor ondergaan het en alle middele wat hulle daarvoor gebruik het, nie permanent genees kon word nie.

[2] Die diagnose met betrekking tot die aard van die kroniese kwale, is nie noodwendig dié van 'n geneesheer nie. Sommige proefpersone het wel verklaar dat 'n geneesheer hul kroniese kwaal gediagnoseer het, maar andere het self besluit wat die aard en die oorsprong daarvan was.

In tabel 10.2 word die proefpersone se houding teenoor hul gesondheidstoestand volgens hul ouderdom ingedeel.

TABEL 10.2

HOUDING OOR GESONDHEIDSTOESTAND VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Houding | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Voel nog gesond | 459 | 49.9 | 149 | 35.6 | 54 | 33.1 | 662 | 44.1 |
| Voel nie meer gesond nie | 460 | 50.1 | 269 | 64.4 | 109 | 66.9 | 838 | 55.9 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die tabel toon die verwagte tendense. Teenoor bykans die helfte van die 60- tot 69-jariges, het slegs nagenoeg een derde van die proefpersone wat reeds ten minste 80 jaar oud was, nog gesond gevoel.

Sommige van die proefpersone wat reeds 'n baie hoë ouderdom bereik het, het in 'n uitstekende gesondheidstoestand verkeer en mnr. G. is 'n goeie voorbeeld.

GEVAL 10.1

Mnr. G., 'n 93-jarige oujongkêrel, is in Roodepoort aangetref. Hy het tydens die ondersoek saam met twee van sy susters, albei weduwees en ten minste 80 jaar oud, gewoon.

Sy gesondheidstoestand was uitstekend. Hy was fris en gesond en het nog geen las van sy oë of gehoor ondervind nie. Hy het verklaar dat hy snags nog baie goed geslaap het, dat hy kon eet wat hy wou en dat hy nog glad nie kon agterkom dat hy besig was om oud te word nie. Mnr. G. het homself dan ook nie as 'n ou man beskou nie.

Hy het tydens die onderhoud in 'n baie opgewekte stemming verkeer en het voortdurend grappies gemaak en met sy twee susters wat albei reeds las van hul gesondheid ondervind het, die spot gedryf. Mnr. G. het lank en onderhoudend met die ondersoeker gesels en het 'n lewendige belangstelling in die buitewêreld openbaar.

Te oordeel na sy algemene voorkoms, sou 'n mens nie sê dat mnr. G. alreeds so oud was nie. Hy was netjies aangetrek en glad geskeer en ondersoeker het aanvanklik die indruk gekry dat hy nie 'n dag ouer as 65 jaar was nie.

Gevalle is ook teëgekom waar proefpersone wat veel jonger was, verklaar het dat hul gesondheidstoestand baie swak was. Die geval van mnr. H. dien as illustrasie.

GEVAL 10.2

Mnr. H., 'n wewenaar met twee afhanklike kinders, was tydens die ondersoek 62 jaar oud. Hy het in Lichtenburg gewoon.

Mnr. H. is op 'n stoel voor sy huisie aangetref. Ondersoeker het dadelik die indruk gekry dat hy met 'n lewensmoeë en afgeleefde persoon te doen het. Die onderhoud is net daar voor die huis gevoer en toe ondersoeker die afmetinge van die slaapvertrek wou neem, het die proefpersoon verklaar dat hy die woning alleen maar moes binnegaan daar hy, die proefpersoon, nie kans gesien het om op te staan nie.

Mnr. H. het aan gewrigsontsteking in 'n ernstige graad gely. Sy hande was inmekaar getrek en hy kon hulle slegs met veel moeite gebruik. Hy het ook las van sy bors ondervind en dié kwaal, wat volgens hom sy ontstaan daarin het dat hy jare lank sweiswerk gedoen het, het hom die

meeste las gegee.

Die proefpersoon was genoodsaak om op 59-jarige ouderdom af te tree en om 'n ongeskiktheidstoelae aansoek te doen. Volgens mnr. H. het die distriksgeneesheer hom by sy aansoek om dié toelae as 60 persent ongeskik vir arbeid bevind en het sy gesondheidstoestand daarna nog verder verswak.

Mnr. H. het sy dae op 'n stoel voor die huis of in die bed deurgebring. As gevolg van die gewrigsontsteking kon hy nie sonder hulp beweeg nie. Sy kinders het hom gewoonlik voordat hulle in die oggend skool toe gaan, na buite gehelp en dit het al gebeur dat hy buite die huis natgereën het en nie self daarin kon slaag om in die huis te kom nie.

10.2.2 Kroniese kwale

„Chronic diseases differ from acute diseases not alone in their essential medical characteristics, but in their social and economic consequences as well. In most acute disease medical considerations are paramount; compared with them the social and economic difficulties are temporary and unimportant. In chronic disease the medical, social, and economic elements are inextricably interwoven and of equal significance ... Prolonged illness places as great a strain on the varied human relationships comprised in a family as any other factor ... Among the poor with a large family forced to live in a few small rooms, the situation often becomes intolerable ... These ill effects are not confined to the patient and to his family alone, but are a drain on the community resources as well ... Sufferers from chronic organic disease offer much the same problem as do the tuberculous and the insane, i.e., social and economic factors interplaying with medical ones" (25, bl. 40-42).

Tabel 10.3 toon die persentasie proefpersone wat aan kroniese kwale gely het, asook die aard van die kwale wat hulle die meeste las gegee het. Die gegewens is volgens geslag ingedeel.

TABEL 10.3

VOORKOMS EN AARD VAN KRONIESE KWALE VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Voorkoms en aard | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen kroniese kwaal nie | 273 | 40.3 | 261 | 31.8 | 534 | 35.6 |
| Kroniese kwale i.v.m. spiere, gewrigte, vel | 175 | 25.8 | 224 | 27.3 | 399 | 26.6 |
| Kroniese kwale i.v.m. bloedsomloopstelsel | 67 | 9.9 | 162 | 19.7 | 229 | 15.3 |
| Kroniese kwale i.v.m. asemhalingstelsel | 75 | 11.1 | 49 | 6.0 | 124 | 8.3 |
| Kroniese kwale i.v.m. senustelsel | 39 | 5.8 | 60 | 7.3 | 99 | 6.6 |
| Kroniese kwale i.v.m. spysverteringstelsel | 18 | 2.7 | 23 | 2.8 | 41 | 2.7 |
| Kroniese kwale i.v.m. afskeidingstelsel | 24 | 3.5 | 14 | 1.7 | 38 | 2.5 |
| Kroniese kwale i.v.m. wanfunksionering van kliere | 7 | 1.0 | 29 | 3.5 | 36 | 2.4 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Dit blyk dat 35.6 persent van alle proefpersone, en onderskeidelik 40.3 en 31.8 persent van die mans en die vroue, nie aan kroniese kwale gely het nie. Ook in hierdie opsig was die mans dus beter daaraan toe as die vroue.

Ses-en-twintig punt ses persent van die bejaardes het die meeste las ondervind van kroniese kwale wat met die spiere, die gewrigte of die vel verband hou en onderskeidelik 15.3 en 8.3 persent het die meeste las ondervind van kroniese kwale wat hul oorsprong het in die bloedsomloop- en die asemhalingstelsel. Ses punt ses persent het die meeste probleme met kroniese senukwale ondervind en 'n verdere 7.6 persent het aan ander kwale gely.

Relatief gesproke, het meer mans as vroue die meeste las ondervind van kroniese kwale wat met die asemhaling- en afskeidingstelsel verband hou. Hierteenoor het 'n groter persentasie vroue as mans aan die ander genoemde soorte kroniese kwale gely.

Vervolgens word die voorkoms en die aard van die proefpersone se kroniese kwale volgens ouderdom ontleed.

TABEL 10.4

VOORKOMS EN AARD VAN KRONIESE KWALE VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Voorkoms en aard | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen kroniese kwaal nie | 363 | 39.5 | 129 | 30.9 | 42 | 25.8 | 534 | 35.6 |
| Kroniese kwale i. v. m. spiere, gewrigte, vel | 237 | 25.8 | 111 | 26.6 | 51 | 31.3 | 399 | 26.6 |
| Kroniese kwale i. v. m. bloedsomloopstelsel | 137 | 14.9 | 67 | 16.0 | 25 | 15.3 | 229 | 15.3 |
| Kroniese kwale i. v. m. asemhalingstelsel | 73 | 7.9 | 38 | 9.1 | 13 | 8.0 | 124 | 8.3 |
| Kroniese kwale i. v. m. senustelsel | 52 | 5.7 | 29 | 6.9 | 18 | 11.0 | 99 | 6.6 |
| Kroniese kwale i. v. m. spysverteringstelsel | 20 | 2.2 | 15 | 3.6 | 6 | 3.7 | 41 | 2.7 |
| Kroniese kwale i. v. m. afskeidingstelsel | 18 | 2.0 | 14 | 3.3 | 4 | 2.5 | 38 | 2.5 |
| Kroniese kwale i. v. m. wanfunksionering van kliere | 19 | 2.1 | 15 | 3.6 | 4 | 2.5 | 36 | 2.4 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Teenoor 39.5 persent van die jongste groep bejaardes, het onderskeidelik 30.9 en 25.8 persent van diegene tussen 70 en 79 jaar en van 80 jaar en ouer nie van kroniese kwale las gehad nie. Die persentasie bejaardes wat aan kroniese senukwale gely het, het met stygende ouderdom die vinnigste toegeneem.

## 10.2.3 Die vermoë om sonder hulp oor die weg te kom

In hierdie afdeling word aangetoon watter persentasie van die proefpersone nog daartoe in staat was om sonder hulp oor die weg te kom, in watter mate die proefpersone van andere of van hulpmiddels[1]) afhanklik was en hoeveel van die bejaardes bedlêend was.

TABEL 10.5

VERMOË OM SONDER HULP OOR DIE WEG TE KOM, VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Vermoë | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Kan sonder hulp oor die weg kom | 636 | 93.8 | 766 | 93.2 | 1,402 | 93.5 |
| Is van andere of van hulpmiddele afhanklik | 30 | 4.4 | 46 | 5.6 | 76 | 5.1 |
| Is bedlêend | 12 | 1.8 | 10 | 1.2 | 22 | 1.5 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

1) Byvoorbeeld 'n rolstoel of krukke. 'n Kierie is nie as 'n hulpmiddel beskou nie.

Onderskeidelik 93.5, 5.1 en 1.5 persent van die Kleurlingbejaardes kon nog sonder hulp oor die weg kom, kon slegs met die hulp van andere of van hulpmiddels oor die weg kom, of was bedlêend. 'n Ongeveer ewe groot persentasie mans en vroue kon nog sonder hulp voortbeweeg.

Tydens die ondersoek na die lewensomstandighede van Blanke bejaardes is bevind dat onderskeidelik 1.3 en 1.8 persent van die proefpersone nie meer sonder hulp oor die weg kon kom nie en van 'n rolstoel afhanklik was, of bedlêend was (10. bl. 105).

TABEL 10.6

VERMOË OM SONDER HULP OOR DIE WEG TE KOM VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Vermoë | Ouderdom | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Kan sonder hulp oor die weg kom | 893 | 97.2 | 378 | 90.4 | 131 | 80.4 | 1,402 | 93.5 |
| Is van andere of van hulpmiddele afhanklik | 20 | 2.1 | 33 | 7.9 | 23 | 14.1 | 76 | 5.1 |
| Is bedlêend | 6 | 0.7 | 7 | 1.7 | 9 | 5.5 | 22 | 1.5 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel 10.6 toon in watter mate stygende ouderdom 'n afname bring in die persentasie proefpersone wat nog sonder hulp oor die weg kon kom.

GEVAL 10.3

Mnr. I. 'n 85-jarige wewenaar, het op 'n Oos-Kaaplandse plaas by 'n getroude aangenome dogter en haar gesin ingewoon.

Hy was permanent bedlêend en kon glad nie rondbeweeg nie. Mnr. I. het verklaar dat hy ongeveer dertig jaar gelede 'n beroerte-aanval gehad het en sedertdien in sy onderlyf verlam is. Hy kon sy arms en hande goed gebruik, maar glad nie sy bene nie.

Mnr. I. het onder uiters ongunstige omstandighede gewoon. Nie alleen het die gesin 'n uiters bouvallige woning bewoon en was 'n deel van sowel die een muur as die strooidak van mnr. I. se slaapvertrek al daarmee heen nie, maar mnr. I. het ook nie 'n bed gehad om op te lê nie. As gevolg van sy verlamming moes hy sy dae en nagte op sakke op die grondvloer deurbring. Hierbenewens was hy ook blind en kon hy nie die baie tyd wat hy tot sy beskikking gehad het, op 'n enigsins konstruktiewe wyse deurbring nie.

Gedurende die vier jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, was mnr. I. slegs een keer buite die huis. Dit was toe die gesin na die betrokke woning getrek het.

Benewens diegene wat fisies nie daartoe in staat was om rond te beweeg nie, is ook seniele bejaardes aangetref wat voortdurende toesig geverg het en gevolglik ook nie sonder hulp oor die weg kon kom nie. Die geval van mnr. J. dien as illustrasie.

GEVAL 10.4

Mnr. J. was tydens die ondersoek sowat 75 jaar oud. Hy was 'n wewenaar en het sedert sy eggenote se afsterwe drie jaar vantevore, by sy getroude seun in Durban ingewoon.

Die proefpersoon het heeltemal gesond voorgekom en het nie juis las van enige besondere kwale ondervind nie.

Sy ouderdom het egter reeds sy verstandelike vermoë, en veral sy geheue met betrekking tot sy ervaringe in die onmiddellike verlede, aangetas.

Mnr. J. kon heeltemal gemaklik in en om die huis rondbeweeg. Sy skoondogter moes egter voortdurend daarop let dat hy nie alleen by die hek uitgaan nie, want dan het hy hopeloos verdwaal. Dit het dan ook al talle kere gebeur dat hy by die hek uitgegaan het en, hoewel hy nie een keer ver van die huis af was nie, nie sy pad terug kon vind nie.

Die skoondogter het verklaar dat mnr. J. nie hierdie probleem gehad het voordat hy na sy vrou se afsterwe vanaf Pietermaritzburg na hulle in Durban verhuis het nie. Toe die gesin sowat 'n drie maande voor die ondersoek in Pietermaritzburg 'n besoek afgelê het, kon mnr. J. aldaar sy weg gemaklik vind. Hy kon egter net nie daarin slaag om sy nuwe omgewing in Durban te leer ken nie.

### 10.2.4 Die bejaardes se gesigs- en gehoorvermoë

„Failure of sensory and perceptual efficiency has long been recognized as an almost universal concomitant of aging. Most troublesome are failures of vision and audition" (27, bl. 34).

Tabel 10.7 toon in watter mate stygende ouderdom 'n afname in die gesigsvermoë meebring[1].

TABEL 10.7

GESIGSVERMOË VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Gesigsvermoë | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Goed | 449 | 48.9 | 153 | 36.6 | 36 | 22.1 | 638 | 42.5 |
| Swak | 456 | 49.6 | 256 | 61.2 | 121 | 74.3 | 833 | 55.6 |
| Geen | 14 | 1.5 | 9 | 2.2 | 6 | 3.7 | 29 | 1.9 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Twee-en-veertig punt vyf persent van die bejaardes het verklaar dat hulle nog goed kon sien, 55.6 persent se gesigsvermoë was verswak en 1.9 persent was blind.

Onderskeidelik 9.4, 83.2 en 7.4 persent van die steekproef van Blanke bejaardes in die Republiek het aangetoon dat hulle nog sonder 'n bril kon lees, slegs met behulp van 'n bril kon lees, of vanweë 'n verswakte gesigsvermoë glad nie meer kon lees nie (10, bl. 104).

Vervolgens word aangetoon in watter mate stygende ouderdom 'n afname in die gehoorvermoë meebring.

Volgens tabel 10.8 kon meer as driekwart van die bejaardes nog goed hoor. Twee-en-twintig persent se gehoorvermoë was reeds verswak en 1.7 persent was heeltemal doof[2].

Wanneer die gegewens in tabelle 10.7 en 10.8 met mekaar vergelyk word, blyk dit dat 'n groter persentasie van die proefpersone van 'n verswakte gesigsvermoë as van 'n verswakte gehoorvermoë las ondervind het. Tweedens blyk dit dat die persentasie hardhorendes met stygende ouderdom vinniger toeneem as die persentasie swaksiendes.

[1] Geen objektiewe maatstaf van „goed" en „swak" is in sowel hierdie as in tabel 10.8 gebruik nie. Die proefpersone moes self besluit of hulle gesigs- en gehoorvermoë goed of swak is.

[2] Die onderhoude met hierdie proefpersone sou nie moontlik gewees het as dit nie was vir die hulp van ander lede van die huishouding wat hulle deur middel van, onder andere, gebare aan die proefpersone verstaanbaar kon maak nie. Hierdie informante kon sonder om met die proefpersoon kontak te maak, die meeste van die vrae beantwoord.

TABEL 10.8

GEHOORVERMOË VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Gehoorvermoë | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Goed | 738 | 80.3 | 308 | 73.7 | 98 | 60.1 | 1,144 | 76.3 |
| Swak | 171 | 18.6 | 103 | 24.6 | 56 | 34.4 | 330 | 22.0 |
| Geen | 10 | 1.1 | 7 | 1.7 | 9 | 5.5 | 26 | 1.7 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

'n Ontleding van die bejaardes se gesigsvermoë volgens hul gehoorvermoë toon dat 82.4 persent van diegene wat goed kon sien, ook 'n goeie gehoorvermoë gehad het. Ses-en-twintig persent van die bejaardes met 'n verswakte gesigsvermoë kon ook net swak hoor en geeneen van die proefpersone was sowel blind as doof nie.

Dit het die ondersoeker opgeval dat verskeie van die bejaardes wat heeltemal blind was, hulle goed by hul omstandighede aangepas het en verklaar dat hulle heeltemal gelukkig voel. Met die dowes was dit egter dikwels anders gesteld. Hierdie verskynsel verbaas nie, want die dowe vind dit, soos G.K. Engelbrecht ook aandui, uiters moeilik om met ander persone kontak te maak en is, wat sy interaksie met ander persone betref veel swakker daaraan toe as persone met ander fisiese gebreke, byvoorbeeld die blinde en die kreupele (28, bl. 267-273).

10.2.5 <u>Die getal dae uit die voorafgaande 30 wat die proefpersone as gevolg van hul gesondheidstoestand in die bed moes deurbring</u>

Laastens word daar met betrekking tot die bejaardes se gesondheidstoestand aangetoon hoeveel van die dertig dae wat die onderhoud voorafgegaan het, die proefpersone as gevolg van hul gesondheidstoestand in die bed moes deurbring.

TABEL 10.9

GETAL DAE UIT DIE VOORAFGAANDE 30 WAT DIE PROEFPERSOON AS GEVOLG VAN SY GESONDHEIDSTOESTAND IN DIE BED MOES DEURBRING, VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Getal dae | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 502 | 74.0 | 598 | 72.7 | 1,100 | 73.3 |
| Minder as 5 dae | 78 | 11.5 | 82 | 9.9 | 160 | 10.7 |
| 5 - 9 dae | 32 | 4.7 | 54 | 6.6 | 86 | 5.7 |
| 10 - 14 dae | 36 | 5.3 | 52 | 6.3 | 88 | 5.9 |
| 15 - 19 dae | 6 | 0.9 | 8 | 1.0 | 14 | 0.9 |
| 20 - 24 dae | 6 | 0.9 | 4 | 0.5 | 10 | 0.7 |
| 25 dae en meer | 18 | 2.7 | 24 | 2.9 | 42 | 2.8 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 10.9 het 73.3 persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 74.0 en 72.7 persent van die mans en die vroue, dit nie nodig gevind om gedurende die betrokke tydperk ten minste een dag in die bed deur te bring nie.

Tien punt sewe persent moes in dié tydperk minder as vyf dae in die bed deurbring en onderskeidelik 5.7, 5.9 en 4.4 persent was verplig om van vyf tot nege, van tien tot veertien, of ten minste vyftien van die betrokke dae in die bed deur te bring.

Die tabel toon nie duidende verskille met betrekking tot die getal dae wat die mans en die vroue onderskeidelik verplig was om in die bed deur te bring nie.

TABEL 10.10

GETAL DAE UIT DIE VOORAFGAANDE 30 WAT DIE PROEFPERSOON AS GEVOLG VAN SY GESONDHEIDSTOESTAND IN DIE BED MOES DEURBRING, VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Getal dae | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 706 | 76.8 | 296 | 70.8 | 98 | 60.1 | 1,100 | 73.3 |
| Minder as 5 dae | 94 | 10.2 | 47 | 11.3 | 19 | 11.7 | 160 | 10.7 |
| 5 - 9 dae | 44 | 4.8 | 28 | 6.7 | 14 | 8.6 | 86 | 5.7 |
| 10 - 14 dae | 48 | 5.2 | 26 | 6.2 | 14 | 8.6 | 88 | 5.9 |
| 15 - 19 dae | 8 | 0.9 | 4 | 1.0 | 2 | 1.2 | 14 | 0.9 |
| 20 - 24 dae | 3 | 0.3 | 3 | 0.7 | 4 | 2.4 | 10 | 0.7 |
| 25 dae en meer | 16 | 1.8 | 14 | 3.3 | 12 | 7.4 | 42 | 2.8 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Soos verwag kon word, toon tabel 10.10 dat met stygende ouderdom 'n groter persentasie proefpersone dit nodig gevind het om ten minste een van die betrokke dae in die bed deur te bring en dat die getal dae wat in die bed deurgebring moes word, ook toeneem.

## 10.3 MEDIESE BEHANDELING

In hierdie afdeling word daar gelet op die mediese behandeling wat die Kleurlingbejaardes gedurende die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, ontvang het.

### 10.3.1 Behandeling deur 'n mediese dokter

In tabel 10.11 word aangetoon hoe dikwels die proefpersone, en die mans en die vroue onderskeidelik, gedurende die betrokke tydperk 'n mediese dokter besoek of ontbied het.

TABEL 10.11

BEHANDELING DEUR 'N MEDIESE DOKTER VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Behandeling | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 285 | 42.0 | 314 | 38.2 | 599 | 39.9 |
| 1 keer | 208 | 30.7 | 226 | 27.5 | 434 | 28.9 |
| 2 keer | 81 | 11.9 | 137 | 16.7 | 218 | 14.5 |
| 3 en meer kere | 104 | 15.3 | 145 | 17.6 | 249 | 16.6 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Bykans twee vyfdes van die bejaardes is nie gedurende die betrokke tydperk deur 'n mediese dokter behandel nie. Hierteenoor het onderskeidelik 28.9, 14.5 en 16.6 persent in dié tydperk 'n mediese dokter een, twee, of ten minste drie keer besoek of ontbied.

Die feit dat die vroue relatief meer as die mans deur 'n mediese dokter behandel is, is in ooreenstemming met die bevindings dat die mans ietwat beter gesondheid as die vroue geniet het (tabelle 10.1, 10.3, 10.5 en 10.9).

TABEL 10.12

BEHANDELING DEUR 'N MEDIESE DOKTER VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Behandeling | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 395 | 43.0 | 145 | 34.7 | 59 | 36.2 | 599 | 39.9 |
| 1 keer | 253 | 27.5 | 138 | 33.0 | 43 | 26.4 | 434 | 28.9 |
| 2 keer | 127 | 13.8 | 63 | 15.1 | 28 | 17.2 | 218 | 14.5 |
| 3 en meer kere | 144 | 15.7 | 72 | 17.2 | 33 | 20.2 | 249 | 16.6 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel 10.12 toon dat teenoor 57.0 persent van die 60- tot 69-jariges, onderskeidelik 65.3 en 63.8 persent van die 70- tot 79-jariges en die bejaardes wat reeds 80 jaar oud was, dit nodig gevind het om 'n mediese dokter gedurende die betrokke tydperk te besoek of te ontbied. Met stygende ouderdom is daar 'n toename in die persentasie proefpersone wat twee keer of ten minste drie keer deur 'n mediese dokter behandel is.

Vervolgens word die getal kere wat die bejaardes deur 'n mediese dokter behandel is, volgens woonplek ingedeel.

TABEL 10.13

BEHANDELING DEUR 'N MEDIESE DOKTER VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Behandeling | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 301 | 39.7 | 103 | 35.3 | 195 | 43.3 | 599 | 39.9 |
| 1 keer | 211 | 27.8 | 89 | 30.5 | 134 | 29.8 | 434 | 28.9 |
| 2 keer | 109 | 14.4 | 44 | 15.1 | 65 | 14.4 | 218 | 14.5 |
| 3 en meer kere | 137 | 18.0 | 56 | 19.2 | 56 | 12.4 | 249 | 16.6 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die dorpsbewoners waaronder die grootste persentasie proefpersone voorgekom het van wie die afhanklikheidseenhede maandeliks ten minste 40 persent van hul beskikbare kontantinkomste aan mediese dienste bestee het (tabel 7.7), het volgens tabel 10.13 nie slegs gedurende die betrokke tydperk in die grootste mate 'n mediese dokter besoek of ontbied nie, maar is ook op die meeste geleenthede deur 'n mediese dokter behandel. Die feit dat plaasbewoners in 'n mindere mate as die stads- en dorpsbewoners die hulp van 'n medikus ingeroep het, is heelwaarskynlik grootliks aan die afstand tussen hulle en die naaste dokter toe te skryf.

10.3.2 Behandeling as binnepasiënt

Vervolgens word aangetoon hoeveel keer die bejaardes gedurende die betrokke tydperk as binnepasiënt aan 'n hospitaal of kliniek mediese behandeling ondergaan het. Hierdie gegewens verskyn in tabelle 10.14, 10.15 en 10.16 en is agtereenvolgens volgens geslag, ouderdom en woonplek ontleed.

TABEL 10.14

BEHANDELING AS 'N BINNEPASIËNT VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Behandeling | Geslag | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 609 | 89.8 | 737 | 89.5 | 1,346 | 89.7 |
| 1 keer | 57 | 8.4 | 66 | 8.0 | 123 | 8.2 |
| 2 keer | 7 | 1.0 | 13 | 1.6 | 20 | 1.3 |
| 3 en meer kere | 5 | 0.7 | 6 | 0.8 | 11 | 0.8 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tien punt drie persent van die totale ondersoekgroep, en onderskeidelik 10.2 en 10.5 persent van die mans en die vroue, het gedurende die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, mediese behandeling as 'n binnepasiënt van 'n hospitaal of kliniek ondergaan.

TABEL 10.15

BEHANDELING AS 'N BINNEPASIËNT VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Behandeling | Ouderdom | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 822 | 89.4 | 373 | 89.2 | 151 | 92.6 | 1,346 | 89.7 |
| 1 keer | 81 | 8.8 | 33 | 7.9 | 9 | 5.5 | 123 | 8.2 |
| 2 keer | 8 | 0.9 | 10 | 2.4 | 2 | 1.2 | 20 | 1.3 |
| 3 en meer kere | 8 | 0.9 | 2 | 0.5 | 1 | 0.6 | 11 | 0.8 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

'n Groter persentasie van die 70- tot 79-jariges en die 60- tot 69-jariges as van diegene wat reeds ten minste 80 jaar oud was, is gedurende die betrokke tydperk as 'n binnepasiënt in 'n hospitaal of kliniek opgeneem (onderskeidelik 10.8 en 10.6 teenoor 7.4%). Die grootste persentasie proefpersone wat ten minste twee keer as binnepasiënte behandel is, het onder die 70- tot 79-jariges voorgekom.

Tabel 10.16 toon eerstens dat 'n groter persentasie stadsbewoners as dorps- en plaasbewoners mediese behandeling as binnepasiënte ontvang het (13.2 teenoor onderskeidelik 7.6 en 7.1%) en tweedens, dat relatief meer stads- as dorps- en plaasbewoners ten minste twee keer gedurende die betrokke tydperk sodanige mediese behandeling ondergaan het.

TABEL 10.16

BEHANDELING AS 'N BINNEPASIËNT VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Behandeling | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 658 | 86.8 | 270 | 92.4 | 418 | 92.9 | 1,346 | 89.7 |
| 1 keer | 75 | 9.9 | 19 | 6.5 | 29 | 6.4 | 123 | 8.2 |
| 2 keer | 17 | 2.2 | 1 | 0.3 | 2 | 0.4 | 20 | 1.3 |
| 3 en meer kere | 8 | 1.1 | 2 | 0.6 | 1 | 0.2 | 11 | 0.8 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

### 10.3.3 Behandeling as buitepasiënt

Die bejaardes is ook versoek om aan te dui hoe dikwels hulle gedurende die betrokke tydperk as buitepasiënte aan 'n hospitaal of kliniek behandel is.

TABEL 10.17

BEHANDELING AS 'N BUITEPASIËNT VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Behandeling | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 572 | 84.4 | 644 | 78.3 | 1,216 | 81.1 |
| 1 keer | 58 | 8.6 | 76 | 9.2 | 134 | 8.9 |
| 2 keer | 12 | 1.8 | 32 | 3.9 | 44 | 2.9 |
| 3 en meer kere | 36 | 5.3 | 70 | 8.5 | 106 | 7.1 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Teenoor die 81.1 persent van die bejaardes wat nie as buitepasiënte mediese behandeling ondergaan het nie, het onderskeidelik 8.9, 2.9 en 7.1 persent een, twee of ten minste drie keer sodanige behandeling ondergaan.

'n Groter persentasie vroue as mans is as buitepasiënte behandel en verder het die vroue ook meer gereeld as die mans as buitepasiënte 'n hospitaal of kliniek besoek.

TABEL 10.18

BEHANDELING AS 'N BUITEPASIËNT VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Behandeling | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 731 | 79.5 | 346 | 82.8 | 139 | 85.3 | 1,216 | 81.1 |
| 1 keer | 87 | 9.5 | 39 | 9.3 | 8 | 4.9 | 134 | 8.9 |
| 2 keer | 34 | 3.7 | 6 | 1.4 | 4 | 2.5 | 44 | 2.9 |
| 3 en meer kere | 67 | 7.3 | 27 | 6.5 | 12 | 7.4 | 106 | 7.1 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 10.18 neem die mate waarin die bejaardes as buitepasiënte behandeling ontvang het, met stygende ouderdom af - moontlik omrede die ouerwordende bejaardes dit al hoe moeiliker vind om hulle, weens kwynende liggaamskragte, vir behandeling as buitepasiënte aan te meld.

TABEL 10.19

BEHANDELING AS 'N BUITEPASIËNT VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Behandeling | Woonplek: Stad G | Stad % | Dorp G | Dorp % | Plaas, ens. G | Plaas, ens. % | Totaal G | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen | 534 | 70.4 | 265 | 90.6 | 417 | 92.7 | 1,216 | 81.1 |
| 1 keer | 101 | 13.3 | 11 | 3.8 | 22 | 4.9 | 134 | 8.9 |
| 2 keer | 33 | 4.4 | 4 | 1.4 | 7 | 1.6 | 44 | 2.9 |
| 3 en meer kere | 90 | 11.8 | 12 | 4.1 | 4 | 0.9 | 106 | 7.1 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die stadsbewoners het net soos ten opsigte van behandeling as binnepasiënte (tabel 10.16), nie slegs in 'n groter mate as die dorps- en plaasbewoners behandeling as buitepasiënte ontvang nie, maar het ook op meer geleenthede as die dorps- en plaasbewoners sodanige mediese behandeling ondergaan.

GEVAL 10.5

Mev. K., 69 jaar oud, is in Coronationville, Johannesburg, aangetref.

Sy het meegedeel dat sy van suikersiekte las ondervind het en reeds ten minste vyf jaar lank behandeling daarvoor ondergaan het. Sy het ondersoeker ook haar registrasiesertifikaat as buitepasiënt getoon.

Die proefpersoon het verklaar dat sy die buitepasiënte-afdeling van die Coronationvillese hospitaal gereeld op Vrydae besoek en dan nie slegs behandeling ondergaan nie, maar ook van medisyne vir die volgende week voorsien word. Mev. K. was baie dankbaar vir die feit dat sy al hierdie mediese dienste heeltemal gratis ontvang het. Sy het verklaar dat sy so 'n gereelde besoeker by die buitepasiënte-afdeling is dat dit selfs al gebeur het dat toe sy by enkele geleenthede nie kans gesien het om na die hospitaal te gaan nie, die mediese dokter wat haar gereeld behandel, gemerk het dat sy nie opgedaag het nie en haar toe tuis kom besoek het.

10.3.4 Behandeling deur 'n tandarts

Slegs 1.8 persent van die bejaardes het gedurende die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, 'n tandarts besoek. 'n Groter persentasie stadsbewoners as dorps- en plaasbewoners het in dié tydperk 'n tandarts besoek (onderskeidelik 2.5, 1.4 en 0.6%) en slegs in die stede is proefpersone aangetref wat meer as een besoek by 'n tandarts afgelê het.

TABEL 10.20

BEHANDELING DEUR 'N TANDARTS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Behandeling | Woonplek: Stad G | Stad % | Dorp G | Dorp % | Plaas, ens. G | Plaas, ens. % | Totaal G | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen | 739 | 97.5 | 288 | 98.6 | 447 | 99.4 | 1,474 | 98.2 |
| 1 keer | 16 | 2.1 | 4 | 1.4 | 3 | 0.6 | 23 | 1.6 |
| 2 en meer kere | 3 | 0.4 | - | - | - | - | 3 | 0.2 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

## 10.4 VOEDING

Tabel 10.21 toon hoe dikwels die proefpersone sekere voedselsoorte gebruik het.

Dit blyk uit die tabel dat brood die Kleurlingbejaardes se mees algemene voedselsoort was (94.4% het daagliks brood gebruik en 99.5% ten minste een keer per week). Hoewel slegs 34.2 persent van die proefpersone daagliks vleis gebruik het, het 94.8 persent dié voedselsoort ten minste weekliks gebruik. Slegs onderskeidelik 4.9 en 10.2 persent van die bejaardes het nie ten minste een keer per week rys, ertappels en/of patats of groente gebruik nie. Meer as driekwart van die bejaardes het minder as een keer per week melk gebruik[1].

### 10.4.1 Die gebruik van eiwitvoedselsoorte

In tabel 10.22 word aangetoon hoe gereeld die bejaardes, en die stad-, dorps- en plaasbewoners onderskeidelik, voedselsoorte wat eiwitte bevat, gebruik het.

TABEL 10.22

GEBRUIK VAN EIWITVOEDSELSOORTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Gebruik | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 602 | 79.4 | 145 | 49.7 | 114 | 25.3 | 861 | 57.4 |
| 3-6 keer per week | 124 | 16.4 | 72 | 24.7 | 90 | 20.0 | 286 | 19.1 |
| 1-2 keer per week | 30 | 4.0 | 72 | 24.7 | 197 | 43.8 | 299 | 19.9 |
| Ten minste een keer per maand | 2 | 0.2 | 3 | 1.0 | 47 | 10.4 | 52 | 3.5 |
| Minder as een keer per maand | - | - | - | - | 2 | 0.4 | 2 | 0.1 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Sewe-en-vyftig punt vier persent van die bejaardes het daagliks eiwitvoedselsoorte gebruik en onderskeidelik 19.1 en 19.9 persent het hierdie voedselsoorte drie tot ses keer, of een tot twee keer per week gebruik. Slegs 3.6 persent het minder as een keer per week voedsel gebruik wat eiwitte bevat.

Teenoor bykans 80 persent van die stadsbewoners, het slegs nagenoeg die helfte van die dorpsbewoners en ongeveer een kwart van die plaasbewoners daagliks eiwitvoedselsoorte gebruik. Die plaasbewoners se agterstand kom nog meer na vore as daarop gelet word dat soveel as 10.8 persent van hulle, teenoor onderskeidelik slegs 0.2 en 1.0 persent van die stads- en dorpsbewoners, minder as een keer per week eiwitvoedselsoorte gebruik het.

### 10.4.2 Die gebruik van koolhidraatvoedselsoorte

Vervolgens word daar gelet op die Kleurlingbejaardes se gebruik van koolhidraatvoedselsoorte.

[1] Slegs melk alleen word bedoel en nie melk wat byvoorbeeld saam met pap of koffie gebruik word nie.

TABEL 10.21

DIE GEREELDHEID WAARMEE DIE PROEFPERSONE SEKERE VOEDSELSOORTE GEBRUIK

| Gebruik | Voedselsoorte | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vleis | | Vis | | Eiers | | Kaas | | Pap | | Brood | | Rys, ertappels, patats | | Botter, margarine, vet | | Melk alleen | | Groente | | Vrugte | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 513 | 34.2 | 21 | 1.4 | 60 | 4.0 | 74 | 4.9 | 972 | 64.8 | 1,416 | 94.4 | 869 | 57.9 | 746 | 49.7 | 84 | 5.6 | 338 | 22.5 | 76 | 5.1 |
| 3-6 keer per week | 522 | 34.8 | 81 | 5.4 | 138 | 9.2 | 124 | 8.3 | 203 | 13.5 | 53 | 3.5 | 327 | 21.8 | 258 | 17.2 | 32 | 2.1 | 502 | 33.5 | 180 | 12.0 |
| 1-2 keer per week | 387 | 25.8 | 812 | 54.1 | 410 | 27.3 | 295 | 19.7 | 55 | 3.7 | 24 | 1.6 | 230 | 15.3 | 237 | 15.8 | 100 | 6.7 | 506 | 33.7 | 528 | 35.2 |
| Ten minste een keer per maand | 71 | 4.7 | 272 | 18.1 | 452 | 30.1 | 347 | 23.1 | 29 | 1.9 | 4 | 0.3 | 56 | 3.7 | 151 | 10.1 | 140 | 9.3 | 119 | 7.9 | 535 | 35.7 |
| Minder as een keer per maand | 7 | 0.5 | 314 | 20.9 | 440 | 29.3 | 660 | 44.0 | 241 | 16.1 | 3 | 0.2 | 18 | 1.2 | 108 | 7.2 | 1,144 | 76.2 | 35 | 2.3 | 181 | 12.1 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 10.23

GEBRUIK VAN KOOLHIDRAATVOEDSELSOORTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Gebruik | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 745 | 98.3 | 292 | 100.0 | 447 | 99.3 | 1,484 | 98.9 |
| 3-6 keer per week | 12 | 1.6 | - | - | 2 | 0.4 | 14 | 0.9 |
| 1-2 keer per week | - | - | - | - | 1 | 0.2 | 1 | 0.1 |
| Ten minste een keer per maand | 1 | 0.1 | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Slegs 1.1 persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 1.7 en 0.6 persent van die stads- en plaasbewoners, het nie daagliks voedselsoorte wat koolhidrate bevat, gebruik nie.

10.4.3 Die gebruik van groente

In tabel 10.24 word die gebruik van groente aangetoon.

TABEL 10.24

GEBRUIK VAN GROENTE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Gebruik | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 229 | 30.2 | 82 | 28.1 | 27 | 6.0 | 338 | 22.5 |
| 3-6 keer per week | 330 | 43.5 | 80 | 27.4 | 92 | 20.4 | 502 | 33.5 |
| 1-2 keer per week | 185 | 24.4 | 110 | 37.7 | 211 | 46.9 | 506 | 33.8 |
| Ten minste een keer per maand | 12 | 1.6 | 20 | 6.8 | 87 | 19.3 | 119 | 7.9 |
| Minder as een keer per maand | 2 | 0.3 | - | - | 33 | 7.3 | 35 | 2.3 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Teenoor die 22.5 persent wat daagliks groente gebruik het, het 33.5 persent drie tot ses keer en 33.8 persent een tot twee keer per week groente gebruik. 'n Verdere 7.9 persent van die bejaardes het ten minste een keer per maand groente gebruik en 2.3 persent nog minder.

Uit die tabel blyk verder dat wat die gereelde gebruik van groente betref, die stads- en plaasbewoners onderskeidelik die beste en die swakste daaraan toe was.

10.4.4 Die gebruik van alkohol

Ten slotte word aangetoon hoe gereeld die bejaardes alkohol gebruik het.

Onderskeidelik 2.0, 10.3, en 9.0 persent van die bejaardes het daagliks, weekliks, of ten minste een keer per maand alkoholiese drank gebruik. Die oorgrote meerderheid (78.6%) het minder gereeld of nooit alkohol gebruik nie.

TABEL 10.25

GEBRUIK VAN ALKOHOL VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Gebruik | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 2 | 0.3 | 2 | 0.7 | 26 | 5.8 | 30 | 2.0 |
| 3-6 keer per week | 12 | 1.6 | 4 | 1.4 | 10 | 2.2 | 26 | 1.7 |
| 1-2 keer per week | 54 | 7.1 | 21 | 7.2 | 54 | 12.0 | 129 | 8.6 |
| Ten minste een keer per maand | 55 | 7.3 | 20 | 6.8 | 60 | 13.3 | 135 | 9.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 635 | 83.6 | 245 | 83.9 | 300 | 66.7 | 1,180 | 78.6 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die opvallend hoë persentasie proefpersone wat verklaar het dat hulle baie selde of nooit alkohol gebruik het nie, is waarskynlik eerstens daaraan toe te skryf dat die bejaardes onder die indruk kon verkeer het dat dit algemeen aanvaar word dat 'n bejaarde nie behoort te drink nie, en daarom hul werklike alkoholgebruik verswyg het. In hierdie verband is dit van belang om te onthou dat die veldwerkers jong Kleurlinge was. Tweedens is dit moontlik dat die Kleurlingbejaardes se oor die algemeen geringe persoonlike kontantinkomste hulle van die aankoop van alkoholiese drank kon weerhou het.

Die grootste persentasie proefpersone wat ten minste een keer per maand alkohol gebruik het, het op die plase voorgekom waar alkoholiese drank dikwels aan Kleurlinge verskaf word. Hierdie bevinding val saam met dié van J. D. Venter wat bevind het dat, in soverre dit die drinkfrekwensie aangaan, die plattelandse Kleurlinge in sy ondersoekgroep ('n steekproef van die algemene Kleurlingbevolking van Kaapland en Natal) 'n swaarder drinkpatroon as die stedelike Kleurlinge het (29, bl. 54).

## HOOFSTUK 11

## DIE BEHOEFTE AAN OUETEHUISVERSORGING

### 11.1 INLEIDING

In die voorgaande nege hoofstukke is die sosio-ekonomiese posisie van die Kleurlingbejaardes bespreek. Vervolgens word daar oorgegaan tot die tweede doelstelling met hierdie ondersoek, naamlik 'n aanduiding van die behoefte aan ouetehuisversorging by die Kleurlingbejaardes van die Republiek.

Daar word gelet op sowel die „subjektiewe" as die „objektiewe" behoefte aan opname in ouetehuise. In die geval van die eersgenoemde word aangetoon watter persentasie van die proefpersone bereid was, of verkies het om sonder versuim na 'n ouetehuis te gaan, terwyl in die geval van die laasgenoemde aangetoon word hoeveel van die bejaardes wat in die ondersoek betrek is, ingedeel is as persone wat merkbaar beter daaraan toe sou wees indien hulle in 'n ouetehuis opgeneem sou word. Die soorte ouetehuisversorging waarby die laasgenoemde persone waarskynlik die meeste sou baat, word ook aangetoon.

Soos later uit hierdie hoofstuk sal blyk, is slegs 'n geringe getal proefpersone as persone beskou wat by opname in 'n ouetehuis sou baat (tabel 11.4). Vanweë die feit dat slegs so 'n klein persentasie van die ondersoekgroep as sodanig ingedeel is, moet die gegewens met betrekking tot die „objektiewe" behoefte aan ouetehuisversorging, en veral dié met betrekking tot die behoefte aan besondere soorte ouetehuisversorging, nie as absoluut beskou word nie. Dié gegewens moet slegs gesien word as 'n aanduiding van die omvang wat die behoefte aan ouetehuisversorging by die Kleurlingbejaardes aanneem.

'n Verdere afdeling van hierdie hoofstuk handel oor die omvang wat die behoefte aan ouetehuisversorging na raming in die toekoms by die Kleurlingbejaardes sal aanneem. Aangesien hierdie raminge deels ook gegrond is op die geringe getal persone in die huidige ondersoekgroep wat by ouetehuisversorging sou baat, moet ook die vooruitberekening met betrekking tot die Kleurlingbejaardes se behoefte aan opname in ouetehuise nie as absoluut beskou word nie.

In 'n laaste afdeling word enkele gevallestudies ten opsigte van proefpersone wat by opname in 'n ouetehuis sou baat, aangebied.

### 11.2 DIE „SUBJEKTIEWE" BEHOEFTE AAN OUETEHUISVERSORGING

Die proefpersone is versoek om aan te dui of hulle bereid sou wees, of sou verkies, om sonder versuim na 'n ouetehuis te gaan. Die responsie op hierdie vraag word in tabel 11.1 volgens geslag ingedeel.

TABEL 11.1

BEREIDWILLIGHEID TOT ONMIDDELLIKE OPNAME IN 'N OUETEHUIS VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Bereidwilligheid | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 111 | 16.4 | 109 | 13.3 | 220 | 14.7 |
| Nee | 567 | 83.6 | 713 | 86.7 | 1,280 | 85.3 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Veertien punt sewe persent van die totale ondersoekgroep, en onderskeidelik 16.4 en 13.3 persent van die mans en die vroue, was bereid om sonder versuim na 'n ouetehuis te gaan.

Die betreklike groot persentasie Kleurlingbejaardes wat ten gunste van onmiddellike opname in 'n ouetehuis was, is waarskynlik enersyds daaraan toe te skrywe dat, soos duidelik uit die voorafgaande hoofstukke geblyk het, verskeie van die proefpersone in ongunstige omstandighede verkeer het. Andersyds is dit moontlik dat hierdie betreklik hoë persentasie daaraan te wyte is dat die betrokke vraag slegs gelui het of die proefpersoon bereid sou wees om onmiddellik na 'n ouetehuis te gaan. Indien sekere voorwaardes wat aan opname in 'n staatsouetehuis verbonde is, by hierdie vraag ingesluit was, byvoorbeeld dat die bejaarde alle maatskaplike pensioene en toelaes wat deur die Staat aan hom betaalbaar is, in ruil vir sy versorging in die ouetehuis moet verbeur (4, bl. 116, 117), sou die persentasie Kleurlingbejaardes wat ouetehuisversorging verkies het, waarskynlik veel laer gewees het.

TABEL 11.2

BEREIDWILLIGHEID TOT ONMIDDELLIKE OPNAME IN 'N OUETEHUIS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Bereidwilligheid | Ouderdom | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 124 | 13.5 | 72 | 17.2 | 24 | 14.7 | 220 | 14.7 |
| Nee | 795 | 86.5 | 346 | 82.8 | 139 | 85.3 | 1,280 | 85.3 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 11.2 het die grootste persentasie proefpersone wat tot onmiddellike opname in 'n ouetehuis bereid was, onder die 70- tot 79-jariges voorgekom (17.2% teenoor onderskeidelik 13.5 en 14.7% van die 60- tot 69-jariges en diegene in die groep 80 jaar en ouer).

Tabel 11.3 toon vervolgens die mate waarin die stads-, dorps- en plaasbewoners onderskeidelik bereid was om na 'n ouetehuis te gaan.

TABEL 11.3

BEREIDWILLIGHEID TOT ONMIDDELLIKE OPNAME IN 'N OUETEHUIS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Bereidwilligheid | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 82 | 10.8 | 35 | 12.0 | 103 | 22.9 | 220 | 14.7 |
| Nee | 676 | 89.2 | 257 | 88.0 | 347 | 77.1 | 1,280 | 85.3 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 292 | 100.0 | 450 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

'n Veel groter persentasie plaasbewoners as dorps- en stadsbewoners het bevestigend op die betrokke vraag geantwoord (22.9% van die plaasbewoners teenoor 12.0% van die dorpsbewoners en 10.8% van die stadsbewoners).

Die plaasbewoners se veel groter subjektiewe behoefte aan ouetehuisversorging kan aan verskeie faktore toegeskryf word, onder andere hul ekonomiese posisie wat ongunstig met dié van dorps- en stadsbewoners vergelyk (tabelle 6.3, 6.7, 6.10, 6.11), die feit dat plaasbewoners nie

in dieselfde mate as dorps- en stadsbewoners toegang tot sekere fasiliteite, byvoorbeeld mediese dienste, het nie en ook die moontlikheid dat plaasbewoners nie in dieselfde mate as dorps- en stadsbewoners bekend is met die implikasies van opname in 'n ouetehuis nie[1].

Verdere ontledings van die Kleurlingbejaardes se bereidwilligheid om na 'n ouetehuis te gaan, bring interessante gegewens aan die lig en bevestig die aanvanklike voorveronderstelling dat die bejaarde se bereidwilligheid om na 'n ouetehuis te gaan, in 'n noue verband staan met faktore in sy gesinslewe, met sy gesondheidstoestand, en so meer.

Teenoor 18.6 persent van diegene wat nie tydens die ondersoek 'n huweliksmaat gehad het nie, het byvoorbeeld slegs 11.4 persent van die bejaardes wat van die hulp en bystand van hul man of vrou verseker was, te kenne gegee dat hulle bereid was tot onmiddellike opname in 'n ouetehuis. Sestien punt sewe persent van die bejaardes wat aan kroniese kwale gely het, teenoor 11.0 persent van diegene wat nie van 'n sodanige kwaal las ondervind het nie, het ouetehuisversorging bo hul huidige omstandighede verkies.

Ander faktore wat vanselfsprekend ook die bejaarde se houding ten opsigte van sy moontlike opname in 'n ouetehuis beïnvloed het, was sy algemene gesindheid teenoor die lewe, en die struikelblokke waarmee hy as bejaarde op sy oudag te kampe gehad het. Onderskeidelik 10.5, 21.8 en 27.4 persent van die bejaardes wat aangedui het dat hulle, hul ouderdom en omstandighede in aanmerking geneem, nog gelukkig was, nie baie gelukkig was nie maar ook nie juis kla nie, of beslis ongelukkig was, het verklaar dat hulle graag na 'n ouetehuis wou gaan. Teenoor 11.1 persent van die bejaardes wat nie 'n besondere probleem op hul oudag ondervind het nie, het onderskeidelik 14.4, 14.9 en 15.2 persent van diegene wat verswakte liggaamskragte, geldelike moeilikhede, of die onvermoë om te werk en te verdien as die grootste struikelblok op hul oudag aangedui het, te kenne gegee dat hulle tot onmiddellike opname in 'n ouetehuis bereid was. 'n Veel groter persentasie van die bejaardes wie se grootste probleem die onsimpatieke houding van kinders en/of ander jonger persone, of eensaamheid op hul oudag was, het verkies om so gou doenlik na 'n ouetehuis te gaan (onderskeidelik 23.3 en 30.0%).

Die onderstaande twee gevallestudies toon hoe hul gesindheid teenoor die lewe en die omstandighede waarin hulle verkeer het, die bejaardes se houding ten opsigte van hul moontlike opname in 'n ouetehuis beïnvloed het.

### GEVAL 11.1

Mnr. L. 'n 60-jarige wewenaar, het tydens die ondersoek by sy 21-jarige dogter, haar twee buite-egtelike kinders en sy 58-jarige broer in 'n tweevertrek sinkhuis in Ceres gewoon.

Die proefpersoon het sy lewe lank as tuinier gewerk, maar moes dié werk op 55-jarige ouderdom laat vaar omdat hy tuberkulose opgedoen het en om dié rede nie weer werk kon kry nie.

Hy het nie oor 'n eie kontantinkomste beskik nie - op grond van sy ouderdom kon hy nie vir 'n ouderdomspensioen in aanmerking kom nie en hy was nie bewus daarvan dat hy om 'n ongeskiktheidstoelae aansoek kan doen nie. Sowel sy dogter as sy broer het loonarbeid verrig en die voordele wat die proefpersoon as lid van die huishouding ontvang het, het, in kontant bereken, op sowat R10 per maand te staan gekom.

Hoewel hy nog sonder hulp oor die weg kon kom, was mnr. L. se gesondheidstoestand sodanig dat hy vyftien van die dertig dae wat die onderhoud voorafgegaan het, in die bed moes deurbring.

Die proefpersoon het verklaar dat hy baie ongelukkig was, dat sy omstandighede geensins was soos hy verwag het dat dit op sy oudag sou wees nie en dat hy veel swakker daaraan toe was as ander Kleurlingbejaardes. Hy was van mening dat die lewe nie die moeite werd is nie en het verklaar dat hy dikwels gebrek ly. Sy grootste grief was dat hy wat self 'n behoefte aan versorging

---

[1] 'n Aansienlike persentasie van die proefpersone is in Kaapstad en omgewing in die ondersoek betrek waar, soos in afdeling 1.1 aangetoon, reeds staatsouetehuise vir Kleurlingbejaardes opgerig is. Kleurlingbejaardes wat in staatsouetehuise opgeneem word, moet, in ruil vir hul versorging, alle maatskaplike pensioene en toelaes wat deur die Staat aan hulle betaalbaar is. verbeur (4, bl. 116-117). Die voorskrif kan meebring dat stadsbewoners wat daarmee bekend is, minder geneë sal wees om na 'n ouetehuis te gaan.

gehad het, bedags terwyl sy dogter by die werk was, die versorging van haar twee jong kinders moes behartig.

Mnr. L. was baie gretig om na 'n ouetehuis te gaan en was oortuig daarvan dat hy in so 'n inrigting gelukkig sou wees en goed versorg sou word.

GEVAL 11.2

Mnr. M., 'n 76-jarige oujongkêrel, is op 'n plaas aangetref waar hy reeds sowat 20 jaar lank gewoon het.

Na sy aftrede op 65-jarige ouderdom, het die proefpersoon 'n ouderdomspensioen bekom en van die eienaar van die plaas die vergunning verkry om kosteloos op die plaas te woon.

Die proefpersoon was baie selfstandig - 'n regte alleenloper. Sy eenvertrekhuisie was 'n hele ent van die wonings van die ander Kleurlinge op die plaas en hy wou geensins met hulle assosieer nie. Hy het dan ook verklaar dat dit al dikwels gebeur het dat hy nie met slegs sy ouderdomspensioen as inkomste in al sy behoeftes kon voorsien het nie en by sulke geleenthede veel eerder van „slegs water gelewe het" as om die ander Kleurlinge om hulp te nader.

Sy gesondheidstoestand was nie na wense nie en sy afsondering van andere was geensins bevorderlik vir sy welsyn nie. Nietemin wou mnr. M. glad nie daarvan hoor om na 'n ouetehuis te gaan nie. Hy was tevrede met sy omstandighede en het verklaar dat hy, solank hy sy ouderdomspensioen ontvang, verkies om op sy eie te woon. Hy was daarvan oortuig dat opname in 'n ouetehuis hom sy selfstandigheid sou ontneem en daarvan wou hy nie hoor nie.

## 11.3 DIE „OBJEKTIEWE" BEHOEFTE AAN OUETEHUISVERSORGING

Vervolgens word die persentasie proefpersone wat ingedeel is as persone wat opmerklik by opname in 'n ouetehuis sou baat, aangetoon, asook die mate waarin hierdie persone aan opname in 'n ouetehuis 'n behoefte gehad het[1].

TABEL 11.4

DIE OMVANG VAN DIE BEHOEFTE AAN OUETEHUISVERSORGING VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Omvang van behoefte | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Nie 'n moontlike opnemeling nie | 660 | 97.3 | 798 | 97.1 | 1,458 | 97.2 |
| Opname gewens | 9 | 1.3 | 12 | 1.4 | 21 | 1.4 |
| Grensgeval | 9 | 1.3 | 12 | 1.4 | 21 | 1.4 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 11.4 het slegs 'n geringe persentasie van die bejaardes wat in die ondersoekgroep opgeneem is, 'n behoefte aan opname in 'n ouetehuis gehad (2.8%). In die geval van 1.4 persent was die behoefte aan opname as gewens beskou en 'n verdere 1.4 persent is as grensgevalle ingedeel. Te oordeel na hul individuele omstandighede, het 97.2 persent van die proefpersone nie daaraan 'n behoefte gehad om in 'n ouetehuis opgeneem te word nie.

Uit die tabel blyk dat daar nie in soverre dit hul behoefte aan opname in 'n ouetehuis aangaan, opvallende verskille tussen die mans en die vroue bestaan nie.

[1] Die wyse waarop daar te werk gegaan is om te bepaal of 'n bejaarde 'n persoon was wat by opname in 'n ouetehuis sou baat, is reeds in die eerste hoofstuk (afdeling 1.3) bespreek.

Veral wanneer diegene wat as grensgevalle ingedeel is, buite rekening gelaat word, toon 'n vergelyking van die gegewens in tabelle 11.1 en 11.4 dat, hoewel die oorgrote meerderheid van die proefpersone nie tot opname in 'n ouetehuis geneë was nie (85.3%), die Kleurlingbejaardes 'n veel groter „subjektiewe" as „objektiewe" behoefte aan ouetehuisversorging gehad het (teenoor 14.7% wat bereid was of verkies het om onmiddellik na 'n ouetehuis te gaan, is slegs 1.4% se opname in 'n ouetehuis as gewens beskou). Die klaarblyklike redes vir die betreklike groot „subjektiewe" behoefte wat die lede van die ondersoekgroep aan hierdie soort bejaarde-versorging geopenbaar het, is reeds bespreek.

'n Ontleding van die omvang van die behoefte aan ouetehuisversorging volgens die ouderdom van die bejaarde, verskyn in tabel 11.5.

TABEL 11.5

DIE OMVANG VAN DIE BEHOEFTE AAN OUETEHUISVERSORGING VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Omvang van behoefte | Ouderdom | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Nie 'n moontlike opnemeling nie | 900 | 97.9 | 404 | 96.7 | 154 | 94.5 | 1,458 | 97.2 |
| Opname gewens | 10 | 1.2 | 7 | 1.7 | 4 | 2.4 | 21 | 1.4 |
| Grensgeval | 9 | 1.0 | 7 | 1.7 | 5 | 3.1 | 21 | 1.4 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Uit die tabel is dit duidelik dat diegene in die hoogste ouderdomsgroep (80 jaar en ouer) die grootste behoefte aan ouetehuisversorging geopenbaar het (5.5%) en dat dié ouderdomsgroep die grootste persentasie opgelewer het van sowel diegene wie se opname in 'n ouetehuis as gewens beskou is as diegene wat as grensgevalle ingedeel is.

Die groter behoefte wat die bejaardes in die hoogste ouderdomsgroep aan ouetehuisversorging geopenbaar het, kon verwag word. 'n Hoë ouderdom bring oor die algemeen 'n liggaamlike verswakking mee, asook 'n groter vatbaarheid vir fisiese en psigiese siektetoestande, en dit alles noodsaak noukeurige beplanning met betrekking tot die versorging van die bejaarde. Dit is verder ook moontlik dat die bejaardes in die hoogste ouderdomsgroep, in 'n meerdere mate as die jongere Kleurlingbejaardes, kinders wat hulle andersins sou kon versorg het, reeds aan die dood moes afgee.

Mnr. N. is een van diegene wie se opname in 'n ouetehuis as gewens beskou is.

GEVAL 11.3

Mnr. N. is in Randfontein aangetref. Hy het verklaar dat hy 94 jaar oud was.

Die proefpersoon het nooit 'n wettige huwelik aangegaan nie, maar het jare gelede met 'n vrou wat veel jonger as hyself was, saamgelewe. Dié vrou het hom in 1931, toe hy 61 jaar oud was en afgetree het, verlaat en die drie kinders wat uit hul verhouding gebore is en wat toe nog baie jonk was, met haar saamgeneem. Sedertdien het mnr. N. hulle nog nie weer gesien nie. Hy kon gevolglik nie aandui of sy „vrou" en kinders nog gelewe het nie. Sover bekend, het hy geen ander lewende familielede gehad nie.

Nadat hy afgetree en sy vrou hom verlaat het, het mnr. N. die plaas waar hy jare lank gewoon het en as plaasarbeider werksaam was, verlaat en van dorp tot dorp begin rondswerf. Hy het allerlei ligte werkies onderneem om aan die lewe te bly. Die afgelope tien jaar het hy op die Witwatersrand deurgebring en het hy 'n ouderdomspensioen ontvang.

Volgens die proefpersoon kon hy nie daarin slaag om met slegs die inkomste wat hy uit sy ouderdomspensioen verkry het, in al sy behoeftes te voorsien nie en het hy dit nodig gevind om wanneer hy nie by goedgesinde mense gratis verblyf kon bekom nie, allerlei los werkies in ruil vir sy verblyf te doen.

Die Kleurlinggesin by wie hy tydens die ondersoek gewoon het, se woning was reeds oorvol en kon slegs 'n afdak in die agterplaas, wat blykbaar vroeër as hoenderhok diens gedoen het, as slaapplek aan hom afstaan. Dit is van mnr. N. verwag om in ruil vir dié slaapplek, die werf skoon te hou. Die afdak was van ou sinkplate gemaak. Dit het 'n grondvloer gehad en was twaalf voet drie duim lank, agt voet vier duim breed, en slegs vyf voet twee duim hoog. Die proefpersoon het op 'n ou houtdeur wat op bakstene gerus het, geslaap.

Mnr. N. was 'n rumatieklyer en was toe die ondersoeker hom besoek het, alreeds meer as 'n week lank in die bed. Hy was baie bekommerd dat hy aangesê sou word om sy woonplek te verlaat omdat hy nie meer die werf kon skoonhou nie.

Vanweë die ongunstige omstandighede waaronder hy verkeer het, sy swak gesondheid en veral die feit dat hy geen kontak gehad het met familielede of ander persone wat hom na behore kon versorg nie, is mnr. N. ingedeel as 'n bejaarde met 'n uiters dringende en noodsaaklike behoefte aan opname in 'n ouetehuis.

## 11.4 DIE SOORTE OUETEHUISVERSORGING WAT BENODIG WORD

Net soos daar op die individuele omstandighede van elke proefpersoon gelet is alvorens besluit is of hy by opname in 'n ouetehuis sou baat, is daar ook op die individuele omstandighede van proefpersone wat as sodanig ingedeel is, gelet om te bepaal by watter soort ouetehuisversorging die proefpersoon waarskynlik die meeste sou baat[1].

Tabel 11.6 toon die soorte ouetehuisversorging wat vir diegene wat by opname in ouetehuise sou baat of waarskynlik in ouetehuise beter daaraan toe sou wees (die grensgevalle), aangedui is. Die gegewens is volgens geslag ingedeel.

TABEL 11.6

DIE SOORTE OUETEHUISVERSORGING BENODIG VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Soort ouetehuisversorging | Geslag | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man | | Vrou | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Nie moontlike opnemeling nie | 660 | 97.3 | 798 | 97.1 | 1,458 | 97.2 |
| Versorging vir liggaamlik gestremdes | 4 | 0.6 | 2 | 0.2 | 6 | 0.4 |
| Versorging vir kroniese siekes | 4 | 0.6 | 6 | 0.7 | 10 | 0.7 |
| Gewone versorging in 'n ouetehuis | 10 | 1.4 | 16 | 2.0 | 26 | 1.7 |
| TOTAAL | 678 | 100.0 | 822 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Onderskeidelik 0.4, 0.7 en 1.7 persent van die bejaardes is ingedeel as persone wat waarskynlik die meeste baat sou vind by ouetehuisversorging vir liggaamlik gestremdes, ouetehuisversorging vir kroniese siekes en gewone versorging in 'n ouetehuis.

'n Ietwat groter persentasie mans as vroue het 'n behoefte gehad aan ouetehuisversorging vir liggaamlik gestremdes (0.6 teenoor 0.2%) terwyl relatief meer vroue as mans gewone ouetehuisversorging benodig het (onderskeidelik 2.0 en 1.4%). Wat die behoefte aan ouetehuisversorging

[1] Hoewel daar in die vraelys voorsiening gemaak is vir bejaardes wat behoefte het aan gespesialiseerde ouetehuisversorging vir seniele en geestesversteurde persone, is geen sodanige proefpersone aangetref nie. Gevolglik word daar na slegs die ander soorte ouetehuisversorging verwys.

vir kroniese siekes betref, bestaan daar feitlik geen verskil tussen die mans en die vroue nie.

Weer eens moet daarop gewys word dat die getalle in die selle van die tabel wat betrekking het op diegene wat ingedeel is as persone wat by ouetehuisversorging sou baat, en die soorte ouetehuisversorging waaraan hulle 'n behoefte geopenbaar het, te gering is om afleidings te regverdig.

'n Ontleding van die soorte ouetehuisversorging wat hulle benodig het, volgens die ouderdom van die proefpersone wat by ouetehuisversorging sou baat, verskyn in tabel 11.7.

TABEL 11.7

DIE SOORTE OUETEHUISVERSORGING BENODIG VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Soort ouetehuisversorging | Ouderdom 60 - 69 j. | | 70 - 79 j. | | 80 j. en ouer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Nie moontlike opnemeling nie | 900 | 97.9 | 404 | 96.7 | 154 | 94.5 | 1,458 | 97.2 |
| Versorging vir liggaamlik gestremdes | 2 | 0.2 | 2 | 0.5 | 2 | 1.2 | 6 | 0.4 |
| Versorging vir kroniese siekes | 7 | 0.8 | 1 | 0.2 | 2 | 1.2 | 10 | 0.7 |
| Gewone versorging in 'n ouetehuis | 10 | 1.2 | 11 | 2.5 | 5 | 3.1 | 26 | 1.7 |
| TOTAAL | 919 | 100.0 | 418 | 100.0 | 163 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Onder diegene wat reeds ten minste 80 jaar oud was, is nie alleen, soos reeds in tabel 11.5 aangetoon, die grootste persentasie proefpersone aangetref wat aan opname in ouetehuise 'n behoefte gehad het nie, maar ook volgens die bostaande tabel, die grootste persentasies proefpersone wat aan al drie die genoemde soorte ouetehuisversorging 'n behoefte geopenbaar het.

## 11.5 DIE GERAAMDE GETAL KLEURLINGBEJAARDES WAT OUETEHUISVERSORGING BENODIG EN IN DIE TOEKOMS SAL BENODIG

In 'n voorgaande afdeling is getoon dat 2.8 persent van die 1,500 Kleurlingbejaardes wat by die ondersoek betrek is, in ouetehuise versorg behoort te word of waarskynlik beter daaraan toe sal wees in 'n ouetehuis. Indien aanvaar sou word dat 2.8 persent van alle Kleurlingbejaardes in die Republiek in 1960 ouetehuisversorging benodig het, kom die getal op 2,052 (2.8% van die 73,293 Kleurlingbejaardes) te staan.

Met behulp van sekere projeksies met betrekking tot die Kleurlingbevolking wat deur die Buro vir Statistiek gedoen is (5, bl. A-17), kan die omvang van die behoefte aan ouetehuise vir Kleurlingbejaardes vir die tydperk 1970 tot 2000 geraam word, mits daar van die veronderstelling uitgegaan word dat steeds 2.8 persent van die bejaarde Kleurlinge aan ouetehuisversorging 'n behoefte sal hê.

Volgens die tabel sal die verwagte 93,000 Kleurlingbejaardes in 1970 aangroei tot 'n verwagte 245,000 in die jaar 2000. In hierdie tydperk sal die getal Kleurlingbejaardes wat in ouetehuise versorg moet word, na raming vanaf 2,604 tot 6,860 toeneem.

Indien die maatskaplike opheffing en die ontwikkeling van die Kleurlingbevolking sou meebring dat die gesinstruktuur van dié bevolking sou verander - 'n maatskaplike opheffing en ontwikkeling bring gewoonlik 'n verdwyning van die uitgebreide gesinstipe mee - kan verwag word dat 'n algaande groter wordende persentasie van die Kleurlingbejaardes nie meer soos tans (tabel 4.8) binne die gesinsverband versorg sal kan word nie en aan ouetehuisversorging 'n behoefte sal hê. Dit is dus moontlik dat veel meer Kleurlingbejaardes as wat in tabel 11.8 aangetoon is, in die betrokke jare 'n behoefte aan opname in ouetehuise sal hê.

TABEL 11.8

DIE VERWAGTE TOENAME VAN KLEURLINGBEJAARDES IN DIE TYDPERK 1970 TOT 2000 EN DIE VERWAGTE GETAL KLEURLINGBEJAARDES WAT IN OUETEHUISE VERSORG BEHOORT TE WORD

| Jaartal | Verwagte getal Kleurlingbejaardes | Verwagte getal Kleurlingbejaardes wat in ouetehuise versorg sal moet word |
|---|---|---|
| 1970 | 93,000 | 2,604 |
| 1975 | 108,000 | 3,024 |
| 1980 | 126,000 | 3,528 |
| 1985 | 145,000 | 4,060 |
| 1990 | 172,000 | 4,816 |
| 1995 | 204,000 | 5,713 |
| 2000 | 245,000 | 6,860 |

In die lig van die gegewens wat met betrekking tot die bestaande voorsiening vir ouetehuisversorging vir Kleurlingbejaardes verstrek is (afdeling 1.1), is dit duidelik dat, hoewel daar op die huidige nie by die Kleurlingbevolking van veroudering enige sprake is nie en dié verskynsel - die hoofoorsaak van die sogenaamde „bejaarde-probleem" - sigself waarskynlik ook nie in die nabye toekoms by die Kleurlingbevolking sal voordoen nie (tabel 1.2), die Kleurlingbejaardes, en veral hul versorging, reeds vir die Staat en die gemeenskap in die Republiek van Suid-Afrika 'n vraagstuk vorm. Dit is ook duidelik dat dié vraagstuk 'n groeiende vraagstuk is en dat die versorging van Kleurlingbejaardes algaande 'n groter bydrae van die Staat en die gemeenskap sal vereis.

Aangesien dit duidelik is dat die behoefte aan ouetehuisversorging vir Kleurlingbejaardes alreeds sodanig is dat dit die huidige voorsiening in dié behoefte oorskry[1], en aangesien dié behoefte algaande in omvang groter sal word, is dit wenslik dat verdere voorsiening vir die daarstelling van ouetehuise vir Kleurlingbejaardes gemaak sal word.

## 11.6 GEVALLESTUDIES

Ten slotte word enkele gevallestudies aangebied ten opsigte van proefpersone wat by opname in 'n ouetehuis sou baat.

Die omstandighede van sommige van die proefpersone wat by opname in ouetehuise sou baat, is reeds in gevallestudies bespreek, byvoorbeeld mev. E. wat deur haar kinders verstoot was (geval 9.1), mnr. I. (geval 10.3) en mnr. N. (geval 11.3). Hierdie persone se opname in 'n ouetehuis is as gewens beskou. Mnr. M. (geval 11.2) wat niks met die ander Kleurlinge in sy omgewing te doen wou hê nie en heeltemal alleen gewoon het, is as 'n grensgeval ingedeel.

Vervolgens word die gevalle bespreek van enkele ander proefpersone wie se opname in ouetehuise as gewens beskou is. Die soorte ouetehuisversorging waarby hierdie persone waarskynlik die meeste baat sou gevind het, word ook aangetoon.

### GEVAL 11.4

Mnr. en mev. O. is op 'n landbouhoewe naby Cradock aangetref. Die egpaar het by hul 31-jarige weduweedogter en haar drie kinders gewoon.

[1] Volgens die middeljaarraming van die Buro vir Statistiek vir 1965 was daar in dié jaar sowat 80,000 Kleurlingbejaardes in die Republiek (5, bl. A-17). Na raming het 2,240 Kleurlingbejaardes (2.8% van die 80,000) in 1965 'n behoefte gehad aan ouetehuisversorging.

Mnr. O. was 64 jaar oud en sy vrou 63. Geeneen van die twee het tydens die ondersoek oor 'n kontantinkomste beskik nie - mnr. O. omdat hy te jonk was om vir 'n ouderdomspensioen in aanmerking te kom en nie daarvan bewus dat hy intussen om 'n ongeskiktheidstoelae aansoek kon doen nie, en mev. O. omdat haar aansoek om 'n ouderdomspensioen nog nie afgehandel was nie. Die egpaar was geheel en al afhanklik van hul dogter wat deur was- en strykwerk te doen, maandeliks sowat R12 verdien het.

Die vader het tot sowat 'n jaar voor die ondersoek as plaasarbeider gewerk. Sy gesondheidstoestand het baie vinnig begin verswak en na hy verklaar het, is hy, toe hy nie meer sy werk kon doen nie, aangesê om die plaas waarop hy jare lank werksaam was, te verlaat. Hy en sy vrou het toe hul intrek by hul dogter geneem. Die dogter se oorlede man was in lewe op die betrokke landbouhoewe werksaam en sy voormalige werkgewer het aan haar toestemming gegee om kosteloos daar aan te bly.

Beide mnr. en mev. O. het aan 'n longkwaal gely - die ondersoeker het die indruk gekry dat hulle tuberkuloselyers was - en hul gesondheidstoestand was baie swak. Mnr. O. was juis tydens die onderhoud in die bed.

Dit was duidelik dat mnr. en mev. O. in ongunstige omstandighede verkeer het en dat hul dogter nie meer kon doen as wat sy reeds ter wille van haar ouers se welsyn gedoen het nie. Sy het haar kinders te kort gedoen om in haar ouers se behoeftes te probeer voorsien en hul aanwesigheid in die huishouding het besliste gevare vir haar en haar kinders se gesondheid ingehou.

Die ondersoeker het tot die gevolgtrekking gekom dat sowel mnr. as mev. O. by opname in 'n ouetehuis sou baat en dat hul opname in 'n ouetehuis vir kroniese siek bejaardes beslis gewens was. Selfs al sou hulle die genoemde maatskaplike pensioene bekom het, sou hul opname in 'n ouetehuis nog in hulle belang wees, en ook in dié van hul dogter en haar kinders. Ter wille van die kleinkinders se gesondheid en ook dié van hul dogter, kon hulle nie daar aanbly nie en om op hul eie te gaan woon, sou vanweë hul swak gesondheidstoestand, net nie moontlik gewees het nie.

## GEVAL 11.5

Mej. P., 64 jaar oud, het op 'n plaas naby Bellville gewoon. Sy was nooit getroud nie, het nooit kinders gehad nie en sover bekend, het geeneen van haar familielede tydens die ondersoek nog gelewe nie.

Die proefpersoon wat haar lewe lank as huisbediende gewerk het, het sowat twee jaar voor die ondersoek 'n ouderdomspensioen bekom en toe afgetree. Haar laaste betrekking was as huisbediende op die plaas waar sy aangetref is. Met haar aftrede het sy van haar voormalige werkgeefster die vergunning verkry om daar aan te bly.

Op die oog af het die proefpersoon in gunstige omstandighede verkeer. Sy het 'n vaste inkomste en 'n goeie woning gehad en haar voormalige werkgeefster het 'n lewendige belangstelling in haar doen en late geopenbaar.

Nadere ondersoek het egter laat blyk dat dit vir mej. P. veel beter sou wees om in 'n ouetehuis opgeneem te word. Haar liggaamskragte was reeds grootliks verswak en sy kon slegs met veel moeite rondbeweeg en vir haarself sorg. Sy was 'n suikersiektelyer en het gereelde mediese behandeling vir die kwaal benodig.

Mej. P. het besef dat sy beslis in 'n ouetehuis beter daaraan toe sou wees en het veral omdat sy aldaar nie so eensaam sou wees nie, daarna uitgesien om in so 'n inrigting opgeneem te word.

## GEVAL 11.6

Mev. Q., 74 jaar oud, het op 'n plaas naby Bloemfontein gewoon. Sy was 'n weduwee en het by die jongste van haar drie seuns wat al drie op die betrokke plaas werksaam was, geloseer.

Die proefpersoon het nie aan 'n besondere kwaal gely nie, maar was as gevolg van haar hoë ouderdom, reeds grootliks verswak. Sy kon slegs met veel moeite rondbeweeg.

Dit was baie duidelik dat die proefpersoon, hoewel sy haar ouderdomspensioen maandeliks net so aan haar seun oorhandig het, en dié gereelde kontantinkomste beslis vir hom en sy gesig 'n bate was, nie in haar seun se huishouding welkom was nie en ook nie daar tuis gevoel het nie. Die indruk is verkry dat die gesinslede haar as te veel moeite beskou het en slegs die minimum aandag aan haar geskenk het. Dit was ook duidelik dat hulle haar nie goed versorg het nie en mev. Q. het verklaar dat haar seun altyd sê sy is lastig wanneer sy met hom wil gesels of vra dat hy vir haar medisyne koop. Op 'n vraag waarom sy dan nie haar intrek by een van haar ander twee seuns op die plaas neem nie, het sy verklaar dat sy voorheen ook by hulle gewoon het en dat dit daar nie beter gegaan het nie.

Toe die moontlikheid van haar opname in 'n ouetehuis genoem is, het al drie die seuns dit baie duidelik laat blyk dat hulle dit sou verwelkom. Die seun by wie sy tydens die ondersoek gewoon het, wou selfs weet of die ondersoeker haar nie dadelik na so 'n inrigting kon neem nie.

Mev. Q. was glad nie onder die omstandighede gelukkig by haar kinders nie. Sy het aangetoon dat hul onsimpatieke houding die lewe vir haar baie onaangenaam maak.

Die proefpersoon se opname in 'n ouetehuis was gewens. Aangesien sy slegs liggaamlik verswak was en nie van 'n besondere kwaal las ondervind het nie, is sy ingedeel as 'n persoon wat by gewone versorging in 'n ouetehuis sou baat.

Laastens word die omstandighede van enkele proefpersone wat as grensgevalle ingedeel is, bespreek.

### GEVAL 11.7

Mnr. R., 'n 70-jarige wewenaar, het in die distrik Ceres by sy getroude dogter, haar man en hul tien kinders, op 'n plaas gewoon.

Die proefpersoon het baie las van sy hart ondervind. Hy was reeds grootliks verswak en glad nie tot enige fisiese inspanning in staat nie. Hy het sy werk as plaasarbeider op 64-jarige ouderdom laat vaar en omdat daar niemand op sy vorige woonplek was wat hom kon versorg nie, het hy na sy dogter getrek.

Die lede van die huishouding het onder ongunstige omstandighede verkeer. Hul woning het uit slegs een vertrek bestaan en almal het op die vloer geslaap. Sonder die proefpersoon se bydrae tot die huishouding, sy hele ouderdomspensioen, sou die lede van die huishouding sekerlik dikwels gebrek gely het.

Mnr. R. het verklaar dat hoewel hy nie gelukkig was oor sy omstandighede nie, hy nie kon kla nie. Hy het sy afhanklikheid van sy dogter besef en was baie dankbaar dat sy hom na die beste van haar vermoë versorg het. Hy het nietemin aangedui dat hy, veral omdat hy aldaar goed versorg sou word, en geen gebrek sou ly nie, sou verkies om na 'n ouetehuis te gaan. Sy dogter wou egter nie daarvan hoor nie. Sy het volgehou dat sy haar vader tot sy dood sou versorg.

Hoewel sy met die beperkte middele tot haar beskikking en haar groot gesin die proefpersoon nie na behore kon versorg nie, het die dogter haar beste vir haar vader gelewer. Hy sou beslis beter daaraan toe wees in 'n ouetehuis as in sy dogter se sorg, maar omdat dit baie duidelik was dat haar gesindheid teenoor haar vader opreg was en sy hom nie slegs gesien het as 'n bate vir die huishouding se gemeenskaplike inkomste nie, is die proefpersoon as 'n grensgeval ingedeel. Indien hy wel na 'n ouetehuis moes gaan, sou gewone ouetehuisversorging in sy geval voldoende wees.

### GEVAL 11.8

Mnr. en mev. S., albei reeds 75 jaar oud, het in die distrik Gordonia in 'n klein gemeenskap in 'n landelike Kleurlinggebied gewoon. Sowel mnr. S. as sy vrou het hul hele lewe op die besondere woonplek deurgebring.

Die egpaar het slegs een seun gehad, maar het jare gelede al kontak met hom verloor. Ten spyte van hul hoë ouderdom het albei in 'n betreklik goeie gesondheidstoestand verkeer en albei kon nog sonder hulp rondbeweeg.

Geeneen van die twee proefpersone het oor 'n kontantinkomste beskik nie. Hulle het verklaar dat hulle nie van die voorsiening van ouderdomspensioene bewus was nie. Hulle het nie vir hul huisvesting betaal nie en het gereeld voedsel van ander Kleurlinge in die omgewing ontvang. Hoewel dit soms maar skraps met hulle gegaan het, het hulle nooit werklik gebrek gely nie.

Sowel mnr. as mev. S. het besef dat hulle hul kragte nie meer lank sou behou nie en het verklaar dat hulle baie graag na 'n ouetehuis sou wou gaan mits hulle in dieselfde inrigting opgeneem sou kon word.

Die egpaar is ingedeel as persone wat by gewone versorging in 'n ouetehuis sou baat. Aangesien hul opname in 'n sodanige inrigting geensins dringend was nie, maar moontlik op 'n latere stadium gewens sou wees, is hulle as grensgevalle ingedeel.

# HOOFSTUK 12

## SAMEVATTING

### 12.1 INLEIDING

Op versoek van die Departement van Kleurlingsake het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing 'n ondersoek onderneem na die sosio-ekonomiese posisie van Kleurlingbejaardes, en in besonder na die behoefte wat hierdie deel van die Kleurlingbevolking aan ouetehuisversorging openbaar (1.2)[1].

In teenstelling met die Blankes van die Republiek en die meeste ander Westerse bevolkings, toon die Kleurlinge nie die neiging tot veroudering nie, maar neig, daarenteen, in die teenoorgestelde rigting. Dié „verjonging" van die Kleurlingbevolking sal na alle waarskynlikheid tot ten minste die jaar 1995 voortduur.

Nieteenstaande die feit dat die aandeel van Kleurlingbejaardes in die samestelling van die Kleurlingbevolking steeds daal, vorm hulle alreeds 'n groot en tegelykertyd snel groeiende getal mense wat, veral vanweë hul ouderdom, almal in 'n mindere of meerdere mate in 'n staat van afhanklikheid verkeer.

Van owerheidsweë, en ook van die kant van die gemeenskap, word daar reeds veel vir die welsyn van die Kleurlingbejaardes gedoen. Deur middel van, onder andere die voorsiening van ouderdomspensioene, ander maatskaplike pensioene en toelaes, en ook ouetehuise, word gepoog om die bestaansbeveiliging van die Kleurlingbejaardes te verseker (1.1).

Die gegewens in hierdie verslag is gedurende die tydperk Desember 1963 tot Maart 1964 tydens onderhoude met 'n steekproef van 1,500 Kleurlingbejaardes van ten minste 60 jaar oud, ingewin. Mans en vroue, en landelike en stadsbewoners in die vier provinsies, is onderskeidelik in verhouding tot hul werklike voorkoms volgens die 1960-sensus in die ondersoekgroep opgeneem (1.3, 1.4).

Meer vroue as mans is by die ondersoek betrek (onderskeidelik 54.8 en 45.2%). Die oorgrote meerderheid bejaardes was van 60 tot 69 jaar oud (61.3%). Vyf-en-tagtig punt ses persent was Afrikaanssprekend, en die meeste Kleurlingbejaardes het tot die drie Afrikaanse Susterskerke (25.4%), die Anglikaanse Kerk (18.3%) en die Congregational Kerk (13.3%) behoort.

Soos verwag kan word, is daar ten opsigte van die bogenoemde eienskappe verskille tussen die ondersoekgroep en die algemene bejaarde Kleurlingbevolking van die Republiek. Dié verskille is egter betreklik gering en die steekproef kan as verteenwoordigend van die universum beskou word (1.6).

### 12.2 WOONPLEK EN MIGRASIE

Onderskeidelik 50.5, 19.5 en 30.0 persent van die proefpersone het in stede, in dorpe en op plase, landbouhoewes, in klein gemeenskappe of in landelike Kleurlinggebiede gewoon. Meer vroue as mans het in stede en in dorpe gewoon, maar meer mans as vroue is op plase aangetref (2.2).

Bykans 80 persent van die stadsbewoners en meer as die helfte van die dorpsbewoners het in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes gewoon; 22.0 persent van die dorps- en stadsbewoners het in woonbuurtes gewoon waarin Kleurlinge oorweeg het, en 5.4 persent het in woonbuurtes gewoon waarin lede van die ander bevolkingsgroepe hoofsaaklik voorgekom het (2.3).

Nagenoeg 'n vyfde van die bejaardes was reeds sedert hul geboorte op die bepaalde plekke waar hulle aangetref is, woonagtig. Van diegene wat al van woonplek verwissel het, het bykans twee derdes reeds ten minste twintig jaar lank op die bepaalde plekke gewoon. Plaasbewoners het die meeste voorgekom onder diegene wat slegs vir kort tydperke op bepaalde plekke

[1] „(1.2)" verwys na afdeling 1.2 van die verslag.

gewoon het (2.4).

'n Ontleding van die bejaardes se woonplek op eenjarige ouderdom volgens hul woonplek op sestigjarige ouderdom, toon 'n stadwaartse trek (2.5).

Veertien punt ses persent van die bejaardes het, sedert hulle 60 jaar oud geword het, van woonplek verwissel, en van hierdie persone het onderskeidelik 70.8, 21.0 en 8.2 persent een, twee of ten minste drie keer sedert dié ouderdom getrek. Plaasbewoners is die meeste aangetref onder sowel diegene wat ná hul sestigste lewensjaar van woonplek verwissel het as diegene wat sedert dié ouderdom ten minste drie keer getrek het (2.6).

Veel meer van die laaste trekke sedert sestigjarige ouderdom het tussen plase as tussen dorpe en tussen stede plaasgevind (onderskeidelik 47.5, 12.3 en 10.5%). Vir bykans driekwart van die bejaardes wat getrek het nadat hulle 60 jaar oud geword het, het hulle laaste trek sedert dié ouderdom nie enige verandering van die soort woonplek meegebring nie. Dit wil verder voorkom asof die dorpe in die geval van die trek na die stede die plek van 'n „halfwegstasie" inneem (2.7).

Die grootste enkele persentasie van die bejaardes wat ná hul sestigste lewensjaar van woonplek verwissel het, het die begeerte om nader aan familielede te wees as die belangrikste rede vir hul laaste trek sedert dié ouderdom aangedui (37.9%). Teenoor 7.8 persent van diegene wat, nadat hul 60 jaar oud geword het, getrek het omdat hul na 'n betrekking gesoek het, het 15.5 persent 'n beter betrekking op hul huidige as op hul vorige woonplek as die belangrikste rede vir hul laaste trek sedert sestigjarige ouderdom aangevoer. Trekke ter wille van 'n betrekking het, relatief gesproke, die meeste tussen stede voorgekom, terwyl trekke ter wille van 'n beter betrekking die meeste tussen plase voorgekom het. Die trekke wat onderneem is om nader aan familielede te wees, was meer in 'n stadwaartse as in die teenoorgestelde rigting (2.8).

Onderskeidelik 46.8, 25.7 en 27.4 persent van die bejaardes het 'n stad, 'n dorp, of enige plek buite 'n stad of dorp as woonplek verkies. Meer vroue as mans het 'n stad of 'n dorp as woonplek verkies. Mans daarenteen, het meer as vroue verkies om buite 'n dorp of 'n stad te woon. Sewe-en-tagtig punt drie persent van die bejaardes was tevrede met die soort woonplek waar hulle aangetref is, terwyl onderskeidelik 1.3, 8.7 en 2.7 persent nie met hul soort woonplek tevrede was nie en 'n stad, 'n dorp of 'n woonplek buite 'n stad of dorp verkies het. Ontevredenheid met hul soort woonplek het, relatief gesproke, die meeste onder die plaasbewoners en die minste onder die stadsbewoners voorgekom (2.9).

## 12.3 OPVOEDKUNDIGE PEIL EN BEROEPSLEWE

Slegs 43.1 persent van die bejaardes het skoolonderrig ontvang. Twee punt vyf persent was op skool, maar weet nie watter standerd hulle geslaag het nie, en 1.9 persent was op skool, maar het nie 'n standerd geslaag nie. Meer mans as vroue (onderskeidelik 12.7 en 9.8%), meer van die 60- tot 69-jariges as van die 70- tot 79-jariges en 80-jariges en ouer proefpersone (onderskeidelik 43.6, 34.9 en 20.2%), en meer van die stadsbewoners as van die dorps- en plaasbewoners (55.5, 37.7 en 10.9% onderskeidelik) het ten minste standerd ses op skool geslaag (3.2).

Meer as twee derdes van die mans was afgetredenes wat nie meer loonarbeid verrig het nie. Die persentasie afgetrede mans neem met stygende ouderdom toe en 'n groter persentasie afgetrede mans is in die dorpe as in die stede en op die plase aangetref. Die oorgrote meerderheid van die afgetrede mans kon vanweë hul ouderdom of gesondheidstoestand glad nie meer werk nie (91.8%), en 0.6 persent van hulle het nie nodig gehad om te werk nie. Onderskeidelik 4.3 en 3.2 persent van die afgetrede mans wou graag werk, maar kon glad nie werk kry nie, of kon nie 'n geskikte betrekking bekom nie (3.3.1).

Slegs 12.2 persent van die vroue het nooit loonarbeid verrig nie; 80.3 persent het nie meer gewerk nie en 7.5 persent het tydens die ondersoek nog loonarbeid verrig. Vier-en-dertig punt een persent van die vroue het hul huishoudelike verpligtinge reeds gedeeltelik aan ander oorgedra en 17.9 persent het hulle geheel en al aan hierdie verpligtinge onttrek (3.3.2).

'n Groter persentasie van die mans as van die vroue wat loonarbeid verrig het, het tot op 'n betreklik hoë ouderdom nog gewerk. Agt-en-tagtig punt vyf persent van die vroue wat hul huishoudelike verpligtinge reeds geheel en al aan andere oorgedra het, het hierdie verpligtinge ten volle of ten minste gedeeltelik behartig totdat hulle 60 jaar oud was (3.4.1).

Sewe-en-sestig punt twee persent van die mans en 62.3 persent van die vroue het op grond van hul ouderdom of gesondheidstoestand vrywillig uit die arbeidsmark getree. Onderskeidelik 19.3 en 9.2 persent van die mans en die vroue is deur hul werkgewers afgedank omdat hulle te oud geword het, of omdat hulle gesondheidstoestand verswak het. Tien punt twee persent van die mans en slegs 2.4 persent van die vroue het verklaar dat hulle hul werk laat vaar het toe hulle die aftree-ouderdom bereik het. Nagenoeg 'n vyfde van die vroue het hulle van buitenshuise loonarbeid onttrek ten einde hul huishoudelike verpligtinge te kon nakom en 'n geringe persentasie het op aandrang van hul kinders of ander familielede afgetree (3.4.2).

Ses-en-tagtig punt drie persent van die afgetrede mans en vroue was voor hul aftrede as persoonlike dienswerkers, as gewone arbeiders, of as plaasarbeiders werksaam (3.4.3).

Diegene wat tydens die ondersoek nog beroepe beoefen het, het hoofsaaklik dié soorte beroepe beoefen wat fisiese inspanning verg en waarvoor 'n relatief hoë opvoedkundige peil nie 'n vereiste is nie. Gewone arbeiders, persoonlike dienswerkers en plaasarbeiders het onderskeidelik die meeste in die stede, in die dorpe en op die plase voorgekom. In die stede en in die dorpe is veel meer huisvroue as op die plase aangetref (3.5.1).

Onderskeidelik 79.1 en 10.1 persent van die bejaardes wat tydens die ondersoek nog gewerk het, was voltyds of deeltyds in diens. Agt punt ses persent was stukwerkers en 2.2 persent seisoenwerkers. Meer mans as vroue was voltyds in diens terwyl meer vroue as mans stukwerk gedoen het of slegs gedurende bepaalde seisoene gewerk het.

Voltydse werkers het die meeste in die stede voorgekom, en deeltydse en stukwerkers die meeste in die dorpe (3.5.2).

Onderskeidelik 19.9, 39.6 en 36.7 persent van diegene wat nog gewerk het, het 'n kort (minder as 40 uur), 'n gemiddelde (40 tot 59 uur), of 'n lang (60 uur en langer) werkweek gehad (3.5.3).

## 12.4 HUWELIKSTAAT EN GESINSAANGELEENTHEDE

Slegs nagenoeg die helfte van die bejaardes was wettig getroud (51.2%), 37.7 persent het hulle in 'n staat van wewenaar- of weduweeskap bevind, 0.9 persent was geskei en 10.1 persent het nooit 'n wettige huwelik aangegaan nie.

Meer mans as vroue was getroud en veel meer weduwees as wewenaars is in die ondersoekgroep opgeneem. Met stygende ouderdom is daar 'n daling in die persentasie getroudes en 'n toename in die persentasie persone in 'n staat van wewenaar- of weduweeskap. Diegene wat nooit getroud is nie en die getroudes het die meeste op die plase voorgekom; geskeides, wewenaars en weduwees die meeste in die stede (4.2).

Onder diegene wat nooit getroud is nie, het buite-egtelike verhoudings veel meer voorgekom as onder die geskeides en diegene in die staat van wewenaar- of weduweeskap (4.3).

'n Groter persentasie mans as vroue se huweliksmaats was jonger as hulleself (4.4).

Slegs 45.9 persent van diegene wat getrou het, se eerste huwelik het tydens die ondersoek nog voortgeduur. Met stygende ouderdom is daar 'n daling in die persentasie persone wie se eerste huwelik nog voortgeduur het en 'n styging in die persentasie persone met vorige huwelike (4.5).

Die grootste enkele persentasie huishoudings[1]) het bestaan uit 'n egpaar van wie die bejaarde 'n deel vorm, en kinders (36.0%). Hierna volg huishoudings bestaande uit 'n alleenlopende bejaarde en kinders. Meer as twee derdes van alle proefpersone, en onderskeidelik 64.3 en 70.5 persent van die mans en die vroue, het tot huishoudings behoort wat ook kinders en/of kleinkinders ingesluit het, terwyl 15.1 persent met slegs hul huweliksmaats en 12.7 persent alleen 'n huishouding gevorm het. Met stygende ouderdom het 'n groter persentasie bejaardes alleen gewoon (4.6).

Die posisie wat die bejaardes in hul huishouding beklee het, hou verband met faktore soos die bejaarde se ouderdom en geslag (4.7).

---

1)Kyk afdeling 1.5 vir 'n omskrywing van hierdie begrip.

Bykans een uit elke tien bejaardes het nie lewende kinders gehad nie en van slegs nagenoeg 'n kwart is nog geen eie kinders oorlede nie. Hierteenoor het nagenoeg die helfte van die bejaardes ten minste vyf lewende kinders gehad. Vyftien punt twee persent van die bejaardes het aangenome kinders gehad en 8.3 persent stiefkinders. Soveel as 25.0 persent het 'n kind of kinders gehad wat tydens die ondersoek nog geheel en al van hulle afhanklik was (4.8).

## 12.5 BEHUISING

Die oorgrote meerderheid van die bejaardes het in huise gewoon (84.6%) en hierdie soort woning het relatief die meeste in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes voorgekom. Agt punt vyf persent het alleenstaande eenkamerwonings wat die meeste op plase voorgekom het, bewoon, en 6.8 persent ander soorte wonings wat, met die uitsondering van woonstelle wat slegs in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes voorgekom het, hoofsaaklik in die gemengde woonbuurtes aangetref is (5.2).

In 12.3 persent van die proefpersone se wooneenhede[1)] was daar nie enige woonvertrekke[2)] nie, terwyl in die wooneenhede van onderskeidelik 16.7, 19.9, 29.5 en 21.6 persent een, twee, drie, of ten minste vier woonvertrekke was.

Wooneenhede sonder woonvertrekke en wooneenhede met ten minste vier woonvertrekke is onderskeidelik die meeste op die plase en in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes aangetref (5.3).

Nagenoeg 'n derde van die bejaardes het in wooneenhede met slegs een slaapvertrek[3)] gewoon, terwyl onderskeidelik 42.5 en 24.5 persent se wooneenhede twee, of ten minste drie slaapvertrekke ingesluit het. Te oordeel na die beskikbare getal slaapvertrekke was die wooneenhede van bejaardes wat in die uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes gewoon het, ruimer as dié van bejaardes wat in die gemengde woonbuurtes of op plase gewoon het (5.4).

Twee-en-twintig punt twee persent van die totale ondersoekgroep, en onderskeidelik 13.1, 4.1 en 36.2 persent van die bejaardes wat in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes, in gemengde woonbuurtes, of op plase gewoon het, het wooneenhede bewoon waarin òf die kombuis as 'n slaapvertrek gebruik is, òf voedsel in 'n slaapvertrek voorberei is (5.5).

Een-en-dertig punt een persent van die bejaardes se wooneenhede was van sowel water as elektriese krag voorsien, terwyl onderskeidelik 10.4 en 58.6 persent van die bejaardes oor slegs een, of oor geeneen van dié twee fasiliteite in hul wooneenhede beskik het nie. Vir sover dit die beskikbaarheid van water en elektriese krag in die wooneenheid en die beskikbaarheid en ligging van 'n latrine aangaan, was die wooneenhede van bejaardes wat in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes gewoon het, beter toegerus as dié van bejaardes wat in gemengde woonbuurtes gewoon het. In die geval van 5.6 persent van alle bejaardes, en onderskeidelik 1.9, 3.1 en 13.6 persent van die bejaardes wat in uitsluitlik Kleurlingwoonbuurtes, in gemengde woonbuurtes, of op plase gewoon het, was daar in hul slaapvertrek nie 'n venster wat kan oopmaak nie (5.6).

Die grootste enkele persentasie van die bejaardes wat hul slaapvertrekke met iemand gedeel het, het hul slaapvertrekke met slegs hul huweliksmaats gedeel (43.1%) (5.7).

Ingevolge die kriteria met betrekking tot die bewoning van slaapvertrekke, is 70.2 persent van die bejaardes se slaapvertrekke as „gunstig" ingedeel; het daar in die geval van 4.3 persent 'n oorbewoning van die slaapvertrek voorgekom; was daar in die slaapvertrekke van 11.1 persent 'n onwenslike vermenging tussen die twee geslagte, en het sowel oorbewoning as onwenslike geslagsvermenging in 14.4 persent van die bejaardes se slaapvertrekke voorgekom.

„Gunstig" ingedeelde slaapvertrekke is relatief die meeste in die gemengde woonbuurtes aangetref, en slaapvertrekke waarin sowel oorbewoning as onwenslike geslagsvermenging voorgekom het, die meeste op plase (5.8).

Die 70.2 persent van die bejaardes wie se slaapvertrekke as „gunstig" ingedeel is, het vanselfsprekend net een slaapvertrek benodig. Hierteenoor is onderskeidelik 25.5, 3.7 en 0.5 persent se slaapvertrekke op so 'n wyse bewoon dat twee, drie, of ten minste vier slaapvertrekke

[1)] Kyk afdeling 1.5 vir 'n omskrywing van hierdie begrip.

[2)] Kyk afdeling 5.3 vir 'n beskrywing van hierdie begrip.

[3)] Vergelyk die voetnoot op bladsy 45.

nodig was om die bewoners van die een slaapvertrek ingevolge die kriteria op 'n bevredigende wyse te huisves (5.9).

12.6 INKOMSTE

Agt punt sewe persent van die totale groep proefpersone, onderskeidelik 3.5 en 13.0 persent van die mans en die vroue, onderskeidelik 12.3, 3.1 en 3.1 persent van die 60- tot 69-jariges, die 70- tot 79-jariges en die groep 80 jaar en ouer, en onderskeidelik 10.2, 4.5 en 9.1 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners, het nie oor 'n persoonlike kontantinkomste beskik nie.

Die grootste enkele persentasie van die bejaardes se persoonlike kontantinkomste het op R10 tot R14 per maand te staan gekom, terwyl onderskeidelik 20.2 en 22.8 persent 'n persoonlike maandelikse kontantinkomste van minder as R10, of ten minste R15 gehad het.

Naas die werkloses en die afgetredenes, was die plaasarbeiders, wat hul persoonlike maandelikse kontantinkomste betref, die swakste daaraan toe. Diegene wat „stedelike" beroepe beoefen het, het 'n groter persoonlike kontantinkomste gehad as die res van die bejaardes wat gewerk het maar nie sodanige beroepe beoefen het nie.

Onderskeidelik 63.0, 17.3 en 10.7 persent van die bejaardes het hul persoonlike maandelikse kontantinkomste verkry uit, onder andere, ouderdomspensioene, loonarbeid, of bydraes deur kinders en/of ander familielede. Nagenoeg twee derdes van die bejaardes het maatskaplike pensioene ontvang (6.2).

Twee punt een persent van die proefpersone het 'n deel gevorm van afhanklikheidseenhede[1)] wat nie oor 'n kontantinkomste beskik het nie. Nagenoeg die helfte van die bejaardes se afhanklikheidseenhede het maandelikse kontantinkomste van R10 tot R19 gehad, en onderskeidelik 7.8 en 41.1 persent het tot afhanklikheidseenhede met 'n maandelikse kontantinkomste van minder as R10, of ten minste R20, behoort.

Die kontantinkomste van die afhanklikheidseenheid hou verband met faktore soos die aanwesigheid van 'n huweliksmaat, die woonplek en die getal persone wat die afhanklikheidseenheid vorm (6.3).

Ietwat meer as die helfte van die totale ondersoekgroep en onderskeidelik 34.8, 36.3 en 86.0 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners, het tot afhanklikheidseenhede met 'n inkomste in goedere behoort.

Teenoor 73.6 persent van die plaasbewoners, het 30.1 persent van die dorpsbewoners en 23.8 persent van die stadsbewoners 'n deel gevorm van afhanklikheidseenhede met 'n inkomste in goedere wat, in kontant bereken, minder as R10 per maand bedra het (6.4).

Onderskeidelik 3.9, 39.8, 32.6 en 23.6 persent van die bejaardes se afhanklikheidseenhede het 'n totale maandelikse inkomste gehad van minder as R10, R10 tot R19, R20 tot R29, of ten minste R30.

Die grootste persentasie afhanklikheidseenhede met 'n totale maandelikse inkomste van minder as R30 is op plase aangetref (91.9% teenoor onderskeidelik 83.2 en 64.4% in dorpe en in stede). Veertien punt vyf persent van die stadsbewoners, 6.5 persent van die dorpsbewoners en 2.7 persent van die plaasbewoners se afhanklikheidseenhede het 'n totale inkomste van ten minste R50 per maand gehad (6.5).

Slegs 0.6 persent van die bejaardes was lede van huishoudings wat nie oor 'n kontantinkomste beskik het nie. Onderskeidelik 28.9, 37.4 en 29.4 persent van die proefpersone se huishoudings het 'n kontantinkomste gehad van minder as R20, R20 tot R49, of ten minste R50 per maand. Op die plase, in die dorpe en in die stede is onderskeidelik die grootste persentasies proefpersone aangetref wat lede was van huishoudings met 'n maandelikse kontantinkomste van minder as R20, R20 tot R49, of ten minste R50.

---

[1)] Kyk afdeling 1.5 vir 'n omskrywing van hierdie begrip.

Die getal persone in die huishouding hou duidelik verband met die kontantinkomste waaroor die lede van die huishouding beskik (6.6).

Die maandelikse kontantinkomste van die afhanklikheidseenheid of huishouding as sodanig, bied nie 'n duidelike weerspieëling van die afhanklikheidseenheid of huishouding se ekonomiese posisie nie, want die behoeftes van die onderskeie persone wat die afhanklikheidseenheid of die huishouding mag vorm (mans en vroue, en persone behorende tot onderskeie ouderdomsgroepe), verskil.

Onderskeidelik 8.0 en 16.3 persent van die bejaardes het tot afhanklikheidseenhede met 'n maandelikse kontantinkomste van minder as R5 of R5 tot R9 per volwasse eenheid behoort, terwyl onderskeidelik 57.3, 8.9, 4.9 en 2.4 persent lede was van afhanklikheidseenhede wat, per volwasse eenheid bereken[1], 'n maandelikse kontantinkomste van R10 tot R19, R20 tot R29, R30 tot R49, of ten minste R50 gehad het.

Onderskeidelik 50.5, 9.4 en 40.0 persent van die 922 bejaardes wie se afhanklikheidseenhede van hul breë huishoudings onderskei kon word, het in hul afhanklikheidseenhede oor 'n groter, 'n min of meer dieselfde, of 'n geringer maandelikse kontantinkomste per volwasse eenheid beskik as in hul breë huishoudings. Nagenoeg die helfte van die bejaardes wie se huishoudings ook ander persone as slegs hul afhanklikes ingesluit het, was dus, tesame met hul afhanklikes, eerder 'n ekonomiese bate as 'n ekonomiese las vir die breë huishoudings waarvan hulle 'n deel gevorm het (6.7).

## 12.7 BESTEDING VAN DIE KONTANTINKOMSTE VAN DIE AFHANKLIKHEIDSEENHEID

Onderskeidelik 5.5, 44.6, 38.7, 18.4, 91.9 en 3.2 persent van die bejaardes het 'n deel gevorm van afhanklikheidseenhede wat gewoonlik geen kontant aan huisvesting en voedsel, vervoer, tabak en drank, mediese dienste, ontspanning of „ander" uitgawes bestee het nie. Die huisvesting- en voedseluitgawes van onderskeidelik 83.0 en 11.5 persent van die bejaardes se afhanklikheidseenhede het maandeliks op minder as R20, of ten minste R20 te staan gekom (7.2).

In die dorpe en in die stede is onderskeidelik die grootste persentasies proefpersone aangetref wat lede was van afhanklikheidseenhede wat minder as 20 persent, of ten minste 20 persent van hul maandelikse kontantinkomste aan huisvesting bestee het. Die grootste persentasie afhanklikheidseenhede wat gewoonlik geen kontant aan huisvesting bestee het nie, het op die plase voorgekom (7.3.1).

Onderskeidelik 31.6, 46.6 en 62.4 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners, en 43.8 persent van al die bejaardes, het tot afhanklikheidseenhede behoort wat ten minste die helfte van hul beskikbare kontantinkomste vir die aankoop van voedsel aangewend het (7.3.2).

Tien punt vyf persent van die totale ondersoekgroep, en onderskeidelik 15.0, 10.3 en 3.1 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners het, alleen of saam met hulle afhanklikes, geloseer en van die afhanklikheidseenhede van hierdie persone het 60.8 persent ten minste die helfte van hul beskikbare kontantinkomste aan losies bestee (7.3.3).

Teenoor die 5.5 persent bejaardes wat lede was van afhanklikheidseenhede wat gewoonlik geen kontant aan huisvesting en voedsel bestee het nie, het onderskeidelik 5.6, 37.2 en 51.8 persent tot afhanklikheidseenhede behoort wat minder as 30, van 30 tot 59, of ten minste 60 persent van hul kontantinkomste aan dié twee noodsaaklike lewensbehoeftes bestee het. Hoe kleiner die kontantinkomste per volwasse eenheid in die afhanklikheidseenheid, hoe groter is die persentasie van die afhanklikheidseenheid se beskikbare kontantinkomste wat aangewend moes word om in die behuisings- en voedselbehoeftes te voorsien (7.3.4).

Slegs onderskeidelik 11.1, 0.6 en 2.8 persent van die bejaardes se afhanklikheidseenhede het ten minste 20 persent van hul kontantinkomste aan mediese dienste en medisyne, vervoer, en aan tabak, drank en ontspanning bestee. Bykans 'n tiende van die bejaardes was lede van afhanklikheidseenhede wat ten minste die helfte van hul beskikbare kontantinkomste aan „ander" uitgawe-items, byvoorbeeld klerasie, brandhout, en so meer, bestee het (7.4, 7.5).

[1] Kyk afdeling 6.7.

## 12.8 BATES

Sestien punt drie persent van die totale groep proefpersone, en onderskeidelik 24.2, 16.1 en 3.1 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners, het tot 'n lewens- of uitkeerpolis bygedra (8.2.1).

Onderskeidelik 89.3, 75.3 en 56.4 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners, en 76.7 persent van al die bejaardes, het tot 'n begrafnisfonds of -polis bygedra (8.2.2).

Teenoor die 63.0 persent van die bejaardes wat ouderdomspensioene ontvang het, het onderskeidelik 13.3 en 10.8 persent nie sodanige pensioene ontvang nie op grond van òf die ouderdoms- òf die middeletoetsvoorskrifte met betrekking tot ouderdomspensioene. Drie punt een persent se aansoeke om ouderdomspensioene was tydens die ondersoek nog nie afgehandel nie, en 'n opvallend hoë persentasie bejaardes het aangedui dat hulle nie van die beskikbaarheid van ouderdomspensioene bewus was nie (9.7%) (8.3.1).

Slegs 3.5 persent van die bejaardes het kontantpensioene van hul vorige werkgewers ontvang. Spoorwegpensioene het die meeste voorgekom (8.3.2).

Die grootste enkele persentasie van die bejaardes het aangedui dat hulle kontantbates minder as R50 was (8.4.1), dat hulle roerende eiendom minder as R50 werd was (8.4.2), dat hulle nie vaste eiendom besit het nie (8.4.3) en dat hulle totale bates nie R100 oorskry het nie (8.4.4).

Slegs 6.4 persent van die bejaardes het die huise waarin hulle tydens die ondersoek gewoon het, ten volle besit; 9.9 persent het dié wonings besit, maar die grond waarop dit opgerig was, gehuur; 3.6 persent het aan hul wonings afbetaal; 40.2 persent het hul wonings gehuur, en 40.3 persent het gratis huisvesting ontvang (8.4.5).

## 12.9 SOSIALE KONTAKTE, GODSDIENSBEOEFENING EN VRYETYDSBESTEDING

Nagenoeg 80 persent van die bejaardes het daagliks met hul kinders kontak gehad, 7.2 persent het weekliks of maandeliks met hul kinders in aanraking gekom en slegs 3.3 persent minder as een keer per maand of nooit (9.2.1).

Vier-en-vyftig punt drie persent van die bejaardes het òf by ander familielede as kinders gewoon (5.5%), òf daagliks (16.9%), weekliks (13.0%) òf maandeliks (18.9%) met hulle in aanraking gekom. Namate die bejaardes se kontak met hul kinders afneem, het 'n groter persentasie bejaardes by ander familielede as kinders gewoon (9.2.2).

Die bejaardes se ouderdom speel met betrekking tot die ontvang van besoeke 'n geringer rol as ten opsigte van die aflê van besoeke. 'n Groter persentasie stadsbewoners as dorps- en plaasbewoners het gedurende die week wat die onderhoud voorafgegaan het, besoeke afgelê en besoeke ontvang (9.2.3).

Aangesien soveel as 45.1 persent van die bejaardes ten minste een keer per week 'n formele erediens bygewoon het, wil dit voorkom asof die bejaarde Kleurling meer kerkvas is as die algemene Kleurlingbevolking. Die grootste en die kleinste persentasie bejaardes wat ten minste weekliks die kerk besoek het, het onderskeidelik onder die stads- en die plaasbewoners voorgekom (9.3).

Slegs 8.0 persent van die proefpersone, meesal stadsbewoners, het ten minste een keer elke drie maande 'n bioskoopvertoning, 'n konsert en/of 'n sportbyeenkoms bygewoon (9.4.1).

Minder as 30 persent van die bejaardes het ten minste weekliks koerante en/of tydskrifte gelees (9.4.2).

Slegs 44.7 persent van die bejaardes het radio's besit; bykans die helfte van diegene wat radio's besit het, het gemiddeld minder as een uur per dag daarna geluister, en meer as 'n kwart het nie aan 'n bepaalde soort radioprogram voorkeur verleen nie. Vroue het meer gereeld as mans na die radio geluister; het veral verkies om na radiodramas, stories en vervolgverhale te luister, en het in 'n meerdere mate as die mans, by wie veral nuusdienste, musiekprogramme en sportuitsendings gewild was, verkies om na godsdienstige uitsendings te luister (9.4.3).

## 12.10 GESONDHEIDSTOESTAND, MEDIESE BEHANDELING EN VOEDING

Slegs 44.1 persent van die totale ondersoekgroep, onderskeidelik 49.0 en 40.1 persent van die mans en die vroue, en onderskeidelik 49.9, 35.6 en 33.1 persent van die 60- tot 69-jariges, die 70- tot 79-jariges en die groep 80 jaar en ouer, het verklaar dat hulle nog gesond gevoel het (10.2.1).

Vier-en-sestig punt vier persent van die totale ondersoekgroep, onderskeidelik 59.7 en 68.2 persent van die mans en die vroue, en onderskeidelik 60.5, 69.1 en 74.2 persent van die 60- tot 69-jariges, die 70- tot 79-jariges en die groep 80 jaar en ouer, het van kroniese kwale las ondervind. Kroniese kwale wat met die spiere, die gewrigte of die vel verband hou, het die meeste voorgekom (26.6%). Hierna volg kroniese kwale wat hulle ontstaan het in die bloedsomloopstelsel (15.3%) en die asemhalingstelsel (8.3%) (10.2.2).

Onderskeidelik 5.1 en 1.5 persent van die bejaardes kon slegs met die hulp van ander of met hulpmiddels oor die weg kom, of was pal bedlêend. 'n Ongeveer ewe groot persentasie mans en vroue kon nog sonder hulp oor die weg kom, en met stygende ouderdom was 'n algaande groter persentasie bejaardes van andere of van hulpmiddels afhanklik om rond te beweeg, of was pal bedlêend (10.2.3).

'n Groter persentasie bejaardes het van 'n verswakte gesigsvermoë as van 'n verswakte gehoorvermoë las ondervind. Die persentasie hardhorendes neem met stygende ouderdom vinniger toe as die persentasie swaksiendes (10.2.4).

Teenoor 26.7 persent van die totale ondersoekgroep, het 26.0 persent van die mans en 27.3 persent van die vroue dit nodig gevind om ten minste een van die dertig dae wat die onderhoud voorafgegaan het, as gevolg van hul gesondheidstoestand in die bed deur te bring (10.2.5).

Sestig persent van al die bejaardes, onderskeidelik 38.0 en 41.8 persent van die mans en die vroue, onderskeidelik 57.0, 65.3 en 63.8 persent van die 60- tot 69-jariges, die 70- tot 79-jariges en die groep 80 jaar en ouer, en onderskeidelik 60.3, 54.7 en 56.7 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners, is gedurende die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, deur 'n geneesheer behandel (10.3.1).

Elf punt drie en 19.9 persent van die proefpersone het gedurende die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, onderskeidelik mediese behandeling as 'n binne- of buitepasiënt aan 'n hospitaal of kliniek ondergaan, terwyl slegs 1.8 persent gedurende dié jaar 'n tandarts besoek het (10.3.2, 10.3.3, 10.3.4).

Die Kleurlingbejaardes se mees algemene voedselsoort was brood (slegs 6.6% het nie daagliks brood gebruik nie). Slegs onderskeidelik 5.2, 4.9 en 10.2 persent het nie ten minste een keer per week vleis, rys, ertappels en/of patats of groente gebruik nie (10.4).

Teenoor nagenoeg 80 persent van die stadsbewoners, het slegs ongeveer die helfte van die dorpsbewoners en nagenoeg 'n kwart van die plaasbewoners daagliks eiwitvoedselsoorte gebruik (10.4.1).

'n Baie geringe persentasie van die bejaardes (1.1%) het nie daagliks koolhidraatvoedselsoorte gebruik nie (10.4.2). Wat die gereelde gebruik van groente betref, was die stads- en die plaasbewoners onderskeidelik die beste en die swakste daaraan toe (10.4.3).

'n Opvallend hoë persentasie bejaardes het aangedui dat hulle baie selde of nooit alkohol gebruik nie (78.6%). Die grootste persentasie bejaardes wat ten minste een keer per maand alkohol gebruik het, het op die plase voorgekom (10.4.4).

## 12.11 DIE BEHOEFTE AAN OUETEHUISVERSORGING

Veertien punt sewe persent van die totale ondersoekgroep, onderskeidelik 16.4 en 13.3 persent van die mans en die vroue, onderskeidelik 13.5, 17.2 en 14.7 persent van die 60- tot 69-jariges die 70- tot 79-jariges en die groep 80 jaar en ouer, en onderskeidelik 10.8, 12.0 en 22.9 persent van die stads-, dorps- en plaasbewoners, was bereid om sonder versuim na 'n ouetehuis te gaan. Die bejaarde se bereidwilligheid om na 'n ouetehuis te gaan, hou duidelik verband met faktore in sy gesinslewe, sy gesondheidstoestand, sy algemene gesindheid teenoor die lewe en struikelblokke waarmee hy te kampe het (11.3).

Twee punt agt persent van die bejaardes is ingedeel as persone wat by opname in 'n ouetehuis sou baat. In die geval van 1.4 persent is opname in 'n ouetehuis as gewens beskou, terwyl 'n verdere 1.4 persent van die bejaardes as grensgevalle ingedeel is. Proefpersone in die hoogste ouderdomsgroep het die grootste behoefte aan ouetehuisversorging geopenbaar (11.3).

Onderskeidelik 0.4, 0.7 en 1.7 persent van die bejaardes (grensgevalle ingesluit) sou waarskynlik die meeste baat gevind het by ouetehuisversorging vir liggaamlik gestremde bejaardes, ouetehuisversorging vir kroniese siek bejaardes, of gewone versorging in 'n ouetehuis. Die bejaardes in die hoogste ouderdomsgroep het die grootste behoefte aan al drie die genoemde soorte ouetehuisversorging geopenbaar (11.4).

'n Raming van die omvang wat die behoefte aan ouetehuisversorging in die toekoms by die Kleurlingbejaardes behoort aan te neem, toon dat indien die 2.8 persent behoefte aan ouetehuisversorging wat uit hierdie ondersoek geblyk het, as maatstaf geneem word, onderskeidelik sowat 2,604, 3,528, 4,816 en 6,860 Kleurlingbejaardes in die jare 1970, 1980, 1990 en 2000 daaraan 'n behoefte sal hê om in ouetehuise opgeneem te word.

Kleurlingbejaardes se behoefte aan opname in ouetehuise oorskry reeds die huidige voorsiening in dié behoefte en verdere voorsiening vir die daarstelling van ouetehuise vir Kleurlingbejaardes is dus wenslik (11.5).

## LITERATUURLYS


1. NASIONALE KONFERENSIE OOR DIE WELSYN VAN OUES VAN DAE, Bloemfontein, 14-15 November 1950. : Verslag van die Konferensie. Pretoria, S.A. Departement van Volkswelsyn, 1950.

2. ROSENQUIST, Carl M. : Social problems. New York, Prentice-Hall, 1949.

3. S.A. Buro vir Statistiek : Uniestatistieke oor vyftig jaar: 1910-1960; jubileumuitgawe. Pretoria, die Buro, 1960.

4. THERON, E. en SWART, M.J. : Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1964.

5. S.A. Buro vir Statistiek : Statistiese jaarboek vir 1965. Pretoria, die Buro, 1965.

6. CILLIERS, S.P. : Gesonde gesinsbou. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1960.

7. S.A. Buro vir Statistiek : Steekproeftabellasie no. 2: Nywerheidsafdelings, ouderdomsgroepe, huistale: Kleurlinge en Asiate. Pretoria, die Buro, 1962.

8. S.A. Departement van Volkswelsyn en Pensioene : Verslag van die Departement vir die tydperk 1952-1959. Pretoria, Staatsdrukker, 1959. U.G. 57/1959.

9. JOOSTE, C.J. : „Veranderinge in die rassesamestelling en die verspreiding van die Republiek se bevolking in die vyftigerjare." Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, v.14, no. 2. Maart 1962. p. 134.

10. S.A. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing : Die Lewensomstandighede van bejaardes. Pretoria, die Buro, 1962.

11. „EDUCATION for the Coloured people." Lantern. v. 14, no. 2. Desember 1964.p.74-85.

12. KAAP DIE GOEIE HOOP. Provinsiale administrasie. Kommissie insake Kleurlingonderwys. : Verslag van die Kommissie, 1953-1956. Kaapstad, die Administrasie, 1956.

13. VAN ZIJL, D. : Die Gesinsiklus in Suidwes-Kaapland. D. Phil., U.S., 1948.

14. STEENKAMP, W.L. : Sosio-ekonomiese agtergrond as faktor by die skolastiese vertraging van die plattelandse Kleurling. M.A., U.S., 1954.

15. TOWNSEND, Peter : The Family life of old people. London, Routledge and Paul, 1957.

16. DRAKE, Joseph T. : The Aged in American Society. New York, Ronald press, 1958.

17. CILLIERS, S.P. : The Coloureds of South Africa. Cape Town, Banier, 1963.

18. HAVIGHURST, R.J. and ALBRECHT, Ruth : Older people. New York, Longmans, Green & Co., 1953.

19. DU PLESSIS, I.D. : „Die Kleurling in die raamwerk van ons rasse-verhoudings". Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede. v. 8, no. 3, April 1957. p. 102.

20. VENTER, H.J. : Ontspoorde jeugdiges. Kaapstad, N.G.-Kerk-uitgewers, 1960.

21. BATSON, E. : Social security and the Coloured people. Johannesburg, S.A. Institute of race relations, 1946.

22. KUTNER, B., FANCHEL, D., TOGO, A.M. ... (e.a.) : Five hundred over sixty. New York, Russell Sage foundation, 1956.

23. KEYTER, W.H. : Die Kerklike patroon in 'n Kleurlinggemeenskap. M.A., U.S., 1959.

24. HOAR, Jere : „A Study of free-time activities of 200 aged persons." Sociology and Social Research. v. 45. 1960-1961. p. 158.

25. RUBINOW, J. : The Care of the aged. Chicago, University of Chicago press, 1931.

26. BARROW, M.L. : Old age in the modern world. Edinburgh, Living-stone, 1955.

27. U.S. Institute of Gerontology : Aging and retirement. Gainesville, University of Florida press, 1955.

28. ENGELBRECHT, G.K. : Die Maatskaplike en ekonomiese posisie van die dowe in Suid-Afrika met spesiale verwysing na die re-habilitasie van hierdie groep. D.Phil., Unisa, 1956.

29. S.A. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Nasionale Buro vir Opvoed-kundige en Maatskaplike Navorsing : Die Drinkpatroon van Kleurlinge in Kaapland en Natal, deur J.D. Venter. Pretoria, die Burc, 1965. Navorsingsreeks no. 19.